# DIE ROL VAN GEBED BY DIE PROSES VAN INNERLIKE GENESING – 'n PASTORALE STUDIE.

AMANDA L. DU PLESSIS
(DIP. ED. C.A.T., DIP. BYBEL., SERT. FUNK. TER., HONS.-STATUS, MA : PASTORAAL)

Proefskrif voorgelê vir die graad
**Philosophiae Doctor in Pastoraal**
**(Fakulteit Teologie)**
aan die
Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof. dr. W. C. Coetzer

November 2007

Potchefstroomkampus

## DANKBETUIGINGS

*"My hemelse Vader, Here Jesus en Heilige Gees, so baie dankie vir U groot genade wat my instaat gestel het om hierdie studie te kon voltooi! Dankie dat U my hierdié kosbare waarhede geleer het. Dankie ook vir die vermoë, kennis en insig wat U vir my gegee het. Amen."*

My opregte dank verder aan:

- My studieleier, prof. dr. W.C. Coetzer: ek waardeer u leiding, geduld, bemoediging, bedagsaamheid en vriendelikheid. Dankie vir al u harder werk. Mag die Heer u seën hiervoor!

- My man Dup en seuns, Hannes en Louis: dankie vir julle baie opofferings, liefde, geduld, aanmoediging en ondersteuning! Dankie ook vir julle gebede – dit is spesiaal.

- Personeel van die Teologiese Fakulteit, die Jan Lion Cachet Biblioteek, asook die Ferdinand Postma Biblioteek vir die professionele diens en hulpvaardigheid.

- My ouers en familie: vir julle belangstelling, liefde en ondersteuning.

- Die deelnemers aan die empiriese ondersoek en hulle families: dankie vir julle openheid en vertroue. Mag die Heer julle seën en versterk vorentoe.

**A.L. DU PLESSIS**

November 2007

*Gebed is die Christen se grootste hulpmiddel, en die een wat die minste gebruik word.*

*Dit is sy grootste verpligting, en die een wat die meeste verwaarloos word. Dit is ook die algemeenste vorm van godsdiensbeoefening, maar tog ook die een wat die minste verstaan word.*

*Gebed is die poort tot God se teenwoordigheid, maar min gaan daar in.*

*Gebed is die kanaal van God se genade, maar in die meeste lewens is hierdie kanaal verstop.*

*Daar word algemeen veronderstel dat enigiemand kan bid, maar slegs diegene wat in Christus aanvaar is, het volle toegang tot God.*

*Baie beskou gebed as opsioneel, maar God stel gebed as die voorwaarde vir Sy werking, en waar daar geen gebed is nie, is daar ook geen krag nie.*

*- Slocum (aangehaal deur Harvey, E & L, 2003:23).*

## ABSTRACT

# THE ROLE OF PRAYER TOWARDS THE PROCESS OF INNER HEALING – A PASTORAL STUDY

Prayer can be described as being more than just a counseling technique, because within counseling, prayer is the primary vehicle towards spiritual growth. In spite of the importance and power of prayer, its inclusion in the healing process does not seem to be an easy task. Less than a decade ago, mainstream counselers and psychotherapists regarded prayer with a great deal of suspision, because of a variety of questions surrounding this issue. Nevertheless, the growth in current research regarding the inclusion of prayer in the counseling and psychotherapy process, proves that prayer possesses definite therapeutical benefits and plays a conclusive role in the person's healing and quality of life. With due observance, the pivotal theoretical argument of this study is that clear, explanatory guidelines for pastoral counseling by means of prayer, can play a vital role in the process of inner healing.

The basic theoretical research proved God's continual, significant presence in a person's life and His guidance of that person in his growth towards healing. In order to understand and engage oneself to a person who is hurting emotionally and spiritually, one must assume that all men were created in the image of God. By His infinite grace, God grants man the transforming power needed for forgiveness, healing and renewal.

From the chapter dealing with the pastoral psychological approach, it became clear that much research regarding the role of prayer in the process of inner healing has already been conducted, using this assumption. In the sphere of prayer therapy, the focus is primarily on Jesus Christ as Healer, Deliverer and Counselor. During prayer therapy, the counselor leads the counselee to Jesus Christ for a spiritual touch, emotional healing and encouragement. This implies a synchronisation of the psychological and the spiritual, whereby a Christian counselor as facilitator, guides a traumatized, emotionally damaged counselee through prayer towards Jesus Christ, so that He can minister to the counselee with healing and deliverance. This ensures the continuation of Jesus' earthly ministry today.

The metatheoretical research showed a greater awareness of the therepeutical role of religion in the scientific world over the past three decades. Multidisciplinary co-operation is gaining

momentum, even though much research still has to be done in this field. Most importantly, the significance of a multidisciplinary approach can no longer be denied. In this regard, one of the greatest results of the past three decades' research, is the increasing scientific awareness of the potentially beneficial effect of religion on mental health accompanied by an increasing willingness towards multidisciplinary co-operation.

From the empirical research the importance of prayer in the process of inner healing became evident. As the counselee expresses his pain to God in prayer, prayer becomes the channel through which God's healing and transforming power can flow towards forgiveness, healing and renewal. All the participants indicated that not only did they receive profound healing, but also a deepening in their relationship with God.

As a result of the basic theoretical research and metatheoretical guidelines, perspectives of practice and theory were formulated as guidelines for pastoral counseling of emotionally wounded persons, with particular emphasis on prayer. In this process, a distinction was made between four phases, each playing a decisive role in the counseling process. These are (1) prayer in preparation for the counselling session, (2) the therapeutical dialogue, (3) the prayer dialogue and (4) the follow-up and counselling towards emotional and spiritual growth. The prayer dialogue is at the heart of the counselling process, when the counselee is brought to Jesus Christ in prayer so that emotional healing and spiritual renewal can take place. During this process, therefore, the emotionally and spiritually wounded person, guided by the Holy Spirit, receives deeper insight and understanding of the wounds of the past so that Jesus Christ can touch and minister to him with forgiveness, healing and renewal by prayer. In effect, Jesus Christ offers the counselee new life so that he can now relate in a new dimension – to God, himself and others.

# UITTREKSEL

## DIE ROL VAN GEBED BY DIE PROSES VAN INNERLIKE GENESING – 'n PASTORALE STUDIE

Gebed kan beskryf word as meer as net 'n beradingstegniek, omrede dit binne berading die primêre voertuig is na geestelike groei. Ongeag die krag en belangrikheid van gebed, blyk dit dat die integrering van gebed in die innerlike genesingsproses geensins 'n eenvoudige taak is nie. Minder as 'n dekade gelede is gebed nog binne die hoofstroom van hulpverleningsprosse met 'n groot mate van suspisie bejeën as gevolg van 'n verskeidenheid van vrae. Tog is die hedendaagse groeiende navorsing rondom die gebruik van gebed in die beradings- en terapeutiese hulpverleningsproses, 'n bewys dat gebed 'n definitiewe terapeutiese voordeel het en dat dit 'n deurslaggewende rol speel met betrekking tot die persoon se genesing en kwaliteit van lewe. Met dit inaggenome is die sentrale teoretiese argument van hierdie studie dat deeglik beskrywende riglyne vir die pastorale begeleiding deur middel van gebed, 'n besondere rol kan vervul in die proses van innerlike genesing.

Vanuit die basisteoretiese ondersoek het geblyk dat God deurgaans pertinent aanwesig is by die mens en dat Hy die mens begelei in sy groei na heelwording. Begrip vir en betrokkenheid by die emosioneel en geestelike verwonde persoon berus op die vertrekpunt dat alle mense na die beeld van God geskape is. In Sy groot genade skenk God aan die mens die transformerende krag na vergifnis, genesing en vernuwing.

Vanuit die hoofstuk wat handel oor 'n pastoraalgerigte psigologiese benadering het geblyk dat daar vanuit hierdie vertrekpunt al heelwat navorsing gedoen is rondom die rol van gebed in die proses van innerlike genesing. Met betrekking tot gebedsterapie word die fokus hier primêr geplaas op Jesus Christus as die Geneesheer, Bevryder en Terapeut. Tydens gebedsterapie bring die berader die beradene na Jesus Christus vir geestelike aanraking, emosionele genesing en gemoedsvernuwing. Dit impliseer 'n sinkronisering van psigiese en geestelike sisteme waardeur 'n Christenberader as fasiliteerder 'n beradene met trauma en emosionele probleme deur gebed begelei na Jesus Christus, sodat Hy die beradene kan bedien met genesing en bevryding. Sodoende word die aardse bediening van Jesus vandag steeds gekontinueer.

Vanuit die metateoretiese ondersoek het geblyk dat daar die afgelope drie dekades 'n al groter bewustheid met betrekking tot die terapeutiese rol van godsdiens in die hulpwetenskappe ontstaan het. Multidissiplinêre samewerking is besig om al meer momentum te verkry, alhoewel daar nog 'n groot braakveld is wat ontgin moet word met betrekking tot hierdie aangeleentheid. Die belangrikste egter is die erkenning dat die nodigheid van 'n multidissiplinêre benadering nie langer ontken kan word nie. In hierdie verband is een van die grootste uitkomste van die afgelope drie dekades se navorsing die al groter wetenskaplike bewustheid wat ontstaan het met betrekking tot die potensieel voordelige effek wat godsdiens op geestesgesondheid het, en daarmee saam 'n al groter mate van bereidwilligheid tot multidissiplinêre samewerking.

Uit die empiriese ondersoek het die belangrikheid van gebed in die proses van innerlike genesing baie sterk na vore gekom. Wanneer die beradene sy pyn in gebed kan verwoord tot God, word gebed uiteindelik die kanaal waardeur God se helende en transformerende krag kan vloei tot vergifnis, genesing en vernuwing. Al die betrokke deelnemers het aangetoon dat hulle nie net diepgaande genesing ontvang het nie, maar dat daar ook 'n verdieping in hul verhouding met God ingetree het.

As uitvloeisel van die basisteoretiese en metateoretiese perspektiewe is praktykteoretiese perspektiewe geformuleer wat kan dien as riglyne vir die pastorale begeleiding van emosioneel verwonde persone, met besondere klem op die rol van gebed. In hierdie proses is daar onderskei tussen vier fases wat elk 'n belangrike onderdeel van die begeleiding uitmaak, naamlik (1) gebed ter voorbereiding van die beradingsessie, (2) die terapeutiese gesprek, (3) die gespreksgebed en (4) die nasorg en begeleiding na emosionele en geestelike groei. Die gespreksgebed vorm die hart van die begeleidingsproses, wanneer die beradene tydens gebed na Jesus Christus gebring word, sodat emosionele genesing en geestelike vernuwing kan plaasvind. Dit is dus 'n proses waartydens die emosioneel en geestelik verwonde persoon, met die hulp en begeleiding van die Heilige Gees, dieper insig en begrip verkry met betrekking tot die pyn en wonde van die verlede, sodat Jesus Christus hom – onder gebed – kan aanraak en bedien met vergifnis, genesing en vernuwing. In effek gebeur dit dus dat Jesus Christus nuwe lewe aan die beradene skenk sodat daar voortaan 'n nuwe dimensie kan wees in al sy verhoudinge – met God, met homself en met sy medemens.

# INHOUDSOPGAWE

Bladsy

## HOOFSTUK 1 – INLEIDING


**1.1 Definiëring van enkele terme** ........ **1**

1.1.1 Gebed ........ 1

1.1.2 Die proses van innerlike genesing ........ 2

1.1.3 Pastorale studie ........ 3

**1.2 Inleiding en orienteering** ........ **4**

**1.3 Leemte in bestaande navorsing** ........ **7**

**1.4 Navorsingsvraag** ........ **7**

1.4.1 Verdere vrae ........ 7

**1.5 Doelstellings en doelwitte** ........ **8**

1.5.1 Doelstelling ........ 8

1.5.2 Doelwitte ........ 8

**1.6 Sentrale teoretiese argument** ........ **8**

**1.7 Metodologie** ........ **8**

1.7.1 Vertrekpunte ........ 8

1.7.2 Ander tegniese aspekte ........ 10

**1.8 Voorgestelde hoofstukindeling** ........ **10**

## HOOFSTUK 2 – BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE ROL VAN GEBED IN DIE PROSES VAN INNERLIKE GENESING


**2.1 Inleiding ........ 11**

**2.2 Doelstellings ........ 14**

**2.3 Gebed vir wysheid en meerdere kennis : Jak 1:5-8 ........ 15**

**2.4 Gebed en geloof : Mark 11:22-26 ........ 19**

**2.5 Gebed en genesing : Jak 5:13-16 ........ 24**

**2.6 Gebed en die Heilige Gees : Joh 14:12-21 ........ 28**

**2.7 'n Bybelse voorbeeld van gebedsverhoring met emosionele genesing as resultaat : 1 Sam 1:9-19 ........ 33**

**2.8 Samevatting van basisteoretiese perspektiewe ........ 37**


## HOOFSTUK 3 – TEOLOGIESE BASISTEORIE BETREFFENDE DIE ROL VAN GEBED IN DIE PROSES VAN INNERLIKE GENESING


**3.1 Inleiding ........ 40**

**3.2 Doelstellings ........ 41**

**3.3 Globale oorsig oor innerlike genesing / gebedsterapie ........ 42**

**3.4 Die rol van gebedsterapie in Jesus se aardse bediening ........ 46**

3.4.1 Die klem op die innerlike lewe in Jesus se bediening ........ 47

3.4.2 Jesus se bediening en innerlike genesing ........ 48

3.4.3 Die resultate van Jesus se bediening ........ 51

3.4.4 Die dra van 'n kruis ........ 52

3.4.5 Jesus se hantering van Petrus as 'n klassieke voorbeeld van innerlike genesing ........ 54

3.4.6 Die voortsetting van Jesus se bediening ........ 54

**3.5 Beradingsbeginsels ........ 55**

3.5.1 Gebedsterapie en innerlike genesing ........ 55

3.5.2 Gebedsterapie en die Heilige Gees ........ 57

3.5.3 Gebedsterapie en geloof ........ 58

3.5.4 Gebedsterapie en verdedigingsmeganismes ..................................... 59
3.5.5 Gebedsterapie en gebedsondersteuning ..................................... 60
**3.6 Die proses van gebedsterapie ..................................... 62**
3.6.1 Fase 1: Die terapeutiese gesprek ..................................... 66
3.6.1.1 Stap 1: Berei die beradene voor ..................................... 66
3.6.1.2 Stap 2: Identifiseer die skakels tussen die huidige probleemarea en die herinneringe ..................................... 69
3.6.1.3 Stap 3: Identifiseer die oorspronklike leuen wat gevestig het ..................................... 71
3.6.2 Fase 2: Die gespreksgebed ..................................... 73
3.6.2.1 Stap 1: Berei die weg vir genesing deur middel van gebed ..................................... 74
3.6.2.2 Stap 2: Verwyder versperrings wat genesing verhoed ........... 79
3.6.2.3 Stap 3: Sluit die gebed af ..................................... 80
3.6.3 Fase 3: Nasorg en begeleiding tot emosionele en geestelike groei ..................................... 81
**3.7 Samevatting van pastoraalgerigte psigologiese benadering ..................... 84**

## HOOFSTUK 4 – METATEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE ROL VAN GEBED IN DIE TERAPEUTIESE PROSES

**4.1 Inleiding ..................................... 87**
**4.2 Doelstellings ..................................... 87**
**4.3 Die mens as holistiese wese ..................................... 88**
**4.4 Belangrike rolspelers ..................................... 91**
4.4.1 Seligman se bydrae ..................................... 91
4.4.2 Koenig en Pritchett se bydrae ..................................... 93
4.4.3 McCullough en Larson se bydrae ..................................... 98
4.4.4 Fitchett, Burton en Sivan se bydrae ..................................... 100
4.4.5 McMinn se bydrae ..................................... 100
4.4.6 La Torre se bydrae ..................................... 101

4.4.7 Gubi se bydrae ........ 103
4.4.8 *Office of Prayer Research* ........ 106
4.4.9 *George Washington Institute of Spirituality and Health* ........ 107
**4.5 Evaluering van navorsing van belangrike rolspelers ........ 107**
**4.6 Samevatting van metateoretiese perspektiewe ........ 110**

## HOOFSTUK 5 – EVALUERING VAN DIE RESULTATE VAN 'N EMPIRIESE ONDERSOEK

**5.1 Inleiding ........ 113**
**5.2 Navorsingsmetodologie ........ 113**
5.2.1 Kwalitatiewe navorsing ........ 118
5.2.2 Data-insameling ........ 119
5.2.2.1 Onderhoudvoering ........ 119
5.2.2.2 Oogmerke en samestelling van die vraelys ........ 122
5.2.3 Toetsing en data analise ........ 123
**5.3 Empiriese ondersoek ........ 123**
5.3.1 Doelwit ........ 123
5.3.2 Deelnemers ........ 125
5.3.2.1 Kontak met deelnemers ........ 125
5.3.2.2 Persoonlike besonderhede van deelnemers ........ 125
5.3.2.3 Onderhoude ........ 125
5.3.2.4 Besprekingspunte ........ 135
5.3.2.5 Bespreking van vraelyste ........ 139
**5.4 Samevatting van empiriese resultate ........ 143**

**HOOFSTUK 6 – PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE ROL VAN GEBED IN DIE PROSES VAN INNERLIKE GENESING**


**6.1 Inleiding ........ 146**

**6.2 Doelstellings ........ 147**

**6.3 Belangrike vertrekpunte ........ 147**

6.3.1 God ........ 147

6.3.2 Verbondsverhouding ........ 148

6.3.3 Gebed ........ 148

6.3.4 Geloof ........ 149

6.3.5 Innerlike genesing ........ 149

6.3.6 Pastorale berading ........ 150

6.3.7 Die rol van die berader ........ 150

**6.4 Riglyne ten opsigte van gebedsterapie ........ 152**

6.4.1 Gebed ter voorbereiding van die beradingsessie ........ 153

6.4.2 Die terapeutiese gesprek ........ 154

6.4.2.1 Die aanvanklike ontmoeting ........ 154

6.4.2.2 Die inwin van agtergrondkennis rondom die beradene ........ 156

6.4.2.3 Die identifisering van die moontlike probleemsituasie ........ 157

6.4.2.4 Die identifisering van die oorspronklike leuen wat gevestig het.. 158

6.4.2.5 Die verligting van onmiddelike simptome ........ 159

6.4.2.6 Die identifisering van verdedigingsmeganismes ........ 160

6.4.3 Die gespreksgebed ........ 160

6.4.3.1 Stel die beradene op sy gemak en verduidelik die prosedure waarvolgens gebid gaan word ........ 161

6.4.3.2 Berei die weg vir genesing deur middel van gebed ........ 161

6.4.3.3 Verwyder versperrings wat genesing verhoed ........ 167

6.4.3.4 Sluit die gebed af ........ 167

6.4.4 Die nasorg en begeleiding na emosionele en geestelike groei ........ 168

6.4.4.1 Begeleiding in geestelike dissiplines en emosionele vaardighede ........ 168

**6.5 Samevatting van praktykteoretiese perspektiewe ........ 169**

## HOOFSTUK 7 – GEVOLGTREKKINGS EN VOORGESTELDE AREAS VIR VERDERE NAVORSING


7.1 Gevolgtrekking ten opsigte van basisteoretiese perspektiewe .................. 173
7.2 Gevolgtrekking ten opsigte van teologiese basisteorie .......................... 175
7.3 Gevolgtrekking ten opsigte van metateoretiese perspektiewe .................. 176
7.4 Gevolgtrekking ten opsigte van empiriese navorsing ............................ 178
7.5 Gevolgtrekking ten opsigte van die praktykteoretiese perspektiewe .......... 179
7.6 Finale gevolgtrekking ........................................................ 182
7.7 Voorgestelde areas vir verdere navorsing ........................................ 183
7.8 Sleutelterme ........................................................ 183
7.9 Keywords ........................................................ 183


## BYLAES


Bylaag A: Praktiese riglyne met betrekking tot gebedsterapie betreffende trauma tydens die voorgeboortelike stadium ............................ 185
Bylaag B: Seamands se model met betrekking tot gebedsterapie ................. 192
Bylaag C: Vraelys 1 ........................................................ 197
Bylaag D: Vraelys 2 ........................................................ 203
Bylaag E: Visualiseringstegniek ........................................................ 205



BIBLIOGRAFIE ........................................................ 207

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1 DEFINIëRING VAN ENKELE TERME

Om die pastorale rol van gebed in die proses van innerlike genesing te kan verstaan, is dit noodsaaklik om eers sekere sleutelterme te definieer.

### 1.1.1 Gebed

Gebed word onder andere soos volg gedefinieer en omskryf:

- Berkhof (1973:513) verwys na die rol van gebed as 'n "*gespreksmatige ontmoeting tussen God en sy gemeente*" binne die raamwerk van die verbondsverhouding.

- Lourens (2000:21) beskryf die Gees as die enigste bron van toegang tot God en daarom is Hy die Inisieerder, Inspireerder en Onderhouer van die gelowige se gebedslewe. Effektiewe gebed is daarom 'n pneumatologiese werklikheid en dus nie binne die mens se beskikking nie - dit sou hoogstens 'n aangeleerde tegniese formule wees.

- Die noue verband tussen gebed en geloof word deur Siemerink (1987:21) soos volg beskryf:

  > "*De concrete realisering van het gebed is afhankelijk van het geloof als voorwaarde voor het gebed en van een attitudinale gerichtheid op het gebed.*"

- Goldsorthy (2003:183) beklemtoon ook die noue verband tussen gebed en geloof wanneer hy sê dat:

  > "*The link between prayer and faith is so firm that questions about prayer are inevitably questions about faith and must be dealt with as such.*"

- Hanekom (1994:9) haal vir Spurgeon aan wat gebed beskryf het as die dun senu wat die spiere van die Almagtige laat beweeg.

- Bounds (1984:39) beskryf gebed as die kontak van 'n lewende siel met God. In gebed buig God neer om die mens te seën en met alles te help wat God gemaak het en ook om in hierdie mens se behoeftes te voorsien. Daarom is niks buite die bereik van gebed nie, omdat God self die fokus van gebed is.

- Volgens McMinn (1996:74) is gebed die asem van die siel, die orgaan waardeur Jesus Christus 'ingeasem' word tot binne die mens se verdorde en verskeurde hart. Net soos wat suurstof die werk stilweg in die menslike liggaam doen, so doen Jesus Christus ook stilweg die genesingswerk in die siel.

- Volgens Anderson (2005:11) en Yancey (2006:104) is gebed nie bedoel om God se onwilligheid te oorwin nie, maar eerder om sy gewilligheid aan te gryp. Daarom is gebed nie 'n redenasie met God om Hom te oorreed om dinge in die rigting van die gelowige te laat beweeg nie, maar 'n oefening waardeur die gelowige deur sy Gees in staat gestel word om in die rigting van God te beweeg.

Gebed kan vervolgens gedefinieer word as die kontakpunt binne die raamwerk van die verbondsverhouding tussen God en die mens waartydens wedersydse gesprekvoering plaasvind. Die Heilige Gees kan beskryf word as die fasiliteerder van hierdie gesprek waarin die mens in vertroue en geloof na God roep.

### 1.1.2 Die proses van innerlike genesing

Enkele definisies van innerlike genesing is die volgende:

- Emosionele en geestelike pyn kan vir baie jare onderdruk en ontken word, alhoewel die effek daarvan duidelik sigbaar is in die betrokke persoon se daaglikse funksionering. Innerlike genesing begin by die erkenning en identifisering van die wortel van die pyn, sodat dit verwerk kan word en die persoon tot heelheid in God gelei kan word. Dit gaan dan ook oor 'n proses waartydens die Heilige Gees die betrokke persoon lei tot dieper insig betreffende sekere areas in sy lewe. In verskeie opsigte impliseer dit 'n

herprogrammering van negatiewe gedagtepatrone ('n vernuwing van die denke - Rom 12:2) asook genesing van pynvolle herinneringe deur die Heilige Gees – hierdie kan 'n tydsame proses wees (Seamands, 1992:22). Vir die emosioneel-verwonde persoon voel dit dikwels asof dinge eers slegter gaan, voordat genesing intree. Die Bybelgefundeerde weg na genesing is 'n oproep vir die uitoefening van keuses en verantwoordelikhede, terwyl daar afstand gedoen word van alle verdedigingsmeganismes, sodat God heling kan teweegbring (Allender, 1995:19).

- Innerlike genesing geskied wanneer die geestelik en emosioneel-verwonde persoon die herinneringe aan pyn na Jesus Christus bring, sodat Hy dit kan genees en die persoon dan vul met sy onvoorwaardelike liefde. Genesing vind gevolglik plaas deur erkenning en insig, wat lei tot die transformering van die herinneringe. Tydens hierdie transformeringsproses moet dan ook sekere lewensvaardighede aangeleer word om sodoende die nuutgevonde vryheid te kan handhaaf (MacNutt, 1999:146).

- Emosionele en geestelike pyn en wonde is soos 'n kankeragtige gewas. Emosies word gekodeer in die biochemie van die brein en kan nie bloot uitgekanselleer word nie. Innerlike genesing begin by die erkenning van die emosies en die verwerking daarvan in die lig van die Woord van God. Die Christen se geloofsisteem speel gevolglik 'n belangrike rol in hierdie proses van innerlike genesing (Minirth, 2003:36).

Innerlike genesing kan opgesom word as 'n proses waartydens die emosioneel en geestelik verwonde persoon, met die hulp en begeleiding van die Heilige Gees, dieper insig en begrip verkry in die pyn en wonde van die verlede, asook in die negatiewe effek wat dit op sy funksioneringstyl het. Hiermee saam gaan dan ook genesing van pynvolle herinneringe asook 'n herprogrammering van negatiewe denkpatrone.

### 1.1.3 Pastorale studie

Pastorale studie word onder andere soos volg beskryf:

- MacArthur (1994:10) beskryf die pastorale studieveld rondom Bybelgerigte hulpverlening as 'n area waar Bybelbeginsels verhewe is bo wêreldse wysheid (1 Kor 3:19); waar die Woord van God 'n effektiewer beoordelaar van oorlegginge en gedagtes

van die hart is, as enige ander wêreldse barometer (Heb 4:12); waar die Gees van God die enigste effektiewe agent vir herstel en genesing is (Ef 5:18-19); en waar alle kennis en wysheid in Jesus Christus gevind kan word (Kol 2:3) .

- Volgens Kraft (1993:9) is die fokus van pastorale studie gerig op die krag van God vir leiding en insig, met die uitgangspunt dat dit juis die krag van God is wat die berader in staat stel om op 'n eklektiese manier hulp te kan verleen. Op hierdie wyse kan die emosioneel en geestelik verwonde persoon na vryheid begelei word. Die pastorale hulpverleningsproses moet Bybelgefundeerd, gebalanseerd en omvangryk wees.

Pastorale studie kan vervolgens gedefinieer word as die identifisering van beginsels wat Bybelgefundeerd is met die oog op die begeleiding van die mens in nood.

## 1.2 INLEIDING EN ORIëNTERING

Gebed is meer as 'n beradingstegniek. Binne berading is dit die primêre voertuig na geestelike groei. Beraders wat gebed deel van hul terapie wil maak, moet hulself verbind tot die geestelike dissiplines van gebed, afsondering en vas (McMinn; 1996:91). Ongeag die krag en belangrikheid van gebed, is die integrering van gebed in die innerlike genesingsproses geensins 'n eenvoudige taak nie. Tog beklemtoon Gubi (2001:425) dat die hedendaagse groeiende navorsing rondom die gebruik van gebed in die beradings- en terapeutiese hulpverleningsproses, 'n bewys is dat gebed 'n definitiewe terapeutiese voordeel het en dat dit 'n rol speel met betrekking tot die persoon se genesing en kwaliteit van lewe. Hy wys ook op die feit dat minder as 'n dekade gelede gebed nog binne die hoofstroom van hulpverleningsprosesse met 'n groot mate van suspisie bejeën is en baie vrae rondom morele kwessies laat ontstaan het. Gebed is daarom as moeilik definieerbaar beskryf en hoofsaaklik geassosieer met Christelike fundamentalisme (Gubi, 2001:425).

Koenig, George en Titus, verbonde aan die *Duke University,* het in 2004 navorsing gedoen onder 838 geestelikversteurdes (Maier-Lorentz, 2004:27). Hulle bevinding was dat geloof en spiritualiteit 'n beduidende invloed op die betrokke pasiënte gehad het. Die essensie van hul afleiding is dat gebed 'n rustige, ontspannende effek op die mens het, wat tot gevolg het dat fisiese en psigiese gesondheid positief beïnvloed word. In hierdie selfde verband wys Meier (2005:201) op navorsing wat aantoon dat wanneer mense geestelike dissiplines in hul lewens toepas, hulle fisies en psigies aansienlik meer gesond en gebalanseerd is in vergelyking met

diëgene wat dit nie doen nie. Daar word dan in hierdie selfde navorsing beweer dat sulke persone se lewensverwagting op hierdie wyse met tot sewe jaar verleng kan word.

Onverwerkte en onderdrukte emosies as gevolg van hartseer of die pyn rondom insidente gedurende die kinderjare kan onbeskryflike smart veroorsaak, wat hierdie persoon mettertyd van alle hoop beroof. Sulke onverwerkte herinneringe kan 'n lewenslange geestelike, psigiese of fisiese kniehalter wees, wat verhoed dat hierdie persoon die lewe in oorvloed – wat God in Joh 10:10 beloof het – kan beleef. Om hierdie rede is emosionele en geestelike pyn dan ook dikwels die versperring wat verhoed dat God se genesende krag kan deurvloei en realiseer in hierdie persoon se lewe (Anderson, 1996:162).

In die Skrif is daar duidelike uitsprake betreffende die deurslaggewende rol wat gebed vervul in die lewe van die gelowige (onder andere 1 Sam 1:9-19 en Jak 5:13-16 - volledige eksegese volg later in die basisteoretiese gedeelte). Jesus Christus self het volgens Luk 18:1 gemeld dat die mens gedurig moet bid en nie moedeloos moet word nie. Binne die kosmos as geheel, is God die Groot Geneesheer en net soos wat die oorsprong van alle lewe na Hom teruggevoer kan word, kan alle genesings – geestelik, psigies en fisies – se oorsprong ook na Hom teruggevoer word. Uiteindelik is dit God wat genesing bewerkstellig (Kraft, 1993:42).

Bounds (1984:39) beskryf gebed as 'n direkte gesprek met God wat dan Goddelike aksies – onder andere ook genesing – tot gevolg het. Oor die jare heen is daar heelwat geskryf en nagevors rondom die tema van gebed (Simpson, 1965; Rice, 1975; Velema, 1978; Versteeg, 1976; Faricy, 1979; Brink, 1990; Harvey, 1974; Murray, 1981; Bounds, 1967, 1980, 1984; Virkler, 1986; Moody, 1997; Mostert, 2001; Eastman, 2002; Anderson, 2003). Die pertinente rol wat gebed vervul binne die proses van innerlike genesing is mettertyd ook al sterker beklemtoon deur talle publikasies die afgelope dekade (Smith, 1999; MacNutt, 1999; Anderson, 1996, 2005; Dearing, 2002; Nicol 2002; Wilson, 2002; Seamands, 2003; Richardson, 2005; Payne, 2005, 2006; Campbell-Lane & Lotter, 2005; Campbell-Lane, 2003.).

Volgens MacNutt (1999:40) is genesing die praktiese toepassing van die basiese Christelike boodskap van verlossing – 'n geloof dat Jesus Christus die mens kan bevry van sonde én van emosionele en by geleentheid ook fisiese gebondenhede. Die Christelike geloof is 'n transformerende krag waardeur nuwe lewe en vryheid bewerkstellig word. MacNutt (1999:29) beskryf Jesus Christus se aardse bediening treffend wanneer hy beklemtoon dat Jesus Christus die

evangelie *gedoen* het en dit nie bloot *gepredik* het nie – dit word beskryf as *goeie nuus* en nie net *goeie advies* nie. Hy vra dan ook die vraag of dit nie sou sin maak indien Christene opnuut die krag van gebed tot genesing (emosioneel, geestelik en fisies) sou ontdek nie? Anderson (2005:31) beweer dat die mens oor die algemeen geneig is om 'n 'slaaf' van onverwerkte emosionele pyn te word en nie weet hoe om daaruit bevry te word nie. Daar is volgens hom dus 'n behoefte aan 'n hernude verbintenis met God ten einde by ware vryheid uit te kom, asook die ontdekking van eie potensiaal in en deur Christus – dit sal verhoed dat hierdie persoon onbepaald deur emosionele en geestelike wonde gekniehalter word.

Richardson (2005:31) beskryf die innerlike genesingsproses as 'n lewenswandel van transformering na heelheid, sodat die beeld van God in die mens gestalte kan verkry. Die essensie hiervan is om te leer om in die teenwoordigheid van God in te gaan en na sy stil stem te luister, sodat genesing kan realiseer ten opsigte van alle geestelike en emosionele seer en pyn. Deur die Kerkgeskiedenis heen is daar deur verskillende persone melding gemaak van die ervaring van 'n diep rus in God, sodat God die mens kan transformeer. Volgens Nicol (2002:8) het Calvyn byvoorbeeld iets van hierdie proses beskryf met die woorde: *"My hart, asof geslag, bring ek aan die Here as offer."* In hierdie proses van stil word by God, is gebed nie 'n monoloog nie, maar 'n dialoog. Die pyn word na Jesus Christus gebring, sodat die herinneringe verwerk kan word, klarigheid gevind kan word en genesing kan intree.

Tydens die proses van innerlike genesing word die herinneringe nie bloot uitgekanselleer of verander asof dit nie so traumaties was nie (Dearing, 2002:126). Dit gaan egter in die eerste plek ten diepste om 'n erkenning van die volle impak van die emosionele en geestelike pyn, sodat dit verwerk kan word om sodoende vry te kan wees van die negatiewe effek wat dit op die betrokke persoon se lewe het (Seamands, 2003:113).

Dit is gevolglik belangrik dat gebed nie beskou moet word as 'n kitsoplossing of 'n vermyding van die noodsaaklike groeiproses nie. Gebed is eerder die weg na progressiewe groei en ontsluit die krag van die evangelie in die betrokke persoon se lewe ten einde hom uiteindelik te begelei na 'n lewe van oorwinning en vryheid (Nicol, 2002:106; Payne, 2005:63; Anon, 2007:45; Gushee, 2007:72; Javaheri, 2006:171; Poloma, 2006:65).

## 1.3 LEEMTE IN BESTAANDE NAVORSING

'n Uitgebreide biografiese soektog is gedoen met behulp van die Ferdinand Postma biblioteek, deur die gebruikmaking van die volgende databasisse: ATLA religion database, EBSCOhost, NEXUS databasis en SA Cat. Enkele bydraes kon in hierdie verband opgespoor word. Twee voorbeelde is die volgende: Die PhD proefskrif deur Van der Merwe (1995) rondom die tema van die rol van gebed met betrekking tot pastorale bediening, met die titel: *Die terapeutiese funksie en effek van gebed in die pastorale bediening* – Universiteit van Stellenbosch. Die MTh verhandeling van Lourens (2000) met die titel: *Gebed as kommunikatiewe handeling in die erediens* – Universiteit van Noordwes, Potchefstroom. Vanuit vermelde studies sowel as verdere beskikbare literatuur blyk egter dat alhoewel daar heelwat oor die tema van gebed geskryf is, die fokus nie soseer op die aspek van *innerlike genesing* is nie.

## 1.4 NAVORSINGSVRAAG

Watter rol vervul gebed in die proses van innerlike genesing, gesien vanuit 'n pastorale vertrekpunt?

### 1.4.1 Verdere vrae

- Watter perspektiewe bied die Skrif met betrekking tot die rol van gebed in die proses van innerlike genesing, gesien vanuit 'n pastorale vertrekpunt?
- Watter perspektiewe bied pastoraal met betrekking tot die rol van gebed in die proses van innerlike genesing?
- Watter perspektiewe bied die hulpwetenskappe op die rol van gebed in die proses van innerlike genesing?
- Is daar enige vernuwende insigte aangaande die rol van gebed in die proses van innerlike genesing wat deur 'n empiriese ondersoek na vore kom?
- Watter praktykteoretiese riglyne kan geformuleer word met betrekking tot die rol van gebed in die proses van innerlike genesing, gesien vanuit 'n pastorale vertrekpunt?

## 1.5 DOELSTELLING EN DOELWITTE

### 1.5.1 Doelstelling

Om aan te toon wat die rol van gebed is in die proses van innerlike genesing, gesien vanuit 'n pastorale vertrekpunt.

### 1.5.2 Doelwitte

- Om vas te stel hoe perspektiewe vanuit die Skrif gebruik kan word om die rol van gebed in die proses van innerlike genesing te definieer.
- Om vas te stel watter bydrae die pastorale teologie kan lewer tot die rol van gebed in die proses van innerlike genesing.
- Om vas te stel watter verhelderende perspektiewe die hulpwetenskappe bied op die rol van gebed in die proses van innerlike genesing.
- Om vas te stel of daar enige deurslaggewende insigte betreffende hierdie aangeleentheid is, wat deur 'n empiriese ondersoek na vore kom.
- Om praktykteoretiese riglyne daar te stel met betrekking tot die rol van gebed in die proses van innerlike genesing.

## 1.6 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Deeglik beskrywende riglyne vir die pastorale begeleiding deur gebed kan 'n besondere rol vervul in die proses van innerlike genesing.

## 1.7 METODOLOGIE

### 1.7.1 Vertrekpunte

Praktiese Teologie word vandag hoofsaaklik binne 'n handelingswetenskaplike benadering bedryf, met as hoofaktiwiteit die verandering en verbetering van die praksis (De Wet, 2006:59).

In die metodologie van hierdie studie word vervolgens aansluiting gevind by die handelingswetenskaplike model wat Zerfass (1974:164-177) vir die korrektief van kerklike praksis ontwerp het. Prakties toegepas sien dit soos volg daar uit:

**Basisteoretiese perspektiewe**

- Aandag sal gegee word aan begrippe vanuit die Skrif wat kan bydra tot vernuwende insigte betreffende die rol van gebed in die proses van innerlike genesing. Eksegese sal volgens die grammaties-historiese metode gedoen word, terwyl die Gereformeerde tradisie as vertrekpunt sal dien vir hierdie studie (Coetzee, 1990:17). Vertrekpunte ten opsigte van 'n omvattende eksegetiese verkenning van spesifieke Skrifgedeeltes sal berus op die bundel, *Preekgeboorte* (De Klerk & Van Rensburg, 2005). Skrifgedeeltes waaraan aandag gegee sal word, is die volgende: Mark 11:22-26; Joh 14:12-21; Jak 1:5-8; Jak 5:13-16 en 1 Sam 1:9-19.
- Daar sal bepaal word in watter mate die navorsing vanuit 'n pastorale vertrekpunt kan bydrae tot die rol van gebed in die proses van innerlike genesing. 'n Literatuurstudie sal gedoen word en inligting byeengebring word.

**Metateoretiese perspektiewe**

- Daar sal bepaal word in watter mate die resultate van die navorsing van ander hulpwetenskappe soos Psigologie, Sosiologie en Kommunikasiekunde betreffende die rol van gebed in die proses van innerlike genesing gebruik kan word. 'n Literatuurstudie sal gedoen word en inligting byeengebring word.
- Daar sal verder gepoog word om vas te stel of daar enige vernuwende insigte betreffende hierdie tema deur 'n kwalitatiewe empiriese ondersoek na vore kom.

**Praktykteoretiese perspektiewe**

- Deur middel van 'n hermeneutiese wisselwerking tussen basisteoretiese perspektiewe en metateoretiese perspektiewe sal 'n verstelde praktykteorie geformuleer word met betrekking tot die rol van gebed in die proses van innerlike genesing.

### 1.7.2 Ander tegniese aspekte

- Vir die afkorting van Bybelboekname is gebruik gemaak van die algemeen erkende afkortings soos voorgestel deur die Taalkommissie in die negende uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (sien *AWS* in bibliografie).
- Waar die geslagsvorm *hy/hom* in die studie aangedui word, verteenwoordig dit ook die vroulike geslagsvorm *sy/haar*.
- Die terme *kliënt, beradene* en *individu* word afwisselend gebruik vir die persoon wat behandeling, berading of terapie ontvang.
- Die terme *terapeut* en *berader* word afwisselend gebruik vir die persoon wat behandeling, berading of terapie aanbied.

## 1.8 VOORGESTELDE HOOFSTUKINDELING

- Hoofstuk 1: Inleiding.

**Basisteoretiese perspektiewe**

- Hoofstuk 2: Basisteoretiese perspektiewe ten opsigte van die rol van gebed in die proses van innerlike genesing.
- Hoofstuk 3: Teologiese basisteorie betreffende die rol van gebed in die proses van innerlike genesing.

**Metateoretiese perspektiewe**

- Hoofstuk 4: Metateoretiese perspektiewe met betrekking tot die rol van gebed in die proses van innerlike genesing.
- Hoofstuk 5: Evaluering van die resultate van 'n empiriese ondersoek.

**Praktykteoretiese perspektiewe**

- Hoofstuk 6: Praktykteoretiese perspektiewe ten opsigte van die rol van gebed in die proses van innerlike genesing.
- Hoofstuk 7: Gevolgtrekkings en voorgestelde areas vir verdere navorsing.

# HOOFSTUK 2


## BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE ROL VAN GEBED IN DIE PROSES VAN INNERLIKE GENESING

### 2.1 INLEIDING

'n Basisteorie vir 'n pastorale model behels die interpretasie van Bybelse norme, waardes en kriteria van die mens se optrede ten opsigte van 'n spesifieke studieveld, binne die raamwerk van pastorale berading (Schoeman, 2005:14). Venter (1993:247) beskryf 'n basisteorie as die ontginning van teologiese vertrekpunte, primêr vanuit die Skrif. Hierdie Skrifondersoek word eerste geplaas, omdat dit dien as basisteorie vir die sistematiese beskrywing van die wese en doel van die refleksiedomein vanuit die Skrif. Dit is dus noodsaaklik dat die navorsing vanuit die Skrif gefundeer word, want dit is juis vanuit die Skrif dat die mens beraad kan word en tot getuie gebring kan word van God se groot dade (De Klerk & Van Rensburg, 2005:3).

Soos reeds genoem in hoofstuk 1, berus hierdie studie dan op die pastorale model van Zerfass wat ontwikkel is vir die Praktiese Teologie. Die model dek die velde van basis-, meta- en praktykteorie en is 'n hulpmiddel om die verkeer tussen teorie en praksis te vergemaklik en te bevorder (De Kock, 2007:7; Steyn, 2005:4). Die verhouding tussen teorie en praksis is 'n bipolêre spanningsverhouding. Die teorie is nie die praktyk nie en die praktyk is nie die teorie nie. Tog is dit onlosmaaklik aan mekaar verbind, met 'n voortdurende wisselwerking. Zerfass (1974:166) vergelyk 'n model met 'n landkaart wat 'n groot onoorsigtelike gebied klein en makliker verstaanbaar maak. Die landkaart kan natuurlik nie al die besonderhede weergee nie. 'n Model is dus nie volledig nie en baie vereenvoudig, maar dit lei tot meer verstaanbaarheid.

In Zerfass se model vir die Praktiese Teologie word vanaf 'n bepaalde praksis tot nuwe teorie vorming beweeg, wat weer tot 'n nuwe praksis lei (Van Rensburg, 2007b:3). Volgens Heyns en Pieterse (1998:38-40) Heitink (1999:114) en De Wet (2006:72) kan die model soos volg skematies voorgestel word:




Met betrekking tot hierdie studie kan die proses soos volg verduidelik word:

- **Praksis een (no. 1)**

  Praksis een (no. 1) behels die huidige omstandighede soos dit in die praktyk ervaar word. Die huidige omstandighede word ondersoek deur navorsing ten opsigte van die teologiese oorleweringe (no. 4 en pyl no. 2) en 'n situasie analise (no. 6 en pyl no. 3) te doen, waarna dit in wisselwerking (pyl no. 5) tot mekaar geplaas word, sodat nuwe prakties teologiese teorieë (no. 9) ontwikkel kan word. Die teorieë wat hieruit ontwikkel word, word dan in die praktyk toegepas (pyl no. 10) en sodoende word daar gepoog om na praksis twee (no. 11) te beweeg. In hierdie studie word praksis een in hoofstuk 1 uiteengesit en opsommend kom dit neer op die volgende: Onverwerkte en onderdrukte emosies as gevolg van die hartseer of pyn rondom insidente gedurende die kinderjare kan onbeskryflike smart veroorsaak, wat 'n persoon mettertyd van alle hoop beroof. Sulke onverwerkte herinneringe kan 'n lewenslange geestelike, psigiese of fisiese kniehalter

wees. Ongeag die krag en belangrikheid van gebed, blyk die integrering van gebed in die innerlike genesingsproses geensins 'n eenvoudige taak nie. Verder is dit ook so dat gebed binne die hoofstroom van hulpverleningsprosesse soms met 'n groot mate van suspisie bejeën word en baie vrae rondom morele kwessies bestaan. Die uitdaging bestaan gevolglik om uiteindelik riglyne te kan formuleer waarmee hierdie probleme oorbrug kan word.

- **Teologiese oorlewering (no. 4)**

  Praksis een (no. 1) het sy oorsprong in die teologiese oorlewering (pyl no. 2). Die teologiese oorleweringe (no. 4) behels die siening en ingesteldheid van die samelewing tot op hede rondom hierdie kwessie en word hoofsaaklik beïnvloed deur Bybelse oortuigings en die hulpverlening wat geskied vanuit 'n pastorale vertrekpunt. Sulke oorleweringe het dan ook in die verlede 'n besondere invloed gehad betreffende die wyse van hulpverlening aan die emosioneel-verwonde persoon. In hierdie studie word die teologiese oorlewering eerstens nagevors in hoofstuk 2 waar daar eksegese van toepaslike Skrifgedeeltes gedoen word, ten einde Skriftuurlike beginsels rondom die rol van gebed in die innerlike genesingsproses te formuleer; en tweedens, in hoofstuk 3 word die tema verder belig deur navorsing te doen rondom 'n pastoraalgerigte psigologiese benadering met betrekking tot die rol van gebed in die proses van innerlike genesing. Dié proses vorm die basisteoretiese perspektiewe van hierdie studie.

- **Situasie analise (no. 6)**

  Tesame met die teologiese oorlewering (no. 4) is 'n situasie analise (no. 6) noodsaaklik. In die situasie analise word daar deur middel van 'n empiriese ondersoek gekyk na wat die aard van die huidige hulpverlening aan die persoon is. Wanneer 'n empiriese situasie analise gedoen word, word die kennis van die hulpwetenskappe ingespan, sodat 'n juiste beeld van die werklikheid verkry kan word. Vervolgens word die verskillende hulpwetenskappe se bydraes rondom hierdie tema in hoofstuk 4 ondersoek. Die gegewens van die ondersoek word onderling met mekaar vergelyk en verder vind daar 'n wisselwerking tussen die teologiese oorleweringe en die situasie analise plaas (pyl no. 5). Gesamentlik kom dit tot die vorming van nuwe prakties-teologiese teorieë (pyle no. 7 en 8) wat in praktyk getoets (pyl no. 10) word, deur middel van 'n kwalitatiewe empiriese ondersoek (hoofstuk 5). Hoofstuk 4 en 5 vorm dan gesamentlik die metateoretiese afdeling van hierdie studie.

- **Praksis twee (no. 11)**

  Praksis twee (no. 11) hou verband met die toepassing van die nuutgevormde prakties-teologiese teorie (no. 9 en pyl no. 10) en dit realiseer uiteindelik dan in hoofstuk 6 van hierdie studie waar praktykteoretiese riglyne aan die orde gestel word met betrekking tot die rol van gebed by die proses van innerlike genesing. In hierdie hoofstuk word die nuut voorgestelde riglyne dan ook telkens getoets aan die oorleweringe (pyl no. 13) en die situasie analise (pyl no. 12) soos bespreek in die voorafgaande hoofstukke.

## 2.2 DOELSTELLINGS

Die breëre fokus van hierdie hoofstuk is daarop gerig om basisteoretiese perspektiewe te identifiseer wat verhelderend kan wees met betrekking tot die rol van gebed in die proses van innerlike genesing. Soos reeds genoem in die vorige hoofstuk, is gebed die kontakpunt binne die raamwerk van die verbondsverhouding tussen God en mens, waartydens wedersydse gespreksvoering plaasvind. Die Heilige Gees kan beskryf word as die fasiliteerder van hierdie gesprek, waarin die mens in vertroue en geloof na God uitroep vir verlossing en genesing.

Die keuse van Bybelse perikope sentreer dan ook baie sterk rondom die opdrag aan die mens om te bid en daarmee saam die krag wat daar in gebed is enersyds en andersyds die belofte van genesing wat opgesluit is in gebed. Die fokus val dus op die volgende:

- Gebed vir wysheid en meerdere kennis: Jak 1:5-8.
- Gebed en geloof: Mark 11:22-26.
- Gebed en genesing: Jak 5:13-16
- Gebed en die Heilige Gees: Joh 14:12-21.
- 'n Bybelse voorbeeld van gebedsverhoring met emosionele genesing as resultaat: 1 Sam 1:9-19.

Eksegese sal volgens die eksegetiese metode soos beskryf deur De Klerk en Van Rensburg (2005) gedoen word. Hierdie metode behels die volgende struktuur:

- Die bepaling van die teks en die tekstuele konteks van die perikoop, die plek van die perikoop in die boek en die genre van die perikoop.
- Die bepaling van die sosiohistoriese konteks van die perikoop en die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste hoorders/lesers gestel het.
- Woordstudie van belangrike begrippe in die kernvers.
- Die openbaring oor God en die verlossingsfeite in die perikoop, asook die oproepe op grond daarvan.
- Raadpleging van eksegetiese bronne en Skrif-met-skrifvergelyking.
- Die huidige tersaaklike sosiohistoriese konteks en die geloofskeuses waarvoor hierdie perikoop die huidige hoorders/lesers stel.

## 2.3 GEBED VIR WYSHEID EN MEERDERE KENNIS: JAK 1:5-8

### 2.3.1 Die bepaling van die teks en die tekstuele konteks van die perikoop, die plek van die perikoop in die boek en die genre van die perikoop

Die kernteks word vervat in v.5 "*As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt.*" Dit is 'n aanduiding dat die mens tot God moet bid om meerdere kennis in situasies waarin hy nie altyd die nodig kennis of vaardighede het nie. Jakobus is die eerste van 'n groep van sewe algemene briewe wat so genoem word, omdat hulle gerig is aan 'n groep Christene in verskeie dele van die destydse Grieks-Romeinse wêreld, eerder as aan een spesifieke gemeente. Jakobus begin as 'n brief, maar is eintlik 'n lesing wat praktiese leiding oor Christelike gedrag gee (Alexander, 2002:749).

### 2.3.2 Die bepaling van die sosiohistoriese konteks van die perikoop en die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste hoorders/lesers gestel het

Daar is min – feitlik geen – kennis rondom die ontstaan van die brief of aan wie dit gestuur is nie. Uit 1:1 lyk dit of die lesers Joodse Christene was, maar sommige navorsers meen dit is bedoel vir alle Christene van oor die hele wêreld. Die brief het 'n Joods-Christelike aanslag. Verskeie onderwerpe rondom Christelike gedrag word gedek,

naamlik rykdom en armoede, hoogmoed en nederigheid, wysheid, geduld, gebed, beheer oor die tong, geloof en dade (Henry, 1997). Die belangrikste geloofskeuse waarvoor die eerste lesers gestel was, is die belangrikheid dat hul geloof uiting in hul dade moes vind. Ware geloof kom tot uiting in die manier hoe Christene optree.

### 2.3.3 Woordstudie van belangrike begrippe in die kernvers

Louw en Nida (1988:408) beskryf die term *gebed* soos volg:

- Om te smeek, te pleit of 'n versoek te rig.
- Om iets met dringendheid te vra gebaseer op 'n bepaalde behoefte.
- Om met God te praat of versoeke tot Hom te rig.
- Die mees basiese begrip van gebed is eenvoudig om met God in gesprek te gaan. Die gesprek is gemaklik en die opsê van resitasies moet vermy word.

### 2.3.4 Die openbaring oor God en die verlossingsfeite in die perikoop, asook die oproepe op grond daarvan

Jakobus skryf hierdie brief aan Christene en daarmee aanvaar hy dat hulle reeds die verlossingswerk van Jesus Christus ken en ervaar het. Die fokus van hierdie brief rus daarom nie op die *wat* van die geloof nie, maar eerder op die *hoe* van die geloof. Hy vermaan die Christene om verby die *eerste dinge* van die geloof te beweeg en 'n lewenswandel te handhaaf wat God sal verheerlik (McDonald, 1997). Ware geloof moet praktiese gevolge in die gelowige se lewe hê. Jakobus stel God dus voor as nie net die Verlosser nie, maar ook die Onderhouer van alles. God vorm 'n integrale deel in alle aspekte van die mens se lewe. Richardson (1997:42) verwys na die eskatologiese openbaringe van God in die brief. In die lig van die komende oordeel word die Christene vermaan om genade aan ander te openbaar deur 'n nederige en rein lewenswandel.

### 2.3.5 Raadpleging van eksegetiese bronne en Skrif-met-skrifvergelyking

Die opdrag om te bid, is fundamenteel in hierdie perikoop. Johnson (1998:188) beskryf gebed as 'n opening waardeur die realiteit verstaan kan word. In die verstaan van die realiteit word die mens toegevou met God se genade, deurdat Hy aan elke mens skenk dit wat hy nodig het.

Richardson (1997:63) wys verder daarop dat elke gelowige wysheid kortkom en daarom moet hy dit van God af bid. Wysheid word benodig, omdat die gelowige nie altyd weet

hoe om te volhard in sy lewenswandel nie en ook omdat dit moeilik is om op die toekomstige hoop te fokus, terwyl hy deur swaarkry en pyn gaan.

Wysheid is *praktiese geloof* (Martin, 1988:17). Goddelike wysheid is daarom dus nodig in die gelowige se huidige omstandighede, om hom sodoende te help fokus op God in sy strewe na genesing en vernuwing. Hierdie wysheid stel die mens ook in staat om versoekings te weerstaan. Job 28:12 stel die vraag: *"Maar die wysheid – waar word dié gevind, waar is die woonplek van die insig?"* Spr 1:7 verskaf die antwoord: *"Kennis begin met die dien van die Here; dit is net dwase wat die wysheid en opvoeding gering ag."*

Clarke (2000) sluit hierby aan en noem dat alle wysheid afkomstig van God is en verwant is aan die ingeplante Woord van God in die mens se hart (vgl. 1 Kon 10:24: *"Die hele wêreld het geprobeer om hom te sien te kry en die wysheid wat God hom gegee het, aan te hoor"* en Ps 119:11: *"Aan U beloftes hou ek vas, dit weerhou my van sonde teen U"*). Johnson (1998:188) wys daarop dat ten spyte van die ingeplante aard daarvan, is die wysheid egter nie outomaties tot die gelowige se beskikking nie; hy moet steeds daarvoor bid en dit soek (vgl. Spr 1:2: *"Dié spreuke is bedoel om mense wysheid te leer en hulle te onderrig sodat hulle weet wanneer iemand verstandig praat"* en Spr 16:16: *"Probeer liewer wysheid bekom as goud, liewer insig as silwer"*).

Jak 1:5 verklaar dat God aan elkeen wat daarvoor bid, wysheid sal gee (Barnes, 2000). Hy skenk wysheid vanuit Sy genade, sagmoedigheid en vrygewigheid. Die term *vrygewigheid* kan sinoniem vervang word met terme soos eenvoudig, openlik, eerlik en opreg (Martin, 1988:18). (Hierdie karaktertrekke van God staan in kontras met dié van die dubbelhartige man, waarna later verwys word). God verlang daarna om in verhouding met die mens te staan en daarom sal Hy wysheid skenk aan dié wat tot Hom nader. Die wysheid wat God skenk, staan in kontras met die wysheid van die wêreld. God begelei en ondersteun die gelowige op sy geestelike groeipad na vernuwing en genesing (Richardson, 1997:64). Die vrygewigheid waarmee God wysheid skenk, is ook sentraal aan Jesus Christus se leringe (vgl. Matt 7:7; 18:19; 21:22). Jesus Christus het beloof om aan die gelowiges alles te skenk wat hulle in gebed vra.

Die belofte in hierdie perikoop is tot almal se beskikking en is nie bedoel vir 'n uitgesoekte groepie nie. Dit maak nie saak in watter toestand die mens geestelik, psigies of fisies verkeer nie, wanneer hy wysheid kortkom, kan hy dit van God bid (Henry, 1997). Die enigste voorwaarde vir die gebedsverhoring is geloof. In Hand 14:27 word geloof vergelyk met 'n *"deur van geloof"* wat vir die heidene geopen is. Dit wat eenmaal verborge was (1 Tim 3:9), het God openbaar gemaak deur gebed wat gepaard gaan met geloof (Johnson, 1998:190). Die vrug van die gawe van wysheid is die verstaan dat geloof allesomvattend is. Geloof is 'n aktiewe vertroue in God (Richardson, 1997:65). Abraham word voorgehou as 'n voorbeeld van iemand wat geloof gehad het (Rom 4:20-21). Jesus Christus se lering het dikwels die belangrikheid en krag van geloof beskryf, byvoorbeeld Mark 11:22-26 (vgl. 2.4).

Volgens Burkitt (2000) word geloof, gebed en wysheid ineen gevleg met mekaar: die een wat bid vir wysheid, bid in die geloof. Om in geloof te kan bid, benodig hy Goddelike wysheid. Om te bid vir wysheid, is wysheid opsigself en maak deel uit van die groeiproses in geloof en wysheid.

Ten spyte dat geloof vertroue in God is, is God ook die bron van geloof. In die lig hiervan is ongeloof dus 'n bevraagtekening van God se karakter (Martin, 1988:18). God se beloftes is in ooreenstemming met Sy karakter. Om te twyfel aan die karakter van God, is dan as't ware om jouself van die aanraking van God te weerhou. Die gelowige wat God nie ten volle vertrou nie en wat twyfel, word beskryf as 'n dubbelhartige man, een wat God én die wêreld wil dien (vgl. Jak 4:4: *"Weet julle nie, julle ontroues, dat vriendskap met die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie 'n vriend van die wêreld wil wees, wys daarmee dat hy 'n vyand van God is"*). Martin (1988:18) kom tot die slotsom dat die twyfelagtige gelowige nie God se karakter verstaan nie en sodoende, verbeur hy die seën van God wat lei na vernuwing en genesing.

### 2.3.6 Die huidige tersaaklike sosiohistoriese konteks en die geloofskeuses waarvoor hierdie perikoop die huidige hoorders/lesers stel

Vanuit die eksegese van Jak 1:5-8 kan die volgende afleidings gemaak word met betrekking tot die huidige sosiohistoriese konteks:

- Met betrekking tot die proses van innerlike genesing is die gebed om insig en wysheid wat in Jak 1:5-8 aan die orde gestel word besonder van toepassing. Vir die berader is wyer insig met betrekking tot die dieper oorsake van emosionele seer en pyn by die beradene van deurslaggewende belang. Gebed kan vervolgens beskryf word as die opening waardeur die realiteite rondom die beradene se pynlike herinneringe en seer verstaan kan word.

- Tydens gebed word die beradene as't ware na Jesus Christus gebring, sodat Hy insig en wysheid in die situasie kan verleen, wat kan lei tot genesing en vernuwing. 'n Gebrek aan wysheid in die proses van innerlike genesing is 'n groot struikelblok en geen berader mag ooit vanuit eie insig die beradene wil lei tot innerlike genesing nie.

- Richardson (1997:64) beklemtoon die feit dat die wysheid wat God skenk in kontras is met die wysheid van die wêreld en daarom kan dit nie uit boeke geleer word nie. God skenk wysheid deur die inwonende Heilige Gees, aan elkeen wat dit van Hom bid. Die wysheid wat God skenk met betrekking tot die proses van innerlike genesing is uiteindelik die vermoë om te verstaan hoe hierdie betrokke individu in sy verhouding met God kan groei na heelheid.

- Uit hierdie gedeelte het verder geblyk die belangrike skakeling tussen geloof, gebed en wysheid. Wanneer die berader en die beradene bid vir wysheid, moet hulle glo dat God dit aan hulle sal skenk en hulself sodoende oopstel vir die leiding van die Heilige Gees.

## 2.4 GEBED EN GELOOF: MARK 11:22-26

### 2.4.1 Die bepaling van die teks en die tekstuele konteks van die perikoop, die plek van die perikoop in die boek en die genre van die perikoop

Die kernteks word vervat in v.22 en v.24: *"Julle moet geloof in God hê! Alles wat julle in gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees."* Dit is 'n aanduiding dat geloof en gebed onafskeidbaar van mekaar is. Sonder geloof het gebed geen krag nie en is daar geen gebedsverhoring nie. Markus is die eerste evangelie wat geboekstaaf is en is gebruik as bron vir die evangelies van Matteus en Lukas. Markus se

doel was om Jesus Christus as die Seun van God te proklameer. Die skrywer, Johannes Markus, was nie 'n dissipel van Jesus Christus nie, maar het vir Paulus en Petrus op hul sendingreise vergesel. Die genre van die evangelie van Markus is verhalend (Hayford, 1997).

### 2.4.2 Die bepaling van die sosiohistoriese konteks van die perikoop en die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste hoorders/lesers gestel het

Markus is geskryf aan die Christene in Rome. Die Romeinse heerskappy het onder verskeie keisers voorspoed beleef wat tot uiting gekom het in 'n gemeenskaplike taal onder die inwoners en uitstekende vervoer- en kommunikasiestelsels. Dit alles het die verspreiding van die evangelie bevorder. Vir Markus was dit belangrik om Jesus Christus as die Seun van God voor te stel en daarom bied hy aan die leser 'n helder en omvattende kaleidoskoop van Jesus Christus se optrede. Sy identiteit word duidelik uit die dinge wat Hy doen en nie soseer uit die dinge wat Hy sê nie. Markus beskryf dus Jesus Christus in aksie en stel die eerste lesers/hoorders voor die geloofskeuse van aanvaarding van Jesus Christus as die Messias (Alexander, 2002:577).

### 2.4.3 Woordstudie van belangrike begrippe in die kernvers

Gebed en geloof is beide belangrike begrippe in hierdie perikoop. Onder punt 2.3.3 is reeds 'n woordstudie van *gebed* gedoen. Die term *geloof* word deur Louw en Nida (1988:377) soos volg beskryf:

- Om te glo tot die uiterste met volkome vertroue en oorgawe.
- Om te glo en te vertrou.
- Geloof kan net gestel word in iemand wat geloofwaardig is en die karaktereienskappe en vermoë het om geloofwaardig en betroubaar te kan wees - iemand met integriteit.
- Volkome vertroue om op die persoon te kan staatmaak.

### 2.4.4 Die openbaring oor God en die verlossingsfeite in die perikoop, asook die oproepe op grond daarvan

Die eerste openbaring van God word alreeds in die titel van die boek gesien, die evangelie van Markus. Die woord evangelie (Grieks: *euangelion*) beteken goeie nuus en was 'n algemene gebruiksterm in die Bybelse tyd om die geboorte van 'n kroonprins aan te kondig of om ten tye van oorlog, die oorwinning aan te kondig. Die term is dus beskrywend van Jesus Christus as die Seun van God en die verlossing en oorwinning wat

Hy vir die mens daardeur behaal het (Viljoen *et al.*, 2003:149). Markus stel Jesus Christus voor as die Seun van God en beklemtoon Sy verlossingswerke. Jesus Christus ís die Goeie Nuus - Hy het dit nie net verkondig nie. Die verlossing en oorwinning is vir elke mens deur Jesus Christus bewerk, maar die mens moet dit in geloof aanvaar.

### 2.4.5 Raadpleging van eksegetiese bronne en Skrif-met-skrifvergelyking

Die gedeelte (11:11-24) voorafgaande aan hierdie perikoop handel oor die vervloeking van die vyeboom en die reiniging van die tempel. Dit vorm die basis vir die leringe van Jesus Christus in verband met gebed (Evans, 2001:195). Die vyeboom het die belofte van vrug gehad, maar niks gedra nie en die tempel was veronderstel om die plek van aanbidding te wees (vgl. Mark 11:17 en Jes 56:7), maar dit is gebruik vir handelsdoeleindes.

Volgens Wesley (2000) het Jesus Christus se skerp woorde beteken dat die volk van Israel net soos die vyeboom was. Hulle was ook veronderstel om baie vrug te dra, maar in plek daarvan was hulle sonder enige vrugte. Jesus Christus was ontsteld dat die volk na wie Hy gekom het, die skyn van godsdienstigheid gehad het, maar nie hulle ware Verlosser wou aanvaar nie. Self het hulle nie tot God genader in gebed nie en verder het hulle met hul handelsbedrywighede dit vir die nie-Jode ook moeilik gemaak om in die tempel te kon aanbid (Jes 56:6-7). Die volk se biddeloosheid was verantwoordelik vir hul skyn van godsdienstigheid, sonder enige vrug (Evans, 2001:194).

Met hierdie perikoop is dit asof Markus die lesers wil troos en aandui dat God gebede steeds verhoor, sonder die noodsaaklikheid om in die tempel fisies te aanbid (Brooks, 1991:182). Na Petrus se opmerking oor die verdroging van die vyeboom (v.21) gebruik Jesus Christus die geleentheid om hulle te leer oor gebed en geloof. Die dissipels moet op God vertrou en hulle vertroue moet sigbaar wees; dit moet vrug toon (Perkins, 1995:665).

Die kombinasie tussen gebed, geloof en wonderwerke kan regdeur die evangelie gesien word (Henry, 1997). Enkele voorbeelde hiervan is onder andere: Bartiméus wat genees is as gevolg van sy geloof (Mark 10:46-52) en die dissipels wat geleer is dat hulle slegs 'n jong seun van demoniese oorheersing kon bevry deur gebed en vas (Mark 9:14-29).

Mark 11:22-23 stel dit duidelik dat gebede wat in geloof gebid word, verhoor sal word. Geloof kan selfs berge laat verskuif. Die uitdrukking dat berge verskuif kan word, is aanduidend van die onmoontlike enersyds, maar andersyds is dit ook aanduidend van die moeilikhede wat mense in hul lewe beleef (Brooks, 1991:182). Evans (2001:195) koppel die gedagte van die skuif van berge met die belofte van verlossing wat weergegee word in Jes 40:3-5; 45:2; 49:11 en 54:10. God skuif persoonlike en fisiese berge wat in die pad staan van verlossing, genesing en vernuwing in die lewe van diegene wat op Hom vertrou en hul lewe totaal aan Hom oorgee. Markus stel Jesus Christus voor as die Een wat die onmoontlike vir diegene doen wat met hul hele hart volkome op Hom vertrou. Jesus Christus is in staat en gewillig om op die geloof van mense te reageer (Perkins, 1995:665).

Clarke (2000) wys daarop dat om bloot te bid dat 'n berg in die see moet val, niks te doen het met die wil van God nie. Jesus Christus het dit slegs as voorbeeld gebruik om aan te toon dat die onmoontlike vir God moontlik is. God beantwoord die mens se gebede, maar Hy doen dit nie op grond van die mens se verdienste nie. Om effektief te kan bid, moet die mens 'n vaste geloof in God hê (Barnes, 2000). 'n Gelowige gebed beteken dat die mens in gebed God se wil soek en nie sy eie wil op Hom probeer afdwing nie (Perkins, 1995:665).

Mark 11:24 herhaal die opmerking dat die bidder sal verkry wat hy vra, indien hy geloof het om dit te ontvang. Perkins (1995:665) wys op 'n verdere aantal vereistes in terme van gebedsverhoring, naamlik:

- Daar moet in die Naam van Jesus Christus gebid word (Joh 14:13-14; 15:16; 16:23).
- Die gebede moet ook 'n bewys wees dat God se Woord in die bidder ingeplant is en dat hy daarvolgens bid (Ps 119:11; Joh 15:7).
- God verhoor gebede van Christene wat verenig in gebed (Matt 18:19).
- Gebede moet vloei uit 'n opregte onverdeelde hart (Jak 1:8).
- Die bidder moet 'n ingesteldheid van regverdigheid hê, soos in die geval van Elia (Jak 5:17-18).

Die finale gedagte van Mark 11:22-26 beklemtoon ook die belangrikheid van vergifnis (vgl. ook Matt 6:11-15). Diegene wat geleer het om in vergifnis te wandel, kan die sekerheid hê dat God hulle ook vergewe het. Hier word vergifnis ook voorgehou as 'n vereiste vir gebedsverhoring (McDonald, 1997). Volgens Evans (2001:195) kan geen mens 'n geloofgebaseerde verhouding met God hê, terwyl daar nog onvergewensgesindheid in sy lewe is nie. Die mens se verhouding met God sal noodwendig 'n invloed op sy interpersoonlike verhoudings uitoefen.

### 2.4.6 Die huidige tersaaklike sosiohistoriese konteks en die geloofskeuses waarvoor hierdie perikoop die huidige hoorders/lesers stel

Vanuit die eksegese van Mark 11:22-26 is die skakeling tussen gebed en geloof duidelik waarneembaar. Ook in die proses van innerlike genesing bied hierdie perikoop belangrike insigte, naamlik:

- Die berader en die beradene moet op God vertrou en hul vertroue word bevestig deur die feit dat hulle die geloof openbaar om tot God te nader vir genesing en emosionele vernuwing (Perkins, 1995:665).

- Jesus Christus het in hierdie perikoop die vergelyking gebruik dat gebede wat in geloof gebid word selfs ook berge kan verskuif. Hierdie uitdrukking is enersyds 'n aanduiding van die onmoontlike, andersyds dui dit op die intensiteit van probleme wat mense in hul lewens beleef (Brooks, 1991:182). Jesus Christus se vergelyking gee versekering, ook aan die beradene, dat Hy selfs die oënskynlik onmoontlike kan doen. Wat betref emosionele pyn en seer kan die beradene God dus ten volle vertrou vir heling en genesing.

- Daar is egter sekere voorwaardes vir gebedsverhoring en dit behels onder andere die volgende: (1) Om in die Naam van Jesus Christus te bid, (2) met 'n standvastige geloof te bid, (3) alle onvergewensgesindheid uit die weg te ruim, (4) en met 'n opregte soeke na die wil van God vir die betrokke situasie.

## 2.5 GEBED EN GENESING: JAK 5:13-16

### 2.5.1 Die bepaling van die teks en die tekstuele konteks van die perikoop, die plek van die perikoop in die boek en die genre van die perikoop

Die kernvers in hierdie perikoop is v.16b: *"Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking."* Dit is 'n aanduiding van die krag wat 'n gelowige se gebed het. Die voorafgaande verse handel oor gebed vir die sieke. Wanneer die voorwaardes vir gebedsverhoring nagekom is en die persoon wat bid, staan in 'n regverdige verhouding tot God, dan is daar 'n belofte vir genesing in die gebed opgesluit. Jakobus is 'n brief wat aan die Christene geskryf is wat verspreid oor die destydse Grieks-Romeinse wêreld gewoon het (McDonald, 1997).

### 2.5.2 Die bepaling van die sosiohistoriese konteks van die perikoop en die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste hoorders/lesers gestel het

Sien punt 2.3.2 vir die sosiohistoriese konteks. Die belangrikste geloofskeuse waarvoor die eerste lesers gestel was, is die belangrikheid dat hul geloof uiting in hul dade moes vind. Ware geloof kom tot uiting in die manier hoe Christene optree. In siekte moet die persoon sy toevlug na God neem en as hy sonde gedoen het, moet hy in berou tot God nader vir vergifnis (Martin, 1988:199).

### 2.5.3 Die openbaring oor God en die verlossingsfeite in die perikoop, asook die oproepe op grond daarvan

In die perikoop word God openbaar as eerstens die Verhoorder van gebed, tweedens as die groot Geneesheer en derdens as die Verlosser. Volgens Heb 4:14-16 is Jesus Christus die Hoëpriester, wat self ook by God intree vir die mens. Volgens Rom 8:26-27 roep die Heilige Gees met onuitspreeklike sugtinge uit na God vir die mens. Ons sien dus dat God die Vader, die Seun en die Heilige Gees aktief betrokke is in die mens se gebed. God se beantwoording van gebed is dus die gevolg van die mens se gehoorsaamheid om te bid (Perkins, 1995:666).

### 2.5.4 Raadpleging van eksegetiese bronne en Skrif-met-skrifvergelyking

In Jak 5:13-16 stel Jakobus dit aan die gelowiges dat hulle nie teenoor mekaar moet kla (5:9) of moet sweer (5:12) nie, maar dat hulle eerder moet bid, want daardeur word hul

geloof versterk in die korporatiewe samesyn (Johnson, 1998:222). Die tema in die laaste hoofstuk van Jakobus handel oor gebed en die woord *gebed* kom sewe keer voor. Die gelowige word uitgenooi om in alle omstandighede tot God in gebed te nader (McDonald, 1997).

Jakobus lê in sy benadering sterk klem op 'n pastorale omgee vir die gelowiges en hy vra of enigeen onder hulle ly. In antwoord op sy eie vraag, beveel hy gebed aan. Die gelowiges moet in wysheid bid (1:5) in die geloof, sonder om te twyfel (1:6), om sodoende die deursettingsvermoë te kan bekom om die lyding te kan verdra (Richardson, 1997:229). In teenstelling met hierdie eerste gedagte, vra Jakobus dan of daar iemand onder hulle is wat opgeruimd en gelukkig is - so iemand moet God dan loof en prys. Geluk is 'n seëning van God en moet met danksegging gepaard gaan (Kol 3:16) (Martin, 1988:205).

Volgens Johnson (1998:222) en Falwell (1997) onderrig Jakobus die gelowiges in 5:14-16 rondom die gebruik van gebed in die Christelike tradisie. Vers 14 is 'n klassieke teks wat die krag van gebed vir genesing en die vergifnis van sonde binne die Christelike interpretasie beskryf. Met die melding van siekte in vers 15, verwys Jakobus terug na die tema van lyding in die voorafgaande gedeelte (5:1-10). Net soos die probleem van sonde, is siekte 'n groot uitdaging vir die geloof en word die eenheid onder die gelowiges daardeur getoets. Martin (1988:205) wys daarop dat dit dikwels gebeur dat die samelewing die sieke verstoot en uitskuif, omrede hulle hom beskou as 'n bedreiging in een of ander sin. Jakobus gee egter die opdrag aan die kerk om nie dieselfde te doen nie. Die gelowiges word aangemoedig om vir mekaar om te gee en dié wat ly, te ondersteun en vir hulle te bid, sodat God hulle kan genees (Clarke, 2000).

Volgens Richardson (1997:233) en Barnes (2000) gee Jakobus 'n eenvoudige drie-punt plan rondom die gebede vir die een wat ly, naamlik:

(1) **Die ouderlinge van die gemeente moet ingeroep word**

Die ouderlinge van die gemeente dui onder andere op diegene met geestelike outoriteit. Hul gebed vir die sieke is 'n bewys van hul omgee vir elke gelowige, ook vir diegene wat gebuk gaan onder lyding.

(2) **Hulle moet die sieke met olie salf**

Die ouderlinge bid vir die gelowige vir genesing, nadat hulle hom met olie gesalf het. Die olie verwys na olyfolie, wat in Bybelse tye gebruik is tydens die voorbereiding van kos, in lampe en met die versorging van wonde. In Mark 6:12-14 word die gebruik van olie ook verbind met die bid vir siek mense in die bediening van Jesus Christus en Sy dissipels. Volgens Martin (1988:207, 209) en Wiersbe (1991) is dit belangrik om daarop te let dat die olie geen magiese krag het nie, maar dat die Naam van Jesus Christus die allesomvattende naam en die fondasie van hierdie optrede in geloof is.

(3) **Hulle moet bid vir genesing**

Dit is die gelowige gebed (5:15) wat vir die sieke genesing sal bring. Dit is die woord, *sozo,* wat in hierdie gedeelte vertaal is met *genesing* en dit het die betekenis van beide geestelike redding en fisiese genesing (ook McGee, 1981). Dit is gevolglik belangrik om te let op die noue verband tussen die geestelike en die fisiese.

Henry (1997) wys daarop dat Jakobus dit ook stel dat sonde wel ook ter sprake mag wees, maar dat dit nie noodwendig die oorsaak vir die siekte is nie. Sonde en siekte is dikwels in die Bybelse tyd in dieselfde lig gesien. Wanneer die gebed van geloof oor die sieke gebid word, word gevolglik beide siekte en sonde opgedra aan God vir genesing en vergifnis.

Die gevolge van gebed is egter altyd onderwerp aan die wil van God in die betrokke situasie (Richardson, 1997:236; McDonald, 1997). Die motief van genesing moet vernuwing en herstel van die persoon se verhouding met God insluit en dit mag nooit net gaan oor persoonlike gemak nie.

Martin (1988:211) en Henry (1997) wys daarop dat die stelling in Jak 5:16 rondom belydenis, Ps 51 in herinnering roep. Wanneer gelowiges hul sonde bely, moet dit 'n opregte toenadering in berou tot God wees, sodat God hulle kan vergewe en genees. Hier word die opdrag om te bid nie net aan die ouderlinge gegee nie, maar aan elke gelowige. In hierdie aksie word daar ook 'n beroep gedoen op die genade van God.

Die gebede van die regverdige is beide kragtig en effektief, omrede dit fokus op God en Sy wil en nie op eie kragte nie (Richardson, 1997:238). 1 Joh 5:14-15 gee dan die volgende belofte in hierdie verband: *"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra. En aangesien ons weet dat Hy ons gebede verhoor as ons iets so vra, weet ons ook dat ons kry wat ons Hom vra."*

### 2.5.5 Die huidige tersaaklike sosiohistoriese konteks en die geloofskeuses waarvoor hierdie perikoop die huidige hoorders/lesers stel

Vanuit die eksegese van Jak 5:13-16 is die skakeling tussen gebed en genesing duidelik waarneembaar. Ook in die proses van innerlike genesing bied hierdie perikoop belangrike insigte, naamlik:

- Jak 5 beklemtoon die belangrikheid van gebed in die gelowige se lewe en die gelowige moet onder alle omstandighede tot God nader in gebed, ook ten tye van siekte en lyding.

- Jakobus volg in hierdie gedeelte 'n meer pastorale aanslag en stel dit dat die beradene tot God moet nader in gebed, selfs in tye van emosionele of geestelike ongemak (Richardson, 1997:229). Dit gebeur egter dikwels dat die beradene se seer net eenvoudig so groot is, dat hy nie die moed het om self te bid nie. Somtyds het hy ook nie die insig in sy eie probleme of die oorsake daarvan nie. Dit is in sulke gevalle dat Jak 5:13-16 geweldige troos bied aan die beradene, om te weet dat iemand anders namens hom by God kan intree. Die berader neem die leiding tydens die beradingsessie en bedien die beradene ook in gebed.

- Jak 5:15 bied die belofte van verhoring van gebed in die vorm van (1) genesing, hetsy geestelik, emosioneel of fisies, (2) en selfs vergifnis van enige sonde wat aan die lig mag kom (Johnson, 1998:222; McDonald, 1997).

- Tydens die innerlike genesingsproses kan die berader selfs gebruik maak van geestelike hulpmiddele soos onder andere salwing (Martin, 1988:207). Die berader en beradene se eie geloofsoortuigings in verband hiermee, sal egter die bepalende faktor wees of hul dit gaan gebruik of nie.

- Die belangrikheid van geloof gekoppel aan gebed kom ook in hierdie perikoop weereens baie sterk na vore. Die berader en die beradene moet tot God nader in die sekere wete dat God hul gebede sal verhoor, omrede Hy die Groot Geneesheer en Verlosser is (Richardson, 1997:236; McDondald, 1997). Gebede wat in die regte gesindheid gebid word, het 'n kragtige uitwerking en betreffende emosionele pyn kan dit lei tot heling en genesing.

## 2.6 GEBED EN DIE HEILIGE GEES: JOH 14:12-21

### 2.6.1 Die bepaling van die teks en die tekstuele konteks van die perikoop, die plek van die perikoop in die boek en die genre van die perikoop

Die kernverse in hierdie perikoop is v.14 en v.21: *"As julle My iets in my Naam vra, sal Ek dit doen. Wie My opdragte het en dit uitvoer – dit is hy wat My liefhet. En wie My liefhet, hom sal My Vader liefhê, en Ek sal hom ook liefhê en My aan hom openbaar."* Hierdie verse dui ook op die belofte van gebedsverhoring en daarmee saam genesing en vernuwing vir die mens. Die evangelie van Johannes is die laaste evangelie wat geboekstaaf is, ongeveer 90 n.C. en is geskryf deur Johannes die dissipel van Jesus Christus. Hy het die evangelie geskryf met die doel om te getuig dat Jesus Christus die Christus is, die Seun van God en dat elkeen wat in Hom glo, in Sy Naam die ewige lewe kan hê. Johannes is in verhalende genre geskryf (Alexander, 2002:621).

### 2.6.2 Die bepaling van die sosiohistoriese konteks van die perikoop en die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste hoorders/lesers gestel het

Tydens Jesus Christus se aardse bediening het Hy hoofsaaklik die evangelie verkondig, die mense onderrig en siekes genees. Die boodskap dat Hy die Seun van God is wat mens geword het, is met gemengde gevoelens deur die mense ontvang. Sommige het Hom aanvaar, andere was verward, sommige het gevlug vir hierdie waarheid en nog andere wou Hom doodmaak om Hom stil te kry. Die Jode het gebuk gegaan onder politieke ballingskap onder die Romeinse regering en het 'n politieke verlosser verwag en wou daarom nie Jesus Christus se boodskap aanvaar nie (O'Day, 1995:493). Die evangelie van Johannes is geskryf aan die Christene wat Jesus Christus as hulle Messias bely het en as gevolg van die omstandighede versterking in hulle geloof nodig gehad het. Dit is geskryf na die verwoesting van Jerusalem in 70 n.C. en na die breuk tussen die kerk en

die sinagoge in ongeveer 85-90 n.C. Die Christene was dus blootgestel aan baie vervolging en Johannes het die brief geskryf om hulle aan te moedig om te bly glo (Joh 20:31) (Hayford, 1997).

### 2.6.3 Woordstudie van belangrike begrippe in die kernvers

In hierdie perikoop is die term *openbaar* van besondere belang vir die pastorale begeleiding tydens die innerlike genesingsproses. Louw en Nida (1988:338) beskryf die term soos volg:

- Om iets tot volle kennis en bekendheid te bring deur die openbaring van alle detail.
- Om iets te ken, te weet, te verduidelik, te openbaar; dit na die lig te bring.
- Om iets duidelik te maak.
- Om iets vanuit 'n wegsteekplek in die ope te bring.
- Om iets deur Goddelike openbaring te ken.
- Om iets na die lig te bring wat voorheen onbekend of onverstaanbaar was.

### 2.6.4 Die openbaring oor God en die verlossingsfeite in die perikoop, asook die oproepe op grond daarvan

Jesus Christus is die Seun van God wat die Vader kom bekend maak en daarom kan die mens dit wat Hy sê en doen, onvoorwaardelik aanvaar en glo. As die mens homself aan God toevertrou, bring dit mee dat die mens God se verlossingsboodskap kan verstaan en Sy doel met sy lewe volkome kan uitleef. Geloof is 'n aktiewe, ononderbroke vertroue in Jesus Christus en Sy gebooie. As die mens aan sy woorde, lewe, dood en opstanding vashou deur te glo, word hy van sonde gereinig en ontvang hy die krag om Hom te volg. Die mens word in hierdie proses deur die Heilige Gees begelei (Clarke, 2000).

### 2.6.5 Raadpleging van eksegetiese bronne en Skrif-met-skrifvergelyking

Volgens Borchert (2002:115) tref die aanvangswoorde van hierdie perikoop die leser met krag. Die gebruik van die woorde "*Dit verseker Ek julle*" dui altyd op die belangrikheid van Jesus Christus se woorde wat daarna volg en in hierdie geval is die woorde 'n betekenisvolle blik op die post-opstandings gebeure.

Alhoewel die dissipels hartseer en verslae is oor Jesus Christus se *weggaan*, doen Hy 'n beroep op hulle om eerder te fokus op die toekoms, in plaas van op die hede. Die woorde van Jesus Christus "*wie in My glo*" is 'n aanduiding dat dit nie net die groepie volgelinge

by Hom is waarmee Hy praat nie, maar dat dit alle mense insluit wat in Hom glo (Barnes, 2000).

Die inhoud van hierdie perikoop bou voort op die tema van geloof in Joh 14:1-11, maar is egter nog meer treffend, omrede Jesus Christus die fokus vanaf sy eie werke verskuif, na dié van die gelowiges. Dié wie in Jesus Christus glo, sal ook die werke (*kakeinos*) van Jesus Christus kan doen en hulle sal selfs groter werke (*meizona*) as dit kan doen (O'Day, 1995:746). Regdeur Jesus Christus se bediening het Hy gesê dat die werke wat Hy doen, nie Sy eie werke is nie, maar dié van die Vader (vgl. Joh 4:34; 5:20, 36; 10:37-38; 14:10; 17:4). Die werke van Jesus Christus verwys na al Sy handelinge tydens Sy aardse bediening en daardeur het Hy altyd God se karakter en krag geopenbaar. As die gelowiges dan deel moet hê in die werke van Jesus Christus, is dit om God te openbaar aan die wêreld (Beasley-Murray, 1999:255).

Volgens O'Day (1995:746) beskryf Joh 14:12b-14 die konneksie tussen die gelowiges se werke en Jesus Christus se werke, naamlik:

a. In die eerste plek is die sukses van die gelowiges se werke, direk afhanklik van Jesus Christus se weggaan na Sy Vader. Met Jesus Christus se hemelvaart, is Sy werk op aarde volbring (vgl. Joh 19:30). Die lydingsgebeure van Jesus Christus is 'n bewys van Jesus Christus se volmaakte liefde vir die Vader en die Vader se volmaakte liefde vir die wêreld (vgl. Joh 3:16-17; 10:17-18; 14:31). Die gelowiges se werke, wat sal plaasvind ná al die lydingsgebeure, sal dus groter werke as Jesus Christus s'n self wees, in die opsig dat dit 'n openbaring van die voltooide verlossingswerk van Jesus Christus sal wees. Deur hul werke, sal die gelowiges aanhou om God te verheerlik deur Jesus Christus en dít was die doel van Sy werk (vgl. Joh 5:44; 11:4; 17:4).

b. Tweedens, Jesus Christus se herhaalde belofte in Joh 14:13-14 van gebedsverhoring, stel dit eksplisiet dat dit Jesus Christus is wat in en deur die gelowiges werk. Die gelowiges se werke is in effek dus Jesus Christus se werke. Jesus Christus spesifiseer nie die werke van die gelowiges nie, maar in Joh 14:15-24 blyk dit dat dié werke voortspruitend is vanuit hul liefde vir God en daardeur word die liefdeswerk van Jesus Christus as't ware voortgesit. In Joh 14:15-24 word twee dimensies van die gelowige se liefde vir Jesus Christus beskryf, naamlik (1) die onskeibaarheid van die

gelowige se liefde vir Jesus Christus, asook die onderhouding van die gebooie van Jesus Christus (14:15,21,23-24) en (2) die inwonende teenwoordigheid van God in die gelowige (14:16-20,22-23).

Jesus Christus verbind die twee aspekte van gehoorsaamheid en liefde aan mekaar (O'Day, 1995:747). Jesus Christus het liefde gedemonstreer in Sy gehoorsaamheid aan die Vader. Vir die mens om Jesus Christus dus lief te hê, beteken 'n verbintenis of oorgawe tot dieselfde manier van optrede soos Jesus Christus. Uiteindelik is dit 'n lewenswyse en nie net sporadiese gedrag of tydelike keuses nie (Borchert, 2002:130).

Volgens Henry (1997) het Jesus Christus die situasie van Sy dissipels verstaan. Hy het geweet dat hulle totaal verward sou wees na Sy kruisiging en dat hulle selfs vir hulle lewens sou vrees. In hierdie perikoop gee Jesus Christus dan drie beloftes om hulle te troos, naamlik (1) die belofte van die Heilige Gees (Joh 14:16-17), (2) die belofte van die wederkoms (v.18) en (3) die belofte dat Hy Homself sal openbaar aan diegene wat Hom liefhet en Sy gebooie bewaar (v.21) (Vir hierdie studie is belofte een en drie van besondere belang).

**Die belofte van die Heilige Gees**

Deur na die Gees as die *Parakletos* te verwys, poog Johannes om die persepsie van vroeëre gelowiges met betrekking tot die Heilige Gees te verander na 'n vars nuwe begrip vir wat die rol van die Heilige Gees in die gelowige se lewe behoort te wees (Clarke, 2000). Die *Parakletos* word vervolgens voorgestel as die voortgesette teenwoordigheid van Jesus Christus by die gelowiges, die leraar, die getuie, die oplossing vir elke menslike krisis en die begeleier in die leringe van Jesus Christus (O'Day, 1995:776). Die Heilige Gees sal die gelowiges in die waarheid begelei. Dit is in die eerste plek nie 'n begeleiding in sekulêre kennis en inligting nie, maar 'n begeleiding in die gelowige se lewensoriëntering in verhouding met God en alle ander verhoudings voortvloeiend daaruit (Borchert, 2002:168). Primêr is hierdie belofte van die Heilige Gees aan die angstige dissipels gegee, maar Johannes het nie die evangelie uitsluitlik vir die dissipels geskryf nie – dit is 'n troos en 'n belofte wat vir elke gelowige vandag nog steeds van krag is.

**Die belofte dat Jesus Christus Homself sal openbaar aan diegene wat Hom liefhet en Sy gebooie bewaar**

Regdeur die eeue was dit nog altyd die versugting van die mens se hart om God te sien, veral in situasies van pyn of onsekerheid (McDonald, 1997). In die Ou Testament is daar verskeie voorbeelde van waar God Hom aan individue geopenbaar het, byvoorbeeld aan Moses (Eks 33:13,18), aan Gideon (Rig 6:22) en aan Jesaja (Jes 6:5), maar elke keer het dit gepaard gegaan met oorweldigende vrees. Alhoewel hierdie perikoop geen melding maak van vrees nie, het vrees heel waarskynlik ook 'n groot rol gespeel in die lewens van die dissipels op hierdie stadium en is die bedoeling van hierdie belofte om die dissipels te troos of hulle gerus te stel (Borchert, 2002:128; O'Day, 1995:748; Beasley-Murray, 1999:259).

### 2.6.6 Die huidige tersaaklike sosiohistoriese konteks en die geloofskeuses waarvoor hierdie perikoop die huidige hoorders/lesers stel

Vanuit die eksegese van Joh 14:12-21 kan die volgende afleidings vir die huidige sosiohistoriese konteks gemaak word, naamlik:

- Die dissipels was hartseer en verward oor die *weggaan* van Jesus Christus, maar Jesus Christus het hulle egter versoek om eerder op die toekoms as op die hede te fokus (Barnes, 2000). Tydens die proses van innerlike genesing is die beradene dikwels ook baie hartseer en verward as gevolg van die emosionele pyn van die verlede. Hierdie persoon kan egter aangemoedig word om ook eerder te fokus op die toekoms en op die moontlikheid van genesing en restourering deur middel van die verlossingswerk van Jesus Christus.

- Hierdie perikoop bied ook aan die berader besondere troos in die wete dat hy slegs maar 'n instrument in die hande van God is. Joh 14:13-14 stel dit, volgens O'Day (1995:746) eksplisiet dat dit Jesus Christus is wat in en deur die gelowiges werk. Die berader se werk is dus in effek Jesus Christus se werk. Dit is Jesus Christus wat genesing en vernuwing aan die beradene gee.

- Die perikoop bied veral ook twee belangrike beloftes vir die proses van innerlike genesing, naamlik die belofte van die Heilige Gees en die belofte dat Jesus Christus Homself sal openbaar aan diegene wat Hom liefhet en Sy gebooie bewaar. Die

Heilige Gees word vervolgens voorgestel as die voortgesette teenwoordigheid van Jesus Christus by die gelowiges (O'Day, 1995:776). Vanweë hierdie teenwoordigheid deur Sy Gees kan Jesus Christus gevolglik ook die diepste seer en pyn van die beradene aanraak tydens die proses van innerlike genesing – Hy belowe immers in Joh 14:21 dat Hy Homself sal openbaar aan diegene wat Hom liefhet.

## 2.7 'n BYBELSE VOORBEELD VAN GEBEDSVERHORING MET EMOSIONELE GENESING AS RESULTAAT: 1 SAM 1:9-19

### 2.7.1 Die bepaling van die teks en die tekstuele konteks van die perikoop, die plek van die perikoop in die boek en die genre van die perikoop

Die kernvers van 1 Sam 1:9-19 is v.15b: "*Ek het my hart uitgestort voor die Here.*" Die styl van hierdie perikoop is dié van 'n historiese genre wat die geskiedenis van die volk vanaf die einde van die Rigterstyd tot met die laaste jare van Dawid weergee (Alexander, 2002:255). Die boek dek ongeveer 140 jaar se geskiedenis, wat begin met die geboorte van Samuel in 1150 v.C. en eindig met die dood van Saul in 1010 v.C (Hayford, 1997). Daar kan nie met sekerheid vasgestel word wie die skrywer was nie.

### 2.7.2 Die bepaling van die sosiohistoriese konteks van die perikoop en die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste hoorders/lesers gestel het

Die volk Israel het leiding van verskillende rigters ontvang, wat elkeen afsonderlik deur God geroep is om ten tye van krisisse hulle te begelei. Dit het egter nie goed gegaan met die volk nie en politieke en morele agteruitgang was aan die orde van die dag (Klein, 1983:4). Eli was die hoofpriester by die tempel van die Here in Silo. Aan die begin van die verhaal word Eli uitgebeeld as iemand wat begrip vir die Here se wil en werkswyse gehad het, maar wat uiteindelik tragies eindig. Eerstens was Eli se twee seuns korrup en immoreel en alhoewel Eli dit geweet het, het hy nie teen hulle opgetree nie. Tweedens beland die ark in die hande van die vyand (Birch, 1998:959; Hayford, 1997). Alhoewel dit nie goed gegaan het met die volk nie, is die betrokkenheid van God by Sy volk steeds sigbaar. Die volk was voor die geloofskeuse gestel van bekering en terugkeer na God. Belangrike beginsels vanuit 1 Sam is: (1) God raak betrokke in elke individu se lewe wat Hom aanroep, byvoorbeeld in die lewe van Hanna; (2) God sien die hart van die mens raak en kyk nie na die uiterlike vertoon nie (16:7); en (3) gehoorsaamheid is vir God

beter as offers (15:22-23) (Alexander, 2002:257).

### 2.7.3 Die openbaring oor God en die verlossingsfeite in die perikoop, asook die oproepe op grond daarvan

Vanuit hierdie perikoop kan God se liefde en omgee vir Sy volk waargeneem word. Alhoewel God onsigbaar is, gee Hy aan Sy volk simbole wat 'n aspek van Sy alomteenwoordigheid op aarde te versinnebeeld. In hierdie perikoop is die tempel met die ark voorbeelde hiervan. God gebruik verder ook Hanna se kinderloosheid om in te gryp in die lewens van die volk. Volgens Henry (1997) herinner die situasie hier aan die latere woorde van Jeremia in Jer 1:5: "*Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken.*" Verder word God ook voorgestel as die Verhoorder van gebed, omrede Samuel gebore is as antwoord op Hanna se gebed (Birch, 1998:959).

### 2.7.4 Raadpleging van eksegetiese bronne en Skrif-met-Skrifvergelyking

In 1 Sam 1:9-19 is die verhaal opgeteken van Hanna wat as gevolg van 'n krisis in haar lewe uit desperaatheid uitgeroep het na God. Wiersbe (1991) wys daarop dat Hanna se naam *genade* beteken en in hierdie krisis roep sy na God se genade. Hy wys verder daarop dat God vanuit die mens se swakheid en krisisse soms groot geestelike oorwinnings laat voortspruit.

Alhoewel Elkana se gesin 'n diep godsdienstige gesin was, was daar ook onderlinge verdeeldheid (Bergen, 1996:67; Henry, 1997). Elkana was getrou aan God en het diens as 'n Leviet gedoen. Ten spyte van die volk se geestelike verval asook die korrupsie van Hofni en Pinehas, het Elkana getrou elke jaar na die tempel gegaan om God te aanbid. Die verdeeldheid het ontstaan as gevolg van die onderlinge jaloesie tussen Hanna en Pennina (Birch, 1998:975). Aan die eenkant het Elkana vir Hanna liewer gehad as vir Peninna en aan die anderkant het Peninna kinders gehad, terwyl Hanna kinderloos gebly het. Haar kinderloosheid het vir Hanna 'n groot krisis geword, soveel so dat selfs Elkana haar nie meer kon troos nie, sy wou selfs nie eet van die offerandes nie en het haar afgesonder van die ander lede in die gesin (Klein, 1983:6; McGee, 1981). Alhoewel Hanna nie saam met haar gesin wou deelneem aan die offermaaltyd nie, is dit belangrik om te onderskei dat Hanna 'n groot geloof gehad het (Wiersbe, 1991). Ten spyte van haar swaarkry, het sy nie bitter teenoor God geword nie, maar het sy steeds in desperaatheid haar uitweg tot God geneem (Bergen, 1996:67).

Hanna het twee beloftes aan God gemaak rakende Samuel, naamlik (1) dat sy hom sou terugbring na die tempel, sodat hy vir God kan werk en (2) dat sy nooit sy hare sou sny nie, verwysende na die Nasireër-belofte (Num 6:1-2) (Barnes, 2000; Bergen, 1996:68). Hanna was deur uiterste omstandighede tot hierdie beloftes gedryf.

Hanna het in haar hart uitgeroep tot God en dit is volgens McGee (1981) 'n verdere bewys van haar kennis van God. Sy het geweet dat God die mens se diepste behoeftes raaksien. Klein (1983:9) wys daarop dat Hanna die eerste persoon in die Ou Testament is wat God as *Here, Almagtige* (v.11) aangespreek het. Selfs Eli het na God verwys as *die God van Israel* (v.17).

Volgens Bergen (1996:68) word die woord *bitter* wat in v.10 voorkom dikwels in die Bybel gekoppel aan beskrywings rondom enersyds psigiese pyn en andersyds fisiese pyn en lyding. Voorbeelde is die volgende:

- As 'n voorbeeld van psigiese pyn wanneer iemand 'n kind aan die dood afgestaan het, kan gewys word na Rut 1:13,20: "... *Nee, my lot is swaarder as julle s'n. Die Here het teen my gedraai. Moet my asseblief nie meer Naomi noem nie, noem my Mara, want die Almagtige het die lewe vir my baie bitter gemaak.* "

- As 'n voorbeeld van iemand wat gebuk gaan onder intense persoonlike of fisiese pyn en lyding kan gewys word na Job 3:20: "*Waarom moes God dan die lewenslig gee aan 'n man wat net swaarkry, waarom moes Hy lewe gee aan 'n man wat so bitter ly?*"

Bergen (1996:68) stel dit verder dat verligting van hierdie tipe lyding in die Ou Testament nooit toegeskryf is aan 'n mens nie, maar dat slegs intervensie deur God uiteindelik verligting kon bring.

Aanvanklik het Eli gedink dat Hanna dronk was, maar na sy gesprek met haar het hy haar geseën en weggestuur met 'n profetiese belofte (Clarke, 2000; Klein, 1983:9). Falwell (1997) verwys na Hanna se rustigheid na die gebed. Haar gebed was nie maar net nog 'n seremoniële aksie nie, maar dit was 'n diepe uitroep vanuit haar hart na God. Sy het God

in so 'n mate vertrou dat sy dadelik vrede kon hê en het teruggegaan na haar gesin. In v.18 word gesê dat "*sy het toe geloop en gaan eet, en sy was nie meer bedruk nie.*" Volgens Bergen (1996:70) is hierdie 'n voorbeeld van oorwinning in die geloof dat God gebede beantwoord. God het Hanna se gebed beantwoord en sy het swanger geword. Samuel beteken *Sy Naam is El (God)* en Hanna se woorde "*van die Here het ek hom afgesmeek*" wys dus heen na die manier hoe sy hom verkry het (Henry, 1997).

### 2.7.5 Die huidige tersaaklike sosiohistoriese konteks en die geloofskeuses waarvoor hierdie perikoop die huidige hoorders/lesers stel

In 1 Sam 1:9-19 word 'n voorbeeld gegee van 'n persoon wat gebuk gegaan het onder emosionele wonde en haar toevlug in gebed na God geneem het. Vanuit hierdie perikoop kan veral drie onderskeidings gemaak word, naamlik:

- **'n Opregte, desperate uitroep na God**

  Net soos vir Hanna, voel dit vir die beradene somtyds ook asof daar niks in sy leefwêreld meer is wat vir hom bevrediging en troos kan bied nie. Die beradene is dikwels so vasgevang deur die ou pynlike herinneringe van die verlede, dat sy menswees negatief beïnvloed word. Dit is in sulke tye dat die beradene sy hele hart voor God moet uitstort, sodat hy genesing kan ontvang (McGee, 1981; Birch, 1998:973; Bergen 1996:67).

- **Gebedsverhoring**

  Hanna het ten spyte van haar pyn, God geken en vertrou. Sy het 'n diepe geloof gehad dat Hy haar pyn sou aanraak en haar gebed sou verhoor. McDonald (1997) beklemtoon die feit dat Hanna geweet het dat God die mens se diepste behoeftes raaksien en daarop reageer. Die beradene kan daarom met vrymoedigheid tot God nader, met die sekere wete dat God binne Sy wil, genesing en vernuwing sal skenk.

- **Onmiddellike fisiese verandering**

  Nadat Hanna gebid het, het haar gemoed en houding dadelik verander (Bergen, 1996:70). Die beradene kan verseker wees dat dieselfde emosionele en gemoedsverandering moontlik is deur middel van gebed, afgesien van hoe diep hy ook al in die put van moedeloosheid ingesak het.

## 2.8 SAMEVATTING VAN BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE

Vanuit bovermelde gedeeltes waaruit eksegese gedoen is, is daar sekere beloftes van hoop asook die versekering van God se intense betrokkenheid. Hierdie beloftes kan dan ook inderdaad van toepassing gemaak word op elkeen wat emosioneel of geestelik gekneus is – dit gee nuwe hoop en vooruitsigte aan elkeen wat twyfel oor die toekoms. Opsommenderwys kan die basiese beginsels wat van toepassing gemaak kan word op persone wat worstel met emosionele pyn, dan soos volg met betrekking tot elk van die onderskeie passasies geformuleer word:

### 2.8.1 Met betrekking tot gebed vir wysheid en meerdere kennis: Jak 1:5-8

In Jak 1:5-8 word die gelowiges vermaan om tot God te bid vir wysheid, insig en kennis. Die belofte word ook gegee dat God aan hulle wysheid sal skenk sonder enige verwyte. Die wysheid wat God skenk, staan in kontras met die wysheid van die wêreld en daarom hou hierdie perikoop vir die beradene 'n belofte van oorwinning in. Die beradene word tydens gebed begelei na insig met betrekking tot pynvolle ervarings in die verlede – dit is dan gewoonlik 'n belangrike eerste stap in die proses van uiteindelike genesing en vernuwing. Die belangrikheid van geloof word ook besonder sterk beklemtoon in hierdie perikoop. Enersyds impliseer geloof 'n vertroue in God en andersyds is God ook die bron van geloof. In die lig hiervan is ongeloof dus 'n bevraagtekening van God se karakter. God se beloftes is in ooreenstemming met Sy karakter, daarom kan die berader en die beradene met geloof en sekerheid tot God nader.

### 2.8.2 Met betrekking tot gebed en geloof: Mark 11:22-26

In Mark 11:22-26 doen Jesus Christus weereens 'n beroep op die mens om geloof te hê. Ook die berader en die beradene moet in geloof tot God bid. Sonder geloof het gebed geen krag nie en is daar geen gebedsverhoring nie. In hierdie perikoop gee Jesus Christus die verdere belofte dat Hy *berge* sal verskuif – dit kan dan ook van toepassing gemaak word op die hindernisse wat in die beradene se pad na emosionele genesing en gemoedsvernuwing staan. Die *berge* waarvan hier sprake is, is beskrywend van dit wat vir die mens oënskynlik onmoontlik lyk. Niks is egter vir God onmoontlik nie. Omrede dit Sy wil is dat elke mens emosionele genesing en gemoedsvernuwing sal ervaar, sal Hy gebede verhoor wat in hierdie verband in geloof tot Hom

gebid word. Om effektief te kan bid, moet die berader en die beradene dus 'n vaste geloof in God hê. 'n Gelowige gebed beteken dat die mens in gebed God se wil soek en nie sy eie wil op Hom probeer afdwing nie. Vanuit hierdie perikoop blyk dan ook die belangrike skakeling tussen gebed en geloof.

### 2.8.3 Met betrekking tot gebed en genesing: Jak 5:13-16

In Jak 5:13-16 word die opdrag gegee om vir siekes te bid en dit is 'n klassieke teks wat die krag van gebed vir genesing en die vergifnis van sonde binne die Christelike interpretasie beskryf. God word in hierdie perikoop voorgestel as die Verhoorder van gebed, die groot Geneesheer en die Verlosser. Teen die agtergrond van hierdie beloftes kan ook die emosioneel-verwonde persoon inderdaad die hoop koester betreffende die genesing van pynlike herinneringe. Tydens die gebed om innerlike genesing kan 'n simboliese handeling soos byvoorbeeld die salwing met olie, by geleentheid op 'n praktiese manier uiting gee aan die geloof en vertroue in God om emosionele genesing te bewerkstellig. In hierdie passasie word die belofte ook gegee met betrekking tot die krag en effektiwiteit van die gebede van die gelowige. Verder kom die belangrikheid van geloof wat gekoppel is aan gebed, ook weereens sterk na vore.

### 2.8.4 Met betrekking tot gebed en die Heilige Gees: Joh 14:12-21

Joh 14:12-21 dui ook op die belofte van gebedsverhoring en daarmee saam genesing en vernuwing. As die mens homself aan God toevertrou, bring dit mee dat God se verlossingsboodskap al beter verstaan kan word. Sodoende kan God ook Sy doel met hierdie persoon bereik. Jesus Christus het die aspekte van liefde en gehoorsaamheid aan mekaar verbind, deurdat Hy Sy liefde vir die Vader demonstreer het in Sy gehoorsaamheid om die wil van die Vader uit te voer. Die belofte is verder daar dat God Homself aan diegene wat Hom liefhet, sal openbaar – dit sal Hy doen deur die Gees van die waarheid wat Hy vir die gelowiges nagelaat het. Hierdie is kragtige beloftes, veral ook met betrekking tot die proses van innerlike genesing. Die berader sowel as die beradene kan God vertrou dat Hy Homself op 'n besondere wyse deur hierdie proses sal openbaar – dat Hy deur Sy Gees aan beide van hulle besondere insig sal gee met betrekking tot die moontlike oorsake van pyn en seer in die verlede. Die belofte word ook gemaak dat indien die gelowige iets in die naam van Jesus Christus vra, Hy dit vir hulle sal gee. Emosionele genesing en gemoedsvernuwing is inderdaad dan ook deel van hierdie gawe wat God

aan Sy kind wil gee. In hierdie passasie word daar dan ook besonder klem gelê op die koppeling tussen gebed, geloof en die ondersteuning van die Heilige Gees.

### 2.8.5 Met betrekking tot 'n Bybelse voorbeeld van gebedsverhoring met emosionele genesing as resultaat: 1 Sam 1:9-19

In 1 Sam 1:9-19 word die verhaal opgeteken van Hanna wat in haar desperaatheid na God uitgeroep het om hulp. Hanna se hartseer word geïllustreer in die onvermoë van haar geliefdes om aan haar troos te kan bied. In hierdie gedeelte word Hanna se diep geloof in God uitgebeeld deurdat sy enersyds sag in haar hart tot Hom bid en andersyds Hom ook aanspreek as God die Almagtige. Die woordkeuse van Hanna waarmee sy haar hart voor God uitstort, is ook kenmerkend van ander gevalle van die uitbeelding van diepgaande lyding in die Bybel – lyding wat slegs verlig kan word deur die intervensie van God. Hierdie gedeelte bied aan die emosioneel-verwonde persoon die sekerheid dat God gebede verhoor en dat Hy emosionele genesing en gemoedsvernuwing (en by geleentheid selfs ook fisiese ingryping) bied aan elkeen wat tot Hom nader.

# HOOFSTUK 3

## TEOLOGIESE BASISTEORIE BETREFFENDE DIE ROL VAN GEBED IN DIE PROSES VAN INNERLIKE GENESING

### 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word daar veral gefokus op die bydraes deur Christenpsigiaters, -sielkundiges, -terapeute en ander pastorale outeurs en navorsers wat vanuit 'n Bybelse vertrekpunt gaan kyk het na die rol van gebed in die proses van innerlike genesing. Daar word telkens gepoog om 'n integrasie te bewerkstellig tussen die resultate van die hulpwetenskappe (soos onder andere die psigologie) enersyds en basiese Bybelse beginsels andersyds. Die riglyne wat hieruit voortspruit, word uiteindelik dan ook van toepassing gemaak op die rol van gebed in die proses van innerlike genesing. Aangesien die etiese fundamenteel is tot alle lewe, kan godsdiens en die psigologie nie teenoor mekaar geplaas word as twee aparte wetenskappe nie. Om hierdie rede spreek Johnson *et al.* (2000:245) hulself byvoorbeeld baie sterk uit teen die benadering dat terapie slegs die een (psigologie) of die ander (godsdiens) benadering kan wees, aangesien hulpverlening oor die algemeen bevorder word deur die uiteindelike verstaan van die menslike natuur in sy totaliteit. Vir 'n eklektiese benadering waarin die beste elemente uit verskillende benaderings geakkommodeer word, is dit dus noodsaaklik vir die berader om te beskik oor 'n wye kennis en insig met betrekking tot Bybelse beginsels en waarhede, asook oor basiese psigologiese kennis en wetmatighede, om sodoende die beradene sinvol te kan begelei en ook te verwys waar nodig (Minirth & Byrd, 1994:29). In terme van die model van Zerfass maak hierdie hoofstuk deel uit van die basisteorie, waar die teologiese oorleweringe nagevors word, ten einde dit in wisselwerking met die situasie analise te kan bring vir die uiteindelike vorming van nuwe praktyk teoretiese riglyne.

## 3.2 DOELSTELLINGS

Die doelstellings van hierdie hoofstuk is vervolgens om pastoraal-psigologiese perspektiewe ten opsigte van belangrike vertrekpunte betreffende die pastorale rol van gebed in die proses van innerlike genesing te ondersoek.

Met die oog hierop word vervolgens aandag aan die volgende aspekte gegee:

- Globale oorsig oor innerlike genesing / gebedsterapie.
- Die rol van gebedsterapie in Jesus Christus se aardse bediening.
  - Die klem op die innerlike lewe in Jesus Christus se bediening.
  - Jesus Christus se bediening en innerlike genesing.
  - Genesing en bevryding in Jesus Christus se bediening.
  - Die resultate van Jesus Christus se bediening.
  - Die dra van 'n kruis.
  - Jesus Christus se hantering van Petrus as 'n klassieke voorbeeld van innerlike genesing.
  - Die voortsetting van Jesus Christus se bediening.
- Beradingsbeginsels.
  - Gebedsterapie en innerlike genesing.
  - Gebedsterapie en die Heilige Gees.
  - Gebedsterapie en geloof.
  - Gebedsterapie en verdedigingsmeganismes.
  - Gebedsterapie en gebedsondersteuning.
- Die proses van gebedsterapie.
  - Fase 1: Die terapeutiese gesprek.
  - Fase 2: Die gespreksgebed.
  - Fase 3: Nasorg en begeleiding na emosionele en geestelike groei.

## 3.3 GLOBALE OORSIG OOR INNERLIKE GENESING / GEBEDSTERAPIE

Om tot 'n beter begrip van die betekenis en inhoud van die frase 'innerlike genesing' (of 'gebedsterapie' soos wat sommige daarna verwys) te kom, word vervolgens gelet op die definisies, omskrywings en standpunte deur 'n aantal outeurs.

- Met die ontwikkeling van die gloeilamp het Edison verskeie kere gefaal. Hy het egter geweet dat die fout óf by die gloeilamp self is, óf by die bedrading tussen die elektrisiteitstoevoer en die gloeilamp, maar nie by die elektrisiteit nie. Sanford (1951:19), wat een van die vroegste outeurs was wat rondom hierdie tema geskryf het, pas hierdie beeld toe op gebedsterapie en vergelyk die kragtige werking van God dan met die vloei van elektrisiteit. Wanneer die mens in harmonie met God leef, vloei Sy liefde deur die mens om vernuwing te bewerkstellig. God se liefde is die omvattendste, deurdringendste krag in die heelal en Hy het dit sonder reserwe uitgestort met die verlange dat die mens Hom ook sal liefhê sonder om iets terug te hou. Genesing is daarom dus nie soseer gesetel in die ontsnapping of verligting van pyn nie, as wat dit gesetel is in die vernuwing van die mens.

- Wilson verwys in 'n artikel (2004:8) na die werk van Sanford (1951) wat onder andere ook gebruik gemaak het van die tegniek van visualisering waar die beradene die traumagebeure visualiseer en dit dan as't ware herstruktureer in 'n poging om bevry te word van die skadelike effek daarvan op sy emosies. Wilson waarsku egter teen visualisering en die herstrukturering van die gebeure as sodanig, sonder dat God se vergifnis, genesing en vernuwingswerk noodwendig in die gebeure ingebring word. Hy beskryf gebed as die mees unieke, asook mees effektiewe vaardigheid wat Christenberaders kan gebruik in die terapeutiese proses.

- Gemoedsvernuwing wat voortspruit vanuit gebedsterapie lei oor die algemeen tot genesing en heelheid in die breë, sodat die mens beter in staat is om God in waarheid en liefde te kan aanbid. Op hierdie genesingspad word hoogtepunte en laagtepunte ervaar en dit is opsigself 'n pynvolle proses, maar deur gebed, die teenwoordigheid van God en liefdevolle ondersteuning lei dit uiteindelik na geestelike restourasie emosionele stabiliteit (Richardson, 2005:27).

- Innerlike genesing vind plaas wanneer die individu God toelaat om sy emosionele herinneringe te genees. Dit vind plaas wanneer die persoon leer om Jesus Christus se teenwoordigheid in die verlede, hede en toekoms te beleef. Op hierdie wyse word die in staatstelling verkry om vergifnis te kan skenk, wat dan weer die weg baan na vryheid om sy volle potensiaal te kan bereik. Dit is ook om God te vertrou en Hom toe te laat om onverwerkte, onderdrukte herinneringe na die bewussyn te bring, sodat dit verwerk kan word (Bennett; 2000:40).

- Innerlike genesing is 'n onderdeel van die Christelike beradingsproses waartydens daar onder gebed gefokus word op die helende krag en teenwoordigheid van Jesus Christus om emosionele of spirituele probleme te genees (Seamands, 2001:24).

- Innerlike genesing het die vernuwing van die innerlike van die mens ten doel. Dit is 'n bediening aan die innerlike mens, nie soseer om dit wat stukkend was bloot weer werkbaar te maak nie, maar wel om die verlossing van die beheer wat die seer op die betrokke persoon gehad het, asook innerlike vernuwing daarna (Sandford, 1982:11).

- Innerlike genesing is genesing van die innerlike mens, naamlik die denke, emosies en pynlike herinneringe. Dit is 'n proses waar die persoon deur middel van gebed genesing ontvang van aspekte soos innerlike gekrenktheid, wrokke, verwerping, selfbejammering, depressie, skuldgevoelens, vrees, hartseer, haat, minderwaardigheid, veroordeling en waardeloosheid (Tapscott, 1987:13). Die eerste stap in hierdie proses is die besef van die mens se erfenis in Jesus Christus (Tapscott, 1978:13) en die tweede stap is die heling van pynlike herinneringe (Tapscott, 1978:16).

- Innerlike genesing, of te wel diepvlak genesing, is 'n bediening wat deur die krag van die Heilige Gees heling in al die verskillende dimensies van die mens bewerkstellig. Omrede die oorsprong van die meerderheid van die mens se probleme gesetel is in die emosionele of geestelike dimensie, is dít die fokus van die innerlike genesingsbediening. Innerlike genesing is meer omvattend as 'n sekulêre genesingsmodel, omrede dit meer persoonlik van aard is en met 'n groter fokus op die beginsel van liefde. Die kern van hierdie proses hou gevolglik verband met die liefhê van mense (Kraft, 1993:37).

- Gebedsterapie is wanneer die berader die beradene begelei met betrekking tot sy lewenskrisisse, sodat Jesus Christus hom kan bedien tot diepgaande verandering op die geestelike en menslike vlak. Cloete (2005:13) beskryf die genesingsproses soos volg:

  - Op geestelike vlak impliseer dit:
    - Die beradene word deurgaans begelei om in 'n lewende verhouding met die groot Terapeut, Jesus Christus te staan.
    - Die beradene word onder die leiding van die Heilige Gees begelei om sy geestelike verwarring en probleme van die verlede, hede en toekoms uit te klaar.
    - Die leuens en wanpersepsies in die beradene se lewensbeskouing word vervang met Jesus Christus se waarheid wat hom volkome vrymaak.
    - Die beradene word begelei om te groei en te ontwikkel tot geestelike volwassenheid, sodat hy vrede in sy gemoed kan beleef.
    - Die beradene se menswaardigheid en identiteit in Christus word bevestig en hy word gelei op die pad van voortdurende bekering en heiligmaking.

  - Op menslike vlak beteken dit:
    - Die oorsake van die beradene se probleme en die wortels van die kwaad word diagnosties nagespeur en van binne na buite na die oppervlakte en lig gebring om deur Jesus Christus genees en bevry te word.
    - Deur sondebelydenis, vergifnis en die afbreek van ondoeltreffende valse verdedigingsmeganismes word die beradene begelei, sodat Jesus Christus volkome gemoedsgenesing en bevryding van alle trauma en emosionele verwonding permanent in sy lewe kan bewerk.
    - Die beradene word deur Jesus Christus verlos van foutiewe kognitiewe programmering van leuens, misleiding, valse waardes en verkeerde hantering van sy probleme.
    - Die beradene se verwronge lewensbeskouing word deur Jesus Christus verander vanaf 'n subjektiewe reaktiewe respons volgens die situasie en sy emosies, na 'n objektiewe proaktiewe lewenstyl volgens basiese beginsels.
    - Die beradene leer nuwe gewoontes en strategieë aan om sy probleme, menseverhoudings en sy lewe prinsipieel volgens Bybelse waardes en waarheidsbeginsels te bestuur.

- Die beradene leer prakties om sy skeppingsdoel te ontdek, sy prioriteite te orden, om emosioneel te groei tot volwassenheid en so in oorwinning tot eer van God te lewe.

In teenstelling met standpunte soos die bovermelde, neig die mistieke tradisie volgens Nicol (2002:27) om te konstateer dat die mens nader aan God kan kom deur *stilte* as deur *woorde*, om sodoende genesing te kan ontvang. Daar word in hierdie verband gewys op stilte as God se primêre taal. In 'n sekere sin is dit waar, maar dit blyk slegs die een kant van die munt te wees - die ander kant van die munt hou egter verband met die besondere terapeutiese waarde asook die potensiaal tot genesing wat opgesluit is in woorde wat geverbaliseer word as uitdrukking van die innerlike. Die moontlikhede is egter onbeperk wanneer God werk, hetsy deur die stilte van gebed, hetsy deur die krag van die Woord, hetsy deur menslike verbalisering van woorde. Die basiese vereiste is egter dat die mens God *intimior intimo meo* (God intiemer aan my as my eie self) sal beleef. God is alomteenwoordig en daar moet 'n onderskeid getref word tussen dié alomteenwoordigheid en die intieme en persoonlike bewustheid van God se teenwoordigheid (Payne, 2005:35; Bennett, 2000:52; Richardson, 2005:32, Nicol, 2002:29; Yancey, 2006:104; Jones, 2007:25). Vanuit Lukas 5:17 (*"En op een van hierdie dae was Hy besig om hulle te leer ... en daar was krag van die Here om hulle te genees")* blyk dit dat heling geskied as gevolg van God se teenwoordigheid en nooit as gevolg van menslike inspanning alleen nie. Dit is gevolglik noodsaaklik dat daar sekere dissiplines in die gelowige se lewe moet wees, aangesien die ou sondige natuur (en daarby saam dus die verwerking van die pyn en seer) nie deur die mens se eie pogings oorwin kan word nie (Tan, 1998:8). Vergifnis, genesing en vernuwing is slegs moontlik deur 'n ingryping van God. In hierdie verband is Foster (1990) se onderskeiding van die volgende dissiplines van besondere waarde:

- Innerlike dissipline, waaronder die dissipline van Skrifmeditasie (Foster, 1990:19), gebed (Foster, 1990:43), vas (Foster, 1990:61) en Bybelstudie (Foster, 1990:79).
- Uiterlike dissipline, waaronder die dissipline van eenvoud (Foster, 1990:99), afsondering (Foster, 1990:121), onderwerping (Foster, 1990:139) en diens (Foster, 1990:159).
- Korporatiewe dissipline, waaronder die dissipline van belydenis (Foster, 1990:181), aanbidding (Foster, 1990:199), begeleiding (Foster, 1990:221) en verheerliking (Foster, 1990:239).

## 3.4 DIE ROL VAN GEBEDSTERAPIE IN JESUS CHRISTUS SE AARDSE BEDIENING

Volgens Kraft (1993:46) is gebedsterapie die sinkronisering van psigiese en geestelike sisteme waardeur 'n Christenberader as fasiliteerder 'n beradene met trauma en emosionele probleme begelei tot by Jesus Christus, sodat Hy dan self hierdie persoon kan bedien met genesing en bevryding. Gebedsterapie en berading geskied gevolglik altyd onder die leiding van die Heilige Gees. Die beradene word op 'n unieke wyse in die volle waarheid (Joh 8:32) ingelei, sodat hy in staat sal wees om sy lewe verantwoordelik te bestuur, sy potensiaal te ontwikkel en in oorwinning sy skeppingdoel te verwesenlik (Conway, 1990:166; Jones, 2007:25). Lindeque (2006:118) wys op die belangrike punt dat Jesus Christus se terapeutiese werksaamheid altyd in verband met God se beloftes aangaande die lyding van die mens gebring is. In hierdie verband gesien, staan pastorale berading as terapie gevolglik in 'n baie noue verband met die koninkryksdimensie wat ingelei is met die koms van Jesus Christus na hierdie wêreld. Teen hierdie agtergrond word daar vervolgens gefokus op Jesus Christus se aardse bediening ten einde sekere basiese beginsels te identifiseer wat noodsaaklik is met betrekking tot die proses van innerlike genesing en uiteindelik ook die rol van gebed.

In die Bybelse tyd het die mense groot waarde aan die betekenis van iemand se naam geheg (MacNutt, 1999:28). Die keuse van 'n naam was dikwels ook 'n aanduiding van die rol wat die betrokke persoon veronderstel was om in die samelewing te vertolk. Jesus Christus (*Yeshua* in die oorspronklike Arameens) beteken *die Here verlos*. Vanuit die evangelies blyk dit dan dat Jesus Christus se verlossingswerk hoofsaaklik 'n drieledige fokus gehad het, naamlik lering, evangelisering en genesing. Hierdie fokus was dan ook vervat in die opdrag aan die dissipels (Luk 9:1-2, 11; 10:1,8-9), asook in die opdrag aan die kerk (Hand 4:29-31). Jesus Christus is die volmaakte model vir die bediening van berading en genesing, omrede genesing 'n sentrale deel uitgemaak het van Jesus Christus se aardse bediening. Daar was tye wanneer Jesus Christus ook verby siekes gestap het sonder om hul te genees – Hy het egter almal genees wat Hom genader het vir genesing (Smith, 1999:161). Tog was Sy boodskap nooit dat die mens bloot maar net goed moet word as sodanig nie, maar dit was eerder 'n boodskap van nuutwording deur die afsterwe van die ou natuur en die opstanding van die nuwe natuur in Jesus Christus (Sandford, 1982:06). Soos wat hierdie vernuwingsproses in die mens plaasvind, sal gebed 'n al meer betekenisvolle rol inneem (Guyon, 1975:59). Volgens Sinclair (1993:104) is gebed daarom meer as net blote

verbale kontak tussen God en die mens - in hierdie sin is gebed eerder 'n aksie. Dit is die oortuiging dat die bidder tydens gebed in werklike kontak met die Woord is wat mens geword het, nie net ongeveer 2000 jaar gelede nie, maar ook *nou* weer op hierdie betrokke oomblik wanneer daar gebid word. Gebed bring met ander woorde radikale veranderinge in die lewe van die bidder, omrede dit uiteindelik nie maar net 'n manier is om dinge van God te verkry nie, maar omrede dit die bidder in staat stel om insig te verkry in die wil van God rondom die situasie waarvoor gebid word. Gebed bring die bidder by die plek waar hy vra:

> *'Here, wat is U wil? Hoekom is my gedagtes nie soos U gedagtes nie? Hoekom reflekteer my hart nog nie U hart nie? Verander my, asseblief.'*

In die mate waartoe die bidder homself dan onderwerp aan God, kan Sy vergifnis, genesing en vernuwing plaasvind in die innerlike van hierdie mens (Langberg, 2005:3). .

### 3.4.1 Die klem op die innerlike lewe in Jesus Christus se bediening

Jesus Christus se bediening fokus in 'n baie sterk mate op die innerlike lewe van die mens (Tapscott, 1987:13; Meier *et al,* 1999:108; Friesen, 1997:214). Dit blyk byvoorbeeld vanuit 'n gedeelte soos Matt 11:28 waar die mens uitgenooi word om in 'n intieme verhouding met Jesus Christus te kom staan:

> *"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Kom na My toe, want Ek is sagmoedig en nederig van hart. Kom, almal wat moeg is en swaarkry onder die laste wat julle dra, en julle sal rus kry vir julle gemoed"*

MacNutt (1999:40) beskryf Jesus Christus se bediening kortom as volg:

- Eerstens, skenk Jesus Christus nuwe lewe aan die mens, sodat hy in 'n liefdevolle verhouding van eenheid leef met sy Hemelse Vader en Jesus Christus, deur die Heilige Gees; en
- Tweedens bied Jesus Christus verlossing en genesing van alle siek elemente in die mens se lewe, wat getransformeer moet word, sodat die mens die nuwe lewe kan bereik.

Volgens Cloete (2005:63) en Gushee (2007:72) impliseer hierdie verhouding 'n nuutwording betreffende alle dimensies in die mens se lewe, naamlik gees, siel en liggaam. Die Heilige Gees begelei die mens in die proses van verandering waar die ou sondige natuur afgesterf word en die nuwe natuur in Jesus Christus opgeneem word (2 Kor 3:18 en 1 Kor 3:16). Alhoewel die mens wedergebore is en tot bekering gekom het, is sy sielsdimensie (emosies, verstand en wil) nog vasgevang in die ou sondige natuur en moet daar voortdurende vernuwing plaasvind (Campbell-Lane, 2003:181; Friesen, 1997:217). Hierdie vernuwing en verandering beteken dan eerstens 'n erkenning dat die mens nie uit eie krag kan verander nie, tweedens 'n besef dat hy hom totaal aan God moet onderwerp, en derdens 'n keuse om Jesus Christus toe te laat om hom met volkome genesing te bedien. In hierdie proses vorm gebed dan 'n belangrike onderdeel. Minirth *et al.* (1986:35) wys op die feit dat wanneer 'n individu in gebreke bly om 'n vervulde gebedslewe te lei, hy baie meer vatbaar is vir byvoorbeeld uitbranding asook die psigiese spanning wat daarmee gepaard gaan. Die mens se liggaam is dus geneig om die uiterlike reaksies te reflekteer van sy innerlike lewensbeskouing. Colbert (2003:6) en Coetzer (2003:24) verduidelik hierdie noue verband tussen liggaam en gees as 'n basiese vertrekpunt in die leerstellings van Jesus Christus. Jesus Christus het in hierdie verband die mense gewaarsku dat hulle nie bevrees moet wees vir diegene wat die vermoë het om hul liggame te vernietig nie, aangesien hul gees buite die bereik van sulke optredes is. Daar is dus 'n wêreld van nie-materiële realiteit. Aan die anderkant het Hy herhaaldelik aan mense gesê wat liggaamlike genesing ervaar het: *"Jou geloof het jou gered,"* met ander woorde, die wêreld van nie-materiële realiteit het 'n konkrete invloed op die mens se fisiese bestaan. In die hele proses van innerlike genesing is dit gevolglik belangrik om ook te let op moontlike liggaamlike manifestasies van innerlike onverwerkte emosionele stres en spanning (Kotze, 2006:8; Poloma, 2006:59; Jantz en McMurray, 2003:121). Minirth en Meier (1990:13) beklemtoon in hierdie verband die mens se holistiese aard, asook die effek wat die verskillende dimensie op mekaar het. Sodoende kan 'n fisiese ongesteldheid byvoorbeeld aanleiding gee tot 'n psigiese afwyking en *visa versa.* Hierdie afwykings het gewoonlik ook 'n verdere negatiewe effek op die geestelike dimensie van die betrokke individu.

### 3.4.2 Jesus Christus se bediening en innerlike genesing

Luk 4:16-21 beklemtoon op 'n besondere wyse die rol van Jesus Christus as die groot Geneesheer en Bevryder (Stein, 1992:48). In Luk 7:20-23 word Jesus Christus se bediening bevestig. Lukas teken Jesus Christus as die Een wat volkome mens geword het, maar ook die Een wat namens God die mens uitgenooi het om die genade van God aan te neem, sodat die mens weer tot vryheid

en genesing gelei kan word. Jesus Christus het die pad vir die mens as't ware kom *oopmaak* om weer die beeld van God in die mens te kan herstel (Bornkamm, 1969:131). Die werke van Jesus Christus was insigself die boodskap wat Hy verkondig het en dit was nie maar net bloot ter bevestiging van Sy boodskap nie (Sandford, 1982:23; Cloud & Townsend, 2002:6). Omrede Jesus Christus na Sy genesings verwys het as *werke* en nie soseer as *wonderwerke* nie, is dit aanduidend van die onlosmaaklike rol wat genesing in Sy bediening gespeel het. Deur Jesus Christus se wonde is genesing vir die mens moontlik gemaak en hierdie belofte is vandag steeds van krag (Jes 53:5 en 1 Pet 2:24). Omrede Jesus Christus gister, vandag en môre steeds dieselfde (Heb 13:8) is, genees Hy vandag steeds op dieselfde wyse as tydens Sy aardse bediening (Van der Spuy, 2005:199; MacNutt, 1999:42). Jesus Christus se genesing aan mense was onmiddellik, volkome en permanent. Al die mense op wie Jesus Christus sy hand gelê het, of net 'n woord gespreek het, was tydens 'n enkele gebeurtenis dadelik genees of bevry. Daar is nie 'n enkele geval opgeteken in die evangelies waar Jesus Christus deur 'n lang prosedure of proses mense oor 'n uitgerekte tydperk genees het nie. Jesus Christus het die mense op alle vlakke van hul mensheid bedien en Sy genesingswonders en bevryding was in alle gevalle volkome en volmaak (Kubetin & Mallory, 2002:69; Cloete, 2005:64).

Miller (2001:710) verduidelik dat wanneer Jeremia in hoofstuk 17:9 na die hart verwys as bedrieglik en ongeneeslik, dan roep hy ten slotte uit: "... *wie kan dit verstaan?*" Hy kom tot die slotsom dat niemand dit kan verstaan nie. Aan die anderkant is dit so dat die hart die mens se reaksie teenoor God bepaal. Daarom is die gebed van v.14 so belangrik:

> *"Maak my gesond, Here, dan sal ek gesond word; verlos my, dan sal ek verlos word; want U is my lof."*

Slegs God ken en verstaan die hart van die mens en inderdaad ook die hart van die emosioneel-verwonde persoon wat totaal verward is deur emosies soos angs, vrees, wantroue, verwarring en selfveragting. Slegs God kan genesing vir hierdie hart bewerkstellig (Bornkamm, 1969:137). Met dieselfde desperaatheid roep die Psalmis in 103:3 *"Wat al jou ongeregtighede vergewe, wat al jou krankhede genees"* en 147:3 *"Hy genees die wat gebroke is van hart, en Hy verbind hulle wonde"* tot God uit vir genesing. Pearson (2004:13) beklemtoon dan juis hierdie goeie nuus van die evangelie. Hy stel dit dat innerlike genesing bloot die praktiese toepassing van die basiese Christelike boodskap van redding is in sy volle reikwydte, omrede dit 'n geloof/vertroue in Jesus Christus se intensie is om die mens van emosionele en fisiese pyn te bevry.

Aspekte soos die volgende maak 'n kardinale deel uit van die innerlike genesingsbediening van Jesus Christus:

- **Vergifnis en vryspraak**

  Jesus Christus se genesing is nie goedkoop nie – dit het Hom Sy lewe gekos. Alhoewel Sy genesing onmiddellik, volkome en permanent is, is dit ook voorwaardelik. Genesing is in die meeste gevalle gekoppel aan die voorwaarde van gehoorsaamheid. Jesus Christus het die opdrag tot vergifnis gegee en indien die mens nie sy oortreders kan vergewe nie, kan hyself nie vergifnis ontvang nie (Matt 6:14-15) (Kylstra, 2006:33; Kubetin & Mallory, 2002:167-183; Leman & Carlson, 1989:143; Stapleton, 1977:59; Sandage, 1998:10; Worthington, 2003:161).

- **Vervanging van leuens met die waarheid**

  In Joh 14:6 sê Jesus Christus: *"Ek is die weg, die waarheid en die lewe."* Verder beklemtoon Joh 8:32, 36 dat die mens die waarheid (Jesus Christus) sal ken en dat die waarheid (Jesus Christus) hom sal vrymaak. Hierdie waarheid is dus nie 'n aanduiding van blote kennis nie, maar verwys na die Persoon van Jesus Christus met wie elke mens in 'n persoonlike verhouding moet staan. Kontak met Jesus Christus sluit dus 'n belofte van genesing in. Die teenoorgestelde van die waarheid is die leuen. As die waarheid dus vryheid bring, beteken dit dat die leuen 'n gebondenheid impliseer. Die Bybel skets die Satan as 'n leuenaar en die vader van die leuen (Joh 8:44-45) (Kylstra, 2006:124; Kubertin & Mallory, 2002:86; Bradshaw, 1988:183; Leman & Carlson, 1989:92; Stapleton, 1977:76).

- **Verbreking van verkeerde denkpatrone en vrymaking**

  Elke mens word gebore met die diepgevestigde basiese behoefte aan liefde, aanvaarding en 'n gevoel van waarde. Alhoewel dit veral die ouers se verantwoordelikheid is om op menslike vlak aan hierdie behoefte van die kind te voldoen, is dit uiteraard net God wat in finale instansie hierdie behoefte ten diepste kan bevredig. Wanneer God dan 'afwesig' is in die opvoeding van die kind, veroorsaak dit diep emosionele wonde wat uiteindelik daartoe kan lei dat so 'n persoon as't ware vasgevang is in 'n emosionele/geestelike *tronk* (Trollinger, 2007:51). Jesus Christus het volgens Luk 4:18 die opdrag gehad om vrylating vir die gevangenis aan te kondig. Dit

impliseer gevolglik ook vrylating vir die emosioneel-verwonde persoon wat in 'n emosionele tronk vasgekeer is. Soms is so 'n *tronk* ook 'n verkeerde manier van dink waar die leuen geglo word en sodoende misleiding ingetree het, wat verhoed dat so 'n persoon in vryheid voor Jesus Christus kan wandel. Jesus Christus alleen kan die leuen vervang met Sy waarheid en deur gebede in Jesus Christus se Naam waar daar baie spesifiek gefokus word op sekere areas van emosionele pyn word bande ontbind, kettings gebreek en vestings oopgesluit sodat gevangenes vrygelaat kan word (Matt 16:19; 18:18 en 2 Kor 10:3-6), sodat vryheid kan intree (Kylstra, 2006:103; Bramhall, 2005:236; Sandford, 1992:69; Anderson & Miller, 2000:181).

### 3.4.3 Die resultate van Jesus Christus se bediening

In al die gevalle waar Jesus Christus mense bedien het met genesing in die evangelies, is die resultate dieselfde in die sin dat genesing gewoonlik uitloop op vrede, kalmte en rustigheid. Die vrede van Jesus Christus in Joh 14:27 is ware vrede wat die mens verlig en tevrede laat voel:

> "*Vrede laat Ek julle na, My vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en nie bang wees nie*"

Die kontras tussen die kalmte van Matt 11:28: "*Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee*" en die emosionele storms wat vantevore in die gemoed van die emosioneel-verwonde persoon gewoed het, is so radikaal dat hy dit soms nie kan glo nie (Tapscott, 1987:13; Meier *et al*, 1999:109). Volgens Langberg (2003:54) is die aspekte van heelheid en heiligheid baie nóú gekoppel, aangesien heiligheid 'n aanduiding is van die mens se verhouding met God. Dit is ook opmerklik dat Jesus Christus nooit gefokus het op die mens se sonde nie, maar op God se gewilligheid om in 'n intieme verhouding met hom te staan. Hy het die mense bedien met Sy liefde en aànvaarding en hom sodoende begelei op die pad van vergifnis, genesing en heelheid.

### 3.4.4 Die dra van 'n kruis

In die samelewing word daar dikwels na siekte – hetsy geestelik, psigies of liggaamlik – verwys as die *kruis wat die mens moet dra,* verwysende na Skrifgedeeltes soos onder andere Matt 10:38: *"Hy wat nie sy kruis opneem en My volg nie, is nie werd om aan My te behoort nie".* Dit is egter volgens Lindeque (2006:118) en MacNutt (1999:63) 'n verkeerde interpretasie van sulke Skrifgedeeltes, want vanuit die evangelies is dit duidelik dat Jesus Christus elke keer 'n sieke genees het wanneer Hy in aanraking daarmee gekom het. Skrifgedeeltes soos Matt 8:3 en 12:15 is maar enkeles wat Jesus Christus se gesindheid rondom genesing weergee:

> *"Toe steek Jesus Sy hand uit, raak hom aan en sê: Ek wil; word gesond! En sy melaatsheid was onmiddelik weg."* en 12:15 *"Toe Jesus dit hoor, het Hy daarvandaan weggegaan. Baie mense het saam met Hom gegaan, en Hy het hulle almal gesond gemaak."*

Indien kruisdra dan onder andere siek wees – in watter vorm ookal – insluit, kan daar tereg gevra word of Jesus Christus se dade dan Sy eie leringe weerspreek het? MacNutt (1999:63) verduidelik hierdie punt deur 'n onderskeid te tref tussen twee tipes lyding, naamlik:

- Die kruis wat Jesus Christus self gedra het, was 'n kruis van vervolging. Dit word gekenmerk deur lyding afkomstig van die uiterlike, wat ontstaan vanuit die boosheid van andere. Jesus Christus het diepe bedroefdheid beleef, maar die oorsprong daarvan was buite Homself. Hy het getreur oor Jerusalem, Hy het die mense innig jammer gekry, Hy was gespot, verag en uiteindelik gedood aan die kruis van vervolging.

- Die tweede tipe lyding se ontstaan is innerlik as gevolg van sonde of versteurde verhoudings. Jesus Christus verlos elke mens wat Hom aanroep van hierdie innerlike lyding deurdat Hy verlossing hiervan moontlik gemaak het deur die kruis wat Hy gedra het.

Dit is gevolglik nie nodig dat die mens sy hele lewe lank onder 'n 'kruis' van onverwerkte emosionele pyn en trauma hoef swaar te kry nie. Jesus Christus het vryheid moontlik gemaak en Hy nooi die mens hiertoe uit. Volgens Cloete (2005:69) vorm die kruisdood van Jesus Christus die grondslag vir innerlike genesing. Met die kruisiging is dit as't ware asof daar 'n ruiltransaksie

tussen God en die mens plaasgevind het, naamlik:

| **Jesus Christus** | **Mens** |
|---|---|
| Jesus Christus het die mens se sondes op Hom geneem ..... (Jes 53:5; 2 Kor 5:21) | sodat die mens vergifnis kan ontvang en vrede met God kan hê (1 Joh 1:7; Rom 5:1). |
| Jesus Christus het die mens se siektes (fisies en psigies) op Hom geneem .... (Jes 53:4) | sodat die mens genesing kan ontvang (Matt 8:16,17; 1 Pet 2:24). |
| Jesus Christus het dood gegaan .... (Rom 6:23; Heb 2:9). | sodat die mens lewe kan ontvang (Joh 3:16; 10:10b). |
| Jesus Christus het die mens se skande en skuld gedra ... (Heb 12:2). | sodat die mens kan deel in Sy eer en heerlikheid (Heb 2:10; Kol 3:4). |
| Jesus Christus het die mens se verwerping verduur ... (Matt 27:46). | sodat die mens die Vader se aanvaarding kan verkry (Ef 1:5-6; Heb 10:19-20). |
| Jesus Christus was 'n vloek vir die mens gemaak... (Gal 3:13). | sodat die mens 'n seën kan ontvang (Gal 3:14). |
| Jesus Christus het vrylating vir die gevangenis bewerk... (Jes 61:1) | sodat die mens uit die geestelike tronk van bitterheid, verkeerde denkpatrone en gewoontes en alle vorme van gebondenheid kan vrykom (Luk 4:18). |

### 3.4.5 Jesus Christus se hantering van Petrus as 'n klassieke voorbeeld van innerlike genesing

Wanneer die Skrifgedeeltes rondom Petrus se verloëning van Jesus Christus (Joh 13:36-38; 18:16-27) en Jesus Christus se optrede teenoor Petrus dáárna (Joh 21:1-25) gelees word, word 'n klassieke voorbeeld gevind van hoe Jesus Christus iemand met innerlike wonde hanteer het (Bennett, 2000:77-79; Cloud, 1999:54). Jesus Christus het Petrus gewaarsku dat hy Hom sou verloën, maar Petrus het dit ontken. Na die verloëning het Petrus bittere berou beleef en daaroor geween. In Joh 21 is die verhaal aangeteken van Petrus en sy vriende wat die hele nag deur vis gevang het, sonder sukses. Die volgende oggend vroeg met hul terugkoms, het Jesus Christus op die strand vir hulle gewag. Hy het reeds 'n vuur aangesteek om van die vis daarop te braai. Petrus het Jesus Christus herken en in kontras met sy vroeëre spontaniteit teenoor Jesus Christus, het hy eers sy hemp aangetrek, toe uit die skuit gespring en strand toe geswem; hy het egter stil gebly en nie gepraat nie (v.12). Jesus Christus het Petrus nie aangespreek omdat hy Hom verloën het nie, maar hom bedien met Sy onvoorwaardelike liefde en aanvaarding. Nadat Hy van die vis gaar gemaak het, het Hy vir hulle daarvan gegee om te eet. Hierna het Jesus Christus vir Petrus direk aangespreek en Hom drie keer gevra of hy (Petrus) vir Hom (Jesus Christus) liefhet. Tydens hierdie gebeure is daar sekere ooreenkomste met die verloëning: eerstens het Petrus Jesus Christus by 'n vuur verloën, en tweedens het hy Jesus Christus drie maal verloën. Die vuur en die herhaling van drie keer is snellers wat Petrus se ou pynlike herinneringe na sy bewussyn herroep het. As gevolg van die koppeling met die vorige gebeurtenis het Petrus weereens bedroef geraak, maar nogtans bevestigend op Jesus Christus se vrae geantwoord. Jesus Christus het Petrus se pynlike herinneringe hiermee genees en het toe vir Petrus 'n opdrag gegee rondom Sy kerk. In teenstelling met Petrus se vroeëre vinnige reaksies, het Petrus hierdie keer gehoorsaam gewag totdat die Heilige Gees uitgestort is en daarna het hy Jesus Christus met groot vrymoedigheid gedien.

### 3.4.6 Die voortsetting van Jesus Christus se bediening

Pearson (2004:7) wys daarop dat Jesus Christus se bediening van genesing en vernuwing vandag steeds van toepassing is. Die manier waarop dit geskied is soos volg:

- Deur die aanleer van vaardighede en voortdurende navorsing skenk God aan die mens die vermoë om emosioneel en geestelik te groei.

- Deur die gebruikmaking van sakramente en geestelike hulpmiddele word die mens se geloof versterk en help dit hom fokus op die verlossingswerk van Jesus Christus.
- Deur die gawes wat die Heilige Gees aan die gelowiges skenk om as instrument in die hande van God gebruik te word, om genesing en vernuwing aan andere te bring.
- Deur die gebede van die gelowiges. Virkler (2001:274) sluit hierby aan en wys op die gelowige se gesindheid tydens gebed. Hy wys daarop dat die gelowiges moet bid dat God:
  - Hulle sal reinig met Sy bloed (Matt 7:6, Jes 59:1-2, 1 Joh 1:9).
  - Hulle leerbaar en ontvanklik vir die Waarheid sal maak (Jak 4:6, 2 Pet 1:19).
  - Hulle 'n gesindheid van afhanklikheid en onderwerping aan God sal gee, sodat hulle nie sal staatmaak op eie kragte en insigte nie, maar sal reageer op die leiding van die Heilige Gees (Sp 3:5-7; Rom 12:1-2; Heb 6:1-2).
  - Hulle geestesoë – die oë van hulle *hart* – geopen sal word (Ef 1:17-18; Ps 119:18), sodat hulle insig met betrekking tot hul probleme kan hê (Matt 5:6).
  - Hulle 'n dankbare gesindheid sal hê vir die uiteindelike vernuwing en genesing (Ef 3:21).

## 3.5 BERADINGSBEGINSELS

Soos reeds gemeld, is die klem in hierdie hoofstuk op die bydraes deur pastorale outeurs, asook navorsers vanuit ander dissiplines wat almal vanuit 'n Bybelse vertrekpunt gaan kyk het na 'n tema soos innerlike genesing, asook die rol van gebed daaraan gekoppel. Uit die literatuur wat geraadpleeg is, kan die volgende beginsels rakende gebedsterapie vervolgens geformuleer word.

### 3.5.1 Gebedsterapie en innerlike genesing

Wanneer 'n persoon al meer vasgevang raak deur innerlike emosionele pyn word hy in 'n sekere sin beroof van geestelike groei (Joh 10:10), omrede hy geen innerlike blydskap en vrede ervaar nie (Wright, 1985:49; Trollinger, 2007:55). Dit is ook vir hom moeilik om God se liefde vir hom te ervaar en so 'n persoon is ook geneig om 'n mate van verhoudingsgestremdheid te ervaar, gekoppel aan voortdurende angstigheid (Stoop en Masteller, 2004:102). Emosionele bagasie soos hierdie is volgens Minirth *et al.* (1992:14) onder andere ook geneig om te lei tot uitbranding wat dan baie maklik weer opgevolg word deur depressie. Hierdie tipe belewenisse is destruktief en dit

blokkeer emosionele en geestelike progressie aangesien die onaangename herinneringe uit die verlede voortdurend inbreek maak op voorwaartse progressie. Wanneer 'n persoon se verlede gevolglik dan 'n negatiewe invloed op sy toekoms het of wanneer ou herinneringe 'n beperking op sy funksionering het, het die persoon innerlike genesing nodig (Dearing, 2002:132; Sandford, 1992:18). Gebedsterapie gaan daarom primêr oor emosionele genesing, bevryding en die verandering van 'n lewensbeskouing wat oorheers word met 'n foutiewe kognitiewe denksisteem, na een waar gebalanseerde denke en die waarheid in beheer is (Smith, 1999:51; Dickinson & Page, 1989:14; Leman & Carlson, 1989:89; Hook en Worthingon, 2007:56). Gebedsterapie impliseer genesing wat deur die kragtige werking van gebed bewerkstellig word, wanneer die beradene in gebed na Jesus Christus gebring word vir genesing van emosionele wonde en pynlike herinneringe van die verlede (Kubetin & Mallory, 2002:143; Cloete, 2005:14). Innerlike genesing berus verder op die beginsel dat Jesus Christus die emosioneel-verwonde persoon se herinneringe van die verlede kom genees deur dit te vul met Sy liefde. Gebed vorm die sentrale punt in hierdie proses vir beide die berader en die beradene. Die berader moet die beradene aanmoedig om te bid, nie omrede dit 'n kitsoplossing of maklike uitweg bied nie, maar om die beradene te help om met God te kommunikeer, sodat 'n verhouding gevestig kan word (Adams, 1979:61). Jantz en McMurray (2003:207) sluit ook by hierdie gedagte aan en beklemtoon dat 'n verhouding slegs kan groei deur voldoende kommunikasie en hierdie beginsel is ook van toepassing in die verhouding tussen die mens en God. Die mens moet voortdurend met God in gesprek gaan deur middel van gebed en sodoende kan God se vergifnis, genesing en vernuwing deurvloei na die mens. In die proses van innerlike genesing is die fokus dan primêr op Jesus Christus wat die Groot Geneesheer, Sielkundige en Terapeut is. Die berader bid basies nie vir die beradene nie, maar begelei hom om self met Jesus Christus te praat. Die berader funksioneer bloot as fasiliteerder tydens die gebed in die proses van innerlike genesing (Littauer, 1996:107).

Volgens Collins (1997:25) en Kylstra (2006:15) berus gebedsterapie op Skrifgedeeltes soos onder andere Jak 5:16, Jer 17:14, Jes 54:5 en 1 Pet 2:24, en kan dit basies in vier verskillende benaderings onderverdeel word, afhangende van die probleem en oorsaak, naamlik:

- 'n Belydenis van persoonlike sondes,
- gebed vir innerlike genesing,
- gebed vir fisiese genesing en
- gebed vir die bevryding van demoniese invloede.

Die berader moet waak teen oorvereenvoudiging deur aan te neem dat een spesifieke benadering in alle gevalle voldoende sal wees. Hy moet gevolglik die Heilige Gees vertrou om hom te lei na die werklike probleem, sodat dit effektief aangespreek kan word. MacNutt (1999:134) stel voor dat die berader homself die volgende drie vrae afvra, voordat daar besluit word op watter benadering die beste begeleiding vir die beradene onder die spesifieke omstandighede sal wees:

- Wat is die basiese probleem?
- Wat is die basiese oorsaak?
- Watter van die vier basiese benaderings moet gevolg word?

### 3.5.2 Gebedsterapie en die Heilige Gees

Gebedsterapie geskied onder die leiding van die Heilige Gees, om die beradene te begelei in 'n proses van vernuwing, groei en herstel in al die verskillende dimensies van menswees (Littauer, 1994:48; Adams, 1970:20). Die terapeutiese proses van herstel en ontwikkeling gebeur nie outomaties nie. Dit verg kennis, toewyding, vaardigheid, asook motivering en harde werk van beide die berader en die beradene, op 'n kort- of langtermynbasis (MacArthur, 1994:134; Seamands & Funk, 1992:22; Trollinger, 2007:56). 'n Verandering van hart word slegs deur die Heilige Gees bewerkstellig. Die beradene moet dit egter self waag om die deur van sy innerlike vir Jesus Christus oop te maak en Hom te vra om 'n verandering te laat plaasvind. Niemand kan 'n ander mens se innerlike oopforseer nie - selfs nie eens deur berading nie – dit kan slegs deur middel van gebed realiseer (Wright, 1985:52). Gebed is daarom 'n kragtige middel tot genesing en vernuwing, maar dit bly dus steeds die beradene se eie verantwoordelikheid om te besluit om die Gees toe te laat om hom te verander, sodat hy geestelik kan groei (Sandford, 1985:xix; Moody, 1997:126; Murray, 1996:93; Spurgeon, 1996:91; Torrey, 1996:107; Counts, 1997:57).

Gebedsterapie vra daarom die berader en die beradene se gewilligheid saam met die Heilige Gees te werk (Jones, 2007:26; Chin, 2007:44). Onderwerping aan die gesag en outoriteit van Jesus Christus is verder ook noodsaaklik (Jak 4:7). Elke stap in die terapeutiese proses word deur Cloete (2005:86) vergelyk met 'n ui wat afgeskil word. Dit is 'n pynlike psigiese operasie wat uitgevoer word sonder die verligting van narkose en heel dikwels gaan dit gepaard met baie trane. Die verwerking van diepgevestigde worteloorsake is 'n noodsaaklike proses in die beradene se genesing en vernuwing. Die verwydering van elke enkele laag deur Jesus Christus is 'n eenmalige, volkome en permanente hantering van die pynlike herinneringe van die verlede.

Wanneer Jesus Christus die laaste laag verwyder het, lei dit in talle gevalle tot 'n vryheid van die pynlike emosies rondom die herinneringe en is heelparty van die negatiewe psigosomatiese simptome dikwels ook geneig om te begin opklaar.

### 3.5.3 Gebedsterapie en geloof

Gebedsterapie berus op die beginsel van geloof (Mark 11:22-24). 'n Verkeerde benadering en verstaan van hierdie beginsels kan lei tot skuldgevoelens en negatiewe destruktiewe ervarings (Friesen & Rossik, 2003:113). Die belangrike onderskeiding wat daarom getref moet word, is dat die berader en beradene in Gód glo en nie in hul eie geloof nie. God is verantwoordelik vir die resultate in gebedsterapie (Cloud & Townsend, 2002:20; Chin, 2007:43). Die rol van die berader is slegs maar dié van fasiliteerder, om in geloof die beradene na Jesus Christus te bring vir genesing (Counts, 1997:56). Hierdie geloof impliseer 'n gehoorsaamheid aan God, tesame met 'n waagmoed dat God sal doen wat Hy beloof het (Littauer, 1996:107; MacNutt, 1999:103; Stapleton, 1977:19).

Dit is om hierdie rede dat 'n atmosfeer van liefde ook uiters noodsaaklik is vir gebedsterapie om suksesvol te kan wees (Langberg, 2003:54; Stapleton, 1977:9; Seamands, 1988:409). Die emosioneel-verwonde persoon kyk na die berader asof na Jesus Christus. Wat die berader van God glo, sal uiting vind in die manier van hoe hy die beradene bedien. Sondaars en siekes het na Jesus Christus gestroom, juis omrede Hy hulle nooit veroordeel het nie, maar liefdevol aangeraak en bedien het. Minirth en Byrd (1994:148) wys op die kragtige effek van gebed wanneer emosionele pyn op hierdie manier tot God verwoord word, omrede dit Hy is wat die mens bedien met *krag, liefde en selfbeheersing* (2 Tim 1:7).

Volgens MacNutt (1999:120) kan daar in hierdie sin twee benaderings onderskei word, naamlik:

- Fokus op krag: dit is wanneer die berader genesing eis en God as't ware probeer *dwing* om Sy beloftes te vervul. Hy bid in 'n harde stem met 'n dwingende houding. Uiteindelik is hierdie houding net 'n aanduiding van die onsekerheid aan die kant van die berader.

- Fokus op liefde: liefde omsluit in alle gevalle krag, want God is liefde. Jesus Christus se roeping van Luk 4:18-19 berus op die beginsel van liefde. Die berader kan dus in

algehele oorgawe aan God, die beradene in liefde bedien. Oorgawe en rus is 'n aanduiding van vertroue en sekerheid aan die kant van die berader.

### 3.5.4 Gebedsterapie en verdedigingsmeganismes

Minirth en Meier (1990:29) definieer verdedigingsmeganismes as volg:

> *"... the ways people react to frustation and conflict by deceiving themselves about their real desires and goals in an effort to maintain their self-esteem and avoid anxiety."*

As gevolg van pyn in die verlede het die beradene dikwels talle negatiewe verdedigingsmeganismes aangeleer wat 'n vernietigende effek op sy huidige interpersoonlike verhoudings het (Dickinson & Page, 1989:24; Wright, 1985:49). Om dié proses om te keer na 'n suksesvolle opwaartse spiraal betreffende verhoudings, moet die terapeutiese beginsels en lewensvaardighede eers in die beradene se eie lewe 'n werklikheid word en daarna sal dit na ander verhoudings oorspoel (Draper, 1996:84; Kubetin & Mallory, 2002:64).

Volgens MacNutt (1999:144) kan die emosioneel-verwonde persoon identifiseer met Paulus wat in Rom 7:15 uitroep:

> *"Ek begryp self nie wat ek doen nie, want wat ek wil doen, dit doen ek nie, maar wat ek haat, juis dit doen ek."*

Elke mens beskik oor sekere verdedigingsmeganismes om in tye van pyn en ongemak die situasie te kan hanteer. Die algemeenste vorme van verdedigingsmeganismes is onder andere die sogenaamde veg-of-vlug-reaksie, kruip-of-vries, introjeksie, projeksie, ontkenning of onderdrukking, dissosiasie, ensovoorts (Crabb, 1987:173; Anderson *et al*, 2000:286, Dearing, 2002:123; Carder *et al*, 1995:76).

Dit alles lei daartoe dat so 'n persoon se gedrag hoofsaaklik deur die volgende faktore bepaal word (Cloete, 2005:88; Sell, 1989:18):

- Oorsaaklike oorerwings- en omgewingsfaktore teenwoordig in die wêreld waarin hy leef.

- Ander mense se negatiewe optrede teenoor hom.
- Eie oordeelsfoute, demoniese invloede, verkeerde denkpatrone, emosionele gebondenhede en swakhede.
- Eie keuses volgens lewensbeskouing om op bogenoemde te reageer.

Hoewel die verdedigingsmeganismes 'n mate van beskerming bied ten tye van trauma, bied dit glad nie 'n blywende oplossing nie. Inteendeel, so 'n pseudobenadering het baie newe-effekte wat opsigself meer probleme op die langtermyn skep. Die emosioneel-verwonde persoon reageer in die meeste gevalle slegs emosioneel en nie volgens rede nie. Die berader moet die beradene begelei om hierdie verdedigingsmeganismes te erken en te identifiseer as slegs simptomatiese gedrag voortvloeiend vanuit dieperliggende pyn (Draper, 1996:113).

Tog moet daar ook saam met Carder *et al* (1995:76) kennis geneem word van die feit dat verdedigingsmeganismes nie noodwendig altyd negatief vir die emosioneel-verwonde persoon is nie, omrede dit hom juis in staat stel om onder die omstandighede te kan oorleef. Dit word egter negatief wanneer dit in die eerste plek 'n eksklusiewe manier word waarop alle verhoudings hanteer word, en in die tweede plek wanneer daar met hierdie gedrag volhard word, selfs al kan die persoon die vernietigende effek daarvan op sy huidige verhoudings waarneem.

### 3.5.5 Gebedsterapie en gebedsondersteuning

Met betrekking tot die proses van innerlike genesing beklemtoon Kraft (1993:94-103) en Collins (2005:695) die belangrikheid van die vestiging van 'n stewige basis voordat die berader betrokke kan raak in hulpverlening. Hierdie basis hou verband met goeie intersessor ondersteuning asook die handhawing van goeie dissipline betreffende die berader se eie gebedslewe:

- **Gebedsondersteuning**

  Dit is belangrik dat hierdie bediening omvou word deur goeie gebedsondersteuning, waar die intersessors vir die berader, die beradene en die beradingsessies deur gebed kan intree. Die werklike stryd is op die terrein van die geestelike dimensie en daarom is gebed noodsaaklik (Kraft, 1993:94; Collins, 2005:695; Hook en Worthington, 2007:57). Eastman (1989:21) beskryf intersessie as *love on its knees,* want die intersessor bedien andere op hul knieë. Hy beskryf hierdie aksie verder as 'n aksie waardeur daar tussen-in beweeg

word, bemiddelend opgetree word, asook die oorneem van of aanvaarding van mede-aanspreeklikheid vir iemand anders se skuld. In die lig hiervan staan die intersessor dus tussen God en die een waarvoor gebid word en pleit hy op grond van Jesus Christus se soendood vir genade en barmhartigheid (Mostert, 1998:80; Mostert, 1997:247). Tydens intersessie is daar dan ten minste drie kenmerke teenwoordig wat by algemene gebed afwesig is, naamlik identifisering met diegene waarvoor gebid word, intense worsteling en die bidder se gesagsposisie in Jesus Christus (Grubb: 2000:86).

- **Die berader se eie gebedslewe**

Dit is belangrik dat die berader op gereelde basis homself aan God onderwerp in gebed. Tydens gebed stel hy homself oop vir die vervulling van die Heilige Gees ten einde hom te begelei met insig, kennis en waarheid (Kraft, 1993:95; Collins, 2005:695; Clinton *et al,* 2005:89; Chin, 2007:43). Volgens Minirth en Byrd (1994:195) word die realiteite van die Woord in hierdie proses lewend vir die bidder. Die Christenberader behoort die belangrikheid van gebed dus te ken en te weet dat gebed veel meer krag ontsluit as wat gevind kan word in sekulêre metodes en vaardighede. Dit is so dat God by geleentheid ook ander metodes en vaardighede gebruik om 'n doel te bereik, maar dit is altyd sekondêr aan God se helende krag. Wanneer die berader homself voorberei vir die terapeutiese begeleiding, is daar volgens Clinton en Springle (2007:83) veral drie aspekte waarvoor hy moet bid, naamlik:

  - Hy moet vir homself bid vir insig, wysheid en onderskeidingsvermoë.
  - Hy moet bid vir insig met betrekking tot die beradene, asook vir die vermoë en bereidwilligheid om as fasiliteerder te dien van emosionele en geestelike groei by die beradene.
  - Hy moet ook bid vir die terapeutiese gesprekvoering, sodat dit onder die leiding van die Heilige Gees sal geskied.

- **Vas**

Kraft (1993:97) beklemtoon dat dit van tyd tot tyd vir die berader nodig sou wees om homself aan die dissipline van vas te onderwerp, veral voor en tydens moeilike gevalle. In die Bybel is daar talle voorbeelde aangeteken van persone

wat tydens moeilike tye gevas het om sodoende die aangesig van God te soek en Hom te vertrou vir 'n deurbraak (Neh 9:1; Es 4:3: Dan 6:18; 9:3; Matt 4:2) (Kraft, 1993:95; Collins, 2005:695). Vas is ook 'n manier waarop die berader in 'n dieper verhouding met God inbeweeg, want sodoende word sy eie begeertes en ou sondige natuur meer en meer oorwin. McGaw (1970:67) vestig die aandag op hierdie ou sondige natuur as 'n hindernis om by gebed op 'n dieper vlak uit te kom.

## 3.6 DIE PROSES VAN GEBEDSTERAPIE

Met betrekking tot die verskillende stappe en fases van die gebedsproses is daar heelwat geskryf en navorsing oor gedoen. Vervolgens word eerstens die drie onderskeie modelle van Anderson (2005), Cloud en Townsend (2002), en Clinton en Ohlschlager (2002) in hierdie verband aan die orde gestel. Uit hierdie voorstelle, sowel as ook ander literatuur in hierdie verband word dan uiteindelik 'n eie model stap vir stap geformuleer en uiteengesit.

Anderson (2005:119-156) onderskei die volgende sewe stadiums waartydens die berader die beradene in gebed vir vryheid en emosionele genesing moet fasiliteer:

- **Stadium een: Valsheid teenoor egtheid (2005:119)**
  Die beradene moet alle vorige en huidige betrokkenheid by okkultiese praktyke, bose satanistiese aktiwiteite en valse godsdienste in gebed bely, verwerp en homself daarvan distansieer.
- **Stadium twee: Misleiding teenoor waarheid (2005:123)**
  Tydens hierdie stap bid die beradene dat die Heilige Gees hom in die volle waarheid sal lei betreffende homself, asook ten opsigte van die invloed van enige leuens en misleiding. Hy moet ook bid dat alle verborge en onderdrukte leuens in sy onderbewussyn na die lig gebring sal word.
- **Stadium drie: Bitterheid teenoor vergifnis (2005:132)**
  Die beradene moet bid en die Heilige Gees vertrou om hom te herinner aan alle persone wat hy moet vergewe, waarna vergifnis hanteer moet word.

- **Stadium vier: Opstandigheid teenoor onderwerping (2005:138)**
  Opstand teen God en Sy gevestigde gesag is 'n ernstige sonde. Die beradene moet die Heilige Gees vertrou om aan hom te openbaar wanneer hy opstandig was en gesag verwerp het - hy moet dit dan in gebed bely en Jesus Christus se vergifnis daarvoor aanvaar.
- **Stadium vyf: Hoogmoed teenoor nederigheid (2005:141)**
  Hoogmoed is om te glo dat die persoon sonder God kan regkom en leef. Die beradene moet hoogmoed bely en 'n gebed doen waar hy homself opnuut verbind om in nederigheid voor God te leef.
- **Stadium ses: Gebondenheid teenoor vryheid (2005:144)**
  Een van die belangrikste stadiums in die vrywordingsproses in Christus, is dat alle sonde, negatiewe gedagtepatrone en gewoontes verbreek moet word. Hierdie stadium word beskryf as 'n lewenslange proses van voortdurende bekering (metanoia), van transformasie (metamorfose) en van heiligmaking tot geestelike en emosionele volwassenheid. Elke sonde moet bely word en vergifnis moet verkry word, insluitende selfvergifnis.
- **Stadium sewe: Vloeke teenoor seëninge (2005:152)**
  Die beradene bid weereens dat die Heilige Gees alle sondige denke en negatiewe lewenspatrone binne die familiemilieu waarbinne hy opgegroei het aan hom sal openbaar. Daarna word 'n gebed gedoen waarin hy hierdie praktyke verwerp en Jesus Christus se vryheid vir homself toeëien.

Volgens Cloud en Townsend (2002:50-57) behoort die berader die beradene tydens die gespreksgebed in die volgende ses stappe te begelei:

- **Stap een**
  Die beradene moet begelei word om sy pyn te identifiseer en eienaarskap daarvan te aanvaar. 'n Belangrike komponent van hierdie eerste stap is die daarstel van grense (Cloud en Townsend, 1992:232). Vir persone wiese grense tydens hul kinderjare dikwels oorskrei en plat getrap is, is hierdie uiteraard 'n moeilike proses en in hierdie opsig sal die berader se begeleiding van kardinale belang wees.

- **Stap twee**

  Die beradene moet sy pyn in gebed teenoor God verwoord. Wanneer die pyn verwoord word, word die geleentheid ook gebied om uiting aan die onderdrukte emosies te gee. In 'n sekere sin kan dit beskryf word asof die wond oopgemaak word sodat die kwaad kan uitvloei.
- **Stap drie**

  Die beradene moet vervolgens sy hart oopstel sodat Jesus Christus hom kan bedien met genesing en vergifnis.
- **Stap vier**

  Die beradene moet ook begelei word om diegene wat teen hom oortree het te vergewe.
- **Stap vyf**

  Die berader moet die beradene begelei in die erkenning en verandering van verkeerde gedragspatrone wat gevestig het as gevolg van die onderdrukte pyn. Die beradene se funksioneringstyl met ooreenstem met Bybelse riglyne.
- **Stap ses**

  Laastens moet die berader die beradene ook begelei in die aanneming van sy nuwe identiteit in Jesus Christus.

Clinton en Ohlschlager (2002:241) som die gebedsproses op by wyse van die volgende sewe stappe:

- **Stap een**

  Die berader moet by die aanvang van die sessie bid vir die leiding van die Heilige Gees, sodat die beradene God se genade, vergifnis en genesing kan ontvang.
- **Stap twee**

  Die beradene moet begelei word om te ontspan en om homself oop te stel vir die leiding van die Heilige Gees.
- **Stap drie**

  Die beradene moet vervolgens die oorspronklike traumatiese gebeurtenis in gebed teenoor God verwoord. Tydens hierdie stap moet die berader baie sensitief wees en die beradene verseker van Jesus Christus se teenwoordigheid.

- **Stap vier**

  Wanneer die beradene klaar gebid het, moet die berader vir hom bid en God vra om hom te bedien met Sy genesende aanraking.

- **Stap vyf**

  Wanneer die berader nou klaar gebid het, moet die beradene begelei word om net so rustig onder die gebedstemming te bly. Die berader moet die proses nou verder fasiliteer deur aan die beradene te vra of hy enigiets innerlik beleef of voor sy geestesoog sien. Die reaksies hierop sal verskil van beradene tot beradene. Sommige sal getuig dat hulle ervaar dat Jesus Christus by hulle is en met hulle gesels; ander kan weer getuig van 'n bewuswording van sekere Skrifgedeeltes; ander kan weer net 'n intense gevoel van vrede en rustigheid beleef. Die berader fasiliteer die proses verder volgens die beradene se belewenis en spesifieke behoeftes.

- **Stap ses**

  Die gebed word vervolgens afgesluit deur God te dank vir die genesing wat die beradene kon ontvang.

- **Stap sewe**

  Na afsluiting van die gebed, moet die berader met die beradene in gesprek gaan betreffende die pas afgelope proses asook om enige verdere vrae te beantwoord. Tydens hierdie gesprek word aspekte soos vergifnis of vaardighede om woede, ensovoorts te kan hanteer, bespreek.

Uit die voorafgaande drie modelle sowel as ander navorsing in hierdie verband (waarna in die bespreking wat volg telkens verwys sal word) blyk dit dat in die proses van gebedsterapie daar verskillende fases en stappe is wat belangrik is vir beide die berader en die beradene. Die fases dui die ontwikkelingsgang van die beradingsproses aan. Die voorgestelde pastorale gebedsbegeleiding sou vervolgens veral in drie hoof fases verdeel kan word ten einde sodoende die nodige uitkomste te kan bereik. Hierdie drie fases is dan die volgende:

- Die terapeutiese gesprek, waartydens die berader agtergrondkennis rondom die beradene, die simptome en die moontlike oorsake inwin.
- Die gespreksgebed, waartydens die beradene na Jesus Christus gebring word, sodat emosionele genesing en geestelike vernuwing kan plaasvind
- Die nasorg en begeleiding na emosionele en geestelike groei.

Die verloop van die fases kan mekaar oorvleuel. Terapie kan in enige fase begin word, maar sorg moet gedra word dat elke fase ten volle deurgewerk word. Elk van hierdie drie fases kan dan vervolgens soos volg meer in detail uiteen gesit word:

### 3.6.1 Fase 1: Die terapeutiese gesprek

Egan (1994:24-28) en Ohlschlager en Scalise (2007:19) beskryf hierdie fase as die identifisering van probleme en geleenthede. In Draper (1996:149-206) se model handel hierdie fase oor die ontdekking en erkenning van die probleem. Allender (1990:43) beskryf dit as die besondere fokus op die dinamika van die misbruik wat plaasgevind het, omrede die fokus van die terapeutiese gesprek ook gerig is op die erkenning van die pyn en seer. Volgens Langberg (2003:215) moet daar in hierdie fase 'n veilige ruimte geskep word, sodat stabilisering, diagnosering en tydelike verligting van simptome verkry kan word. Hierdie fase sluit gevolglik dan ook die gebruikmaking van verskillende diagnostiese vraelyste en diagnostiese onderhoudvoering in. Die fase bestaan uit drie stappe wat interaktief is met 'n wisselwerking tussen die onderskeie stappe.

#### 3.6.1.1 Stap 1: Berei die beradene voor

Reg aan die begin van die gebedsessie is dit belangrik om kennis te neem van Wright (2003:421) se waarskuwing om, ondanks die feit dat gebed 'n belangrike onderdeel van die terapeutiese proses is, nogtans die beradene se toestemming te vra om vir hom te bid, omrede baie gelowiges nie die doel of betekenis van gebed verstaan nie.

Alhoewel daar geen riglyne as die absolute vereiste vir 'n beradingsessie uitgespel kan word nie, beklemtoon Collins (2005:695), Wright (1985:53) en Kraft (1993:96) tog die belangrikheid om by die aanvang van elke sessie te bid vir die leiding van die Heilige Gees. Ten spyte van die alomteenwoordigheid van die Heilige Gees, is dit ook nodig om te bid vir die voortdurende vervulling van die Heilige Gees (Ef 5:18). Tydens hierdie openingsgebed is dit gevolglik belangrik om te bid vir:

- die leiding van die Heilige Gees tydens hierdie beradingsessie;
- die krag van die Heilige Gees vir emosionele genesing om te kan realiseer;
- die regte gedagtes, woorde en leiding;

- beskerming teen en geestelike onderskeiding ten opsigte van gedagtes en invloede van Satan.

Dit is ook essensieel dat die berader seën oor die beradene en die beradingsessie sal uitspreek, om kalmte en rustigheid by die beradene te bring en om hom op sy gemak te stel (Langberg, 2003:107; Cloete, 2005:86; Trollinger, 2007:57; Tan, 2007:2). Onbeheerbare emosies blokkeer soms die werking van die Heilige Gees aangesien daar só op die verwarrende emosies gefokus word dat die persoon nie ten volle ontvanklik is vir die werking van die Heilige Gees nie.

Smith (1999:102) waarsku dat die meeste persone wat hul aanmeld vir berading waarskynlik alreeds voorheen by ander terapeute vir hulp was en daarom het hulle baie vooropgestelde idees rondom berading en sal hulle probeer om aan die 'verwagtinge' te voldoen. Tydens die eerste konsultasie van hierdie hulpverleningsproses is dit noodsaaklik dat die beradene op sy gemak gestel moet word, deurdat die basiese beginsels rondom gebedsterapie verduidelik word en 'n breë oorsig van die wyse van bediening gegee word. Die grootste verskil tussen gebedsterapie en berading in die algemeen is dat tydens gebedsterapie die beradene vermaan word om nie logies of kognitief ingestel te wees nie, maar om hom juis aan sy emosies oor te gee, om sodoende die intensiteit van die pyn as't ware te kan herbeleef, sodat genesing van die pynlike emosies kan intree (Bennett, 2000:20; Clinton *et al,* 2005:89). Die beradene se emosies en die intensiteit daarvan is gewoonlik direk gekoppel aan die herinneringe van die verlede (Wright, 1985:48; Stoop en Masteller, 2004:102). Daarom kan die berader begin deur die beradene uit te vra na dit wat aanleiding gegee het tot die stap om te kom aanklop om hulp. Soos wat die beradene sy storie vertel, moet die berader ingestel wees om na hom én na die Heilige Gees te luister (Sandford, 1985:xix; Torrey, 1996:107; Kraft, 1993:98; Tan, 2007:2).

MacNutt (1999:149) sluit hierby aan en stel voor dat die berader die volgende vrae kan stel om die gesprek te begin:

- Wanneer het hierdie spesifieke simptome begin?
- Het u enige idee wat die pyn veroorsaak het?
    - Indien die beradene nie die simptome aan 'n spesifieke oorsaak kan koppel nie, moet die berader bid dat die Here moontlik belangrike aspekte uit die verlede in sy geheue na vore sal bring (Jer 33:3, Joh 14:21). Dit is somtyds

nodig om op 'n baie kinderlike manier te bid, omrede dit die *innerlike kind* is wat seergekry het.

- o Indien die beradene die simptome kan koppel aan 'n spesifieke oorsaak, kan daar voortgegaan word met die proses.

Dit is sinvol om as deel van die voorbereidingsproses ook iets van die werking van die brein met betrekking tot traumatiese geheue aan die beradene te verduidelik en basiese agtergrond soos die volgende is belangrik in hierdie verband (Schiraldi, 2000:15; Capacchione, 1991:37). Emosionele traumatiese geheuemateriaal word normaalweg nie ordelik gestoor of verbind nie, omrede dit in die amigdala gedeelte van die brein gestoor word. Hierdie herinneringe word gewoonlik afgekamp en is gevolglik nie geliasseer in die langtermyngeheue nie (McMinn, 1997:18). Die pynlike herinneringe word ook nie in narratiewe vorm gestoor nie, maar in die vorm van sensuele indrukke. Dit word wel in baie duidelike detail gestoor, maar in losstaande eenhede sonder die nodige verbintenis met mekaar. Matsakis (1998:195) en Haddock (2001:20) wys daarop dat hierdie geheue gewoonlik baie na aan die oppervlak lê en kan baie maklik geaktiveer of gesneller word deur enige herinnering aan die trauma of selfs dinge wat met die sneller geassosieer kan word. Navorsing het ook aangetoon dat hierdie pynlike herinneringe in die amigdala oor die algemeen slegs bereik kan word deur die abstrakte, soos byvoorbeeld spelterapie, dans, ritme, spel sonder woorde, visualisering, gebed en simboliek (Van der Kolk, 1995:5; Kubetin & Mallory, 2002:143). Traumatiese geheue laat die mens dikwels soos 'n ander persoon voel. Dit is asof daar tydens trauma iets met sy persoonlikheid gebeur het en hierdie 'andersheid' word ervaar sodra die herinneringe gesneller word. Dit is 'n toestand waar die persoon oor die algemeen talle verkeerde kognitiewe stellings glo en as die waarheid aanvaar. Regdeur die terapeutiese proses gaan die fokus gevolglik daarop gerig wees om hierdie leuens te herken en te korrigeer (Silvoso, 1994:171; Herman, 1997:37; Bryant *et al,* 1992:155).

Soms sal die leuen – wat geglo word as gevolg van die traumatiese gebeurtenis – vir die berader voor die hand liggend wees terwyl die beradene self nog nie die insig daarin het nie (Kubetin & Mallory, 2002:54). In sulke gevalle sal die berader homself voortdurend daaraan moet herinner dat gebedsterapie 'n God-gerigte proses is en dat die berader slegs maar die fasiliteerder is (Seamands, 2001:129). Indien die beradene voor die tyd op hoogte is van aspekte soos hierdie sal dit die hele proses vergemaklik en bevorder.

### 3.6.1.2 Stap 2: Identifiseer die skakels tussen die huidige probleemarea en die herinneringe

Volgens Smith (1999:104) weet die beradene gewoonlik wat die probleem is wanneer hy aanmeld vir terapie. Hy waarsku egter dat in die meeste gevalle is hierdie (huidige) probleem nie die ware pyn nie, maar slegs 'n ego van die oorspronklike pyn rondom die onderdrukte en onverwerkte emosionele bagasie. Wanneer die berader dus dieper luister en die nie-verbale kommunikasie van die beradene waarneem, sal hy baie gou bewus word van die skadu figure vanuit die verlede (Backus en Chapian, 1980:137; Wright, 1985:53; Stoop en Masteller, 2004:102). Die Heilige Gees sal die berader bewus maak – soms deur net blote indrukke of vermoedens – van belangrike leidrade. Die berader moet sensitief wees vir enige gebeure in die beradene se verlede wat skakels met die huidige probleme kan hê, asook vir verkeerde gesindhede teenoor self, ander en God (Conway, 1990:163). Wright (1985:52) wys daarop dat hierdie bewuswording nie 'n geval is om iemand te soek om te blameer vir die pyn nie, maar om juis insig in die herinnering te kan verkry, omrede dit fundamenteel is tot die beradene se eiewaarde. Hemfelt *et al* (1989:180) vergelyk hierdie proses met 'n rit in 'n wipwaentjie (*roller coaster*) en verduidelik dat dit vir die beradene sal voel asof dit eers slegter gaan, voordat daar genesing intree. Wanneer iemand aanmeld vir terapie is dit asof hulle verwag dat dit dadelik beter moet gaan. Dit is egter 'n pynlike proses om die wortels van die seer en pyn te identifiseer - daarom moet die berader die beradene sensitief begelei en verseker van Jesus Christus se aanhoudende teenwoordigheid. Soms gaan hierdie pyn ook baie ver terug die verlede in moet daar heel dikwels in die kinderjare gedelf gaan word Volgens Meier en Wise (2003:142) word 85% van die volwassene se persoonlikheid gevorm voor die ouderdom van ses jaar en so dikwels het baie van die emosionele skade reeds hier plaas gevind.

Die oorspronklike pynlike herinneringe verkry in hierdie proses gaandeweg al meer gedaante deur sekere beskrywende emosionele woorde of uitdrukkings, gesindhede en selfs fisiese manifestasies wat uiteindelik alles op een of ander wyse bydra tot die huidige probleem (Dearing, 2002:123; Colbert, 2003:7). Wanneer hierdie skakels geïdentifiseer word, kan daar in die geheue terugbeweeg word, totdat die dieper oorsaak van die pyn erken word (Wright, 1985:53). Vervolgens is dit, volgens Crabb (1987:173) en Bradshaw (1988:136), belangrik om daarop te let dat daar verskeie erkenbare emosies reeds by die beradene teenwoordig sal wees. Dit gebeur dikwels dat hierdie huidige emosies slegs maar sekondêre emosies is. Sekondêre emosies is emosies wat in enige gegewe situasie teenwoordig is, maar waarvan die wortel gesetel is in diep,

onderdrukte, onverwerkte emosionele pynvolle herinneringe. Die emosies wat die beradene beleef, is geregverdig en toepaslike emosies ten tye van die herinnering, maar die voortdurende manifestasie van die emosies in die persoon se huidige omstandighede is destruktief en vernietigend op die lange duur (Anderson *et al,* 2000:286). Die erkenning van die ware oorsprong van die emosionele pyn is gevolglik 'n voorvereiste vir volkome genesing (Capacchione, 1991:24; Langberg, 2003:120). Tydens hierdie herkenning- en erkenningsproses is dit verder belangrik om te besef dat die beradene deur 'n sekere rouproses sal gaan, veral met betrekking tot groot verliese in die verlede. Dit is belangrik dat sulke gevoelens van verlies nie ontken mag word nie, maar deurgewerk moet word. Die beradene moet rou oor dit wat hy as't ware verloor het of wat 'gesterf' het as gevolg van die oorspronklike gebeurtenis of oor dinge wat hom toegekom het maar wat hy nooit ontvang het nie (Arterburn, 2005:71; Tauke, 2002:91; Bryant *et al,* 1992:155).

Verder gebeur dit ook gereeld dat die beradene nie vanselfsprekend die konneksie kan maak tussen enersyds sy huidige probleme, verhoudingspanning, kompulsies, verslawings en ander simptome en andersyds sy onverwerkte, onderdrukte emosionele bagasie nie (Bradshaw, 1988:140; Smith, 1999:107; Trollinger, 2007:53). Volgens Crabb (1987:173) is die tipiese tendens dan om op die huidige probleme te wil fokus. Innerlike genesing en vryheid is egter nie gesetel in die verandering van die huidige omstandighede nie, maar grotendeels in die erkenning en verwerking van die oorspronklike pyn. Onderdrukte onverwerkte emosionele pyn intensiveer net verder die huidige reeds intense situasie. Dit is verder belangrik om te onderskei dat die huidige probleme ook pyn en ongemak veroorsaak – dit kan nie geminimaliseer of geïgnoreer word nie, maar totdat die wortel nie geïdentifiseer en verwerk word nie, sal die beradene slegs tydelike verligting in die huidige situasie ontvang (Dearing, 2002:123; Colbert, 2003:24).

Daar moet gewaak word dat die onderhoudvoering nie lang sessies is nie, want sodoende kan belangrike data tydens die gebedsessie oorgesien word (Kraft, 1993:98). Die onderhoudvoering kan wissel tussen tien en vyftien minute, gevolg deur die gebedsessie, waarna daar weer met onderhoudvoering voortgegaan word. Nadat al die nodige inligting tydens die onderhoudvoering ingewin is, moet die berader ingestel wees op die leiding van die Heilige Gees betreffende die rigting wat die beradingsessie moet neem. Die berader kan byvoorbeeld gelei voel om dadelik oor te gaan tot gebed, of om eers die beradene te lei na belydenis, die uitspreek van vergifnis, ensovoorts.

#### 3.6.1.3 Stap 3: Identifiseer die oorspronklike leuen wat gevestig het

Hierdie stap is somtyds die moeilikste, maar ook die mees kritiese. Totdat die werklike oorspronklike leuen nie geïdentifiseer word nie, kan genesing nie volkome intree nie (Kubetin & Mallory, 2002:55). Anderson *et al* (2000:223) beklemtoon dat hierdie stap veral belangrik is tydens die beradingsproses, wanneer die beradene onwaarhede aangaande homself in die lig van die Bybel glo en wanneer irrasionele denkpatrone hom verhoed om 'n vry en produktiewe lewe te lei, soos wat God vir die mens bedoel het. In hierdie verband het navorsing byvoorbeeld al bewys dat die beradene se Godsbeskouing slegs maar 'n projeksie is van die beskouing van sy aardse vader of moeder (Meier & Meier, 2002:51). In hierdie opsig sal 'n negatiewe beskouing enige geestelike groei blokkeer en daarom is dit so belangrik dat die leuen geïdentifiseer sal word. Vir die identifisering en die uiteindelike vervanging van die leuen met die waarheid, is dit gevolglik belangrik dat die beradene se denkpatrone sal verander (Thurman, 1999:5). Anderson *et al* (2000:224) vergelyk hierdie proses met die spel van bofbal (*baseball*). Die beradene moet verby drie 'basispunte' hardloop, voordat verandering kan intree, naamlik:

- Nuwe gesindhede moet aangeleer word.
- Gewoontegedrag moet geïdentifiseer word.
- Gedrag moet verander word in ooreenstemming met Bybelse riglyne.

Campbell-Lane (2003:212) en Jantz en McMurray (2003:207) sluit hierby aan en noem dat innerlike genesing en verandering slegs kan plaasvind deur die aflegging van die ou sondige gewoontes en die opneem van nuwe gewoontes volgens Bybelse riglyne en waarvan die beginpunt in die ïdentifiserig van die leuens en misleiding is.

Vir emosionele en geestelike groei, stel Backus en Chapian (1980:15) ook drie punte voor, naamlik:

- Die identifisering van die leuen.
- Die verwydering van die leuen.
- Die vervanging van die leuen met die waarheid.

Die beradene sal in voeling kan kom met sy volwasse gevoelens wanneer hy sy kinderlike emosies kan identifiseer en verwerk (Whitfield, 1989:77; Dickinson & Page, 1989:130;

McDonald, 1995:18). Die beradene se herinneringe is nie noodwendig 'n akkurate weergawe van die werklike gebeure nie, omrede elkeen 'n spesifieke gebeurtenis sal vertolk na aanleiding van sy eie persepsies, voorveronderstellings en emosionele volwassenheid ten tye van die gebeurtenis (Thurman, 1999:6). Tydens die beradingsproses gaan dit egter nie daaroor om die gebeure as waar of onwaar te bewys nie, maar om die beradene se persoonlike oortuiging as gevolg van die gebeurtenis, te identifiseer (Clinton *et al,* 2005:428). Leuens rondom homself, ander, die wêreld en God moet gevolglik geïdentifiseer word, sodat dit verwerk kan word (McDonald, 1995:211). Volgens Fredrickson (1992:101) moet die beradene in hierdie proses veral let op sy verbeeldingsvlugte, liggaamlike-, emosionele- en gedragsensasies. Die beradene se gedrag is veral 'n belangrike leidraad in die proses van herkenning. Arterburn *et al* (2002:57) wys in hierdie verband byvoorbeeld op die feit dat wanneer die beradene 'n gebrek aan onvoorwaardelike aanvaarding beleef het as kind, hy 'n kompulsiewe dryf sal hê om sy ouers te behaag. Wanneer hy nie daarin slaag nie, mag hy homself as 'n mislukking beleef en dan rebelleer teen alle verdere gesag. In hierdie opsig moet die berader dus met fyn onderskeidingsvermoë luister en die Heilige Gees vertrou vir die bewuswording van die koppeling tussen die huidige gedrag en die oorspronklike leuen.

Een van die omvattendste gebedsterapie benaderings is dié van Ed Smith (1999; 2007:50). Daar word ook hierna vewys as die *Theophostic Ministry. Theo* beteken God en *phostic* beteken lig. Die naam is dus beskrywend van die terapeutiese tegniek waar God se lig op die duisternis in die mens se lewe moet skyn, sodat genesing en vernuwing kan intree. Smith (1999:114; 2007:51) is van mening dat nadat die leuen geïdentifiseer is, dit ook dan deur die beradene geskaal moet word. Terwyl die stap dikwels oorbodig voel, beklemtoon hy dat die waarde daarvan nie onderskat moet word nie. Wanneer die berader voel die beradene het die leuen erken, moet hy gevra word om die leuen te skaal ten opsigte van die intensiteit daarvan. 'n Skaal van nul tot tien word gebruik, waar nul 'n aanduiding van geen emosionele ongemak aandui en tien baie emosionele ongemak aandui. Wanneer die beradene die leuen hoog skaal (ongeveer sewe tot tien) kan daar voortgegaan word met die proses, maar indien dit 'n lae skaling is (nul tot drie), is dit nog nie die oorspronklike leuen nie en moet voortgegaan word om dieper te delf met die oog op die identifisering van die ware leuen. Die verdere waarde van die skaling van die leuen blyk gewoonlik aan die einde van die bedieningsproses wanneer die beradene weer gevra word om dieselfde leuen te skaal. Wanneer werklike vryheid verkry is, word die eens hoë skaling dan drasties verlaag.

Volgens Smith (1999:110; 2007:51) is emosionele ego's belangrike leidrade vir die identifisering van die leuen, omrede die mens *voel wat hy glo.* Die leuen is diep gevestig in die donker herinneringe en alhoewel die beradene dikwels op logiese vlak dit as 'n leuen kan erken, voel dit op emosionele vlak soos die absolute werklikheid. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer die beradene sal sê: *'Ek weet ek behoort nie so te voel nie, maar ek kan nie anders nie.'* Die berader moet die beradene begelei om te fokus op dit wat waar vóél en nie op dit wat hy weet (logika) waar is nie. Die oorspronklike leuen sal waar voel vir die beradene, selfs al wéét hy dit is nie waar nie.

'n Nuttige hulpmiddel is om die beradene te vra om te beskryf wat hy voel en dít dan met verdere beskrywende woorde te definieer (Conway, 1990:174). Dikwels kruip die leuen net onder die vlak van logika en verdedigingsmeganismes weg. Vrae soos *wat, hoekom* en *waarom* help die beradene gevolglik om dieper en dieper in die herinnering in te beweeg, totdat die leuen ten volle geïdentifiseer is. 'n Verdere manier om die leuen te identifiseer, is gesetel in die observering van die beradene se huidige gedrag en probleem (Backus, 1996:95). Dikwels word die leuen gemanifesteer in die beradene se funksioneringstyl en gesindheid teenoor die lewe. Die berader kan byvoorbeeld begin deur die beradene uit te vra na die emosie wat hy as die waarheid omtrent homself glo. Vervolgens word daar na herinneringe in die verlede gesoek wat aan hierdie emosie gekoppel kan word. Om die huidige situasie slegs kognitief te analiseer, mag lei tot groter verstaanbaarheid en insig, maar dit kan nie lei tot uiteindelike genesing van die houvas wat die leuen op die beradene se lewe het nie (Jantz en McMurray, 2003:207).

### 3.6.2 Fase 2: Die gespreksgebed

Egan (1994:30-33) se fokus tydens hierdie fase is op die begeleiding rondom die identifisering van moontlike oplossings. Dit hou dan veral verband met insig, duidelikheid, probleemoplossing, doelwitstelling, die daarstel van 'n toekomsvisie, resultate en uitkomste. Die beradene word gehelp om doelstellings te formuleer om op 'n skeppende wyse antwoorde van sy diepste behoeftes en begeertes te verkry. Draper (1996:149-206) stel dit dat die grootste fokus in hierdie fase op die innerlike van die beradene is, waartydens verandering en bekering (in verskillende opsigte) die twee grootste uitkomste is. Allender (1990:113) fokus nogeens op die erkenning van die skade as gevolg van die trauma. Vir Langberg (2003:215) is die vestiging van 'n sterk terapeutiese alliansie belangrik, sodat die traumageheue herwin en verwerk kan word. Die fase bestaan uit drie stappe wat interaktief is.

### 3.6.2.1 Stap 1: Berei die weg vir genesing deur middel van gebed

Wanneer al die inligting verkry is en 'n nodige strategie bepaal is, word daar voortbeweeg na gebed. Kraan (1983:136) beskryf hierdie tipe gebed vir innerlike genesing as *geïntensiveerd gebed* en beklemtoon die krag van hierdie tipe gebed na aanleiding van Jak 5:16. Die berader moet gevolglik die geloof en vrymoedigheid hê om God te vertrou vir genesing en vernuwing wanneer hy die beradene in gebed na Hom bring. Tydens hierdie proses bring die Heilige Gees dan die onaangename herinneringe vir die beradene na die oppervlakte (bewussyn) vir genesing (Seamands, 1993:20; Littauer, 1996:107; Worthington, 2003:161). In talle gevalle blyk die oorsaak van die onmiddellike probleem gesetel te wees in die onderbewussyn en daarom is dit noodsaaklik dat die Gees van God dit na die bewussyn sal bring. Genesing tree nie vanselfsprekend in wanneer die oorspronklike gebeure skielik onthou kan word nie, maar wanneer die beradene die Waarheid in hierdie gebeurtenis kan ontvang en beleef – dit lei gewoonlik tot 'n totale nuwe perspektief op die betrokke gebeure (Clinton *et al,* 2005:428). Wanneer die oorspronklike gebeure dan op hierdie wyse herbeleef word, tesame met die besef dat Jesus Christus eintlik tydens die gebeurtenis teenwoordig was en die beradene beskerm het, het dit dan oor die algemeen tot gevolg dat emosionele genesing intree en dat die pynlike emosionele wond getransformeer word tot 'n pynlose merk (Kraft, 1993:117; Trollinger, 2007:59; Tan, 2007:3). Op die webblad van MacNutt (2005) som hy dit treffend op wanneer hy sê: *"God doesn't reveal something unless He intends to heal it."*

Virkler (2005:78) stel voor dat die berader die gebed kan begin deur die beradene te begelei om homself in gesprek met Jesus Christus te visualiseer. Dit impliseer dan gewoonlik dat die beradene homself in gesprek met Jesus Christus bevind met betrekking tot al die pynvolle herinneringe van die verlede óf hy kan die gebeure weer herbeleef. Die beradene moet vir solank as wat dit vir hom nodig is, homself in gesprek met Jesus Christus visualiseer, omrede dit uiteindelik hierdie teenwoordigheid van Jesus Christus is wat heling en genesing bewerkstellig (Hicks, 1996:158). Alhoewel hierdie stap die kern van gebedsterapie is, is dit seker die mees radikale stap en dit is ook al gekritiseer in die sin dat dit die getraumatiseerde persoon weer 'n tweede keer aan dieselfde trauma sou blootstel (Matsakis, 1998:261). Smith (1999:116) verduidelik egter die noodsaaklikheid van die herbelewing van die traumatiese herinnering, in die sin dat dit die *interpretasie* van die gebeurtenis – en nie die gebeurtenis self is nie – wat die pyn laat vestig het. Wanneer die herinnering herbeleef word, vind daar eerstens emosionele ontlading

plaas en tweedens word die geleentheid geskep, sodat Jesus Christus genesing in die herinneringe kan bring. Die emosionele pyn beïnvloed die persoon se funksioneringstyl elke dag van sy lewe, hetsy bewustelik of onbewustelik (Seamands, 1982:196; Whitfield, 1989:78; Matsakis, 1998:266; Cloete, 2005:94). Besluiteloosheid, gevoelens van twyfel en wanhoop, die behoefte om ten alle tye in beheer te wees, vrese, selfhaat en gebroke verhoudings blyk maar net die refleksie van pynlike herinneringe te wees en die mag wat hierdie pyn oor die beradene se lewe uitoefen. Die ontkenning en onderdrukking van emosionele pyn in 'n poging om daarvan te ontsnap, sal gevolglik lei tot die versterking van die houvas daarvan op die beradene se lewe (Payne, 2005:88). Tydens die herbelewing van die herinneringe word die beradene nou begelei om te fokus op die geheueprentjie en sal hy die emosies intens beleef soos tydens die werklike gebeurtenis (Worthington, 2003:162). Hierdie herbelewing bevestig die leuen wat geglo word as gevolg van die traumatiese gebeurtenis, byvoorbeeld: *Ek is vasgevang en daar is geen manier hoe ek kan ontsnap nie*. Wanneer hierdie intensiteit beleef word, moet die berader vervolgens bid dat God die waarheid aan die beradene sal uitwys, die leuen sal uitkanselleer en sodoende genesing bewerkstellig (Seamands, 1993:20; Dearing, 2002:133; MacNutt, 1999:147).

Wanneer die Heilige Gees nie 'n spesifieke herinnering na die beradene se bewussyn bring nie, moet die gebed basies in vier dele verdeel word, om sodoende stelselmatig deur al die inligting te werk wat tydens die terapeutiese gesprek aan die lig gekom het (Kraft, 1993:100). Tydens elke deel van die gebedsessie moet daar gebid word dat Jesus Christus alle tersaaklike herinneringe na die bewussyn sal bring en die beradene moet dan gevra word om Jesus Christus op een of ander wyse in die herinneringe te sien/beleef. Wanneer die beradene dan iets hiervan beleef en as't ware Sy stem kan herken wat genesing inspreek in die pynvolle situasie (of op watter wyse ook al nuwe innerlike perspektief bring), vind daar oor die algemeen verwerking plaas en rustigheid word verkry. Volgens Kraft is die vier dele van die gebed waarop gefokus moet word, die volgende:

- **Familie milieu**

  Daar word gefokus op alle aspekte wat verband hou met moontlike negatiewe invloede van die familie milieu waarbinne die persoon opgegroei het (Tauke, 2004:90; Littauer, 1994:31; Kraft, 1993:100; Sandford, 1985:371). Volgens Carder *et al.* (1995:74) word disfunksionele gedrag heel dikwels vanaf die een geslag na die volgende oorgedra as gevolg van die pynvolle en dikwels 'siek' milieu waarbinne opeenvolgende geslagte opgroei. Tydens die gebed moet die berader die

beradene gevolglik begelei om alle negatiewe invloede te erken en die waarheid daarvan in die oë te kyk, anders veroorsaak dit maar net die voortsetting van dié negatiewe kringloop (Hemfelt *et al,* 1989:180).

- **Voorgeboortelike stadium**

  Hanteer enige probleme, negatiewe emosies, skokke of trauma wat die moeder kon beleef het en wat gevolglik êrens tussen konsepsie en die geboorteproses oorgedra kon gewees het (Sandford, 1985:30; Kraft, 1993:100). Navorsing deur Verny en Kelly (1984:89) stel dit dat die fondament van die menslike persoonlikheid deur die voorgeboortelike en geboorte-ervarings gevestig word. Alhoewel die tradisionele mediese wetenskap nog altyd geglo het dat kinders niks kan onthou voor die ouderdom van twee jaar nie, omrede hulle hoofsenuweebane nog nie ten volle gemiëliniseer (vorming van miëlienskede) is nie, het verdere navorsing aangetoon dat herkenbare geheuepatrone reeds vanaf die sesde maand van die swangerskap periode gevestig word. Teen dié tyd het die ongebore baba se brein en senuweestelstel al ver genoeg ontwikkel om dit moontlik te maak. Die feit dat die herinneringe wat uit hierdie periode opgediep kan word 'n herkenbare fatsoen en gestalte het, bevestig ook die opvatting dat die brein reeds vanaf die derde trimester feitlik op normale volwasse vlak funksioneer. Die feit dat die betrokke persoon op 'n latere stadium in die lewe nie in staat is om spesifieke gebeure en situasies te kan onthou met betrekking tot hierdie vroeë fase nie, beteken nie noodwendig dat hierdie belewenisse en die gevoelens wat daarmee gepaard gegaan het, onherroeplik verlore gegaan het nie. Selfs herinneringe wat baie diep begrawe lê, bly behoue in hulle emosionele resonansie. Een van die dinge wat mag veroorsaak dat herinneringe uit hierdie tydperk nie bewustelik herroep kan word nie, is 'n proses waarby oksitosien betrokke is. Oksitosien is die hormoon wat tydens die bevalling beheer oor die sametrekking van die baarmoederspiere uitoefen. Verdere navorsing het getoon dat groot hoeveelhede oksitosien geheueverlies veroorsaak en daarom kan die meeste mense nie die geboorteproses bewustelik herroep nie (Verny en Kelly, 1984:139). Volgens Stapleton (1977:12) is dit net Jesus Christus wat ware genesing vir die pyn en seer wat gedurende die voorgeboortelike stadium ontstaan het, kan bring. (Sien Bylaag A vir praktiese riglyne in die hantering hiervan).

- **Vroeë kinderjare**

  Hierdie stadium omsluit die beradene se babatyd asook jeugjare tot min of meer twaalfjarige ouderdom. Met betrekking tot hierdie fase word daar gebid en gevra dat Jesus Christus alle moontlike negatiewe herinneringe na die bewussyn moet bring ten einde genesing daarvoor te ontvang (Kraft, 1993:100).

- **Die latere lewe**

  Laastens word daar deur alle verdere herinneringe tot by die hede beweeg (Kraft, 1993:100).

Wanneer die beradene in die herinneringe terugbeweeg het en gereed is om die gebeurtenis te verwerk, moet die berader hom daaraan herinner dat Jesus Christus altyd by die mens teenwoordig is en hom vra om Jesus Christus se teenwoordigheid te probeer ervaar te midde van elke vorige traumatiese gebeurtenis (MacNutt, 1999:147; Richardson, 2005:34). Volgens hulle berus gebedsterapie nié op begeleidende voorstellings of suggesties nie en daarom moet die berader die beradene slegs maar bewus maak van Jesus Christus se alomteenwoordigheid. Somtyds gebeur dit egter dat die beradene vir Jesus Christus in die geheueprentjie sal 'sien' of Hom sal 'hoor', en ander kere sal dit slegs 'n intense bewustheid van Sy teenwoordigheid wees waartydens die beradene die sekere wete en gevoel sal ervaar dat alles nou in orde is (Whitfield, 1990:181; Dearing, 2002:133). Rondom daardie ervarings waar die beradene dan wel genesing ervaar, sal sy hele houding die verligting uitstraal. Die berader gaan dan voort deur die beradene te vra om verder deur sy herinneringe te beweeg op soek na enige verdere emosionele pyn. Die beradene word gevra om na Jesus Christus te gaan (in geval waar die beradene Jesus Christus 'sien') en te doen wat Hy sê; andersins word daar na 'n volgende pynvolle herinnering beweeg om dit op dieselfde manier te hanteer (MacNutt, 1999:147). In hierdie begeleiding maak vergifnis ook 'n baie belangrike deel uit. Die berader moet vergifnis aan die beradene verduidelik, sodat hy vergifnis vir homself kan ontvang en dit ook kan skenk aan diegene deur wie hy verontreg of te na gekom is (Sandage, 1998:11; Arterburn, 2005:123). Volgens Stoop en Masteller (2004:188) sal die beradene weet dat hy ten volle vergewe het, wanneer hy nie meer wraakgedagtes koester aangaande diegene wat hom seergemaak het nie, maar in staat is om vir hulle te bid en hulle te seën. Die beradene sal weet dat die verlede uiteindelik steeds deel van hom is, maar dat dit nou tot die verlede hoort. Die seer en pyn het nie meer 'n invloed op sy hede nie (Littauer, 1994:49).

Seamands (2001:129) herinner dat dit belangrik is om te onthou dat die berader se rol in hierdie bediening slegs is om die proses te fasiliteer, terwyl Jesus Christus die volkome genesingswerk doen. In sy beskrywing van berading aan persone wat emosioneel geweldig seergekry het, omskryf Seamands (2001:129) die rol van gebed as die 'hart' van die beradingsproses. Hy beklemtoon die belangrikheid dat daar oor elke insident, asook elke negatiewe emosie en herinnering gebid sal word. 'n Gebedsessie, soos hierdie, is gewoonlik 'n emosioneel uitputtende ervaring (Seamands, 2001:161). Die beradene kan dit beleef asof iets van hom weggeneem is en onttrekkingsimptome kan selfs in sommige gevalle ontstaan. Daar kan selfs werklike fisiese simptome beleef word, soos byvoorbeeld erge hoofpyn, gevoelens van naarheid, braking, diarree of intense uitputting. Hierdie simptome kom nie in alle gevalle voor nie, maar dit is goed om daarop voorbereid te wees (Sien Bylaag B vir Seamands se riglyne vir die gebedsessie).

In kontras met die meeste ander navorsers se riglyne vir die gespreksgebed, beklemtoon Adams (1979:76) dat hierdie 'n wilsaksie is en dat daar nie op die emosie gefokus moet word nie, omrede die emosies subjektief is. Hy sê in hierdie verband dat die eerste stap is om te bid, tweedens moet die beradene sy denke vernuwe, derdens moet hy oorgaan tot die toepaslike aksies en dan eers sal vrede volg. Verder beklemtoon hy ook die belangrikheid dat die berader Jesus Christus se liefde aan die beradene moet demonstreer, omrede dit liefde is wat genesing vir die seer herinneringe bring. Jesus Christus se liefde is 'n kragtige, energie- en lewegewende emosie, gelaai met genesingskrag wat die gewer en ontvanger beïnvloed. Dearing (2002:123) beklemtoon ook die transformerende krag van God se liefde. In hierdie sin word gebed dus die kanaal waardeur God se liefde kan vloei om vergifnis, genesing en vernuwing te bewerkstellig. Daarom is gebed, volgens Minirth *et al.* (1992:214), asook Minirth en Meier (1994:180) uiteindelik meer as blote positiewe gedagtes, suggesties of wensdenkery – soos wat sommige sekulêre sielkundiges dit wil afmaak. Gebed is om 'n beroep te doen op die kragtige ingryping van God in die lewe van Sy kinders. Johannes stel dit duidelik in 1 Joh 5:14-15:

> *"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra. En aangesien ons weet dat Hy ons gebede verhoor as ons iets só vra, weet ons ook dat ons kry wat ons van Hom vra."*

#### 3.6.2.2 Stap 2: Verwyder versperrings wat genesing verhoed

Wanneer daar tot by hierdie stap gevorder is en die beradene dit steeds moeilik vind om die waarheid van God met betrekking tot sy spesifieke situasie ten volle te omhels, is daar gewoonlik 'n versperring iewers wat moontlike genesing verhoed (Minnirth en Meier, 1990:35-46; Smith, 1999:125). Hierdie versperring moet eers uit die weg geruim word, voordat daar verder met die gebed gegaan kan word (Kraft, 1993:23; Dearing, 2002:19; Kubetin & Mallory, 2002:64; Payne, 2005:82). Versperrings is onder andere:

- 'n Vermyding om die pyn te herbeleef.
- 'n Begeerte by die beradene om deur die berader aanvaar te word en sodoende 'n front voor te hou.
- Die beradene se verdedigingsmeganismes.
- Oormatige logiese beredeneringe.
- Onbelyde sondes.
- Onvermoë om die leuen te identifiseer.
- Demoniese invloede.
- Emosionele dissosiasie.
- Die teenwoordigheid van woede, haat en wraakgevoelens.
- Die berader se eie emosionele pyn.

Dit is verder essensieel dat die leuen wat reeds in stap 3 van Fase 1 geïdentifiseer is, nou tydens die gespreksgebed met die waarheid vervang moet word. Hierdie stap moet egter met groot sorg hanteer word, omrede daar minstens vier moontlike bronne is waaruit die beradene 'waarheid' kan ontvang. Die vier bronne is onderskeidelik:

- **Die beradene self**

  Dit gebeur soms dat die beradene eie logika tot die herinnering wil voeg en vanuit hul huidige verwysingsraamwerk op die gebeurtenis terugkyk. Die emosies wat met die gebeurtenis gepaard gaan, lyk dan belaglik en word as niks afgemaak. Ongelukkig kan die emosionele pyn nie op hierdie manier aangespreek word nie en genesing kan nie intree nie (Seamands, 1992:32).

- **Die berader**

  Somtyds sien die berader sy rol as iemand wat waarheid moet deurgee en sal daarom dan self die leuen aan die beradene wil uitwys, tesame met die waarheid wat dit moet vervang. Ongelukkig kan genesing nie intree voordat die beradene self die insig verkry het nie. Die berader moet daarteen waak om te vinnig te wil beweeg en sodoende 'verby' die beradene te beweeg (Anderson, 2000:262).

- **Demonies van aard**

  Satan kan nie die waarheid praat nie. Sy grootste wapen in die vernietigingsproses van mense is om te lieg en te mislei (Joh 8:44). Tydens hierdie proses moet die berader sensitief daarvoor wees en alle moontlike voorsorg moet getref word om te verhoed dat die leuen van die Bose enige invloed kan uitoefen (Smith, 1999:118).

- **Goddelik van aard**

  Die rol van die berader is uitsluitlik om die beradene in die teenwoordigheid van God te bring en in die posisie dat hy God se genesing kan ontvang. Daar is geen voorgeskrewe manier waarop hierdie genesing plaasvind nie en dit verskil van persoon tot persoon. Sommige beradenes het dit al beleef dat God baie duidelik in hul binneste met hul praat, terwyl andere dit weer deur middel van 'n beeld of 'prentjie' beleef het – andere het bloot God se rustige teenwoordigheid deur 'n diep innerlike kalmte beleef (Seamands, 2001:129; MacNutt, 1999:147; Littauer, 1996:107).

#### 3.6.2.3 Stap 3: Sluit die gebed af

Die berader kan ter afsluiting van die gebed vervolgens toepaslike Skrifgedeeltes lees, terwyl die beradene Jesus Christus se teenwoordigheid moontlik nog vir 'n rukkie intens wil beleef (Smith, 1999:132; Rayborn, 2005:74). Die beradene moet ook verseker word van Jesus Christus se troue liefde en versorging (MacNutt, 1999:150). Na die gebed van heling moet die berader ook vir Jesus Christus vra om die beradene te vul met dít wat hy as gevolg van die pyn verbeur het – daar moet dus geestelik en emosioneel as't ware gekompenseer word vir al die pyn en seer en verliese van die verlede. Op hierdie wyse ervaar so 'n persoon dan ook konkreet iets van dit waarna Jesus Christus in Joh 17:26b verwys het, naamlik God se liefde self. Innerlike genesing is uiteindelik ook meer as die blote genesing van pynvolle herinneringe of die genesing van die sogenaamde innerlike kind. Dit het eerder te make met volkome heelwording, hetsy geestelik, psigies, fisies of

sosiaal. Deur die aanraking van Jesus Christus kan hierdie persoon nou die doel van sy lewe ontdek en sy volle potensiaal bereik (Hicks, 1996:163).

### 3.6.3 Fase 3: Nasorg en begeleiding tot emosionele en geestelike groei

Nadat emosionele genesing ingetree het, is dit belangrik dat heelwat van die beradene se alledaagse gewoontes en gedrag ook moet verander en hiervoor is voortdurende gebedsondersteuning en aanspreeklikheid tot mede-gelowiges noodsaaklik (Trollinger, 2007:151; Kraft, 1993:101). Volgens Egan (1994:34-37) en Ohlschlager en Scalise (2007:21) moet die berader die beradene tydens hierdie fase bystaan om sy doelwitte te bereik. Die verskillende aksies en optredes waarop besluit is, moet deurgewerk word. Die beradene word gestimuleer om prinsipieel oor sake te dink en realistiese proaktiewe besluite te neem. Oorhaastige en impulsiewe reaksies lei tot oordeelsfoute en word ontmoedig. In hierdie stadium moet die beradene self vir God vra wat hom te doen staan – nie sy wil nie, maar God se wil – en wat onder die huidige omstandighede die beste is. Draper (1996:149-206) stel dit ook dat die fokus nou na uiterlike genesing moet verskuif, waar 'n aspek soos onder andere verhoudingsvaardighede aangespreek moet word. Die daarstel van grense op persoonlike en sosiale vlak is vervolgens ook baie belangrik terwyl die beradene stelselmatig gelei word om weer beheer en verantwoordelikheid vir sy eie lewe te neem en homself te begin handhaaf. Allender (1990:189) wys ook op voorvereistes vir groei en herstel na vernuwing. Volgens hom is eienskappe soos vertroue, eerlikheid, berou, bekering en waagmoed belangrik in hierdie fase. Volgens Langberg (2003:215) kan hierdie fase oor 'n tydperk van maande of selfs jare plaasvind, waartydens die beradene stelselmatig begelei word om al meer lewensvaardighede aan te leer.

Cloete (2005:42) sluit hierby aan, maar lig 'n paar verdere belangrike aspekte in hierdie verband uit:

- Eerstens, dat konstruktiewe handelinge die eintlike uitkomste moet wees.
- Tweedens, dat daar aandag geskenk moet word aan doelgerigte aksies asook die verandering van gedrag, omrede die eintlike toets van verandering gesetel is in die praktiese uitvoerbaarheid van die besluite.
- Derdens, is dit belangrik dat daar deurgaans in die proses van terapeutiese hulpverlening evaluering moet geskied.

Oorwinning oor pynlike herinneringe en trauma stel die mens in staat om emosioneel en geestelik te groei. Die groeiproses is in werklikheid 'n lewenslange proses (Meier *et al,* 1999:197; Smith, 1999:11). Innerlike genesing is dus eintlik gesetel in die voortdurende vernuwing van die persoon se denke (Tapscott, 1987:13, Tan, 2007:3). Net soos daar padtekens op die paaie van 'n land aangebring word om rigting aan te dui, is daar sekere padtekens wat onderskei kan word om die mens op die innerlike genesingspad te begelei. Richardson (2005:33-44) onderskei ses belangrike 'padtekens' waarby die beradene behoort stil te staan in hierdie proses, naamlik:

- Die beradene moet leer om in God se teenwoordigheid in te gaan en na Sy stil stem te luister.
- Hy moet alle verkeerde beskouings rondom God, ander mense en die lewe vervang met die waarheid van die Woord.
- Hy moet alle valse identiteite gekoppel aan sy identiteit verwerp en sy Goddelike identiteit opneem.
- In hierdie proses moet daar nie slegs op die simptome gefokus word nie, maar ook op die oorsake daarvan.
- 'n Verdere tegniek wat genesing bevorder, is die gebruikmaking van rituele. Die gebruik van byvoorbeeld nagmaal herinner die beradene elke keer aan die verlossing en genesing wat hy deur die kruisdood van Jesus Christus ontvang het.
- Die beradene moet ook aangemoedig word om na andere uit te reik, want om ander mense te bedien, getuig van ware genesing.

Anderson en Miller (2000:327) en Van der Spuy (2005:189) stel die volgende praktiese hulpmiddels voor, sodat die beradene sy nuutgevonde vryheid kan handhaaf:

- Die beradene moet betrokke raak by 'n liefdevolle kerkgemeenskap wat uitreik, waar hy openlik en eerlik met ander kan wees en waar daar suiwer Woordverkondiging is.
- Hy moet daagliks sy Bybel lees, oordink en sleutelverse memoriseer.
- Hy moet leer om elke negatiewe gedagte gevange te neem en aan Jesus Christus gehoorsaam te maak. Hy moet verantwoordelikheid aanvaar vir sy gedagtewêreld en nie toelaat dat sy verstand passief raak of weer die leuens van die vyand glo nie.

- Hy moet waak daarteen om in die ou negatiewe patrone van denke, emosies en gedrag terug te val. Om dit te verhoed, moet hy Christenvriende kry teenoor wie hy verantwoordbaar kan wees.
- Hy moet daagliks tyd in gebed deurbring. Gebed is 'n aanduiding van 'n lewe wat God vertrou en afhanklik is van Hom.

Vir voortgesette groei is dit verder belangrik dat die beradene moet leer om in 'n intieme daaglikse verhouding met God te leef. In hierdie verband herinner Virkler (2005:7) dat die beradene dus moet leer dat gebed veel eerder 'n dialoog is as 'n monoloog en dat hy as't ware verby die stilte van gebed moet beweeg, sodat hy God se stem kan hoor. Hy beskryf vier sleutelgedagtes as hulpmiddel, naamlik:

- God se stem is uiteindelik 'n spontane gedagtevloei in die innerlike van die mens. Om Sy stem dus te kan hóór, vereis 'n oorgawe aan spontaniteit of intuïsie. Die stem van God is gees-tot-gees-kommunikasie en staan soms in 'n sekere sin teenoor kognitiewe analitiese denke (Virkler, 2005:29).
- Die mens moet sy eie gedagtes en emosies kan stilmaak, sodat hy bewus kan word van die innerlike stem van God (Virkler, 2005:47).
- Terwyl die mens bid, moet hy die oë van sy hart – die geestesoë (Ef 1:17-18) – fokus op Jesus Christus (Heb 12:2), sodat hy in sy gees die boodskap van God kan ontvang. God praat dikwels met die mens deur prentjies of visioene.
  In Hand 2:17 gee God ook die belofte dat Hy in die laaste dae weer met die mens deur drome en visioene sal praat (Virkler, 2005:59).
- Laastens beklemtoon hy ook die belangrikheid daarvan om joernaal te hou, want sodoende word die mens se geloof en hoop gebou (Virkler, 2005:95).

Die berader moet die beradene in hierdie fase van die terapie begelei om vanuit sy liefde vir God ook weer waag om ander mense lief te hê en uit te reik. Die beradene begin nou weer stelselmatig bou aan uiterlike verhoudinge, deur eerlikheid en die bereidwilligheid om die realiteite te sien vir wat dit werklik is. Minirth *et al* (1992:92) en Minirth (2003:31) stel die volgende praktiese riglyne voor tydens die groeiproses na emosionele en geestelike volwassenheid, naamlik:

- Gebed (Fil 4:6).
- Meditasie (Fil 4:8).

- Betrokkenheid by 'n gebedsgroep.
- Gereelde oefening.
- Goeie slaapgewoontes.
- Gesonde eetgewoontes.
- Gesprekke met 'n vertroueling.
- Fokus op een dag op 'n slag (Matt 6:34).
- Stel belang in ander dinge en begin 'n nuwe stokperdjie (Fil 2:3-4).
- Verandering van denke (Rom 12:1-2).
- 'n Lewe van voortdurende vergifnis en versoening.

MacNutt (1999:151) gee ten slotte 'n treffende samevatting van die belangrikheid van die proses van innerlike genesing:

> *"Inner healing brings so much peace and joy to people, it is a pity so few understand and pray this kind of prayer. Nor is everybody equipped with the gifts needed to pray for inner healing; moreover, it takes time to pray; it is exhausting. But it is worth all the time and effort to see the transformation from sorrow into peace or joy that almost always follows."*

## 3.7 SAMEVATTING VAN PASTORAALGERIGTE PSIGOLOGIESE BENADERING

- Tydens gebedsterapie word die beradene na Jesus Christus gebring vir geestelike aanraking, emosionele genesing en gemoedsvernuwing. God is 'n aktiewe kragtige realiteit wat in verhouding met die mens wil staan. In hierdie intieme verhouding met God vind die mens genesing en vernuwing op alle vlakke van sy menswees.

- Innerlike genesing vind plaas wanneer die mens homself oop stel vir God en toelaat dat God die ou pynlike herinneringe en emosionele seer van die verlede kom genees. Dit behels 'n erkenning en ook herkenning van die destruktiewe emosies, waarna dié emosies

gekoppel word aan 'n herinnering van die verlede en 'n gewilligheid dat Jesus Christus se lig in die duisternis van die trauma herinnering sal inskyn om genesing en vernuwing te bewerkstellig.

- Gebedsterapie is 'n sinkronisering van psigiese en geestelike sisteme waardeur 'n Christenberader as fasiliteerder 'n beradene met trauma en emosionele probleme begelei tot by Jesus Christus, sodat Hy die beradene kan bedien met genesing en bevryding. Gebedsterapie geskied altyd onder die leiding van die Heilige Gees en die berader is bloot die fasiliteerder van die God-gerigte beradingsessie.

- Jesus Christus se bediening op aarde het hoofsaaklik 'n drieledige fokus gehad, naamlik evangelisasie, lering en genesing. Jesus Christus se bediening is oorgedra na Sy dissipels en is ook die opdrag aan die kerk. Om hierdie opdrag suksesvol te kan uitvoer, is dit noodsaaklik om 'n studie te maak van die beginsels waaronder Jesus Christus Sy bediening uitgevoer het. Jesus Christus se bediening kan dan soos volg opgesom word:

    - Eerstens skenk Jesus Christus nuwe lewe aan die mens, sodat hy in 'n liefdevolle verhouding van eenheid met sy Hemelse Vader en Jesus Christus, deur die Heilige Gees leef.
    - Tweedens bied Jesus Christus redding en genesing van alle siek elemente in die mens se lewe, wat getransformeer moet word, sodat die mens die nuwe lewe kan bereik.

- Jesus Christus se genesing word moontlik gemaak deur onder andere vergifnis en vryspraak, die vervanging van leuens met die waarheid, asook die verbreking van verkeerde denkpatrone. Jesus Christus het tydens Sy bediening nooit uitsluitlik op die sonde gefokus nie, maar altyd op God se liefdevolle gewilligheid om die mens te aanvaar en te genees en te bevry. Die berader behoort elke beradene met dieselfde sensitiwiteit te hanteer en moet daarteen waak om nie verdere skuldgevoelens op die beradene te laai nie. Genesing en vernuwing word moontlik gemaak deur die kruisiging van Jesus Christus, waardeur daar as't ware 'n ruiltransaksie plaasgevind het.

- Vir 'n eklektiese benadering is dit noodsaaklik dat die berader sal beskik oor 'n wye kennis en insig met betrekking tot Bybelse beginsels en waarhede, asook oor basiese sielkundige kennis en wetmatighede, om sodoende 'n korrekte evaluering te kan doen ten

einde die beradene sinvol te kan begelei. Teen hierdie agtergrond kan dan gekonstateer word dat gebedsterapie primêr gaan oor emosionele genesing, bevryding en vernuwing en dit word bewerkstellig deur die kragtige werking van gebed. Dit berus verder op die beginsel van liefde en geloof in God dat Hy sal doen wat Hy beloof het.

- Die proses van innerlike genesing kan in drie fases verdeel word, naamlik:

  - Fase 1: Die terapeutiese gesprek:
    - Berei die beradene voor.
    - Identifiseer die skakels tussen die huidige probleemarea en die herinneringe.
    - Identifiseer die oorspronklike leuen wat gevestig het.
  - Fase 2: Die gespreksgebed:
    - Berei die weg vir genesing deur middel van gebed.
    - Verwyder alle versperrings wat genesing verhoed.
    - Sluit die gebed af.
  - Fase 3: Nasorg en begeleiding tot emosionele en geestelike groei.

- In gebedsterapie is die fokus primêr op Jesus Christus as die Geneesheer, Bevryder en Sielkundige. Die berader se rol is slegs een van fasiliteerder om die beradene na Jesus Christus te bring, sodat Hy hom kan genees. In effek word Jesus Christus se bediening deur die eeue steeds voortgesit. Wanneer 'n persoon emosionele pyn beleef, word hy beroof van die lewe van oorvloed (Joh 10:10), omrede hy geen innerlike blydskap en vrede ervaar nie - hy kan ook nie God se liefde vir hom ervaar nie en hy beleef 'n mate van verhoudings-gestremdheid wat dikwels ook gepaard gaan met voortdurende angstigheid. Hierdie belewenis is destruktief en nie verlossend en bevrydend soos Jesus Christus in Luk 4:18-19 beloof het nie.

- Oorwinning oor pynlike herinneringe en trauma stel die mens in staat om emosionele en geestelike groei te beleef. Hierdie is 'n lewenslange proses. Nadat innerlike genesing plaasgevind het, moet die berader die beradene begelei hoe om sy nuutgevonde vryheid te handhaaf en in oorwinning te kan leef

# HOOFSTUK 4

# METATEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE ROL VAN GEBED IN DIE TERAPEUTIESE PROSES

## 4.1 INLEIDING

In terme van die model van Zerfass vir die Praktiese Teologie maak hierdie hoofstuk deel uit van die metateorie. Heyns en Pieterse (1998:53) verduidelik die metateorie soos volg: "*Die metateorie is 'n teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word wat ons met ander vakke as't ware universeel deel.*" Venter (1993:247) sluit hierby aan wanneer hy verduidelik wat onder metateorie verstaan behoort te word: "*Onder metateorie moet verstaan word 'n teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word wat raakvlakke met ander vakke deel, dit wil sê vakke wat aspekte van dieselfde werklikheidsveld ondersoek.*" Sodoende word 'n teologiese basisteorie verhelder. Sonder die integrering van metateoretiese insigte sal die ontwerp van 'n praktykteorie wetenskaplik onvolledig wees.

## 4.2 DOELSTELLINGS

Die doelstellings van hierdie hoofstuk is vervolgens om te bepaal in watter mate daar erkenning gegee word aan die rol van gebed binne die ander hulpwetenskappe. Daar sal ook gepoog word om te bepaal in watter mate die resultate van dié navorsing gebruik kan word, om die rol van gebed in die proses van innerlike genesing verder te belig en te verryk. Verder sal ook gefokus word op die wyse waarop die groot gaping tussen die verskillende hulpwetenskappe deur verskillende bydraes die afgelope aantal jare al meer vernou het en daar gaandeweg 'n al groter ontvanklikheid ontwikkel het vir 'n aspek soos gebed as deel van 'n multidissiplinêre benadering met betrekking tot die terapeutiese proses.

Met die oog hierop word vervolgens aandag aan die volgende aspekte gegee:

- Die mens as holistiese wese.
- Belangrike rolspelers.

    - Seligman se bydrae.
    - Koenig en Pritchett se bydraes.
    - McCullough en Larson se bydraes.
    - Fitchett, Burton en Sivan se bydraes.
    - McMinn se bydrae.
    - La Torre se bydrae.
    - Gubi se bydrae.
    - Office of Prayer Research.
    - George Washington Institute for Spirituality and Health (GWish).
- Evaluering van navorsing van belangrike navorsers.

## 4.3 DIE MENS AS HOLISTIESE WESE

Alhoewel die sielkundige literatuur gedurende die twintigste eeu dikwels 'n vyandigheid getoon het teenoor teologie en in besonder met betrekking tot pastorale hulpverlening, het mediese denke rondom geestesafwykings vroeër 'n baie meer genuanseerde benadering met betrekking tot teologie en spiritualiteit gehad (Thielman, 1998:3, Poloma, 2006:59). Dit hou waarskynlik verband met die feit dat mediese hulpverlening sedert die vroegste tye redelik sterk gekoppel was aan die godsdiens. In talle van die primitiewe kulture was priester en medisyneman in een persoon verenig. In die Ou en Nuwe Testament is daar 'n groot oorvleueling tussen mediese en godsdienstige hulpverlening. Die aardse bediening van Jesus Christus is 'n voorbeeld van die oorspronklike eenheid tussen 'heil' en 'heling'. Deur elke genesingsdaad van Jesus Christus is genesing, sowel as verlossing konkreet gedemonstreer. Gevolglik is beide hierdie aspekte in Hom as Persoon verenig (Coetzer, 2003:21). Vir die afgelope vier eeue is heil en heling egter van mekaar geskei, met die gevolg dat heling (genesing) uiteindelik toegeskryf is aan die mediese wetenskap en heil (verlossing) aan die kerk (teologie). Die resultaat was 'n geweldige ontploffing in die wetenskaplike ontwikkeling, maar met steeds groter getalle siek mense. Omdat hierdie twee wetenskappe in verskillende rigtings ontwikkel het, was die mens nie langer beskou as 'n eenheid nie. In 1215 het Pous Innocentius III alle chirurgiese aktiwiteit veroordeel en het hy ook verbied dat enige priester daarby betrokke mag wees. Die gevolg was dat alle chirurgiese aktiwiteite vanuit die kloosters uitgeskuif is. Optredes soos hierdie het verder bygedra tot die groeiende verwydering tussen kerk of godsdiens en alle mediese aktiwiteite (Coetzer, 2003:22).

Net soos in die geval met die mediese wetenskap, was die Christene ook aktief betrokke by die Sielkunde. Gedurende die Middeleeue was die kerklui die primêre versorgers van verstandelik versteurdes. Christene het gedurende die 12e eeu in België die Gemeenskap van Geel gevorm, waar verstandelik gestremdes versorg is deur gebed, handoplegging en liefde. Dit was Teresa van Avila, 'n Spaanse non, wat die begrip *mental illness* gemunt het en die Kwaker, William Tuke, was verantwoordelik vir die oprigting van 'n belangrike versorgingsentrum vir verstandelik gestremdes in Engeland. Ook op hierdie vlak het daar egter ook mettertyd 'n skeiding ontstaan. Coetzer (2003:22) verduidelik dat Heinroth (1773-1843) 'n belangrike bydrae gelewer het tot die moderne Sielkunde. Hy was die eerste psigiater wat die term 'psigosomaties' gebruik het. Na aanleiding van Romeine 7 het hy die mens in drie dele verdeel, naamlik die gewete (superego), die ego (denke, emosies en wil) en die vlees (basiese dryfkragte, insluitende die sondige menslike natuur). Freud het 'n 100 jaar later met die ontwikkeling van sy sielkundige teorie basies Heinroth se indeling gedupliseer met sy onderskeiding van die superego (gewete), die ego (denke, emosies en wil) en die id (vlees – sondige menslike natuur). Heinroth en Freud het beide die stryd tussen die menslike gewete en sy selfsugtige dryfkragte en impulse beskryf, maar hulle oplossings het verskil.

Freud was van mening dat:

- die ego (wil) 'n onbewustelike slaaf van die id (basiese dryfkragte) is;
- die oplossing daarin lê om hierdie feit te aanvaar;
- die mens moet 'n pragmatiese lewe leef, waarin hy die gewete bloot dood leef, anders kan skuldgevoelens aanleiding tot geestesiektes gee.

Hierteenoor was Heinroth van mening dat:

- die ego 'n slaaf is van die vlees/id (volgens Rom 7);
- oorwinning slegs behaal kan word deur die krag van die Heilige Gees in die lewe van die wedergebore mens (volgens Rom 8).

Alhoewel hierdie duplisering plaasgevind het, word Heinroth se teorie verwerp en word Freud beskou as die vader van die sielkunde. Meier *et al* (2000:36) som dit mooi op:

> *"Since his discoveries preceded Freud's by a hundred years, Heinroth could be considered the father of psychiatry, as well as the father of Christian psychiatry. But because most modern psychiatrists consider*

*Heinroth's solutions (faith in Christ and yielding to the Spirit) ridiculous, Freud is considered the father of psychiatry."*

Ontwikkelinge soos hierdie op die mediese, sielkundige en godsdienstige terreine het daartoe bygedra dat die mens al meer verdeeld geraak het tussen die verskillende wetenskaplike dissiplines en dit het aanleiding gegee tot groeiende ontevredenheid. Elke wetenskap het al meer gefokus op sy eie terrein en sodoende het 'n holistiese benadering in 'n groot mate verlore gegaan (MacNutt, 1999:29). Tydens die afgelope paar dekades het daar egter 'n klemverskuiwing begin plaasvind en het die fokus al meer begin skuif na die *mens in sy totaliteit* en nie slegs sekere dele van hierdie mens nie, hetsy geestelik, liggaamlik of emosioneel. Gevolglik het talle pleidooie opgegaan ten gunste van 'n benadering waar die medikus byvoorbeeld nie 'n diagnose sou maak, alvorens hy eers 'n omvattende analise gemaak het van die pasiënt se totale geskiedenis (Coetzer, 2003:23). Navorsers het meer en meer tot die oortuiging gekom dat in talle gevalle siekte eintlik te doen het met verskillende faktore wat verband hou met die mens se menslikheid, sy geskiedenis en sy verhouding met ander mense. In dieselfde verband kan daar ook verwys word na die toenemende fokus die afgelope aantal jare op psigosomatiese siektes. Die vertrekpunt is dat daar 'n verband bestaan tussen fisiese simptome enersyds en psigiese en emosionele oorsake andersyds. Liggaam en gees vorm 'n onlosmaaklike eenheid en daarom het dit wat gebeur op die psigiese en emosionele area van die mens se lewe, 'n invloed op die fisiese dimensie van die mens; die teenoorgestelde is ook van toepassing. Gevolglik is 'n holistiese benadering sekerlik die beste oplossing, waar klem geplaas word op elke aspek van hierdie individu (Coetzer, 2003:23; Colbert, 2003:6).

As gevolg van die onderlinge verdeeldheid, was daar byvoorbeeld aanvanklik ook geen verwysing na enige teologiese aspekte in die *Diagnostic and Statistical Manual of the American Psychiatric Assosiation* (DSM) nie. Ten spyte van baie kritiek, is daar in die glossarium van DSM-III-R (1987:433-490) verskeie verwysings na teologiese temas bygevoeg. Die DSM-IV-TR (2000:741) bevat verder 'n diagnostiese kode (Kode: V62.89) wat teologiese aspekte omsluit, naamlik *Religious or Spiritual Problems.* Hieronder ressorteer probleme rondom geestelike ongemak wat ervaar word ten tye van bekering, die ervaring van verlies aan geloof, asook vrae rondom geestelike waardes (Thielman, 1998:18).

## 4.4 BELANGRIKE ROLSPELERS

Vanweë die ontwikkelinge soos tot dusver beskryf, het die klimaat binne die hulpwetenskappe al meer gunstig en ontvanklik geraak vir 'n geïntegreerde multidissiplinêre benadering waaronder al meer erkenning gegee is aan die rol van gebed. Teen hierdie agtergrond word daar vervolgens agtereenvolgens gelet op die besondere bydrae deur 'n aantal navorsers wat tot dusver 'n besondere rol vervul het ten einde hierdie gunstige klimaat te skep.

### 4.4.1 Seligman se bydrae

Die bydrae deur Martin E.P. Seligman dien as 'n voorbeeld van die nader beweeg aan mekaar van verskillende dissiplines die afgelope aantal jare. Hy is 'n sielkunde professor aan die Universiteit van Pennsylvania, direkteur van die Positiewe Sielkundige Netwerk en voormalige president van die *American Psychological Assosiation* (APA). Vanuit sy bydraes vanuit die sielkunde blyk dit dat daar al meer erkenning gekom het, betreffende die belangrikheid van aspekte wat in die verlede meer op die geestelike terrein gefigureer het. Met betrekking tot die veld van die sielkunde het hy ongeveer 20 boeke geskryf. Hy was ook die eerste president van die APA wat gefokus het op 'n groot mate van wanbalans binne sekere sielkundige teorieë (Seligman, 2002:6). In hierdie verband het hy byvoorbeeld gevind dat uit elke honderd artikels wat gepubliseer word binne die veld van die sielkunde, daar gemiddeld slegs één is wat fokus op positiewe aspekte. Hy beklemtoon die feit dat die fokus van sielkundige teorieë oor die algemeen hoofsaaklik gerig is op psigiese afwykings - in so 'n mate dat voorkoming van hierdie afwykings nie eintlik tot sy reg kom nie en dat die positiewe kant van die lewe as't ware in die proses nagelaat word. Seligman verwys na die sogenaamde 'siekte model' waarmee die sielkunde vir soveel jare gewerk het en wat nie noodwendig altyd antwoorde en oplossings verskaf het nie. In hierdie verband sê hy byvoorbeeld die volgende:

> *"In 1945, no mental illness was treatable. For not a single disorder did any treatment work better than no treatment at all. It was all smoke and mirrors: working through traumas of childhood did not help schizophrenia (the movie David and Lisa notwithstanding), and cutting out pieces of the frontal lobes did not relieve psychotic depression (the 1949 Nobel Price to Portuguese psychiatrist Antonio Moniz*

*notwithstanding). Fifty years later, in contrast, medications of specific forms of psychotherapy can markedly relief at least fourteen of the mental illnesses. Two of them, in my view, can be cured: panic disorder and blood and injury phobia"* (Seligman, 2002:21)

Seligman (2002:22) kom uiteindelik tot die gevolgtrekking dat die fokus van talle van die sielkundige teorieë in die verlede verkeerdelik net op die *probleem* gerus het. Verder het hy ook al meer die waarneming gemaak dat alhoewel daar tog verandering by sommige mense intree, hierdie verandering hoofsaaklik plaasvind wanneer hulle hul innerlike krag en vermoëns besef. Die sielkunde het eintlik nog altyd waardes soos deugsaamheid, kuisheid en reinheid ontken, terwyl die geestelike werkers – van watter geloof ook al – dit nog altyd beklemtoon het (Seligman, 2002:11). Ten diepste is hierdie uitspraak eintlik 'n erkenning dat die sielkunde nie al die antwoorde vir die menslike psige het nie en dat ander beginsels ook nodig is met betrekking tot die begeleiding van die mens na 'n betekenisvolle lewe.

Seligman (2002:11) het besef dat voorkoming beter is as genesing en dat sielkundige teorieë se fokus in die breë aangepas moet word. Dit is bydraes soos hierdie wat grootliks aanleiding gegee het tot die uiteindelike geboorte van die sogenaamde Positiewe Sielkunde *(Positive Psychology).* Tydens die konferensie van die *Association of Christian Counsellors in SA* gedurende 2006 is die Positiewe Sielkunde deur Dr. A. Hart beskryf as 'n revolusie in die sielkunde net só groot soos die rewolusie wat Freud se bydraes tot gevolg gehad het.

In die aanpassings wat deur Seligman (2002:11; 2006:203) voorgestel word, identifiseer hy die volgende ses noodsaaklike kernbeginsels:

- Wysheid en kennis.
- Moed en hoop.
- Liefde en nederigheid.
- Geregtigheid.
- Matigheid of geheelonthouding.
- Spiritualiteit en voortreflikheid.

Hierdie kernbeginsels dien as 'buffers' teen psigiese afwykings. Tydens die begeleiding van die mens moet groter klem op hierdie buffers geplaas word, om sodoende psigiese afwykings te voorkom. Alhoewel Seligman nie vanuit 'n suiwer Christelike oriëntasie werk nie, is dit

insiggewend om daarop te let dat al ses hierdie kernbeginsels 'n Bybelse basis het. Met bydraes soos hierdie is daar inderdaad belangrike raakpunte tussen sielkunde en pastorale berading.

### 4.4.2 Koenig en Pritchett se bydraes

In 1985 het Harold Koenig geroepe gevoel om homself in besonder toe te spits op navorsing rondom die verhouding en wisselwerking tussen godsdiens en psigoterapie. Die navorsingswerk wat hy tot dusver gedoen het, het ook 'n besondere bydrae gelewer tot 'n groter openheid binne die hulpwetenskappe betreffende geestelike terapeutiese insette (waaronder dan ook gebed). Teen 2004 het hy sy bevindinge in meer as 25 boeke en 50 hoofstukke vir versamelwerke neergepen, 25 navorsingsprojekte suksesvol geloods en meer as 200 wetenskaplike artikels gepubliseer. Koenig is die redakteur van die tydskrif *The International Journal of Psychiatry and Medicine* en die mede-redakteur van *Science and Theology*, 'n internasionale tydskrif wat maandeliks verslag doen oor die resultate van hierdie navorsing.

Koenig (2004:91; 2007:60-63) som die bevindinge van sy navorsing kortliks soos volg op:

- Baie mense wend hulle na hul geloof wanneer hul fisies siek word of spanningsdruk van die lewe ervaar.
- Diegene wat oor sterk geloofsoortuigings beskik, beleef laer vlakke van depressie en angstigheid oor hul probleme en pas makliker aan by die omstandighede.
- Selfs al verval mense in depressie weens siekte of omstandighede, vind herstel daarvan gouer plaas indien hulle oor diep gevestigde godsdienstige oortuigings beskik.
- Wanneer diep gelowige Christene diagnoseer word met ernstige fisiese ongesteldhede, is dit dikwels hul geloof wat hul daardeur dra en wat bydra tot die feit dat hulle agterna psigies sterker daaraan toe is.
- Mense wat gereeld deelneem aan godsdienstige rituele, soos byvoorbeeld kerkbywoning en gebed, het psigies meer gesond voorgekom.
- Mense wat geestelike ondersteuning aan ander bied, hetsy deur prediking, gebed of pastorale begeleiding, is minder depressief ten tye van siekte.
- Mense wat gereeld kerkdienste bywoon, bid en Bybel lees, is minder geneig tot die misbruik van alkohol of sigarette.

- Groter psigiese gesondheid, meer sosiale ondersteuning en 'n gelukkiger lewenstyl onder diegene wat hul geloof uitleef, veroorsaak dat hulle minder geneig is tot fisiese ongesteldhede.
- Mense wat aktief in die samelewing betrokke is in een of ander vorm van bediening, beskik oor groter immuniteit teen infeksies en siektes.
- Mense wat gereeld kerkdienste bywoon, bid en Bybel lees, se bloeddruk is laer en is minder vatbaar vir hipertensie.
- Mense wat gereeld kerkdienste bywoon lewe langer (Koenig vergelyk die effek hiervan met die voordele van iemand wat sy motor se veiligheidsgordel dra of iemand wat nie rook nie).
- Mense met 'n psigiese afwyking soos byvoorbeeld skisofrenie, het groter kans om 'n sinvolle lewe te lei indien hul oor 'n geestelike ondersteuningsbasis beskik.

Uit die resultate van Koenig se navorsing tot dusver blyk dit duidelik dat die geestelike sy nie langer ontken word, as 'n uiters belangrike komponent van 'n holistiese benadering tot die mens en sy probleme nie. Terwyl daar nog groot verskille is betreffende die wyse waarop hulpverleners godsdiens integreer met psigoterapie, het die klimaat binne die hulpwetenskappe al meer gunstig en ontvanklik geraak vir 'n geïntegreerde multidissiplinêre benadering en is sekere kriteria deur die APA ook reeds aangepas, naamlik:

1. In 1995 het die *American Psychiatric Association (*APA, 1995a) 'n volume *Practice Guidelines for the Psychiatric evaluation of adults* gepubliseer, wat die volgende riglyne bevat:

   (a) Belangrike kulturele en godsdienstige invloede moet in ag geneem word in die evaluasie van die pasiënt (p. 71).

   (b) Evaluasie moet gedoen word op 'n wyse wat sensitief is teenoor die pasiënt se individualiteit, identifiseerbare kwessies rondom ontwikkeling, kultuur, etniese grense, geslag, seksuele oriëntasie, familie/oorerflike patrone, geestelike/spirituele oortuigings, sosiale stand, fisiese en sosiale omgewing wat 'n invloed op die pasiënt se simptome en gedrag uitoefen (p. 74).

   (c) Die waardebepaling moet inligting insluit wat spesifiek is tot die individuele pasiënt en wat verder strek as die diagnostiese definisie. Hierdie inligting hou

verband met kultuur, etniese groep, geslag, seksuele oriëntasie en geestelike/spirituele oortuigings (p. 76).

2. Die DSM-IV-TR (APA, 2000:741) bevat 'n diagnostiese kode wat godsdienstige aspekte omskryf. In hierdie kode word geestelike en spirituele aspekte omskryf as 'n addisionele toestand wat kliniese begeleiding vereis.

3. In 1995 het die *American College for Graduate Medical Education* die volgende inligting ingesluit in die opleidingvereistes vir psigiaters en wat ook noodsaaklik is vir akkreditering deur die *Accreditation Council on Graduate Medical Education* (APA, 1995b):

   (a) Didaktiese opleiding in die voorstelling van biologie, fisiologie, kulturele, ekonomiese, etniese, geslagtelike, geestelik/spirituele, seksuele oriëntasie en familiegeskiedenis wat 'n merkwaardige invloed het op die fisiese en psigiese ontwikkeling van die pasiënt (p. 11-12).

   (b) Die studente moet voorsien word van inligting rakende die verskillende kulture en subkulture. Hierdie inligting moet kwessies insluit rondom seksuele aspekte, ras, etniese verskille, geestelik/spirituele aspekte en seksuele oriëntasie (p. 18).

Hieruit kan die afleiding gemaak word dat voor enige psigoterapeutiese intervensie kan plaasvind, die pasiënt se godsdienstige oortuigings (onder andere) eers in ag geneem moet word, om sodoende te bepaal of dit deel uitmaak van die oorsaak van die probleem en/of hoe dié oortuigings genesing kan help bevorder.

Koenig en Pritchett (1998:329-333) onderskei gevolglik die volgende ses geestelike intervensies wat tydens psigoterapie gebruik kan word:

- In die eerste plek vorm ondersteuning en empatie die basis in die hulpverleningsproses. Om na die pasiënt te luister en sy gesonde geestelike lewenswyse te erken, vorm 'n belangrike onderdeel van hierdie basis. Dié aanslag is veral waardevol in gevalle waar die pasiënt onder chroniese spanning gebuk gaan (1998:329).

- Tweedens kan die terapeut relevante Skrifgedeeltes kwoteer om hoop, selfwaarde en 'n gevoel van omgee en sorg te bevorder. Die Skrifgedeeltes kan vertroosting bied in tye wanneer die pasiënt op sy eie, sonder die terapeut, moet funksioneer. Die Bybel is vol van sketse van persone wat self ook angs, depressie, vrees, ensovoorts oorkom het en dit kan die pasiënt help fokus (1998:330).

- Derdens, sodra die spanningstoestand geïdentifiseer en aangespreek is en die pasiënt 'n emosionele ekwilibrium bereik het, word die terapeutiese fokus verskuif na die verandering van disfunksionele denke en gedrag. Hierdie verandering lei uiteindelik tot die integrasie van geestelike en spirituele beginsels (1998:330).

- Vierdens, die terapeut kan die pasiënt se godsdienstige wêreldbeskouing gebruik as basis waaruit verkeerde, disfunksionele denke en gedrag aangespreek word (1998:321).

- Vyfdens, in gevalle waar die terapeut om welke redes ook al onbekwaam voel om die pasiënt op geestelike terrein te begelei, kan hy die pasiënt verwys na 'n predikant, geestelike werker of pastorale berader (1998:321).

- Laastens vorm gebed – alhoewel baie kontroversieel – 'n belangrike intervensie in die psigoterapeutiese proses. Sommige terapeute beweer dat gebed kan lei tot onduidelikheid in rolverdeling tydens die hulpverleningsproses. Daar sal gevolglik nog baie gesprekvoering en navorsing rondom hierdie kwessie moet plaasvind voordat klarigheid gevind kan word. In teenstelling met sekere teenargumente is daar 'n aantal indikasies dat gebed wel aanvaarbaar is vir 'n groot persentasie van pasiënte tydens die terapeutiese proses (1998:332). Gebed kan 'n belangrike ondersteuningsbasis vorm in gevalle waar die pasiënt kroniese spanning ervaar of sukkel met kroniese gedragsprobleme. Koenig en Pritchett (1998:333) maak in hierdie verband die volgende voorstelle rakende gebed:

    - Gebede moet so kort as moontlik gehou word, korter as 'n minuut indien moontlik, omrede lang gebede meer afbrekend as opbouend kan wees.
    - Die pasiënt moet self bid en nie die terapeut nie - hy kan die gebed ondersteun deur bloot 'amen' daarop te sê.

- o Indien die pasiënt die terapeut wel vra om te bid, moet die terapeut in die algemeen bid vir ondersteuning, hoop en suksesvolle hantering van die probleem.
- o Die terapeut moet terugvoer vra oor hoe die pasiënt die gebed beleef het.

Om godsdiens en psigoterapie effektief te integreer, maak Carson en Koenig (2004:4) verder die stelling dat dit noodsaaklik is dat die basis van waaruit hulpverlening geskied, sal moet verander vanaf 'n suiwer klinies wetenskaplike aanslag, na 'n liefdevolle, empatiese, ondersteunende benadering. Hulle ondersteun hulle standpunt met Matt 22:37-39 waar die groot gebod van liefde gegee word:

> *"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."*

Elke mens is daarom dus geroep om God lief te hê en te eer deur sy hele lewenswandel, insluitende sy werk en alle verhoudings. Vanuit hierdie oogpunt is dit dus noodsaaklik dat die terapeut 'n bepaalde ingesteldheid teenoor sy hulpverlening sal handhaaf (Carson en Koenig, 2004:4-10), naamlik:

- 'n Geroepe dienaar streef daarna om kwaliteit tyd vir die pasiënt te gee deur na hom te luister en te probeer verstaan, sodat hy hoop vir die toekoms kan gee.
- 'n Geroepene tree in verhouding met die pasiënt en luister na sy pyn sonder enige oordeel.
- 'n Geroepene werk saam met die pasiënt op 'n rigtinggewende manier, eerder as om die probleem namens hom te wil oplos.
- 'n Geroepene streef na liefde en omgee, selfs al is die pasiënt ondankbaar, aggressief, onbereikbaar en liefdeloos.
- 'n Geroepene aanvaar sy eie gebrokenheid, menslikheid en kwesbaarheid, en daarom kan hy in verhouding uitreik na diegene wat gebuk gaan onder seer in die lewe.
- 'n Geroepene tree as fasiliteerder op ten opsigte van verandering in die pasiënt se lewe en verstaan dat hy nie verantwoordelik is vir die verandering wat moet intree nie.
- 'n Geroepene laat die pasiënt toe om sy eie keuses te maak en ondersteun hom daarin.

- 'n Geroepene besef dat oplossings vir probleme makliker bereikbaar is wanneer die pasiënt gedien word.
- 'n Geroepene besef dat hy nie noodwendig 'n einde aan die pasiënt se emosionele pyn kan bring nie, maar dat hy hom kan begelei tot 'n verstaan en verwerking daarvan.
- 'n Geroepene aanvaar ander mense soos hulle is en probeer nie om hulle te verander nie.
- 'n Geroepene is in staat om pasiënte te begelei, sodat hulle hul selfwaarde kan besef om sodoende hul doelwitte te kan bereik.

### 4.4.3 McCullough en Larson se bydraes

Volgens McCullough en Larson (1998:96) was een van die grootste uitkomste van die afgelope drie dekades se navorsing met betrekking tot die verhouding tussen godsdiens en sielkunde, die wetenskaplike bewustheid wat ontstaan het rondom die potensiële voordelige effek wat godsdiens op geestesgesondheid kan hê. Hulle wys in hierdie verband op uitgebreide studies in die sielkunde, psigiatrie, medisyne, sosiologie en pastorale berading waardeur 'n groot aantal navorsers 'n groot mate van eenstemmigheid bereik betreffende die feit dat godsdienstige faktore relevant is vir 'n omvattende verstaan van geestesgesondheid. Hierdie navorsing is egter nog maar in die beginstadium en in baie opsigte is dit nog 'n braakland. Vir die ontwikkeling van 'n wetenskaplike dissipline wat kan put uit die teologie én die sielkunde, is dit noodsaaklik dat 'n strategie vir navorsing ontwerp moet word. In hierdie verband maak McCullough en Larson (1998:98) 'n baie sinvolle voorstel wanneer hulle die veld van spesialisasie in ten minste vier dimensies verdeel, om sodoende 'n groter basis van algemeen geldende en klinies bruikbare kennis te ontwikkel.

Die vier dimensies is onderskeidelik die volgende:

- **Godsdienstige betrokkenheid**

  Die meting van godsdienstige betrokkenheid in die sosiale samelewing is geen maklike veld vir navorsers nie. In die eerste plek beleef elke mens godsdienstige betrokkenheid anders en tweedens verskil hul verbintenis tot godsdienstige betrokkenheid. Veralgemening van die verhouding tussen godsdiens en geestesgesondheid, sonder die inagneming van die individuele godsdienstige begrip en meting, lei na verkeerde afleidings rondom die invloed van geloof op geestesgesondheid. Spesialisasie in die

meting van godsdiens kan lei tot 'n groter verstaan van hoe godsdienstige ervarings soos betrokkenheid, gebed, meditasie of die pastorale begeleiding in tye van byvoorbeeld stres, die geestesgesondheid van die betrokke individu beïnvloed. Hierdie spesialisasie navorsing beleef tans 'n bottelnek fase, omrede daar geen wetenskaplik ontwikkelde barometer is om hierdie tendense te meet nie. Die ontwikkeling van so 'n barometer sal die weg open na 'n klinies bruikbare wetenskap van godsdiens en geestesgesondheid (1998:100).

- **Diagnostiese groeperings**

  Navorsers van geestesgesondheid en ook geestesafwykings is dit eens dat nie alle gevalle aan godsdienstige oorsake toegeskryf kan word nie en rondom hierdie aspek is daar 'n behoefte aan verdere navorsing. In hierdie verband is 'n benadering nodig waar daar ten tye van die diagnose ook gefokus word op die historiese aanloop en invloed van verskillende faktore wat verband hou met die betrokke individu se menslikheid, sy geskiedenis en sy verhouding met ander persone (1998:101).

- **Ouderdom**

  Net soos die wetenskap van medisyne, sielkunde en psigiatrie die noodsaaklikheid van spesialisasie met betrekking tot ouderdom besef het (byvoorbeeld pediatrie en geriatrie), moet die studie van geloof en geestesgesondheid ook hierdie noodsaaklikheid in ag neem vir effektiewe terapeutiese begeleiding. Twee redes noodsaak die spesialisasie, naamlik:

  - Namate mense verouder, verander hul godsdienstige betrokkenheid en verbintenis, en
  - namate mense verouder, verander hul geestesgesondheid en –afwykings ook (1998:102).

- **Geslag en etniese groepe**

  Dit is noodsaaklik dat navorsers ook op verskille soos geslag en etniese groepe sal fokus in hul studie met betrekking tot die verhouding tussen godsdiens en geestesgesondheid. Dit word genoodsaak deur die feit dat die uitdrukking van geloof, asook die manifestasies van geestesgesondheid en –afwykings tussen die geslagte en groepe verskil (1998:103).

### 4.4.4 Fitchett, Burton en Sivan se bydraes

Fitchett, Burton en Sivan (1997:320-326) het vanuit hul navorsing aangetoon dat psigiatriese pasiënte oor die algemeen ook oor geestelike behoeftes beskik wat, indien dit bevredig word, dit tot die proses van psigiese genesing kan bydrae. Een van hul navorsingsprojekte (1997:320-326) is onder 'n aantal pasiënte (ouderdom 20-89 jaar) in 'n psigiatriese eenheid gedoen en die volgende resultate en gevolgtrekkings het hieruit voortgespruit:

- 80% van die pasiënte het hulself as 'n gelowige of spirituele persoon beskou;

- 88% van die pasiënte het te kenne gegee dat hulle drie of meer geestelike behoeftes het. Hierdie behoeftes is verdeel in geestelike geloofsbehoeftes, geestelike praktiese behoeftes en geestelike sosiaal ondersteunende behoeftes.

    - Geestelike geloofsbehoeftes sluit die volgende in:
        - om God se teenwoordigheid te herken en te ervaar (84%);
        - om die sin van die lewe te verstaan (75%);
        - om verligting vir die vrees vir die dood te kan ontvang (51%).

    - Geestelike praktiese behoeftes:
        - die behoefte dat iemand vir hulle bid (80%);
        - die behoefte om met die nagmaal en sakramente bedien te word (39%);
        - die behoefte om eredienste te kan bywoon (84%).

    - Geestelike sosiaal ondersteunende behoeftes:
        - die omgee en ondersteuning van ander mense (90%);
        - die behoefte aan 'n leraar se besoek en gebed (65%);
        - die behoefte aan die besoek van geestelike werkers (59%).

### 4.4.5 McMinn se bydrae

McMinn (1996:65) ondersteun 'n eklektiese benadering met betrekking tot die verhouding tussen sielkunde, teologie en spiritualiteit. Hy beweer dat die vraag: *Werk sielkunde?* 'n verkeerde vraag is om te vra; die regte vraag sou wees: *Watter sielkundige teorie werk die beste met watter*

*persoon onder die omstandighede?* Net so is die vraag: *Werk gebed in die terapeutiese begeleiding?* ook die verkeerde vraag om te vra; die regte vraag sou wees: *Watter tipe gebed werk met watter persoon onder die unieke omstandighede?* Wanneer hierdie vrae beantwoord word, blyk dit dat gebed wel 'n deel van die terapeutiese proses moet uitmaak, maar dat dit nie noodwendig deel van die roetine behandeling is nie. Die kwessie of daar saam met die persoon gebid word, al dan nie, word gevolglik deur die teologiese ingesteldheid van die hulpverlener, asook die diagnose van die beradene bepaal.

### 4.4.6 La Torre se bydrae

La Torre (2004:38) is 'n praktiserende sielkundige met 'n holistiese genesingsbenadering, wat die moontlikheid ondersoek het om gebed te integreer in die psigoterapeutiese proses. Volgens haar is gebed en geloofsaspekte belangrike komponente wat in ag geneem behoort te word tydens die terapeutiese hulpverleningsproses. In haar poging om integrasie te bewerkstellig, omskryf sy gebed eerstens as moeilik beskryfbaar, omrede dit soveel simboliek bevat en somtyds kan begin en eindig sonder die noodwendige gebruik van woorde. Tweedens is gebed volgens haar 'n eenvoudige aksie waar die mens eenvoudig sy gedagtes en hart tot God rig. In die breë sin het gebed dus ook geen spesifieke godsdienstige affiliasie nie; daarom is dit eerder 'n formule van woorde, tekens, houding of selfs stilte wat heel dikwels 'n smeking impliseer. Derdens mag gebed 'n bewustelike of onbewustelike handeling wees; daarom kan dit selfs voorkom in 'n persoon se slaap. Vierdens bly gebed uiteindelik 'n aksie van die mens se wil om sy innerlike voor God bloot te lê.

Die integrering van gebed met die terapeutiese proses dra by tot 'n kragtige genesingshulpmiddel wat deur die eeue deur baie mense verstaan is en waarmee hulle gemaklik voel. Wanneer 'n terapeut besluit om gebed deel te maak van die hulpverleningsproses, moet hy self ook eers gebed verstaan en gemaklik daarmee voel.

Gebed kan volgens La Torre (2004:38) op drie maniere integreer word, naamlik:

- Die beradene kan buite die terapeutiese sessie bid, óf as gevolg van sy eie geestelike oortuiging, óf as gevolg van aansporing deur die terapeut. Hierdie benadering dra by tot die bekendstelling van gebed as 'n selfhelptegniek, sonder dat dit in die terapeutiese sessies ingesluit word.

- 'n Volgende opsie sou wees dat die terapeut buite die terapeutiese sessies vir die beradene sal bid. Die gebed kan in die algemeen wees of gefokus op 'n spesifieke behoefte waarvan die terapeut bewus is. Hierdeur maak die terapeut gebruik van die genesingskrag van gebed vir die beradene, ongeag die beradene se geestelike oortuiging.

- Die laaste opsie is wanneer die terapeut en die beradene saam tydens 'n terapeutiese sessie bid. Hulle kan hoorbaar of elkeen in stilte bid. Hierdie opsie is die mees intieme opsie van die drie en vereis 'n vooraf verstaan van die doel, manier en inhoud van die gebede. Hierdie benadering word egter die minste in die praktyk gebruik, omrede die meeste terapeute voel dat dit geestelik te eksplisiet word en dit laat die terapeut met 'n gevoel van ongemak. Ongeag die keuse of vorm van gebed, is dit belangrik vir die terapeut om insig en verstaan in sy eie en in die beradene se oortuigings rondom gebed te hê, voordat gebed geïntegreer word.

La Torre (2004:39) maak verder die voorstelling dat voor enige integrering van die geestelike by die sielkunde kan plaasvind, die terapeut homself die volgende vrae moet afvra:

- **Geloof**
  Hoe kan enige geestelike intervensie die beradene help om in die spesifieke omstandighede te kan oorleef en watter oortuigings kan die lewe vir hom weer sinvol maak?
- **Belangrikheid en invloed**
  In watter mate het geloof 'n invloed op die beradene se lewe en hoe beïnvloed dit belangrike keuses wat hy moet maak?
- **Ondersteuning**
  Geniet die beradene geestelike ondersteuning van ander mense wat hom buite die terapeutiese opset kan bystaan?
- **Aanspreeklikheid**
  Hoe kan die geestelike intervensie binne die terapeutiese hulpverleningsproses verantwoord word?

Hierdie benadering lei tot 'n openheid tussen die terapeut en die beradene om geestelike intervensie te bespreek. Sodoende kan 'n effektiewe plan van aksie opgestel word, wat aanleiding

tot die integrering van gebed in die proses kan gee. Gebed kan slegs geïntegreer word tot die mate waarmee die terapeut gemaklik voel en die beradene se behoeftes dit toelaat.

### 4.4.7 Gubi se bydrae

Gubi (2004:461) het 'n ondersoek gedoen na die gebruik van gebed binne die hoofstroom van hulpverlening. Tydens die ondersoek is daar met 700 psigiaters, sielkundiges, beraders en maatskaplike werkers gekonsulteer. Die data verkry in hierdie ondersoek toon aan dat gebed 'n al groter betekenisvolle rol in die terapeutiese proses uitoefen, maar dat veel meer navorsing nodig sal wees ten einde die waarde van gebed ten volle tot sy reg te laat kom.

Die volgende belangrike punte het uit die navorsing geblyk:

- Redenasies ten gunste van die gebruik van gebed as deel van die terapeutiese proses (2004:470):
    - Gebed vorm 'n kragtige terapeutiese basis.
    - Gebed verleen 'n ekstra dimensie aan die terapeutiese proses.
    - Gebed kan veroorsaak dat die nodige vertrouensverhouding tussen die hulpverlener en die beradene vestig.
    - Gebed veroorsaak 'n ontspanne atmosfeer en 'n algehele gevoel van veiligheid, sodat die meer angswekkende situasies bespreek kan word.
    - Gebed is 'n indrukwekkende hulpmiddel veral met betrekking tot visualiseringstegnieke.
    - Gebed het 'n kalmerende effek, veral in tye van groot ongemak en verlies.
    - Gebed kan 'n belangrike positiewe bydrae tot die hulpverleningsproses lewer, veral in gevalle waar die hulpverlener en die beradene hul verwagtinge openlik kan bespreek.
    - Gebed omsluit 'n belangrike 'oorgee-beginsel', veral in gevalle van mede-afhanklikheid.

- Voorwaardes gestel vir die gebruik van gebed in die terapeutiese proses (2004:471):

    - Gebed moet kultureel aanvaarbaar wees. Die beradene moet daardeur opgebou word en nie aanstoot daarteen neem nie.
    - Gebed moet met die nodige diskresie, sorg en sensitiwiteit gebruik word. Dit mag nooit geforseerd gebruik of misbruik word nie.
    - Die beradene moet saamstem met die gebruik van gebed en hy moet die inisieerder daarvan wees en nie die hulpverlener nie.
    - Die hulpverlener mag nooit sy geloof op die beradene op so 'n manier probeer afdwing nie.
    - Die beradene moet altyd veilig voel om aan sy eie geloof uitdrukking te kan gee.
    - Die hulpverlener moet soos met die gebruik van enige ander terapeutiese tegniek, instaat wees om duidelike verantwoording vir die gebruik van gebed in die proses te kan gee.
    - Die hulpverlener en die beradene moet albei 'n duidelike verstaan en insig in die gebeure hê.
    - Tydens gebed moet die hulpverlener sy woorde versigtig kies en dit moet vir die beradene verstaanbaar wees.
    - Die hulpverlener en die beradene se motiewe moet duidelik wees.
    - Die ideaal is dat gebed 'n spontane uitvloeisel vanuit die terapeutiese verhouding sal wees.

- Redenasies teen die gebruik van gebed as deel van die terapeutiese proses (2004:472):

    - Gebed kan lei tot 'n 'samespanning' tussen die hulpverlener en die beradene, wat tot gevolg het dat ander belangrike leidrade nie opgevolg word nie. Die verantwoordelikheid word dan as't ware na God verskuif.
    - Gebed kan direktief of misbruikend wees, veral in gevalle waar dit deur die hulpverlener afgedwing word en nie die beradene se goedkeuring wegdra nie.
    - Gebed kan ontmagtigend wees, deurdat die verantwoordelikheid vir besluitneming en bemagtiging as't ware van die beradene weggeneem word en na God verskuif word.

- Gebed kan op hierdie wyse verhinder dat die beradene verantwoordelikheid vir sy eie lewe en besluite neem.
- Gebed kan gesien word as 'n ontsnapping en vermyding van erkenning en hantering van die realiteite van onaangename herinneringe.
- Die hulpverlener kan gebed as in die proses om sensitiewe kwessies te vermy as 'n manier van ontsnapping gebruik.
- Gebed kan die fokus vanaf die 'hier en nou' verskuif en sodoende word geen verantwoording geneem nie.
- Gebed wat op hierdie wyse funksioneer, kan daartoe lei dat die beradene in 'n sekere sin 'n 'beperking' op sy lewe plaas en aan 'n vorm van misleiding toegee.
- Die gebruik van gebed kan aanleiding gee tot die ontstaan van kwessies rondom beheer en grense. Dit kan lei tot onduidelikheid in rolverdeling tydens die hulpverleningsproses. *('I am a counselor, not a priest. I believe it is important that clients know where you are coming from .... ').*
- Die hulpverlener kan gebed gebruik as gevolg van sy eie onvermoë en gebrek aan sekuriteit in sy hulpverlening en nie soseer omrede dit 'n behoefte by die beradene is nie.
- Gebed kan die beradene laat skuldig voel, omdat hy sekere emosies beleef en dit dan as onchristelik beskou. Dit kan aanleiding gee tot die vermyding van emosies, eerder as wat dit bevorderlik vir die genesingsproses is.
- Die hulpverlener kan druk op die beradene plaas deur die gebruik van gebed.
- Gebed tydens die hulpverleningsproses kan as veroordeling geïnterpreteer word.
- Die beradene kan die hulpverlener probeer beheer deur aan te dring op gebed tydens die hulpverleningsproses.
- In sommige gevalle sou gebed dan beskryf kon word as 'n vorm van wensdenkery deur onervare hulpverleners.
- Gebed kan die dinamiek van die hulpverleningsverhouding verander.

Uit bogenoemde redenasies blyk dit eerstens dat daar baie ambivalente gesindhede rondom die gebruik van gebed in die hulpwetenskappe is, maar tweedens dat die gebruik van gebed as deel van die terapeutiese proses nie langer meer heeltemal ontken kan word nie. Alhoewel daar baie teenredenasies is, word die rol van gebed dan ook al meer erken. In die lig van hierdie ontwikkelinge is dit volgens Gubi (2004:475) vervolgens belangrik dat daar bepaal sal word: (1) hoe die bepaalde hulpverleners gebed in hul terapeutiese hulpverleningsproses inkorporeer;

(2) hoe en waarom hulle van gebed gebruik maak; (3) hoe verantwoord hulle is in die gebruik van gebed; (4) wat hulle etiese oortuigings is; (5) watter aspekte verhinder toepaslike supervisie; en (6) kan hierdie insigte gebruik word om bepaalde riglyne te formuleer in die multi-geloof/multi-kulturele konteks. Volgens Gubi (2004:475) behoort vrae soos hierdie die basis van verdere navorsing te vorm rondom die kwessie van die gebruik van gebed binne die hoofstroom van hulpverlening deur die hulpwetenskappe.

#### 4.4.8 *Office of Prayer Research*

*Unity* is 'n interkerklike organisasie wat in 1889 gestig is, met die oogmerk om mense van alle gelowe tydens hulle spirituele reis te ondersteun, asook om hulle te help om die positiewe spirituele beginsels in hul daaglikse lewe te inkorporeer. *Unity* beskik oor 'n gebedsbediening waar hulle jaarliks gemiddeld twee miljoen gebedsversoeke van regoor die wêreld ontvang. Verder word die tydskrif *Daily Word* reeds vanaf 1926 deur hulle versprei met nagenoeg een miljoen lesers vanuit 175 verskillende lande. Tydens die wêreldwye konferensie van die *Parlement van Wêreld Gelowe* in 2004, het die president van *Unity,* Dr. Tom Zender, die geleentheid gebruik om die stigting van die *Office of Prayer Research* aan te kondig. Taylor (2004) berig dat dit 'n poging is om godsdiens en wetenskap te versoen. Die missie van die *Office of Prayer Research* is daarop gerig, om enersyds wetenskaplike navorsing rondom die effek van gebed in die genesingsproses te bevorder en andersyds ook te dien as basis vir die bekendmaking en uitruil van inligting vanuit navorsing op hierdie gebied. Met hierdie stigting is 'n platform geskep waar wetenskaplikes en geestelike werkers vanuit alle hulpwetenskappe in 'n gunstige klimaat navorsing kan doen ten opsigte van 'n geïntegreerde multidissiplinêre benadering. Bob Barth is aangestel as die direkteur van die *Office of Prayer Research.*

Aan die einde van 2005 publiseer hy die volgende statistieke vanuit die resultate van meer as 200 navorsingstudies met betrekking tot gebed (Barth, 2005):

- In 75% van die gevalle was daar positiewe resultate wat toegeskryf word aan gebed.
- In 17% van die gevalle het gebed geen effek gehad nie.
- In 7% van die gevalle was daar negatiewe gevolge. Hy verduidelik dat die negatiewe gevolge moontlik kon ontstaan het vanuit wanpersepsies rondom God of gebed, byvoorbeeld "*God het my siek gemaak vir 'n doel.*"

Ten spyte van dié positiewe gevolgtrekkings, berig Barth (2005) dat daar steeds meer vrae as antwoorde rondom die effek van gebed is. Vrae wat steeds onbeantwoord bly, is onder andere:

- Hoe kan die waarde van iets so persoonlik, soos gebed, werklik bepaal word?
- Is daar enigsins 'n verskil tussen die gebede van 'n Boeddhis en dié van Christene?
- Hoeveel keer moet daar gebid word voordat resultate verkry word?
- Wat moet die tydsduur en frekwensie van die gebede wees?

Alles in ag genome, kan die positiewe effek van gebed egter nie ontken word nie en bepleit Barth die voortsetting van hierdie navorsing wanneer hy Albert Einstein se woorde aanhaal: *"Religion without science is lame; science without religion is blind."* Die *Office of Prayer Research* daag hiermee dan ook die geestelike werkers uit om nie 'n verlammende houding in te neem nie, maar om met geloof en vertroue in God hierdie navorsing te ondersteun. As God die Skepper van die heelal is, dan beteken dit dat Hy ook die Skepper van die wetenskap is; sou dit dan nie net voordeel inhou om saam met die wetenskap te werk om tot groter insig van God se werke te kom nie? In dieselfde sin word wetenskaplikes ook uitgedaag om hulle nie blind te hou vir die godsdiens nie. Geen soektog na kennis mag ooit as belaglik afgemaak word nie. Vir wetenskaplikes om gebedsnavorsing te verwerp, impliseer 'n blindheid soortgelyk aan dié van die kerk in die destydes verwerping van Copernicus, net omrede hulle nie wou glo dat die son die middelpunt van die heelal was nie.

### 4.4.9 *George Washington Institute for Spirituality and Health (GWish)*

Die *George Washington Institute for Spirituality and Health (GWish)* (2007) is 'n universiteits-gebaseerde organisasie, wat werk na 'n meer empatiese sisteem van gesondheidsorg deur te poog om die hart en menslikheid terug te bring in die wetenskap van genesing. Om in hierdie doel te slaag, verbind hulle hulself aan voortdurende navorsing, opleiding en beleidsake wat daarop gefokus is om die spirituele behoeftes van die pasiënte, hul families en hulpverleners aan te spreek. Die organisasie is in Mei 2001 gestig en word beskou as een van die voorloper organisasies in die poging om spiritualiteit en gesondheidsorg te integreer. Dr. Christina M. Puchalski, stigterslid en direkteur van *GWish,* het die woorde van Victor Frankl – *"The spiritual dimension cannot be ignored, for it is what makes us human"* – as uitdaging aanvaar en haarself tot hierdie roeping verbind. *GWish* onderskryf die standpunt dat dit essensieel is dat hulpverleners

die spiritualiteit van pasiënte sal respekteer en moet probeer om die kernwaardes daarvan te verstaan, eerder as om op die verskille tussen die verskillende gelowe ter konsentreer. Wanneer daar erkenning aan die geestelike dimensie gegee word, sal die pasiënt liefde, respek en ondersteuning beleef.

In die bereiking van hierdie doelwit beklemtoon *GWish* (Puchalski, 2007) die noodsaaklikheid daarvan om te streef na die volgende veranderings in die gesondheidsorg, naamlik:

1. Met betrekking tot die verskillende hulpverleners is die volgende veranderings noodsaaklik:

    - 'n Erkenning en aanvaarding dat hulle verantwoordelik is vir die fisiese, emosionele, geestelike én sosiale welstand van hul pasiënte.
    - 'n Holistiese ondersteuning van pasiënte tydens behandeling.
    - Die aanvaarding dat geestelike aspekte aangespreek moet word as deel van hul roetine behandeling.
    - Die vorming van samewerkings vennootskappe met predikante, pastorale beraders en ander geestelike werkers.
    - 'n Erkenning dat hul eie spiritualiteit 'n sleutelrol in hul professionele lewe speel en dat dit 'n bepalende faktor in hul interaksie met die pasiënte is.

2. Met betrekking tot 'n meer holistiese benadering in die gesondheidsorg in die algemeen moet daar voorsiening gemaak word vir die insluiting van die volgende:

    - Opleidingsprogramme van die verskillende hulpwetenskappe moet voorsiening maak vir die insluiting van spirituele aspekte.
    - Navorsingsprojekte ten opsigte van die integrering van die spirituele in die gesondheidsorg moet promoveer word.
    - In die administrasie en beleidmaking van gesondheidsorg moet die spirituele groter erkenning geniet.

3. Met betrekking tot die sosiale aspekte is die volgende noodsaaklik:

- 'n Erkenning van die rol wat die spirituele uitoefen in gesondheidsorg, veral ten tye van chroniese siekte en terminale behandeling.
- 'n Groter bewuswording en bemagtiging van die publiek ten opsigte van die rol wat die spirituele in die gesondheidsorg uitoefen.

## 4.5 EVALUERING VAN NAVORSING VAN BELANGRIKE ROLSPELERS

Vanuit hierdie navorsing is dit duidelik dat daar die afgelope drie eeue 'n al groter bewustheid en erkenning vir die integrering van godsdiens in die hulpwetenskappe ontstaan het. Hoewel nog baie navorsing nodig is, is die eerste stappe tot 'n multidissiplinêre benadering reeds geneem. Verder is daar met hierdie navorsing 'n platform vir gesprekvoering deur die verskeie rolspelers geskep, wat elk 'n besondere bydrae gelewer het en steeds lewer. Seligman (vgl. 4.4.1) is met die ontwikkeling van die Positiewe Sielkundige Netwerk verantwoordelik vir die vernouïng van die kloof tussen die sielkunde en godsdiens. Koenig (vgl. 4.4.2) het homself verbind tot die integrering van godsdiens met die psigoterapie en genesingsorg in die algemeen en streef daarna om – met groot sukses – ander wetenskaplikes van hierdie braakland bewus te maak. In sy navorsing span Koenig gereeld kragte saam met ander navorsers en sodoende word die bewustheid van godsdiens (waaronder dan ook gebed) in die hulpwetenskappe al groter en groter. Hierdie hele proses het tot gevolg gehad dat die APA vanaf 1994 al meer erkenning gegee het aan belangrikheid van sekere godsdienstige temas. McCullough en Larson (vgl. 4.4.3) het die wetenskaplike bewustheid wat ontstaan het rondom die potensiële voordelige effek wat godsdiens op die geestesgesondheid kan hê, verder belig met hulle voorstel om die veld van spesialisasie in ten minste vier dimensies te verdeel. Hulle oogmerk hiermee is die uiteindelike ontwikkeling van 'n wetenskaplike dissipline wat kan put uit die teologie én die sielkunde. Fitchett, Burton en Sivan (vgl. 4.4.4) het met hul navorsing onder psigiatriese pasiënte aangetoon dat die pasiënte oor sekere geestelike behoeftes beskik wat, indien dit bevredig word, kan bydrae tot die proses van genesing. In hul navorsing is verskeie geestelike behoeftes uitgelig. McMinn (vgl. 4.4.5) is 'n voorstander vir 'n eklektiese benadering met betrekking tot die verhouding tussen sielkunde, teologie en spiritualiteit. Hy ondersteun ook die rol wat gebed uitoefen in die terapeutiese hulpverleningsproses. La Torre (vgl. 4.4.6) sluit hierby aan met 'n holistiese genesingsbenadering, wanneer daar spesifiek verwys word na die gebruikmaking van gebed as

deel van die terapeutiese proses. Alhoewel sy die integrering verwelkom, beklemtoon sy dat die terapeut ten alle tye gemaklik en in beheer van die terapeutiese behandeling moet wees. Gubi (vgl. 4.4.7) het die klimaat rondom die gebruik van gebed in die hoofstroom hulpverleningsproses getoets en vorendag gekom met verskeie redenasies vir en teen die gebruik van gebed. Verder het hy ook sekere voorwaardes gestel vir die gebruik van gebed in die terapeutiese hulpverleningsproses. Die *Office of Prayer* en *GWish* (vgl. 4.4.8 en 4.4.9) is beide organisasies wat hulle beywer vir die integrering van godsdiens (en in besonder gebed) en die genesingswetenskap. Statistieke wat gepubliseer word, dui die positiewe effek aan wat geestelike aspekte op die gesondheid van die mens het. In hul navorsing word verskeie veranderinge in die onderskeie wetenskappe egter steeds bepleit.

Uit al bogenoemde navorsing blyk dit eerstens dat daar steeds baie ambivalente gesindhede rondom die integrering van godsdiens (en veral dan rondom die gebruik van gebed) en die genesingswetenskap is, en tweedens dat die nodigheid vir 'n multidissiplinêre benadering nie langer ontken kan word nie. Die verskillende fokuspunte in die navorsing vul mekaar goed aan. Tog is daar steeds ook struikelblokke in die daarstelling van duidelike riglyne rondom die gebruik van gebed as roetine behandeling in die hulpwetenskappe. Al die navorsers is dit egter eens dat hierdie navorsing nog maar in die beginstadium is en dat daar nog baie werk voorlê, ten spyte van al die kritiek en teenredenasies. Die meeste van die navorsers is dit eens dat 'spiritualiteit' eintlik 'n beter term sou wees om in hierdie proses te gebruik aangesien dit 'n breër term as 'teologie' is – die praktyke binne verskeie gelowe sou hierdeur dan ook geakkommodeer kan word.

Die onderhawige studie word egter vanuit 'n Christelik pastorale oogpunt gedoen binne die breër veld van die Gereformeerde teologie en sal die bevindinge van die navorsing gebruik in soverre dit die vertrekpunte daarvan ondersteun.

## 4.6 SAMEVATTING VAN METATEORETIESE PERSPEKTIEWE

- Die mens is 'n holistiese wese. Ten spyte van die feit dat genesing en godsdiens baie nou verbonde was gedurende die vroeë eeue van die kerkgeskiedenis, het daar later 'n skeiding tussen die twee gekom en is elk in 'n eie wetenskap ontwikkel. Dit het tot gevolg gehad dat elke wetenskap net op sy eie fokusveld gerig was. In die laaste drie dekades het navorsers egter weer die belangrikheid van 'n holistiese benadering besef en is verskeie

navorsingsprojekte sedertdien geloods om die effek van godsdiens op genesing te ondersoek.

- Daar het ook binne die terrein van die sielkunde al meer erkenning gekom ten opsigte van die belangrikheid van aspekte wat eintlik meer op die geestelike terrein figureer. Seligman het 'n besondere bydrae gelewer tot hierdie erkenning en dit het bygedra tot die uiteindelike geboorte van die sogenaamde Positiewe Sielkunde Netwerk. Die Positiewe Sielkunde Netwerk se teorieë is veral gebaseer op ses kernbeginsels wat dien as 'buffers' teen psigiese afwykings.

- Sedert 1985 het Harold Koenig die weg begin baan vir navorsing rondom godsdiens en gesondheidsorg in die algemeen, insluitende 'n spesifieke fokus op psigoterapie. Verskeie bevindings van navorsingsprojekte waarin hy 'n groot rol gespeel het, is in boeke en artikels wêreldwyd gepubliseer. Hierdie navorsing beklemtoon hoofsaaklik die positiewe bydrae wat godsdiens op die gesondheid van die mens het.

- Terwyl daar nog groot verskille is betreffende die wyse waarop hulpverleners godsdiens integreer met psigoterapie, het die klimaat binne die hulpwetenskappe al meer gunstig en ontvanklik geraak vir 'n geïntegreerde multidissiplinêre benadering en is sekere kriteria deur die APA in hierdie verband reeds geformuleer.

- Een van die grootste uitkomste van die afgelope drie dekades se navorsing is die al groter wetenskaplike bewustheid wat ontstaan het rondom die potensieel voordelige effek wat godsdiens op geestesgesondheid kan hê. Indien hierdie veld van spesialisasie in verskillende dimensies verdeel kan word, sou dit positief kon bydra tot die ontwikkeling van 'n groter basis van algemeen geldende en klinies bruikbare kennis.

- Navorsing het verder getoon dat psigiatriese pasiënte heel dikwels oor geestelike behoeftes beskik wat, indien dit bevredig sou word, dit kan bydra tot die proses van psigiese genesing.

- Gebed en geloofsaspekte is belangrike komponente wat in ag geneem behoort te word tydens die terapeutiese hulpverleningsproses. In 'n holistiese benadering blyk dit dat gebed

’n kragtige genesingshulpmiddel is wat deur baie mense verstaan word en waarmee hulle gemaklik voel.

- In ’n besondere poging om godsdiens en wetenskap te versoen, is die *Office of Prayer Research* in 2004 gestig. Met dié stigting is ’n platform geskep waar wetenskaplikes en geestelike werkers vanuit alle hulpwetenskappe in ’n gunstige klimaat navorsing kan doen ten opsigte van ’n geïntegreerde multidissiplinêre benadering.

- Die *George Washington Institute for Spirituality and Health (GWish)* is ’n organisasie wat hulself beywer vir ’n meer empatiese sisteem van gesondheidsorg waar daar opnuut op intimiteit en menslikheid binne die wetenskap van genesing klem gelê word – faktore wat gaandeweg in die proses verlore geraak het. Om in hierdie doel te slaag, verbind hulle hulself aan voortdurende navorsing, opleiding en beleidsake wat gefokus word op die hantering van die spirituele behoeftes van die pasiënte, hul families en hulpverleners.

# HOOFSTUK 5

## EVALUERING VAN DIE RESULTATE VAN 'N EMPIRIESE ONDERSOEK

### 5.1 INLEIDING

In hierdie studie word daar teoretiese sowel as empiriese navorsing gedoen. Deur middel van die empiriese ondersoek word die praktyk ontleed en word die resultate uiteindelik geïnkorporeer in nuwe praktykteoretiese riglyne. Daarom is ook, naas die literatuurstudie, van 'n kwalitatiewe empiriese ondersoek deur deur middel van onderhoude gebruik gemaak ten einde die rol van gebed te evalueer met betrekking tot die proses van innerlike genesing. In terme van die model van Zerfass (wat in hoofstuk 2 redelik uitvoerig uiteen gesit is) maak hierdie hoofstuk deel uit van die metateorie, waar 'n situasie analise gedoen word ten einde dit in wisselwerking met die teoretiese perspektiewe te kan bring vir die uiteindelike vorming van nuwe praktyk teoretiese riglyne.

### 5.2 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Met betrekking tot navorsingsmetodologie binne die Geesteswetenskappe oor die algemeen onderskei Strydom (1999:72) die volgende vyf vlakke:

| | | |
|---|---|---|
| Vlak een: | Soort navorsing. | Basies of toegepas. |
| Vlak twee: | Benadering/Perspektief. | Kwalitatief of kwantitatief. |
| Vlak drie: | Navorsingsontwerp. | Verkennend, beskrywend of verklarend. |
| Vlak vier: | Navorsingsprosedure/-metodes. | Opname prosedure, enkelstelselontwerp, eksperimentele ontwerp, intervensie navorsing, ontwikkelings- en benuttingsnavorsing, deelnemende aksie navorsing, deelnemende waarneming, sekondêre analise, gevallestudie. |
| Vlak vyf: | Wyses van data-insameling. | Meetinstrumente, skale of vraelyste. |

Volgens Strydom (1999:72) is dit belangrik om eerstens te besluit word watter soort navorsing ter sprake is, dit wil sê of dit basies of toegepas of 'n kombinasie van beide is. Hierna moet 'n besluit oor die benadering/perspektief ten opsigte van die beoogde projek geneem word. Daar moet naamlik besluit word of die ondersoek kwantitatief of kwalitatief of 'n kombinasie van beide sal wees. Daarna kan die navorsingsontwerp geselekteer word, hetsy verkennend, verklarend, beskrywend of weereens 'n kombinasie. Vervolgens kan daar op 'n prosedure besluit word, asook op die wyse van data-insameling. By laasgenoemde lê die keuse tussen onderhoude, meetinstrumente, skale of vraelyste.

Strydom (1999) beskryf bogenoemde begrippe kortliks soos volg:

| | |
|---|---|
| Basiese navorsing | Suiwer navorsing wat intellektuele uitdagende vrae aan die navorser stel. Dit sluit die toetsing van hipoteses in wat abstrakte en gespesialiseerde konsepte omvat. Dit word uitgevoer binne 'n kontekstuele raamwerk en bou op voorafgaande navorsing (1999:73). |
| Toegepaste navorsing | Dit is daarop gemik om 'n probleem in die praktyk op te spoor en strategieë ter oplossing van die probleem voor te stel (1999:73). |
| Kwantitatiewe navorsing | Fokus op die kwantifisering van data. Meet objektiewe feite. Fokus op veranderlikes. Betroubaarheid is die sleutelfaktor. Waardevry. Onafhanklik van die konteks. Baie gevallestudies. Situasie analise. Navorser staan los van situasie (1999:74). |
| Kwalitatiewe navorsing | Konstrueer kulturele betekenis. Fokus op interaktiewe gebeure. Getrouheid is die sleutelfaktor. Waarde is teenwoordig en eksplisiet. Situasie gebonde. Min gevallestudies. Tematiese analise. Navorser diep betrokke (1999:74). |
| Verkennende navorsingsontwerp | Word gebruik wanneer daar min oor 'n onderwerp bekend is en dit selfs moeilik is om hipoteses daaroor te formuleer. Vanuit die ondersoek word hipoteses vir verdere ondersoeke geformuleer (1999:77). |
| Beskrywende navorsingsontwerp | 'n Sistematiese, objektiewe en volledige beskrywing van die werklikheid. Streekproeftrekking berus absoluut op waarskynlikheidseleksie (1999:77). |

| | |
|---|---|
| Verklarende navorsingsontwerp | Dit beoog die verbetering van insig deur feite met mekaar in verband te bring. 'n Logiese proses waar verskillende stelle feite met mekaar in verband gebring word. Die navorser kan geregverdigd sekere logiese afleidings maak (1999:78). |
| Enkelstelselontwerp | Handel hoofsaaklik oor integrering van navorsing en praktyk. Dit verwys na die bestudering van 'n enkele subjek op 'n herhalende grondslag (1999:79). |
| Eksperimentele navosing | Dit is 'n hoogs gekontroleerde poging om die bestaan van 'n oorsaaklike verband tussen een of meer onafhanklike veranderlikes en een of meer afhanklike veranderlikes te verkry. Eksperimente word gedoen tussen twee groepe, naamlik die eksperimentele- en kontrolegroep (1999:80). |
| Opname prosedure | Navorser maak veldopnames tydens die navorsing. Die primêre doel is om feitlike inligting te bekom ten opsigte van een of ander aspek van die werklikheid vir die doel van beskrywing, verklaring of beplanning (1999:80). |
| Deelnemende aksie navorsing | In deelnemende aksie navorsing gaan dit oor sekere sleutelterme soos gemeenskap, bemagtiging, gemeenskapsdeelname, maatskaplike netwerk, ondersteuning en mobilisering. Proefpersone neem aktief deel in die proses om hul eie probleme op te los en benut die hulpbronne optimaal (1999:82). |
| Intervensie navorsing | Dit is 'n teikensisteem wat op 'n bepaalde stadium 'n probleem in 'n bepaalde gemeenskap is en word as probleem geïdentifiseer in samewerking met die gemeenskap/proefpersone. Die doelstelling en werkswyse word in samewerking met die teikensisteem vasgestel. Die model is daarop gerig om lig te werp op of om moontlike oplossings vir praktiese probleme te voorsien (1999:82). |
| Ontwikkelings- en benuttingsnavorsing | Dit is toegepas op die generering van nuwe tegnologie. Programme het 'n beperkte lewensduur, omdat die gemeenskap aan vinnig veranderende omstandighede blootgestel is (1999:83). |

| | |
|---|---|
| Gevallestudie | Dit kan omskryf word as die ondersoek na 'n geselekteerde objek as 'n geheel. Die geval kan 'n individu, 'n gesin, 'n groep of 'n gemeenskap wees, dit wil sê enige aspek van die werklikheid waarteenoor daar as 'n eenheid gereageer kan word. Dit is 'n in-diepte, intensiewe ondersoek van 'n enkel geval of van gevalle in hul lewenswerklike konteks, waarin 'n veelheid veranderlikes in 'n totaliteitsbenadering bestudeer word (1999:83). |
| Deelnemende waarneming | Dit is wanneer die navorser op 'n verskeidenheid punte op 'n kontinuum betrokke is by die gemeenskap/proefpersone wat bestudeer word. Die rol kan wissel van algehele waarnemer tot algehele deelnemer (1999:84). |
| Sekondêre analise | Sekondêre analise word terugwerkend op 'n situasie gedoen. Pogings word dus aangewend om die oorspronklike situasie te rekonstrueer. Die klem val op die herbewerking van inligting uit 'n vorige ondersoek, waaroor 'n verslag behoort te bestaan of andersins moet die data ten minste in 'n semi-verwerkte vorm beskikbaar wees. Die prosedure moet dus 'n nuwe verklaring of perspektief op die eerste ondersoek gee (1999:84). |

Met in agneming van bogenoemde het navorser op die volgende benaderingswyse ten opsigte van die onderskeie vlakke in hierdie studie besluit:

| | | |
|---|---|---|
| Vlak een: | Soort navorsing. | Basiese navorsing, omrede dit suiwer navorsing is wat aan navorser intellektuele vrae gestel het. Hipoteses is getoets wat abstrakte en gespesialiseerde konsepte omvat het en die studie is uitgevoer binne 'n kontekstuele raamwerk. |

| | | |
|---|---|---|
| Vlak twee: | Benadering/Perspektief. | Hierdie studie is kwaltitatief benader, omrede dit die eiesoortige karakter van die verskynsel bestudeer. Die kwalitatiewe benadering integreer hipoteses en veralgemenings as deel van die ondersoek. Verdere belangrike kenmerke word onder punt 5.2.1 beskryf. |
| Vlak drie: | Navorsingsontwerp. | Beskrywend, omrede die studie 'n sistematiese, objektiewe en volledige beskrywing van die werklikheid weergee. |
| Vlak vier: | Navorsingsprosedure/-metodes. | In hierdie studie is gebruik gemaak van die bydraes deur vyf deelnemende navorsers wie se lewenswerklike kontekste deur middel van onderhoude, beradingsessies, asook 'n vraelys ondersoek is, ten einde die rol van gebed in die innerlike genesingsproses in die praktyk te toets. Volledige beskrywing volg onder punt 5.3. |
| Vlak vyf: | Wyses van data-insameling. | Data-insameling het plaasgevind deur middel van semi-gestruktueerde onderhoude/beradingsessies, met die gebruikmaking van voorafopgestelde vraelyste. Die onderhoudprosedures word onder punt 5.2.2.1 en die oogmerke en samestelling van die vraelyste onder punt 5.2.2.2 bespreek. |

### 5.2.1 Kwalitatiewe navorsing

Soos reeds hierbo aangedui, word daar vervolgens in hierdie studie gebruik gemaak van die kwalitatiewe styl – teenoor byvoorbeeld die kwantitatiewe benadering (verglyk in hierdie verband Neuman, 1997:14). Die volgende eienskappe is vervolgens tiperend van kwalitatiewe navorsing:

- Kwalitatiewe navorsing gebruik logika in die praktyk, wat dit makliker maak om die gevoelstoestand van mense in sekere situasies te bepaal (Strydom, 1999:74; Steyn, 2005:123, Lindeque, 2006:197).

- Dit maak verder veral ook staat op die informele wysheid van die navorser wat in die praktyk opgedoen word. Die konteks is dus krities. Kwalitatiewe navorsers benadruk die belangrikheid van die sosiale konteks om die sosiale wêreld te kan verstaan. Die betekenis van enige gebeure hang in 'n groot mate af van die konteks waarin dit plaasvind (Neuman, 1997:330; Botha, 2004:109; Grobbelaar, 2007:89; Steyn en Lotter, 2006:106).

- Volgens Janse van Rensburg (2007a:7; 2007b:8), Steyn (2005:123) en Grobbelaar (2007:89) is kwalitatiewe navorsing induktief en kontekstueel. Tydens die navorsing word daar verder ook gefokus op die emosionele sy en die egtheid van die betrokke deelnemers. Dit is hoofsaaklik 'n subjektiewe benadering wat gerig is op die waarneming en verstaan van die deelnemers se ervarings, optredes, gebeure en emosies. Die navorser is betrokke in die proses en nie op 'n afstand nie. Die persepsies, ervarings en emosies van die deelnemer is dominant in die oriëntasie van die studie. Kwalitatiewe navorsing is dus beskrywend en/of verkennend. Verder het die navorser 'n bepaalde invloed op die verloop van die gesprekke en daarom dra beide die navorser en die deelnemer waardes en persepsies in die kwalitatiewe proses in. Die proses is hoogs-individueel (kontekstueel) en bevindings kan dus nie normatief-veralgemenend wees nie. Waar kwantitatiewe navorsing algemene riglyne wil identifiseer wat na ander mense en situasie deurgetrek kan word, is kwalitatiewe navorsing daarop gerig om persone en samelewingstrukture se gedrag en emosies te verstaan en te interpreteer. Kwalitatiewe navorsing kan maklik sy karakter van deursigtigheid verloor as die navorser nie die prosesse van keuse van deelnemers, die keuse van metodes, die prosesse vir die versameling van inligting deeglik

beskryf en motiveer nie. In die lig hiervan word die vraag na die betroubaarheid van die navorsing geopper.

- Janse van Rensburg (2007a:7; 2007b:8) wys verder daarop dat daar tydens kwalitatiewe navorsing op kleiner getalle gefokus word. Gemiddeld kan dit vier onderhoude met 'n bepaalde individu of groep insluit, terwyl nie meer as vier kategorieë in die geselekteerde groep ingesluit behoort te word nie. In totaal kan dit gemiddeld twintig tot vyf-en-twintig onderhoude behels. Die keuse behoort gebaseer te wees op die navorsingsprobleem en die doelwitte van die navorsing. Die strukturering en beplanning kan aangepas of uitgebrei word volgens die kontekstuele omstandighede en behoeftes ten einde by die essensie uit te kom.

### 5.2.2 Data-insameling

Tydens die kwalitatiewe studie kan data op minstens vier maniere ingesamel word, naamlik:

- Deelnemende observasie (Strydom, 2005:274-285).
- Onderhoudvoering (Greeff, 2005:286-313).
- Dokumente studie (Strydom & Delport, 2005:314-319).
- Sekondêre analise (Strydom & Delport, 2005:319-326).

Vir hierdie studie is gebruik gemaak van onderhoudvoering deur 'n voorafopgestelde vraelys as riglyn.

#### 5.2.2.1 Onderhoudvoering

Onderhoudvoering is die dominantste manier van data-insameling (Greeff, 2005:287; Botha, 2004:157; Mitchell, 2006:104; Silverman, 2001:13). Die kwaliteit van die onderhoud word hoofsaaklik bepaal deur die navorser se vaardighede om die onderhoud te voer. By gebrek aan die nodige vaardigheid, mag die navorser van 'n spesialis gebruik maak. Greeff (2005:288) bespreek 'n wye spektrum van tegnieke, waarvan die volgende die prominentste blyk te wees:

- Die deelnemer moet 90% van die praatwerk doen om sy storie te vertel. Die onderhoud is nie 'n dialoog nie en die navorser moet daarteen waak om die deelnemer te veel te onderbreek.
- Duidelike, oop vrae moet gevra word. Leidende vrae moet vermy word.
- Die onderhoud moet begin word met meer algemene vrae, waarna aanbeweeg word na meer direkte vrae - sodoende word die onderhoud se fokus vernou.
- Die navorser moet hom nie te veel bekommer daaroor as dit voel asof sy vrae lomp oorkom nie, aangesien dit soms help om die deelnemer op sy gemak te stel.
- Die navorser kan sleutelvrae gedurende die duur van die onderhoud herhaal.
- Die navorser moet openheid bevorder, maar deurgaans beheer oor die onderhoud behou.
- Die navorser moet deurgaans die effek monitor wat die onderhoud op die deelnemer het.
- Die navorser moet notas maak gedurende die onderhoud en kan selfs van band- en/of video-opnames gebruik maak.

Onderhoudvoering kan plaasvind deur een-tot-een onderhoude, asook deur groepsessies (Greeff, 2005:292; Steyn, 2005:127; Silverman, 2001:92). Een-tot-een onderhoudvoering word onderverdeel in ongestruktureerde– en semi-gestruktureerde onderhoude. Dit kan soos volg beskryf word:

- Ongestruktureerd: Onderhoudvoering vind met 'n bepaalde doel plaas. Die doel is nie om antwoorde op vrae te verkry of om hipoteses te toets nie, maar om die deelnemers se ervaringe te probeer verstaan en hulle reaksies daarop waar te neem. Die onderhoud is gefokus en logies van aard. Die klem val op persepsies, opinies, feite, veronderstellings en reaksies. Dit mag voorkom asof objektiewe data ontbreek, maar die klem is juis op die verstaan van die deelnemer se reaksies. Die onderhoud is eerder data-genererend as data-insamelend. Die navorser neem aktief deel aan die proses, want hy wil die deelnemer probeer verstaan. Die uitdaging lê daarin om 'n balans te kan handhaaf tussen die buigsaamheid en koersvastheid tydens die versameling van die data (Greeff, 2005:293-295).

- Semi-gestruktureerd: Hierdie tipe onderhoud is net soos die ongestruktureerde onderhoud, maar baie meer buigsaam. Dit word gebruik in gevalle waar die navorser 'n besondere belangstelling het in 'n bepaalde tema en/of waar die tema persoonlik van aard is. Die navorser maak ook gebruik van 'n voorafopgestelde vraelys as riglyn. Hierdie tipe onderhoude kan 'n langer tydsduur as die ongestruktureerde onderhoud hê, wat beteken dat dit kan toeneem in intensiteit. Die deelnemer moet op sy gemak gestel word en daar moet 'n vertrouensband wees tussen die navorser en die deelnemers. Die navorser fasiliteer en begelei die deelnemers tydens die onderhoud, terwyl hulle saam deur die vraelys werk. Die vraelys dien egter net as 'n riglyn en die onderhoud is baie buigsaam en meer persoonlik (Greeff, 2005:296-298).

- Groepsessies: Die navorser kies 'n aantal deelnemers om aan die groepsessie deel te neem op grond van hul ooreenstemmende belangstelling en faktore. Die deelnemers word aangemoedig om persepsies, idees, wense, ensovoorts te deel betreffende die tema. Die navorser fasiliteer die groepbespreking. Die groepsessie is 'n deeglike voorafbeplande bespreking van 'n bepaalde tema, waar die deelnemers op 'n nie-bedreigende manier toegelaat word om hul standpunte te lig (Greeff, 2005:299-313; Steyn, 2005:127).

In hierdie studie het navorser besluit om data in te samel deur middel van semi-gestruktueerde onderhoudvoering wat die vorm van beradingsessies aangeneem het. Daar is op hierdie manier besluit, omrede die onderhoud eerstens baie meer buigsaam is en tweedens, omrede die tema baie persoonlik van aard is. As riglyn het navorser gebruik gemaak van 'n voorafopgestelde vraelys.

#### 5.2.2.2 Oogmerke en samestelling van die vraelys

Tydens die ongestruktureerde-, semi-gestruktureerde onderhoude en groepsessies moet die navorser gebruik maak van 'n voorafbeplande vraelys. Die vraelys staan ook bekend as die onderhoudskedule/riglyn. Met die opstel van die vraelys moet die navorser die noodsaaklike aspekte probeer antisipeer wat gedek moet word in die onderhoud (Babbie, 1998:254).

In hierdie verband kan die volgende vrae gevra word:

- Wat is die mees logiese benadering tot die situasie?
- Wat is die mees sensitiewe area wat gedek moet word?

Die navorser werk dus volgens 'n sekere formaat en proses. Die vrae moet van algemeen tot meer kompleks gerangskik word, terwyl die vraelys so kort as moontlik gehou moet word. Daar moet van neutrale oop vrae gebruik gemaak word, terwyl vrae wat die gevoel van veroordeling by die deelnemer kan laat ontstaan, vermy moet word.

Greeff (2005:293), Steyn (2005:125) en Babbie (1998:153-157) onderskei tussen drie tipes vrae wat gevra kan word, naamlik:

- Algemene vrae om die onderhoud mee te begin.
- Wanneer diepte in die onderhoud ontbreek, kan die navorser meer spesifieke vrae vra.
- Opvolg vrae, sodat die navorser meer insig in 'n situasie kan verkry.

Volgens Steyn (2007) en Steyn (2005:124) moet die volgende algemene aspekte met die opstel van die vraelys in ag geneem word:

- Eerstens moet daar bepaal word of die vraelys tydens 'n onderhoud gebruik gaan word en of dit 'n posvraelys is.
- 'n Kort sinvolle titel moet vir die vraelys gebruik word.
- Duidelike instruksies met voorbeelde moet gegee word in gevalle van posvraelyste.
- Die vrae moet georden word vanaf maklike, nie-sensitiewe vrae tot meer spesifieke vrae.
- Die taalgebruik moet eenvoudig en direk wees.
- Daar moet genoeg ruimte gelaat word vir response op oop vrae.

- Die navorser moet dubbelsinnige, leidende, vae en voorveronderstelde vrae vermy en terme definieer.
- Daar moenie twee vrae in een vraag vervat word nie.
- Die deelnemers moet aan die einde van die vraelys bedank word vir hul samewerking

Die vraelyste wat in hierdie studie gebruik is, is aangeheg as Bylae C en D. Met die opstel van die vraelyste het navorser besluit dat dit as riglyn vir die onderhoudsessie moet dien. In hierdie lig is die vrae gevolglik dan georden vanaf nie-spesifieke vrae tot meer spesifieke vrae, sodat die onderhoud in intensiteit kan toeneem. Navorser het dubbelsinnige, leidende, vae en voorveronderstelde vrae vermy.

### 5.2.3 Toetsing en data analise

Die toetsing van data is tydens die kwalitatiewe proses minder gestruktureerd as tydens die kwantitatiewe proses, maar dit is nogtans belangrik dat die navorser deurentyd data sal toets aan die deelnemers (Delport, 2005:327). De Vos (2005:333) wys op verskeie redenasie strategieë wat benodig word wanneer data analise gedoen word, naamlik: analisering, induktiewe redenering, sintese en intuïsie. Die doel van kwalitatiewe navorsing is uiteindelik nie om nuwe bevindinge te produseer nie, maar om die beskikbare data te transformeer in bevindinge (De Vos, 1999:333). Dit korreleer dan ook met die model van Zerfass waarvolgens teorie en praktyk uiteindelik in verbinding met mekaar gebring word, sodat nuwe praktykteoretiese riglyne geformuleer kan word. Data analise is 'n proses om orde te skep vanuit al die ingesamelde data, sodat dit waarde aan die studie kan gee. De Vos (1999:333) beskryf dit as 'n *'messy, ambiguous, time-consuming, creative and fascinating process.'*

## 5.3 EMPIRIESE NAVORSING

### 5.3.1 DOELWIT

Die doelwit met die empiriese ondersoek in hierdie studie is daarop gefokus om enige vernuwende insigte betreffende die rol van gebed tydens die innerlike genesingsproses te identifiseer. Sodanige insigte kan dan eerstens bydra tot die beantwoording van die navorsingsvraag ten opsigte van die rol van gebed tydens die innerlike genesingproses en

tweedens, tot die formulering van pastorale riglyne waar gebed 'n belangrike deel daarvan uitmaak, sodat die emosioneel en geestelik verwonde persoon pastoraal begelei kan word tot heelheid en vernuwing in Jesus Christus. Laasgenoemde is dan ook die doelstelling van hierdie studie.

Navorser is reeds die afgelope tien jaar betrokke by die pastorale begeleiding van persone wat onder emosionele of geestelike verwonding gebuk gaan. Aanvanklik was die hulpverlening hoofsaaklik kognitief van aard. Alhoewel daar heelwat positiewe uitkomste met behulp van hierdie benadering bereik is, het navorser van tyd tot tyd net besef dat 'iets kort.' Dit was asof daar soms beradenes was wat net nie diep innerlike genesing kom beleef nie. Alhoewel daar tydens 'n beradingsessie gebid sou word, was gebed nie soseer 'n wesenlike komponent van die beradingsproses nie. Aan die begin van 2004 het navorser vir die eerste keer in literatuur begin kennis neem van die meer prominente rol wat gebed sou kon vervul tydens die proses van innerlike genesing en vervolgens gaandeweg die tersaaklike beginsels in 'n groter mate begin toepas tydens beradingsessies. Die uitkomste was soms fenomenaal wanneer die onderskeie beradenes diep innerlike genesing ontvang het. Sedertdien vervul gebed 'n kardinale rol in navorser se pastorale begeleiding van emosioneel-verwonde persone.

In die lig van die bespreking tot dusver is daar vervolgens besluit om die empiriese studie soos volg te hanteer:

- **Die keuse van deelnemers**
  Navorser het op vyf deelnemers besluit wat op 'n semi-gestruktureerde wyse met behulp van beradingsessies, asook onderhoude oor 'n tydperk van vier jaar pastoraal begelei is. Die deelneming is konfidensieel en geskied met die deelnemers se instemming. Daar word egter van skuilname gebruik gemaak ter beskerming van die betrokke individue.
- **Die plek waar die kwalitatiewe navorsing uitgevoer is**
  Die semi-gestruktureerde beradingsessies het deurgaans by navorser se spreekkamer plaasgevind.
- **Die dokumentering van die prosesse**
  Navorser beskik oor 'n persoonlike lêer vir elke deelnemer waarin sy aan die einde van elke beradingsessie aantekeninge gemaak het.

### 5.3.2 DEELNEMERS

#### 5.3.2.1 Kontak met deelnemers

**Deelnemer een:** Die deelnemer het navorser genader ten opsigte van sy gebrek aan eiewaarde.

**Deelnemer twee:** Die persoon is verwys na navorser na aanleiding van erge angstigheid rondom die gesin se emigrasie.

**Deelnemer drie:** Die deelnemer is na navorser verwys na aanleiding van onbeheerbare woede uitbarstings.

**Deelnemer vier:** Deelnemer het navorser genader ten opsigte van die belewenis van depressiewe simptome.

**Deelnemer vyf:** Die deelnemer het 'n Bybelstudiegroep bygewoon wat deur navorser gefasiliteer is en voortspruitend hieruit die versoek gerig om betreffende 'n proses van innerlike genesing begelei te word.

#### 5.3.2.2 Persoonlike besonderhede van deelnemers

**Deelnemer een:** Manlik, ouderdom 26 jaar, ongetroud.
**Deelnemer twee:** Vroulik, ouderdom 29 jaar, getroud.
**Deelnemer drie:** Manlik, ouderdom 31 jaar, ongetroud.
**Deelnemer vier:** Vroulik, ouderdom 39 jaar, getroud.
**Deelnemer vyf:** Vroulik, ouderdom 52 jaar, getroud.

#### 5.3.2.3 Onderhoude

Soos reeds genoem, is daar in hierdie studie gebruik gemaak van gevallestudies as navorsingsprosedure/-metode. Vyf deelnemers is in die lewenswerklike konteks van beradingsessies kwalitatief ondersoek. Vervolgens word elke deelnemers se situasie afsonderlik bespreek. Om die lees van die gevalle te vergemaklik, het navorser 'n merker $^{(a,b,c,\ldots)}$ aangebring by sekere punte in die bespreking, wat onder punt 5.3.2.4 verder toegelig word.

**DEELNEMER EEN**

**Agtergrondgeskiedenis**

*Hans* het op die ouderdom van 23 jaar vir hulp aangemeld na aanleiding van sy gebrek aan eiewaarde en sy gevolglike onvermoë om manlik te voel. Hy is die jongste van drie kinders en het twee ouer susters. Hans se vader was 'n soldaat wat in die oorlog op die Angolese grens gesterf het. Hans was twee jaar oud ten tye van sy vader se afsterwe. Hans se moeder getuig van hierdie stadium in hul lewe soos volg: "*In 1983 is my eerste man oorlede. My kinders was nege, vyf en twee jaar oud. My emosionele en geestelike oorlewingstryd het daar begin. Ek het soms nie genoeg krag gehad vir myself nie, wat nog te sê vir die kinders? Familiebande het nie bestaan nie. Ons het in die operasionele gebied gewoon. My desperate emosionele behoeftes het my nog dieper in die dryfsand van my sondige patrone laat wegsink, totdat ek in 1984 'n dissipelskool (YWAM – Youth With a Mission) gaan bywoon het. Ons het tot einde 1988 daar gebly. Ek beskou dit as 'n tydperk waarin God my in 'n geestelike intensiewe eenheid 'verpleeg' het. Ek het geworstel om vanuit die doolhof van my sondige denkpatrone los te kom. In die proses is die kinders soms aan erge emosionele verwaarlosing blootgestel.*" Ten spyte van alles waardeur die gesin gegaan het, is hulle 'n hegte gesin. Hans was egter altyd 'n stil eenkant kind. Sy moeder het later jare weer getrou, maar Hans kon nooit 'n vader in sy stiefpa vind nie. Hy het dus groot geword sonder 'n manlike rolmodel waarmee hy kon identifiseer. Baie vroeg in sy lewe het Hans dan ook besef dat hy 'anders' as ander seuns is en dit het gelei tot geweldige innerlike worstelinge. Omrede hy 'n kind van God is, het hy altyd gehunker na innerlike vrede en die oorwinningslewe waarvan die Woord getuig. Dit het hom egter bly ontwyk en soos wat hy ouer geword het, het die innerlike stryd net meer en meer geword. Dit het hom uiteindelik laat besluit om vir hulp aan te meld.

**Pastorale begeleiding**

Die pastorale hulpvelening het altesaam oor nege beradingsessies plaasgevind. Tydens die eerste sessie het navorser Hans net toegelaat om emosioneel te ontlaai en hom bedien met hulp betreffende huidige en aanvanklike probleme. Vanaf die tweede beradingsessie het die hulpverlening verdiep en die gesprekke het gehandel oor Hans se gevoelens teenoor homself, sy vader, God en die rol van die man in die algemeen. Aanvanklik het Hans gevoel dat hy nie 'n gevoel van verlies met betrekking tot sy pa se dood beleef nie, omrede hy te klein was en hy nie sy pa kon onthou nie. Navorser het hom egter gewys op die leemte in sy lewe en gefokus op die

verlies van verwagtinge rondom 'n pa. Hans het intussen ook vasgevang geraak deur manlike pornografie op die internet. Om mans op hierdie manier te kon bewonder, het op 'n sekere manier aan hom 'troos' gebied. Navorser het hom vanuit 'n Bybelse perspektief probeer lei tot die erkenning van die onversadigende en uiteindelike vernietigende effek hiervan. Hans het egter gevoel dat indien hy daarmee sou breek, dit net nog 'n verlies in sy lewe sou wees en dat hy niemand enige skade berokken deur hierdie aktiwiteit nie. Sy innerlike stryd het egter toegeneem. Alhoewel navorser en Hans tydens die sessies saamgebid het, het navorser haarself voor die aanvang van die sesde beradingsessie in besonder afgesonder in gebed en gevra dat God totale beheer sou oorneem. Navorser het besef dat Hans se innerlike seer so diep gesetel is, dat hy nie daarvan bevry sou word deur slegs 'n kognitiewe benadering nie. Met die aanvang van die sesde sessie het navorser vir Hans ingelig met betrekking tot die waarde van gebed as 'n deurslaggewende faktor in die beradingsproses en hy het hiertoe ingestem[a] *(Verduideliking van merkers geskied onder punt 5.3.2.4).* Die uitkomste hiervan was dan ook fenominaal. Navorser het die gebed begin deur Hans eers op sy gemak te stel, hom rustig te laat asemhaal en toe voortgegaan in gebed[b]. Tydens die gebed is Hans se verhaal aan God vertel en navorser het gebid dat God Joh 14:21 (dat God Homself sal openbaar aan diegene wat Hom liefhet) sal waar maak in die lewe van Hans[c]. Navorser het Hans gevra om net so rustig met toe oë te sit en te noem indien hy enigiets besonders in sy geestesoog sou ervaar. Na 'n rukkie het Hans spontaan begin vertel dat hy Jesus Christus sien en dat Jesus Christus hom nader roep. Hy het versigtig nader beweeg en kon Jesus Christus se stem hoor wat hom verseker het van Sy liefde vir hom. Hans het vervolgens vertel hoedat hy en Jesus Christus speel-speel stoei en dat Jesus Christus met hom speel soos wat 'n vader met sy seun sou speel. In hierdie toneel het Hans homself as 'n tweejarige seuntjie beleef. Na 'n rukkie het die spel opgehou en Jesus Christus het gaan stilstaan. Navorser het op hierdie stadium 'n dringendheid beleef om vir Hans te vra om met Jesus Christus oor sy vader te praat[d]. Hy het dit gedoen, maar vertel toe dat Jesus Christus stilbly en hom nie antwoord nie. Jesus Christus het egter verby hom gekyk na agter hom. Hans het omgedraai om te kyk waarna Jesus Christus kyk en herken toe sy vader wat daar staan. Op hierdie stadium was Hans weer die jongman van 23 jaar. Hans het na sy vader geloop en hulle het mekaar omhels en gehuil. Hans beskryf dat dit was asof die damwal van pynlike emosies en verlange net gebreek het en alles het net uitgevloei[e]. Hans kon sy vader se stem hoor en dié het hom verseker van sy liefde vir hom en dat hy so baie trots is op hom vir die jongman wat hy geword het. Hans het by sy vader gebly totdat hy gereed was om finaal afskeid te neem en het daarna teruggedraai na Jesus Christus wat steeds agter hulle gestaan het. Jesus Christus het vervolgens met Hans gepraat oor sy manlikheid

asook die rol wat hy in die samelewing moet vervul. Na die gesprek het Jesus Christus vir Hans gegroet en weggestap. Hans het God hardop in gebed bedank en die gebed beeïndig. Tydens hierdie hele proses was navorser slegs die fasiliteerder en Jesus Christus het Hans self bedien. Hans se hele houding het daarna 'n verligting en diepe vrede uitgestraal. Hy het tydens hierdie gebedsessie finaal afskeid geneem van sy vader en dit het vir hom gevoel asof hy sy manlikheid in 'n sekere sin terug ontvang het. Twee jaar na hierdié voorval het Hans aan die *MensHealth* tydskrif 'n brief onder die skuilnaam *'Pornfree'* geskryf en vertel van sy aanvanklike innerlike stryd en dat daar genesing daarvoor is.

**Terugvoer**

Hans het na afloop van die hulpverlening na Pretoria verhuis waar hy tans studeer. Navorser het met die skryf van hierdie hoofstuk weer met hom geskakel en hierdie insedent bespreek en sy reaksie hierop is as volg: *"Ek kan steeds van God se getrouheid getuig! Die afgelope drie jaar in Pretoria was in vele opsigte 'n nuwe begin vir my. Vir die eerste keer in meer as twee dekades bevind ek my in 'n omgewing wat meestal deur mans gedomineer word (ek studeer meganiese ingenieurswese aan die Universiteit van Pretoria). In die afgelope drie jaar het ek in vele opsigte uitsluitsel asook volwassenheid in baie areas van my lewe bereik. Ek het 'n hele paar mansvriende (waarvan twee my boesemvriende is) ontmoet. Ek het nooit gedink dat dit ooit sou realiseer nie, maar baie van hulle kyk op na my in terme van my tegniese kennis, maar ook ten opsigte van emosionele en geestelike insette. My vriende het my onwoorwaardelik aanvaar. Die minderwaardigheid wat ek voorheen met betrekking tot my gebrek aan sportvaardighede en ander alledaagse mansaktiwiteite ervaar het, is lankal vergete. Hulle verwyt of spot my glad nie daaroor nie. Sonder dat ek dit ook eers agtergekom het, het my tegniese kennis en vaardigheid die afgelope paar jaar met rasse skrede toegeneem, in so 'n mate dat my vriende by my vir raad kom aanklop."*

**DEELNEMER TWEE**

**Agtergrondgeskiedenis**

*Lena* is na navorser verwys deur 'n ander beradene van navorser. Lena is getroud en hulle het twee kinders. Haar man het vir werk in Australië aansoek gedoen en die gesin sou binnekort daarheen emigreer. Alhoewel Lena daartoe ingestem het, beleef sy baie ambivalente gevoelens. Aan die een kant sien sy baie uit na die nuwe uitdaging, maar aan die anderkant beleef sy

terselfdertyd baie angstigheid daaroor. Sy kon hierdie emosionele skommelinge nie verstaan nie en het kom aanmeld vir hulp. Baie gou tydens die eerste sessie het navorser besef dat Lena se angstigheid baie dieper gesetel is en dat die emigrasie slegs maar die sneller is wat vroeëre pyn weer na die oppervlakte gebring het[g]. Lena is die tweede jongste van drie kinders. Haar ouers is geskei toe sy nege jaar oud was, waarna haar vader alle kontak met hulle verbreek het. Op Lena se negentiende verjaarsdag, het hy haar weer uit die bloute gekontak. Lena het baie verwerping vanaf haar vader beleef. As gevolg van finansiële druk was Lena se moeder verplig om na die egskeiding by haar ouers te gaan bly. Kort na hul intrek by haar grootouers, het Lena se oupa haar begin molesteer. Die molestering het vir ongeveer vyf jaar voortgegaan. Lena het vir niemand hiervan vertel nie, omrede haar oupa haar altyd gedreig het dat hy haar sou seermaak indien sy vir iemand sou vertel van hul geheim. Lena het vir die voorafgaande drie jaar van tyd tot tyd sielkundige hulp ontvang en het ook antidepressante gebruik.

**Pastorale begeleiding**

Tydens die pastorale hulpverleningsproses was Lena baie oop en ontvanklik. Slegs vier beradingsessies het plaasgevind. Lena is 'n gelowige en streef daarna om in 'n lewende verhouding met God te staan. Die eerste twee sessies is gebruik vir emosionele ontlading asook gesprekke daaromtrent. Die gebedsessie het tydens die derde beradingsessie plaasgevind. Navorser het weereens begin deur Lena op haar gemak te stel en veilig te laat voel[b] en daarna is voortgegaan met die gebed. Lena se storie is aan God vertel in die gebed en daar is gebid dat God haar persoonlik sal bedien en sal aanraak. Na 'n rukkie van stilte het Lena begin vertel dat sy in haar geestesoog twee figure gesien het wat sy geïdentifiseer het as haar oupa en haar pa. Dit het daarna vir Lena gevoel asof sy onbeheersd begin tol het en sy het baie angs beleef[h]. Navorser het toe haar hande vasgehou en vir haar gebid, totdat sy bedaar en ophou 'tol' het[i]. Sy het egter steeds die twee figure gesien en navorser het haar gevra om – in hierdie veilige ruimte – vir hulle te vertel hoe sy voel na aanleiding van dit wat hulle haar aangedoen het. Sy het met hulle daaroor gepraat en uiteindelik kon sy ook totale vergifnis teenoor hulle uitspreek, waarna die figure verdwyn het. Lena se hele houding het verligting en vrede uitgestraal[f]. Navorser het haar steeds met toe oë laat sit en vir haar gebid vir God se genesende aanraking[j]. Lena het vervolgens 'n intense bewuswording van God se teenwoordigheid beleef en 'n wit duif in haar geestesoog gesien en daarna self ook tot God gebid en Hom geloof en geprys vir Sy vrede. Tydens die vierde sessie het navorser haar begelei met betrekking tot praktiese riglyne met die oog op die handhawing van haar innerlike vrede en vryheid.

**Terugvoer**

Lena het na afloop van die hulpverlening aan navorser 'n brief geskryf en die volgende is 'n uittreksel daaruit: *"You have helped me in a way that no psychologist has ever helped me before. I have not felt any fear since that Tuesday."* Navorser het weer met die skryf van hierdie hoofstuk kontak met Lena gehad en dit gaan steeds goed. Hul emigrasie is vir 'n paar maande vertraag, maar dit behoort spoedig afgehandel te word.

## DEELNEMER DRIE

### Agtergrondgeskiedenis

*Ben* is 'n 31 jarige man, getroud en het twee kinders. Hulle woon in 'n woonstel op dieselfde erf as sy ouers. Ben het nog altyd gesukkel met woede, maar in die laaste jaar het die intensiteit daarvan toegeneem. Wanneer hy hierdie uitbarstings beleef, sou hy alles rondom hom stukkend slaan en breek. Sy vrou het gewoonlik dan ook met die kinders gevlug. Sy ouers was so totaal magteloos dat hulle by geleentheid die polisie geskakel het om hom in hegtenis te neem, waarna Ben na navorser vir hulp verwys is.

### Pastorale begeleiding

Ben was baie oop en ontvanklik vir die hulpverlening. Hy was ook baie desperaat om gehelp te word, want hy was bewus van die vernietigende effek wat sy woede op sy lewe en verhoudings gehad het. Ben se vrou het egter nie meer kans gesien om so aan te gaan nie en het hom kort na die aanvang van die terapie verlaat. Ben het vertel dat hy niks kan onthou van die woede uitbarstings nie. Hy het dit beskryf asof hy net 'uitsny' en dan later wakker word te midde van al die chaos. Navorser het Ben geëvalueer met behulp van 'n diagnostiese persoonlikheidsontleding en het hom verwys na die psigiatriese afdeling van die Provinsiale hospitaal vir medikasie (hy het geen mediese fonds nie). Terapeutiese hulpverlening is daarna begin en baie gou het dit duidelik geword dat Ben worstel met onverwerkte onderdrukte emosies vanuit sy kinderjare[g]. Omrede Ben 'n meer praktiese mens is, was dit nogal moeilik om op 'n intellektuele vlak met hom te werk. Tydens een van die sessies het navorser voorgestel dat hulle rollespel moes doen[e]. As deel van hierdie rollespel moes die klein Ben van graad een op die stoel oorkant navorser sit en aan haar van sy dag by die skool vertel. Tot navorser se verbasing het Ben egter vertel dat *'dit nie nodig is nie, want klein Ben kom gereeld vir hom kuier.'* Hy het vertel dat gedurende fases wanneer hy

baie rustigheid ervaar, daar 'n klein seuntjie met hom sou praat, wat hy geïdentifiseer het as hyself op sewejarige ouderdom – slegs hy kon ook hierdie 'klein seuntjie' sien. Ben het ook gesê dat hy sal probeer om klein Ben met lekkernye om te koop om die volgende sessie saam met hom te kom. Met die aanvang van die volgende sessie het Ben gesê dat klein Ben nog te skaam is en nie wou saamkom nie[k]. Navorser het op hierdie stadium na die gebedsessie aanbeweeg en God vir leiding vertrou. Navorser het Ben gevra om rustig te sit en gemaklik asem te haal en het toe voortgegaan in gebed om met God te praat oor hierdie situasie[b]. Nadat navorser gebid het, het sy vir Ben gevra om net so met toe oë te sit. Kort daarna het Ben vertel dat hy 'n groot lig sien en iemand wat voor die lig staan. Navorser het hom gevra om te fokus op die persoon wat voor die lig staan en te kyk of hy hom kan herken. Ben het vertel dat dit sy Hemelse Vader is en het toe na Hom toe gestap[l]. Hy het spontaan aangegaan met die vertelling en vertel dat God aan hom sê dat hulle saam die dorings uit sy lewe gaan uithaal. Hy het vertel dat hulle begin tuinmaak het deur eers die bedding skoon te maak, waarna hulle saad geplant het en dit toe nat gemaak het - daarna het die mooiste blomme wat hy nog ooit gesien het onmiddellik begin groei. God het aan hom vertel dat dit ook so in sy lewe is en dat hy nie die lewenspad sonder Hom kan stap nie. Ben het skielik vertel dat klein Ben ook te voorskyn gekom het en dat God hulle albei saam vasgehou het. In die proses het klein Ben deel van Ben geword. Daarna het God aan Ben gesê om hom los te maak van die seer wat hy tydens sy kinderjare beleef het en dat dit is soos die dorings wat hulle uitgehaal het. Ben het dan ook bevestig dat hy die dorings uitgetrek het toe hulle tuin gemaak het en dat dit nie meer deel van sy lewe is nie. Daarna het hulle omgedraai en saam na die lig terug gestap. Na 'n rukkie het Ben sy oë oopgemaak en die verligting was by hom ook duidelik sigbaar[f]. Ben het vertel dat na hierdie gebed het klein Ben nie weer aan hom verskyn nie en dat hy nie meer met negatiewe gevoelens worstel nie.

**Terugvoer**

Aanvanklik het dit baie goed met Ben gegaan, maar na 'n tydperk van twee weke het hy weer 'n ervaring beleef waar dit gevoel het asof hy 'uitsny' en nie bewus is van wat rondom hom aangaan nie. Navorser het vervolgens met die psigiaters by die provinsiale hospitaal geskakel. Ben is opgeneem en 'n EEG en 'n breinskandering is gedoen, waarna temporale lobepilepsie gediagnoseer is en hy dan ook die nodige medikasie hiervoor ontvang het. Ben en sy ouers het intussen ook by navorser se gemeente aangesluit en die verandering in Ben is ooglopend; selfs sy voorkoms het verander. Met die nodige medikasie funksioneer hy baie goed. Hy beleef geestelike groei en woon gereeld eredienste, selgroepe en kampe by. Daar is altesaam sewe beradingsessies

gedoen en navorser monitor sy toestand gereeld.

## DEELNEMER VIER

### Agtergrondgeskiedenis

*Ansie* is 39 jaar oud en getroud. Sy is kinderloos en alle pogings om swanger te raak, het tot dusver misluk. Dit het tot gevolg dat sy baie depressief geword het en met die negatiewe uitwerking daarvan in haar lewe en verhoudings sukkel. Gedurende 1995 was daar 'n selfmoordpoging, waarna sy vir 'n naweek lank gehospitaliseer is.

### Pastorale begeleiding

Ansie het geen vorige terapeutiese hulpverlening van enige aard ondergaan nie. Sy het navorser geskakel en 'n afspraak gemaak, omrede sy gevoel het sy kan nie meer so voortgaan nie. Navorser het 'n volledige persoonlikheidsontleding gedoen en haar pastoraal begin begelei. As deel van die praktiese hulpverlening rondom depressie is sy ook na haar huisdokter vir anti-depressante verwys. Ansie is gemolesteer as kind en het altyd 'uit' gevoel tussen haar maats, omrede sy ook fisies vinniger ontwikkel het as die deursnee dogter. Ten spyte hiervan was haar kinderjare redelik gelukkig en getuig sy van liefde en omgee in die gesin. Sy het egter baie verwerping beleef toe sy na die skoolkoshuis toe moes gaan, omrede haar ouers in 'n buurstaat gewoon het. Akademies het sy baie goed gevorder en tans het sy 'n baie goeie betrekking. Sy worstel egter soms met negatiewe gevoelens, omdat sy die enigste kind in hul gesin is wat geen formele naskoolse kwalifikasies het nie. Ansie is die afgelope vyftien jaar getroud en hul huwelik is redelik gelukkig, maar finansies en die kinderloosheid plaas baie druk op hul albei. Haar eggenoot is verder ook gepreokkupeerd met sy eie dinge en dit laat haar soms baie afgesluit en alleen voel. Die pastorale hulpverlening het hoofsaaklik twee uitkomste ten doel gehad, naamlik die hantering van emosionele wonde en die aanleer van vaardighede om haar te bemagtig. Tydens een gebedsessie het Jesus Christus vir Ansie op 'n besondere manier self bedien. Navorser het weereens begin deur aan haar te verduidelik hoe die gebedsessie werk[a] en haar op haar gemak gestel[b]. Daarna het navorser die gebed begin deur met God oor Ansie se situasie te praat en gebid dat Hy Homself op 'n besondere wyse aan haar sal openbaar[c]. Nadat navorser gebid het, het sy vir Ansie gevra om rustig te sit en te ontspan. Na 'n rukkie het sy vir Ansie gevra of sy enigiets in haar geestesoog sien. Sy het vertel dat sy haarself as 'n klein dogterjie in 'n bos sien. Navorser het gevra dat sy deur die bos moes loop en kyk of sy nog iets of iemand sien. Na 'n rukkie het Ansie

baie bang geword en vertel dat 'n wolf haar jaag. Ansie het die angs baie intens beleef en navorser het vir haar gevra om vinnig 'n boom te soek om in te klim[i]. Ansie het vertel dat sy in 'n boom geklim het, maar het steeds baie angs beleef. Navorser het rustig voortgegaan om met haar te gesels. Na 'n rukkie het sy kalmeer en vertel dat sy vanuit die hoë boom tot aan die einde van die bos kan sien. Daar het sy groen gras gesien en baie ander kinders wat daar gespeel het. Sy het vir 'n ruk lank stil gesit en hulle net dopgehou. Daarna het sy vertel van iemand wat na haar aangestap kom en die wolf wegjaag. Navorser het aan haar gevra of sy persoon erken en sy het vertel dat dit Jesus Christus was. Hy het haar gevra om af te klim en saam met Hom te stap. Hulle het na die ander kinders gestap en op 'n bankie gaan sit en gesels. Jesus Christus het met Ansie gepraat en vir haar vertel dat Hy lief is vir haar en dat sy niks het om oor skaam of skuldig te voel nie - sy hoef haarself ook nie van ander te onttrek nie. Ansie het vertel dat Jesus Christus met intense liefde na haar gekyk en haar getroos het. Sy het vir 'n rukkie by Jesus Christus op die bankie gesit en daarna opgestaan en saam met die ander kinders gespeel. Gedurende die proses het Ansie selfs hardop gelag. Na 'n hele rukkie het Ansie vertel dat Jesus Christus opgestaan het en weer met haar gepraat het. Sy was nou weer die volwasse vrou. Hy het haar verseker dat Hy altyd by haar sal wees en haar sal versorg. Daarna het Jesus Christus haar gegroet en sy het die gebed beëindig. Navorser en Ansie het na afloop van die gebed oor dit wat sy ervaar het gesels en die ervaring gekoppel aan die Skrifgedeelte van die verlore skaap (Matt 18:10-14). Ansie het hierna verseker geweet dat sy belangrik is vir God en sy kon begin om al meer haar waarde in Hom te vind.

**Terugvoer**

Ansie beleef geestelike groei en sy het haarself ook verbind tot sekere geestelike dissiplines, soos om byvoorbeeld elke dag stiltetyd te hou. Sy het geleer om ook vir haarself doelwitte te stel op alle vlakke van haar lewe en om haar gedagtes te beheer. Sy vorder goed, maar kontak navorser steeds van tyd tot tyd.

## DEELNEMER VYF

### Agtergrondgeskiedenis

*Karin* is getroud en het drie volwasse kinders. Karin se worsteling in die verlede was meestal rondom haar ongelukkige huweliksverhouding.

**Pastorale begeleiding**

Karin het besef dat dit nie so kon voortgaan nie en sy het aangesluit by navorser se Bybelstudiegroep in 'n poging om weer nader aan God te beweeg. Navorser het egter gou besef dat Karin worstel met baie negatiewe emosies en voorgestel dat sy hulp daarvoor moet ontvang. Die hulpverlening het gestrek oor tien beradingsessies en daar is gefokus op hul huwelik asook op innerlike genesing met betrekking tot emosionele verwonding. Vir die doeleindes van hierdie studie wil navorser egter melding maak van een spesifieke gebedsessie. By hierdie geleentheid het navorser en Karin saam gebid rondom molestering waaraan Karin blootgestel was tydens haar kinderjare. Kort na die aanvang van die gebed het Karin dit beleef asof sy haarself weer binne die oorspronklike situasie bevind het. Sy het baie angstig geword[h] en navorser het haar gevra om te vertel wat sy in haar geestesoog ervaar. Karin het die gebeure beskryf, baie gehuil en vertel dat sy alleen voel en dat niemand vir haar omgee nie. Sy het verder met baie afsku vertel van hoe vuil haar handjie is vanweë die oom se sperma. Op hierdie stadium het Karin haarself as klein dogtertjie alleen in die kamer met die molesteerder bevind. Navorser het haar gevra of sy – as volwasse vrou – nie wil toetree tot die prentjie om die 'klein Karin' te versorg nie[m]. Karin het daartoe ingestem en vertel hoe sy die kleintjie optel, haar handjies gaan was het en haar klere weer mooi gemaak het. Sy het die kleintjie op haar skoot laat sit en haar vertroos, totdat sy kalmeer het. Na 'n rukkie het die kleintjie tevrede opgestaan en uitgestap uit die vertrek. Karin het haarself toe alleen met die molesteerder in die kamer gesien. Navorser kon Karin begelei om met hom te praat en uiteindelik ook vergifnis uit te spreek. Karin het daarna die teenwoordigheid van Jesus Christus intens beleef en en ook ervaar hoedat sy by Sy voete sit[j]. Navorser het haar in stilte gelaat, totdat sy self gereed was om die gebed te beëindig[l]. Alhoewel Karin innerlike genesing rondom die molestering beleef het, het sy die gebedsessie as baie uitputtend beleef en het selfs fisiese naarheid daartydens beleef[f].

**Terugvoer**

Karin het hierna baie groei in haar lewe begin beleef. Sy het aktief begin inskakel by navorser se gemeente en groei steeds in haar verhouding met God.

### 5.3.2.4 Besprekingspunte

Na afloop van hierdie onderskeie gebedsessies het al vyf deelnemers gemeld dat dit hulle eerste ervaring van hierdie aard tydens gebed was en dat Jesus Christus genesing en vernuwing in hul lewens gebring het. Alhoewel al vyf deelnemers innerlike genesing ontvang het, is die verskille in hulle ervarings opmerklik. Dit stem treffend ooreen met die feit dat Jesus Christus tydens Sy aardse bediening ook elkeen wat Hom genader het vir genesing op 'n unieke manier genees het. Soms het Hy genees deur slegs 'n woord te spreek, by 'n ander geleentheid het Hy weer modder en spuug gemeng en die klei gebruik om te genees, ensovoorts. Vanuit hierdie gebedsessies is dit dan ook duidelik dat wanneer Jesus Christus 'n persoon op hierdie manier bedien, daar ook geen vasgestelde patroon is nie – met elkeen word egter op 'n unieke wyse gewerk. In die lig hiervan het slegs een deelnemer (Karin) haarself terug bevind in die werklike trauma gebeure, twee deelnemers (Hans en Lena) kon die ander betrokke partye sien en met hul kommunikeer en in die laaste twee gevalle (Ansie en Ben) het Jesus Christus gebruik gemaak van vergelykende beelde.

**Bespreking van verdere punte**

*(a)* In al vyf gevalle het navorser die gebedsessie begin deur eerstens aan die deelnemers die prosedure rondom die besondere wyse van gebed te verduidelik. Bennett (2000:20) het die verskil verduidelik tussen hierdie vorm van 'gebedsterapie' en berading in die algemeen. In hierdie verband wys sy daarop dat tydens die gebedsessie die berader die beradene daarop attent moet maak om nie logies of kognitief ingestel te wees nie, maar om hom/haar juis oor te gee aan die leiding van die Heilige Gees, te midde van die fasilitering deur die berader. Die berader moet ook fyn ingestel wees om te onderskei wanneer dit nie 'n werklike ervaring aan die kant van die beradene is nie en hy/sy maar net bloot antwoord wat hy/sy dink die berader wil hoor (Smith, 1999:102; Kraft, 1993:98; Whitfield, 1990:118).

*(b)* Nadat navorser die proses aan die deelnemers verduidelik het, is die deelnemers op hul gemak gestel. Dit is eerstens belangrik, omrede die meeste persone wat hulle aanmeld vir berading waarskynlik alreeds voorheen by ander terapeute vir hulp was en daarom het hulle baie vooropgestelde idees rondom berading en sal hulle probeer om aan die

'verwagtinge' te voldoen (Smith, 1999:102). In hierdie verband wys Langberg (2003:107) ook op die feit dat onbeheerbare emosies die werking van die Heilige Gees kan blokkeer, aangesien daar so op die verwarrende emosies gefokus word dat die persoon nie ten volle ontvanklik is vir die werking van die Heilige Gees nie.

*(c)* Met die aanvang van die gebed, het die navorser in al vyf gevalle gebid dat God die inhoud en belofte van Joh 14:21 vir die persoon waar sal maak, sonder om die woorde van die teksgedeelte in die gebed aan te haal. Om hierdie punt is daar verskeie uitgangspunte. Navorsers soos onder andere Littauer (1996:109), Dearing (2002:123) en Smith (1999:104) is dit eens dat hierdie tipe gebed nie begeleidende suggestie is nie, maar dat dit absoluut afhanklik is van die openbaringe van God self. Die implikasie van hierdie argument is dus dat wanneer die berader die spesifieke woorde van die teksgedeelte in die gebed sou aanhaal, hy beskuldig sou kon word van begeleidende suggestie. Aan die ander kant is daar navorser soos Virkler (2005:78), MacNutt (1999:147) en Richardson (2005:34) wat voorstel dat die gebed begin moet word deur die beradene wat homself/haarself in gesprek met Jesus Christus visualiseer. Hulle bevinding is dat dit dan vir die beradene makliker sal wees om op hierdie manier die teenwoordigheid van Jesus Christus te beleef. Navorser verkies egter om nie die spesifieke woorde aan te haal nie en sal gewoonlik na afloop van die gebed vir die beradene die teksgedeelte voorlees en die betekenis daarvan aan die hand van die betrokke persoon se eie ervaring verduidelik.

*(d)* Tydens die gebedsessie is dit verder van belang dat die berader altyd sal besef dat hy slegs maar die fasiliteerder in die proses is en dat die Heilige Gees die proses beheer (MacArthur, 1994:134; Seamands & Funk, 1992:22; Sandford, 1982:xix). Die berader moet homself gevolglik ten volle oopstel vir die leiding van die Heilige Gees. In al vyf vermelde gevalle het navorser die leiding van die Heilige Gees op 'n besondere wyse ervaar en die gebede daarvolgens ingerig.

*(e)* In die geval van Hans is dit duidelik dat hy nie bewus was van al die opgekropte emosies rondom sy vader se afsterwe nie. Tydens die gebedsessie is die diepere wortels in hierdie verband gevolglik herken en kon hy daarna besef dat sy gedrag slegs maar simptomaties van iets baie diepers was. Hierdie selfde beginsel is ook telkens by die vier ander deelnemers bevestig. Schiraldi (2000:15), Haddock (2001:20) en Van der Kolk (1995:5)

wys daarop dat die traumatiese geheue in die Amigdala gedeelte van die brein gestoor word wat impliseer dat die beradene nie altyd bewus is van hierdie geheue nie en dit selfs kan ontken. Navorsing het getoon dat hierdie pynlike herinneringe oor die algemeen slegs bereik kan word deur die abstrakte, soos byvoorbeeld spelterapie (vgl die rolspel met Ben), dans, ritme, visualisering en dan ook gebed. Die beradene is dikwels dan ook verbaas oor die inligting wat tydens so 'n gebedsessie na die oppervlakte mag kom as gevolg van vermelde faktore. Dit is gevolglik sinvol dat die berader iets van die werking van die brein met betrekking tot traumatiese geheue aan hom/haar sal verduidelik (Capacchione, 1991:37; McMinn, 1997:18; Matsakis, 1998:195; Herman, 1997:37).

*(f)* Seamands (2001:161) wys op die beradene se belewenis van 'n gebedsessie soos hierdie. Aan die eenkant kan die beradene se hele voorkoms die verligting en nuutgevonde vryheid uitstraal (vgl Hans, Lena, Ben en Ansie), terwyl aan die anderkant die beradene (vgl Karin) dit as emosioneel uitputtend kan ervaar. Werklike fisiese simptome kan volgens Seamands (2001:161) beleef word, soos byvoorbeeld erge hoofpyn, gevoelens van naarheid, braking, diarree of intense uitputting. Dit is raadsaam dat die berader dit altyd aan die beradene sal uitwys.

*(g)* In die geval van Lena is dit duidelik waarneembaar dat die probleem waarvoor die beradene aanmeld vir terapie, nie noodwendig die werklike probleem is nie en dat dit eintlik maar net die simptome op die oppervlak is wat dui op dieperliggende pyn. Smith (1999:104), Dearing (2002:123), Conway (1990:163) en Crabb (1987:173) het almal op die aanwesigheid van sulke sekondêre emosies en simptome op die oppervlak gewys.

*(h)* Tydens die gebedsessie gebeur dit soms dat die beradene die werklike emosies sal beleef soos wat hy/sy dit beleef het tydens die oorspronklike trauma gebeure. Wanneer sulke emosies beleef word, tesame met die besef dat Jesus Christus eintlik tydens die oorspronklike trauma teenwoordig was en nou ook weer saam met die beradene deur dieselfde pyn beweeg, het dit dan tot gevolg dat genesing kan intree - sodoende kan die pynlike emosionele wond getransformeer word tot 'n pynlose litteken (Bradshaw, 1988:140; Kraft, 1993:117).

*(i)* Aansluitend by die vorige punt kan verder gestel word dat wanneer die traumatiese geheue as't ware 'oopgaan', beleef die beradene die werklike emosies soos tydens die

oorspronklike trauma gebeure. In die gevalle van Lena en Ansie het albei intense angs beleef. Karin het ook angstigheid beleef en het haar hand onder gebed met afsku geskud, wat die ongemak rondom die oorspronklike situasie beklemtoon. Die berader moet in sulke situasies fyn ingestel wees op die leiding van die Heilige Gees. Hierdie stap is al dikwels gekritiseer as hertraumatisering van die beradene. Smith (1999:116) het egter die noodsaaklikheid van die herbelewing van die traumatiese herinnering veduidelik. Volgens hom is dit juis die interpretasie van die gebeurtenis en nie die gebeurtenis self nie, wat die pyn laat vestig het. Wanneer die herinnering op hierdie manier dan herbeleef kan word, kan daar eerstens emosionele ontlading plaasvind. Tweedens kan die geleentheid geskep word, sodat Jesus Christus genesing in die herinnering kan bring. Die berader moet die proses dus nie summier stop by die intense belewenis van emosies van hierdie aard nie, maar dit fasiliteer onder leiding van die Heilige Gees (Whitfield, 1989:77; Dickinson & Page, 1989:130).

*(j)* Smith (1999:132) en Rayborn (2005:74) het voorgestel dat die berader na afloop van die gebed die beradene vir 'n rukkie alleen in stilte laat, sodat daar iets van 'n 'afsluiting' (*closure*) kan plaasvind in die teenwoordigheid van Jesus Christus deur die Heilige Gees.

*(k)* In die geval van Ben wat gemeld het dat hy vir klein Ben kan sien en met hom kan praat, het navorser vermoed dat dit moontlik kan dui op Dissosiatiewe Identiteits Versteuring en dat integrasie tydens hierdie gebed plaasgevind het. Na afloop van hierdie gebedsessie het klein Ben nooit weer te voorskyn gekom nie.

*(l)* Met betrekking tot al vyf bogenoemde gevalle is dit opvallend dat die deelnemers elkeen die teenwoordigheid van God anders beleef het. Verskillende name is gebruik, byvoorbeeld Hans en Ansie het verwys na Jesus Christus, Ben het verwys na sy Hemelse Vader, terwyl Lena en Karin slegs Sy teenwoordigheid beleef het. Seamands (2001:129) verwys na hierdie aspek en meld dat dit soms raadsaam sal wees om vir die persoon te vra of hy/sy met Jesus Christus, die Seun van God of met God die Vader wil praat. Veral in gevalle waar daar ongesonde en skadelike verhoudinge met ouers was (en veral met die pa), moet die berader liefs die term 'Vader' aanvanklik vermy en eerder 'n neutrale term soos 'Here' gebruik. Op 'n later stadium, namate genesing al meer realiseer, gaan dit vir die beradene dan gemakliker wees om ook in gebed met God as die Vader te praat.

*(m)* In die geval van Karin het navorser gelei gevoel om vir Karin te vra om tot die prentjie toe te tree om vir klein Karin te versorg. In byna alle gevalle is dit die 'innerlike kind' (die sogenaamde *inner child*) in die beradene wat seergekry het en daarom is die versorging van die innerlike kind noodsaaklik (Anderson *et al,* 2000:286; Crabb, 1987:173).

**5.3.2.5 Bespreking van vraelyste**

Soos reeds genoem, is daar in hierdie studie gebruik gemaak van twee vraelyste (Bylae C en D). Die eerste vraelys is gebruik om die agtergrondgegewens te verkry, waarna daar na die gebedsessie voortbeweeg kon word. Tydens die bespreking van hierdié vraelys het al vyf deelnemers te kenne gegee dat hulle wel glo in gebed as wyse van kommunikasie met God, sowel as in die krag van gebed, maar nie een van hulle het al voorheen 'n baie spesiale ervaring of konkrete emosionele genesing beleef tydens gebed nie. Nie een van die deelnemers is ook spesifiek vantevore pastoraal begelei deur 'n proses van innerlike genesing met die klem op gebedsterapie nie. Die tweede vraelys is gebruik na afloop van die onderskeie gebedsessies met elke deelnemer en daar is veral gefokus op die betrokke persoon se belewenis van die gebedsessie. Navorser het met elke deelnemer afsonderlik 'n onderhoud gereël om die vraelys te bespreek. Die terugvoer is as volg:

**Het u enige opmerkings rakende die gebedsessie?**

**Hans:** *"Hierdie gebedsessie was met betrekking tot die finaliteit van my oorlede pa se dood en meegaande afwesigheid, 'n omkeerpunt vir my, waar ek finaal kon afskeid en vrede maak. Ek kon van die gevoelens van selfbejammering en minderwaardigheid afstand doen."*

**Lena:** *"Dit was 'n wonderlike belewenis en die eerste keer dat ek gebed so spesiaal beleef het."*

**Ben:** *"Hierdie was die eerste keer dat ek so iets beleef het en ek sal dit nooit in my lewe vergeet nie."*

**Ansie:** *"Dit was intens en het baie positiewe gevolge gehad."*

**Karin:** *"Dit was vir my 'n heel nuwe ervaring om so intens met God te kon kommunikeer. Ek het dit nog nooit voorheen gedoen nie."*

**Was dit vir u maklik om met God te kommunikeer?**

**Hans**: *"Aanvanklik nie, maar namate ek op die sessie kon fokus, kon ek mettertyd sonder enige inspanning met Hom praat en kon ek ook duidelik God met my hoor praat. Dit was en is tot dusver ook die voelbaarste wat ek God tot my hoor spreek het."*

**Lena:** *"Ja, ek kom God se stem maklik hoor. Ek het onlangs tot bekering gekom en dit was vir my spesiaal om op hierdie manier God se stem te kon hoor."*

**Ben:** *"Ja, dit was vir my maklik om met my Hemelse Vader te kon praat."*

**Ansie:** *"Ja en nee. In die begin was dit moeilik en ek het nie geweet wat om te verwag nie, maar dit het al makliker geword hoe meer ek myself oorgee het."*

**Karin:** *"Nee, ek het aanvanklik baie selfbewus gevoel en dit het nie vir my gevoel asof ek eg was nie."*

**Soos reeds genoem, word gebed dikwels gedefinieer as 'n kontakpunt tussen God en die mens. Hoe het u hierdie kontak beleef?**

**Hans:** *"Baie intens."*

**Lena:** *"Baie intens."*

**Ben:** *"Dit was baie intens en spesiaal; ek het dit nooit voorheen so beleef nie."*

**Ansie:** *"Baie intens."*

**Karin:** *"Aanvanklik geen kontak nie, maar later het dit intens geword."*

**Het u opinie in verband met die krag van gebed verander?**

**Hans:** *"Nee. Ek is egter van mening dat gebed soos enige aangeleerde vaardigheid is – as 'n mens dit nie aanhou beoefen nie, gaan dit verslete raak en gaan 'n mens nie God se teenwoordigheid en inspraak in 'n mens se lewe ervaar soos God dit bedoel het nie."*

**Lena:** *"Ja, ek het tot die besef gekom dat God met ons wil kommunikeer. My hele gebedslewe het verander, ek bid baie meer as voorheen. In die verlede sou ek net in die aande bid, maar ek het geleer dat ek die heeldag met God kan praat en dat Hy hoor."*

**Ben:** *"Ja, beslis. Ek weet dat ek nie sonder God kan voortgaan nie. As dinge vir my moeilik begin word, bid ek nou altyd Dit gebeur somtyds wanneer ek bid dat ek weer die warm gevoel beleef wat ek tydens die sessie beleef het."*.

**Ansie:** *"Ja, ek het reeds 'n baie positiewe opinie gehad, maar na die gebedsessie en ervaring in*

*my lewe voel ek nog positiewer en sterker daaroor."*

**Karin:** *"Nee, ek het nog altyd geglo dat daar krag in gebed is. Ek het net nog nooit genoeg geloof gehad om dit vir myself te aanvaar nie."*

**Het u enige spesiale ervarings tydens die gebed beleef?**

Elke deelnemer se ervaring is onder punt 5.3.2.2 bespreek.

**Het u enigsins die ervaring gehad dat God tydens die gebedsessie weer saam met u in die oorspronklike situasie was en dat Hy op een of ander wyse die situasie positief kom verander het?**

**Hans:** *"Ja, definitief. Gedurende die grootste deel van die sessie was ek in 'n een-tot-een interaksie met my oorlede pa en Jesus Christus gewees. Dit was vir my moontlik om in 'n tydperk van 'n paar ure met die vrae en worstelinge waarmee ek jare lank gesit het, te deel deur in die gees met beide my pa en Jesus Christus te praat. Ek kon uiteindelik my pa vir sy afwesigheid in my lewe vergewe en ook finaal van hom afskeid neem, wat ek voorheen nie kon doen nie."*

**Lena:** *"Die ervaring was vir my spesiaal. Ek vind dat ek mense nou makliker kan vergewe en dat God die leemte kom vul het, wat my aardse pa gelaat het."*

**Ben:** *"Nee, ek het nie die werklike situasie weer beleef nie, maar ek weet dat God my op 'n spesiale manier aangeraak het. Daar het so baie dinge van daardie dag af in my lewe verander."*

**Ansie:** *"Ons was nie in die oorspronklike situasie nie, maar God het op 'n ander manier die situasie positief verander."*

**Karin:** *"Aanvanklik het ek nie ervaar dat Hy saam met my in die situasie was nie, maar later het Hy my vasgehou en my getroos. Aan die einde het Hy ook my hand geneem en ons het saam van die toneel af weggestap."*

**Het u enige blokkasies beleef tydens die gebed?**

**Hans**: *"Aan die begin van die sessie, ja. Omdat ek nie bekend met hierdie gebedstegniek was nie, was ek aanvanklik huiwerig om myself aan die Heilige Gees oor te gee. Ek kon egter later met die hulp van my berader se raad, ontspan en op die sessie fokus, waarna ek die deurbraak gehad het."*

**Lena:** *"Ek was baie angstig aan die begin en wou opgee, maar het later rustig begin word en kon myself oopstel om God se stem te hoor."*

**Ben:** *"Nee."*

**Ansie:** *"Nee."*

**Karin:** *"Aanvanklik kom ek nie heeltemal oorgee nie - dit was asof iets my teruggehou het, maar later kon ek myself oorgee aan God."*

**Is daar enigiets wat u nog wil byvoeg of enige vrae?**

**Hans:** *"Nee."*

**Lena:** *"My lewe het na hierdie gebedsessie verander en my geloof het verdiep. Dankie."*

**Ben:** *"Nee."*

**Ansie:** *"Na die gebedsessie is my situasie vir die eerste keer werklik opgelos en afgehandel."*

**Karin:** *"Nee."*

**Bespreking**

Al vyf die deelnemers het te kenne gegee dat hierdie gebedsessie 'n keerpunt in hul lewens tot gevolg gehad het, omrede hulle genesing van diep innerlike wonde kon ontvang. Dit is opmerklik dat alhoewel die deelnemers se genesing onmiddelik, volkome en permanent (vgl. Hoofstuk 3, punt 3.4.3) was, was dit ook voorwaardelik in die sin dat die nodige gehoorsaamheid van die deelnemers se kant af moes geskied - al vyf deelnemers moes uiteindelik vergifnis en vryspraak uitspreek, die leuen erken en vervang met die waarheid. Hulle verkeerde denkpatrone moes verbreek en verander word. Al die deelnemers het dan ook God se teenwoordigheid intens beleef, alhoewel drie te kenne gegee het dat hulle aanvanklik nie geweet het wat om te verwag nie, maar hulle kon hulself later oopstel vir die werking van die Heilige Gees. Die rede hiervoor kon moontlik wees dat wanneer navorser by die aanvang van die sessie verduidelik hoe die gebed gaan plaasvind, daar gewoonlik daarteen gewaak word om nie enige iets te suggereer nie. Uiteindelik moet die ervaring vir die beradene eg wees. Navorser het ook al gevind dat wanneer die beradene se selfbeeld en eiewaarde baie laag is, hulle hulself heel dikwels nie as waardig beskou dat God direk met hulle op hierdie manier sal praat nie - dit kan ook die proses aanvanklik bemoeilik. 'n Verdere moontlike blokkasie is die herbelewins van die oorspronlike emosies soos tydens die traumagebeure. Vir die deelnemer is hierdie belewenis normaalweg nie baie positief nie. Wanneer die beradene sulke intense emosies beleef, is die versoeking vir die berader dan somtyds ook groot om die gebed te beëindig. Die berader moet egter voortgaan om onder leiding van die Heilige Gees die proses te fasiliteer, sodat hierdie emosies deurgewerk en innerlike

genesing bewerkstellig kan word. In hierdie opsig is die berader telkens maar net 'n *tydelike assistent van die Heilige Gees* (Seamands, 2001:129). Jesus Christus is die een wat deur die werking van die Heilige Gees uiteindelik die genesing en die vryheid bewerkstellig.

## 5.4 SAMEVATTING VAN EMPIRIESE RESULTATE

Vanuit voorafgaande bespreking is dit duidelik dat gebed 'n groot rol speel in die proses van innerlike genesing. Wanneer die pyn in gebed verwoord word tot God, word dit uiteindelik 'n kanaal waardeur Sy helende krag kan vloei tot genesing en vernuwing. Samevattend kan die belangrikste aspekte wat na vore gekom het in hierdie hoofstuk soos volg aangedui word:

- In 'n studie soos hierdie moet daar eerstens besluit word watter soort navorsing ter sprake is, dit wil sê of dit basies of toegepas of 'n kombinasie van beide is. Hierna moet die besluit oor die benadering/perspektief ten opsigte van die beoogde projek geneem word. Daar moet naamlik besluit word of die ondersoek kwantitatief of kwalitatief of 'n kombinasie van beide sal wees. Daarna kan die navorsingsontwerp geselekteer word, hetsy verkennend, verklarend, beskrywend of weereens 'n kombinasie. Vervolgens kan daar op 'n prosedure besluit word, asook op die wyse van data-insameling. By laasgenoemde lê die keuse tussen onderhoude, meetinstrumente, skale of vraelyste.

- In hierdie studie is daar besluit op basiese navorsing, deur middel van 'n kwaltitatiewe ondersoek, waarvan die inligting beskrywend van aard weergegee is. Die navorsingsprosedure het die vorm van gevallestudies aangeneem, terwyl die data-insameling plaasgvind het deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude.

- Die kwalitatiewe ondersoek konstrueer kulturele betekenis, fokus op interaktiewe gebeure, terwyl getrouheid die sleutelfaktor is. Waarde is teenwoordig en eksplisiet. Dit is situasie gebonde met relatief min gevallestudies, 'n tematiese analise en 'n diepe betrokkenheid van die navorser by die ondersoek.

- Die data-insameling kan op minstens vier maniere plaasvind tydens die kwalitatiewe ondersoek, naamlik deur deelnemende observasie, onderhoudvoering, dokumente studie en sekondêre analise. Vir hierdie studie is gebruik gemaak van onderhoudvoering deur

middel van semi-gestruktureerde onderhoude. Hierdie tipe onderhoud is net soos die ongestruktureerde onderhoud, maar baie meer buigsaam. Dit word gebruik in gevalle waar die navorser 'n besondere belangstelling het in 'n bepaalde tema en/of waar die tema persoonlik van aard is. Die navorser maak ook gebruik van 'n voorafopgestelde vraelys as riglyn. Hierdie tipe onderhoude kan 'n langer tydsduur as die ongestruktureerde onderhoud hê, wat beteken dat dit kan toeneem in intensiteit. Die deelnemer moet op sy gemak gestel word en daar moet 'n vertrouensband wees tussen die navorser en die deelnemers. Die navorser fasiliteer en begelei die deelnemers tydens die onderhoud, terwyl hulle saam deur die vraelys werk. Die vraelys dien egter net as 'n riglyn en die onderhoud is baie buigsaam en meer persoonlik.

- Die doelwit met die empiriese ondersoek was dan vervolgens om enige vernuwende insigte betreffende die rol van gebed tydens die innerlike genesingsproses te identifiseer. Sodanige uitsigte het dan ook bygedrae tot die beantwoording van die navorsingsvraag ten opsigte van die rol van gebed tydens die innerlike genesingproses en tweedens tot die formulering van pastorale riglyne waar gebed 'n belangrike deel daarvan uitmaak, sodat die emosioneel en geestelik verwonde persoon pastoraal begelei kan word tot heelheid en vernuwing in Jesus Christus.

- Vir hierdie doeleindes is daar op vyf deelnemers besluit. Al vyf deelnemers het geworstel met onverwerkte en onderdrukte emosionele pyn. Wanneer emosionele pyn ervaar word, veroorsaak dit 'n blokkasie in sekere areas van die individu se lewe. Vir verdere geestelike en emosionele groei om te kan plaasvind, is dit noodsaaklik dat die deelnemers innerlike genesing sal ontvang. Die deelnemers is in hierdie opsig begelei deur 'n pastorale beradingsproses met besondere klem op die onderskeie gebedsessies.

- Na afloop van hierdie gebedsessies het al vyf deelnemers getuig van innerlike genesing. Dit was al vyf se eerste ervaring rondom gebedsterapie. Die afleiding kan egter gemaak word dat Jesus Christus hulle elkeen op 'n unieke manier aangeraak het en dat – soos tydens Sy aardse bediening – ook in hierdie gevalle geen patroon as die absolute aanvaar kan word nie. Jesus Christus behandel elke persoon op 'n unieke manier. Aan die anderkant is dit tog ook belangrik om die volgende aspekte in gedagte te hou:

- Die berader moet met die aanvang van die sessie die prosedure rondom die wyse van gebed verduidelik.
- Die beradene moet gemaklik met die sessie wees, sodat blokkasies makliker uit die weg geruim kan word.
- Met betrekking tot die gebed om innerlike genesing is daar veral twee uitgangspunte wat gehuldig word. Aan die eenkant waarsku sommiges die berader teen begeleidende suggestie, terwyl daar aan die anderkant diegene is wat voorstel dat die berader die beradene moet begelei in visualisering. Ook in terme hiervan moet die berader sensitief wees vir die leiding van die Heilige Gees.
- Dit gebeur dikwels dat die beradene tydens die gebed die oorspronklike emosies sal beleef, soos tydens die traumagebeure. Die berader moet sensitief ingestel hiervoor wees en die beradene daardeur begelei.
- Die berader moet die beradene ook inlig rakende die moontlike effek wat die gebedsessie op hom mag hê. Hierdie effek mag wissel vanaf konkrete emosionele verligting tot selfs die ervaring van fisiese simptome wat gepaard mag gaan met innerlike emosionele veranderinge.
- Die beradene moet na afloop van die gebed vir 'n paar oomblikke in stilte gelaat word, sodat daar iets van 'n afsluiting kan plaasvind in die teenwoordigheid van Jesus Christus deur die Heilige Gees.

- 'n Gebedsessie van hierdie aard word heel dikwels deur die beradene as 'n positiewe keerpunt in hul lewens beleef wat dan gepaard gaan met diep innerlike genesing vir jarelange emosionele pyn. By al vyf die deelnemers het daar nie net innerlike genesing plaasgevind nie, maar almal het tekenne gegee dat daar ook 'n verdieping in hul verhouding met God plaasgevind het. Hierdie groei in hul verhouding met God het ook groei in hul interpersoonlike verhoudings tot gevolg gehad.

- 'n Verdere belangrike aspek wat na vore gekom het met betrekking tot die vyf deelnemers is die feit dat hul geloof steeds gefokus gebly het op God self as die Verhoorder van gebed. Dit het uiteindelik dus vir hulle nie gegaan om die spesifieke metode van gebed of om die berader as sodanig nie, maar wel om God self as die Geneesheer van emosionele pyn.

# HOOFSTUK 6

## PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE ROL VAN GEBED IN DIE PROSES VAN INNERLIKE GENESING

### 6.1 INLEIDING

Die fokus van hierdie hoofstuk is om praktykteoretiese riglyne aan die orde te stel met betrekking tot die pastorale rol van gebed in die proses van innerlike genesing. Volgens die model van Zerfass moet dié nuut voorgestelde riglyne dan ook korreleer met die oorleweringe en die situasie analise soos bespreek in die voorafgaande hoofstukke. Die sentrale teoretiese argument van hoofstuk 1 stel dit dat deeglik beskrywende riglyne vir die pastorale begeleiding deur gebed 'n besondere rol kan vervul in die proses van innerlike genesing. In hierdie verband is gebed dan beskryf as die kontakpunt binne die raamwerk van die verbondsverhouding tussen God en die mens, waartydens wedersydse gesprekvoering plaasvind. In hoofstuk 2 is verskeie Skrifgedeeltes eksegeties ondersoek om groter insig te verkry met betrekking tot die verbondsbeloftes tussen God en die mens, en spesifiek ook met betrekking tot die plek van gebed tydens die innerlike genesingsproses, as uitvloeisel van hierdie verbondsverhouding. Gedurende die afgelope vier dekades het pastorale beraders die waarde van gebed met betrekking tot die begeleiding van die emosioneel en geestelik verwonde persoon al meer besef. In hierdie proses is die riglyne met betrekking tot die gebedsfase dan ook gaandeweg al duideliker geformuleer en uitgespel. Ook binne die hoofstroom van hulpverlening kan die waarde van gebed met betrekking tot die terapeutiese proses in die breë nie langer meer ontken word nie en verskyn daar tans al meer navorsingsbydraes in hierdie verband. In hoofstukke 3 en 4 is daar dan ook op sommige van hierdie bydraes vanuit die hulpwetenskappe gefokus. Navorser het die teoriese riglyne wat in hierdie hoofstuk aan die orde gestel word aan die praktyk getoets en in hoofstuk 5 is verslag gegee van hierdie empiriese ondersoek. Die navorsing in hierdie studie tot dusver ondersteun die sentrale teoretiese argument soos dit in hoofstuk 1 verwoord word en kan daarom gevolglik ook aansluit by die konklusie van Van der Merwe (1995:213) in sy studie rondom die terapeutiese funksie en effek van gebed in die pastorale bediening. Hy konkludeer dat gebed meer is as net beraad of gesprek - gebed is inderdaad terapie. Geen mens kan met God kommunikeer en

onaangeraak bly nie. Teen hierdie agtergrond word daar vervolgens oorgegaan tot die formulering van praktykteoretiese riglyne. Volgens Venter (1996:25) beskryf die praktykteorie hoe 'n basisteorie in die praktyk behoort te funksioneer. Hy noem dat sowel basisteorie, as praktykteorie egter met die één werklikheid te doen het, naamlik om te kom tot prakties-teologiese teorievorming en daarom moet die twee refleksiedomeine in 'n hermeneutiese wisselwerking met mekaar gestel word.

## 6.2 DOELSTELLING

Die uiteindelike doelstelling van hierdie studie is om die rol van gebed in die proses van innerlike genesing te omskryf, gesien vanuit 'n pastorale vertrekpunt. Om aan hierdie doelstelling te voldoen, gaan die volgende aspekte in hierdie hoofstuk aan die orde gestel word:

- Belangrike vertrekpunte.
- Riglyne ten opsigte van gebedsterapie.

## 6.3 BELANGRIKE VERTREKPUNTE

Ten einde riglyne te kan formuleer vir die pastorale rol van gebed in die innerlike genesingsproses, is dit noodsaaklik om eerstens belangrike vertrekpunte te omskryf. Hierdie vertrekpunte vorm die fondasie van gebedsterapie en word geformuleer vanuit die voorafgaande navorsing. Daar is sewe vertrekpunte geïdentifiseer wat vervolgens aan die orde gestel word.

### 6.3.1 God

God is 'n drie-enige God, wat drie persone impliseer, naamlik God die Vader, Jesus Christus Sy Seun en die Heilige Gees. God is sowerein, almagtig, genadig en die Skepper van hemel en aarde. God is die bron van alle wysheid. In Sy genade wil Hy hierdie wysheid aan die mens skenk wat tot Hom bid daarvoor. God se wysheid kom onder andere tot realisering deur die ingeplante Woord van God in die mens se hart (vgl. 2.3.5). God is ook die bron van die mens se geloof en daarom is geloof aktiewe vertroue in die karakter en persoon van God (vgl. 2.3.5). Jesus Christus is die Seun van God wat die

Vader kom bekend maak en daarom kan die mens dit wat Hy sê en doen, onvoorwaardelik glo en aanvaar (vgl. 2.6.4 en 3.4). Tydens Jesus Christus se aardse bediening het Hy hoofsaaklik die evangelie verkondig, die mense onderrig en siekes genees (vgl. 2.6.2). Die lydingsgebeure van Jesus Christus is 'n bewys van Sy volmaakte liefde vir die Vader en die Vader se volmaakte liefde vir die wêreld (vgl. 2.6.5 en 3.4.5). Regdeur Jesus Christus se bediening het Hy gesê dat die werke wat Hy doen, nie Sy eie werke is nie, maar dié van die Vader. Die werke van Jesus Christus verwys na al Sy handelinge tydens Sy aardse bediening waardeur Hy deurgaans God se karakter en krag geopenbaar het (vgl. 2.6.5 en 3.4). Die Heilige Gees word voorgestel as die voortgesette teenwoordigheid van Jesus Christus by die gelowiges. Hy begelei die gelowiges in die waarheid en is die Leraar, die Getuie, die Oplossing in elke menslike krisis en die Begeleier in die leringe van Jesus Christus (vgl. 2.6.5 en 3.5.2). God is verder die Verhoorder van gebed, die groot Geneesheer en die mens se Verlosser (vgl. 2.5.3 en 3.4). Jesus Christus word in die Woord voorgestel as die Hoëpriester wat self vir die mens intree by God en die Heilige Gees roep met onuitspreeklike sugtinge uit na God namens die mens (vgl. 2.5.3). God drie-enig is dus aktief betrokke by die gebed van die mens.

### 6.3.2 Verbondsverhouding

Wanneer die mens homself aan God toevertrou, bring dit mee dat die mens God se verlossingsboodskap kan verstaan en die doel met sy lewe volkome kan uitleef. Dit het tot gevolg dat die mens aan die woorde, lewe, dood en opstanding van Jesus Christus kan vashou deur geloof en sodoende word hy van sonde gereinig en ontvang hy die krag om Hom te volg (vgl. 2.6.4). God beloof dan om die gelowige te begelei en te ondersteun op sy geestelike groeipad na vernuwing en genesing (vgl. 2.3.5). In God se genade reik Hy na die gelowige uit en skenk aan hom die verlossing, genesing en vernuwing. Wanneer die mens dus God vertrou en hul lewe totaal aan Hom oorgee, ontstaan daar 'n verbondsverhouding tussen God en die mens (vgl. 2.4.5 en 3.4).

### 6.3.3 Gebed

Die mees basiese begrip van gebed is om basies met God in gesprek te gaan (vgl. 2.3.3). Die gelowige kan as gevolg van die verbondsverhouding tussen hom en God met vrymoedigheid tot God nader in gebed en bid vir meerdere kennis in situasies waarin hy

nie altyd die nodige kennis of vaardighede het nie (vgl. 2.3.1). Gebed is om met God te praat of versoeke tot Hom te rig (vgl. 2.3.3). Dit is verder ook 'n wyse waardeur die realiteite verstaan kan word (vgl. 2.3.5) en gevolglik ook die realiteite rondom die beradene se pynlike herinneringe en seer van die verlede (vgl. 2.3.6 en 3.5.1). God beloof om die gelowige se gebede te beantwoord vanuit Sy genade, sagmoedigheid en vrygewigheid (vgl. 2.3.5). Jesus Christus het verder ook beloof om aan die mens alles te skenk wat hy in gebed vra (vgl. 2.3.5). Die gebede van die regverdige is beide kragtig en effektief, omrede dit fokus op God en Sy wil en nie op eie kragte nie (vgl. 2.5.4).

### 6.3.4 Geloof

Geloof is 'n aktiewe, ononderbroke vertroue in God en Sy gebooie (vgl. 2.6.4 en 3.5.3). Dit is met ander woorde 'n vertroue (of 'n sekere wete) aan die kant van die gelowige dat God sal doen wat Hy beloof het binne hierdie verbondsverhouding. Geloof kan net gestel word in iemand wat geloofwaardig is en die karaktereienskappe het om geloofwaardig en betroubaar te kan wees, iemand met integriteit (vgl. 2.4.3). Sonder geloof het die gelowige se gebed geen krag nie (vgl. 2.4.1). Om in geloof te bid, beteken dat die mens in gebed God se wil soek en nie sy eie wil op God wil afdwing nie (vgl. 2.4.5). Ware geloof kom dus tot uiting in die manier hoe Christene optree (vg. 2.5.2) en hul vertroue in God stel vir hul verlossing, genesing en vernuwing. Die Woord beloof verder dat gebede wat in geloof gebid word, verhoor sal word. In hierdie sin kan geloof dan selfs berge verskuif. Hierdie uitdrukking is eerstens aanduidend van dit wat vir die gelowige onmoontlike mag voorkom en tweedens ook van die probleme in hul lewens (vgl. 2.4.5).

### 6.3.5 Innerlike genesing

Innerlike genesing begin by die erkenning en identifisering van die wortel van diep emosionele pyn, sodat dit verwerk kan word en die persoon tot heelheid in Christus gelei kan word. Dit is 'n proses waartydens die Heilige Gees die beradene lei tot dieper insig betrefende sekere areas van sy lewe. Innerlike genesing kan verder beskryf word as 'n proses waartydens die emosioneel en geestelik verwonde persoon, met die hulp en begeleiding van die Heilige Gees, dieper insig en begrip verkry met betrekking tot die pyn en wonde van die verlede, asook betreffende die negatiewe effek wat dit op sy funksioneringstyl tot dusver gehad het. Hiermee saam gaan dan ook die genesing van

pynvolle herinneringe, asook 'n herprogrammering van negatiewe denkpatrone (vgl. 1.1.2; 3.4; 3.5.1 en 3.5.2).

### 6.3.6 Pastorale berading

Pastorale berading is Bybelgerigde hulpverlening aan die emosioneel en geestelik verwonde persoon, waar Bybelse beginsels deurgaans as finale riglyn geld en enige perspektiewe wat vanuit die hulpwetenskappe ingespan word ondergeskik hieraan staan. In hierdie proses is die Gees van God die enigste effektiewe agent vir herstel en genesing terwyl alle wysheid in hierdie terapeutiese proses dan ook in Jesus Christus gesetel is. Die fokus van pastorale berading is dan ook gerig op die krag van God vir leiding en insig, met die uitgangspunt dat dit juis die krag van God is wat die berader in staat stel om op 'n eklektiese manier hulp te verleen (vgl. 1.1.3, 3.4; 3.5.1 en 3.5.2).

### 6.3.7 Die rol van die berader

Die berader moet deurgaans in 'n lewende en groeiende verhouding met God staan. Ter voorbereiding van die pastorale begeleiding is daar in hierdie verband veral vyf belangrike beginsels wat in die lewe van die berader toegepas moet word, naamlik:

- **Aanbidding**
  Die berader moet in 'n intieme verhouding met God staan. Om werklik in Jesus Christus se voetspore te kan volg, beteken in die eerste plek om God te aanbid. Aanbidding herinner die berader voortdurend daaraan dat God Gód is. Dit skep 'n veilige basis vir die berader, waarbinne hy die beskerming teen die pyn en seer waarmee hy elke dag gekonfronteer word, kan geniet. Die dissipline van aanbidding herinner die berader ook daaraan dat alhoewel hierdie wêreld deurtrek is met pyn, hartseer en boosheid, God getrou en heilig is. Dit is hierdie getroue en heilige God wat Homself ontferm oor die gebrokenes en verdruktes en wat herstel en insig beloof het aan elkeen wat homself aan God onderwerp (vgl. 2.7; 3.4.7 en 4.4.6).

- **Waarheid**
  Die waarheid bring mee dat die berader die mens sal sien soos God hom sien en dít sal lei tot insig en vryheid (vgl. 2.3). Hiermee saam is dit ook belangrik dat die

berader sy eie gebrokenheid sal erken en toelaat dat die Heilige Gees hom ook verander tot gelykvormigheid aan die beeld van Jesus Christus (vgl. 2 Kor 3:18; 1 Pet 2:24) (vgl. 3.4.7 en 4.4.6).

- **Bybelstudie**

  God se gedagtes en die gedagtes van die mens is nie dieselfde nie (vgl. Jes 55:8-9). Die berader se gedagtes kan maklik beïnvloed word deur die beradingsondervindinge en daarom is 'n daaglikse verdieping in die Woord van besondere belang (vgl. 2.3; 3.4.7 en 4.4.6).

- **Gehoorsaamheid**

  Die berader kan nie die beradene lei tot gehoorsaamheid aan God, as hyself nie hierdie beginsel uitleef in sy eie lewe nie. Deur gehoorsaamheid word God se genade en waarheid 'n werklikheid (vgl. 2.6; 3.4.7 en 4.4.6).

- **Gebed**
  - **Gebedsondersteuning**

    Dit is van kardinale belang dat die berader gebedsvennote het wat hom én die persone wat beraad word in gebed ondersteun. Die gebedsvennote moet ingelig word met betrekking tot die nodige agtergrond ten einde effektiewe gebed te bevorder (vgl. 3.5.5 en 4.4.6).

  - **Gebed en Vas**

    Die berader moet self ook in gebed voor God worstel vir leiding en antwoorde. Van tyd tot tyd kan dit selfs vir die berader nodig wees om te vas, veral voor en tydens 'moeilike' gevalle (vgl. 2.5; 3.5.5 en 4.4.6).

In die proses van innerlike genesing begelei die berader die beradene in gebed na Jesus Christus, sodat Hy verlossing, genesing en vernuwing kan bring. Die berader moet homself geheel en al aan die Heilige Gees onderwerp en fasiliteer slegs die gebed. Jesus Christus se belofte van gebedsverhoring stel dit ekplisiet dat dit Hy is wat in en deur die berader werk. Die berader se werke is in effek dus Jesus Christus se werke en daardeur word die liefdeswerk van Jesus Christus as't ware voortgesit (vgl. 2.6.5). Hierdie is 'n

troos vir die berader om te weet dat hy slegs maar 'n instrument in die hande van God is (vgl. 2.6.6).

## 6.4 RIGLYNE TEN OPSIGTE VAN GEBEDSTERAPIE

Alhoewel elke persoon uniek is en so behandel behoort te word, is dit nogtans belangrik om sekere basiese riglyne te omskryf. Dit is belangrik om daarop te let dat die berading nie streng stapsgewys kan plaasvind nie, omrede sekere stappe in 'n mate oorvleuel (vgl. 3.6). Tog is dit ook so dat sekere aspekte eers afgehandel moet word voordat verdere vordering gemaak kan word. Daar behoort deurgaans 'n diepe afhanklikheid te wees van die leiding deur die Heilige Gees (vgl. 2.6 en 3.5.2). Verandering kan ook slegs realiseer indien daar by die beradene 'n diepgaande begeerte en selfs 'n gedetermineerdheid is om na volwassenheid te groei. Vanuit die navorsing het geblyk dat die begeleding reeds in verskillende fases of stappe verdeel kan word ten einde die nodige uitkomste te kan bereik (vgl. 3.6). Navorser wil hierby aansluit met die formulering van riglyne ten opsigte van die rol van gebed in die proses van innerlike genesing, maar wil ook addisionele fases byvoeg om die proses verder uit te brei. Die begeleiding kan soos volg skematies voorgestel word:

- Gebed ter voorbereiding van die beradingsessie.

- Die terapeutiese gesprek:
    - Die aanvanklike ontmoeting.
    - Die inwin van agtergrondkennis rondom die beradene.
    - Die identifisering van die moontlike probleemsituasie.
    - Die identifisering van die oorspronklike leuen wat gevestig het.
    - Die verligting van onmiddellike simptome.
    - Die identifisering van verdedigingsmeganismes.

- Die gespreksgebed, waartydens die beradene na Jesus Christus gebring word, sodat emosionele genesing en geestelike vernuwing kan plaasvind:
    - Stel die beradene op sy gemak en verduidelik die prosedure waarvolgens gebid gaan word.
    - Berei die weg vir genesing deur middel van gebed.

- Verwyder versperrings wat genesing verhoed.
- Afsluiting van die gebed.

- Die nasorg en begeleiding na emosionele en geestelike groei.
  - Begeleiding in geestelike dissiplines en emosionele vaardighede.

Voordat daar egter gelet word op die detail van die verskillende fases van die proses van gebedsterapie, moet die aandag oorkoepelend net eers op die volgende drie belangrike aspekte gefokus word:

- Tydens gebedsterapie word die beradene op 'n unieke wyse deur Jesus Christus in die volle waarheid ingelei. Die gespreksgebed is nie daarop gerig om die beradene se herinneringe te probeer uitwis of te ontken nie, maar is eerder 'n benadering waardeur Jesus Christus self genesing en heling bewerkstellig vir hierdie persoon.
- Die beradene moet uiteindelik in staat wees om sy eie lewensprobleme proaktief en prinsipieel met verantwoordelikheid te kan bestuur. As gevolg van al die pyn en trauma van die verlede is daar heel dikwels blokkasies in so 'n persoon se lewe wat keer dat genesing kan plaasvind en die berader moet hom kan lei tot insig hierin.
- Die beradene moet sy potensiaal kan ontwikkel om uiteindelik sy skeppingsdoel te kan vervul.

Elk van die fases kan dan soos volg meer in detail uiteengesit word:

### 6.4.1 Gebed ter voorbereiding van die beradingsessie

Alhoewel die Heilige Gees altyd in die gelowige aanwesig is, is dit nogtans nodig om spesifiek Sy leiding te vra vir die beradingsessie (vgl. 2.6; 3.5.2; 3.6.1 en 4.4.6). Dit impliseer die volgende:

- Dat Hy die sessie sal lei en dat Sy wil deurgaans bekend gemaak sal word. Die berader is slegs maar die fasiliteerder tydens die gebedsessie en moet daarom homself oopstel vir die leiding van die Heilige Gees.
- Dat Hy die sessie deurgaans sal beheer en kragtig sal werk.

- Dat Hy die berader en die beradene se gedagtes, idees en woorde sal rig, sodat die dieperliggende emosies na die bewussyn van die beradene gebring sal word en dat die koppeling gemaak kan word tussen die huidige probleemsituasie en die oorsprong/wortel van die pyn. Onbeheerbare emosies blokkeer soms die werking van die Heilige Gees, aangesien daar so op dié verwarrende emosies gefokus word dat die persoon nie ten volle ontvanklik is vir die werking van die Heilige Gees nie. Alhoewel die berader die beradene moet aanmoedig om nie sy emosies te onderdruk nie, moet dit steeds onder die beheer van die Heilige Gees geplaas word.
- Dat Hy tydens en na die sessie beskerming sal bied aan elkeen betrokke by die sessie – dit geld veral in gevalle waar dit sou blyk dat die beradene met okkulties verwante praktyke betrokke was.

### 6.4.2 Die terapeutiese gesprek

Die terapeutiese gesprek word onderverdeel in die aanvanklike ontmoeting, die inwin van agtergrondkennis rondom die beradene, die identifisering van die moontlike probleemsituasie, die identifisering van die oorspronklike leuen wat gevestig het, die verligting van onmiddellike simptome en die identifisering van verdedigingsmeganismes. In 1 Kor 4:20 waarsku Paulus egter dat *"die Koninkryk van God is immers nie 'n saak van praatjies nie, maar van krag."* Die terapeutiese gesprek moet dus altyd gepaard gaan met aksie/krag. Reg van die begin van die beradingsessie af behoort die fokus op God se oplossings te wees, volgens die beginsels van die Woord (vgl. 3.4; 4.4.2; 4.4.3). Tog word die onderskeid gemaak dat daar nie 'n oplossing kan wees voordat die oorsaak van die probleem gevind word nie.

#### 6.4.2.1 Die aanvanklike ontmoeting

Wanneer 'n beradene vir berading aanmeld, het hy nie altyd helderheid en duidelikheid oor wat sy probleme eintlik behels nie. Die eerste taak van die berader is dus om die beradene te begelei tot die identifisering van sy probleme, waarna hy verantwoordelikheid daarvoor moet neem. Hy moet ook duidelikheid kry oor die aard en omvang van sy probleme en watter aanpassings gemaak moet word vir verandering. Verder is die beradene gewoonlik ook senuweeagtig rondom die onbekendheid en

onsekerheid van wat om te verwag. Die berader moet die beradene altyd eers op sy gemak stel deur aanvanklik eers oor algemene sake te gesels. Die beradene moet die berader leer ken en vertrou. Wanneer die beradene meer gemaklik voel, kan daar aanbeweeg word na die terapeutiese gesprek. Tydens die terapeutiese gesprek moet die berader ingestel wees op alle moontlike inligting wat bevorderlik kan wees vir die helingsproses. Om dit te kan bewerkstellig, moet hy 'n aktiewe, ondersteunende en plooibare terapeutiese houding inneem. Die berader mag nie koud en klinies voorkom nie, maar moet aanvaarding, liefde en ondersteuning vir die beradene bied (vgl. 3.4). Jesus Christus het die mense altyd na Hom toe aangetrek, juis as gevolg van Sy onvoorwaardelike liefde en aanvaarding. In hierdie sin moet die berader se houding deurgaans een wees van ondersteuning, empatie en rigtingaanwysend en nie een van kritiese voorskrywing nie. Hy moet konsekwent, empaties en konsidererend te werk gaan - sodoende word duidelike grense gestel en beleef die beradene 'n gevoel van vastigheid.

Die berader moet ook 'n sterk terapeutiese alliansie bewerkstellig en handhaaf en moet die beradene tydens die terapie gedurig herinner aan sy rol en verantwoordelikheid. Wanneer die beradene aktief deelneem aan die terapeutiese proses, is dit vir hom makliker om eienaarskap vir sy eie genesing te neem (vgl. 3.4.1). Die uitdaging vir die berader lê daarin dat hy die beradene moet begelei om verantwoordelikhede te aanvaar. Die berader moet 'n klimaat van veiligheid skep en teen 'n bestendige pas beweeg. Hy moet die beradene ontmoet op die vlak waar hy is en met geduld die pas handhaaf waarmee die beradene gemaklik is.

Die berader moet 'n lewende voorbeeld van Jesus Christus se liefde, deur die instaatstellende krag van die Heilige Gees, vir die beradene wees (vgl. 3.5.3). Die emosioneel en geestelik verwonde persoon beleef oor die algemeen 'n gebrek aan liefde en daarom heel dikwels ook ontnugtering. Die berader moet gevolglik deur sy demonstrerende liefde, die beradene weer help om in die goeie te kan glo. Dit is verder ook noodsaaklik dat die berader aan die beradene die Bybelgebaseerde vertrekpunte van sy hulpverlening sal verduidelik (vgl. 6.3). Hy moet ook seker maak of die beradene alreeds in 'n verbondsverhouding met God staan. Hierdie verbondsverhouding impliseer 'n nuutwording betreffende alle dimensies van die beradene se lewe, naamlik gees, siel en liggaam (vgl. 3.4.1). Die berader moet aan die beradene verduidelik dat alhoewel hy tot bekering kon gekom het, sy sielsdimensie (emosies, verstand en wil) nog voortdurend

onder die aanslag verkeer van die ou sondige natuur en dat daar voortdurend vernuwing moet plaasvind. Hierdie vernuwing en verandering beteken dan eerstens 'n erkenning dat die mens nie uit eie krag kan verander nie, tweedens 'n besef dat hy hom totaal aan God moet onderwerp en derdens, 'n keuse om Jesus Christus toe te laat om hom met volkome genesing te bedien.

### 6.4.2.2 Die inwin van agtergrondkennis rondom die beradene

Dit is oor die algemeen sinvol om die terapeutiese gesprek te begin deur uit te vra na die simptome ten opsigte waarvan die persoon vir terapie aangemeld het (vgl. 3.6.1.1).

In hierdie proses kan die berader gebruik maak van:

- **Diagnostiese vraelyste (vgl. 5.2.2.2)**
  Die berader kan vooraf 'n vraelys opstel wat hy gebruik tydens die terapeutiese gesprek. Hy moet die vraelys stelselmatig saam met die beradene deurwerk en aantekeninge maak van die antwoorde. Die vraelys in Bylaag C dien as 'n voorbeeld hiervoor. Wanneer die berader die vraelys tydens die gesprekvoering deurwerk, moet hy sensitief wees vir die nie-verbale kommunikasie aan die kant van die beradene, sowel as vir enige emosionele belewenisse. Hy moet ook sensitief wees vir die inspraak van die Heilige Gees.

- **Diagnostiese onderhoudvoering (vgl. 5.2.2.1)**
  Afgesien van bogenoemde gebruikmaking van 'n vraelys as riglyn tydens die onderhoud, het die berader ook verskeie ander opsies rondom die gesprekvoering. Die berader kan die gesprek begin deur bloot aan die beradene te vra om sy storie aan hom te vertel. In hierdie verband het MacNutt (1999:149) voorgestel dat die berader die beradene moet uitvra oor die ontstaan van die simptome en of hy enige idee het wat aanleiding tot die pyn kon gee (vgl. 3.6.1.1). Die luistervaardighede aan die kant van die berader moet goed ontwikkel wees en die berader moet homself instel om met sy ore, oë en hart te luister.

Die terapeutiese gesprek is 'n proses waardeur die beradene verligting van emosionele spanning, skuldgevoelens en emosionele pyn verkry deur oor die aanleidende omstandighede te praat. Die doel is gevolglik om onderdrukte pynlike emosies, skuldgevoelens oor sonde, asook die leuen agter die pyn vanuit die onderbewuste of selfs onbewuste na die oppervlak te bring, sodat Jesus Christus self heling en genesing kan bewerkstellig.

### 6.4.2.3 Die identifisering van die moontlike probleemsituasie

Genesing kan slegs plaasvind wanneer die traumatiese geheue geprosesseer en geïntegreer word. Uit die vorige besprekings (vgl. 3.6.1.1) het dit geblyk dat die traumageheue afgesper is van die normale geïntegreerde geassosieerde langtermyngeheue. Die berader moet in gedagte hou dat die huidige probleem dus nie die ware pyn is nie, maar slegs 'n eggo van die oorspronklike pyn rondom die onderdrukte en onverwerkte emosionele bagasie. Die emosies wat die berader dus op hierdie stadium beleef, staan bekend as sekondêre emosies. Wanneer die berader dan dieper en fyner luister en veral ook fokus op die nie-verbale kommunikasie van die beradene, sal die 'skadufigure' vanuit die verlede heel dikwels makliker waargeneem kan word. Die Heilige Gees sal die berader ook bewus maak van belangrike leidrade (vgl. 2.6; 3.5.2 en 3.6.1.2). Die berader moet ook let op sekere beskrywende emosionele woorde of uitdrukkings, gesindhede en selfs fisiese manifestasies wat soms gedaante aan die oorspronklike probleemsituasie gee. Wanneer hierdie skakels geïdentifiseer word, kan daar in die geheue terugbeweeg word, totdat die dieper oorsaak van die pyn erken word. Dit gebeur ook dat die beradene nie vanselfsprekend die konneksie kan maak tussen enersyds sy huidige probleme, verhoudingspanning, kompulsies en ander simptome, en andersyds sy onverwerkte, onderdrukte emosionele bagasie nie. Die berader moet in sulke gevalle die beradene lei om die koppeling te kan maak en om nie net te wil fokus op die huidige situasie nie (vgl. 3.6.1.2).

Die volgende tegnieke kan van waarde wees tydens hierdie stap:

- **Die verbalisering van ervarings uit die verlede**
  Soos wat die beradene sy omstandighede en pyn verwoord, kan dit ander geheue stimuleer (vgl. 3.6.1.3).

- **Dans, verf of ander vorme van kuns**
  Die onderbewuste kan soms nie deur redenasies of woorde bereik word nie, maar wel deur ritme, rituele en ander vorme van kuns. Tydens hierdie sessies kan iets soos spelterapie van waarde wees (vgl. 3.6.1.1).

- **Om 'n joernaal te hou van ervarings/stories/familiegeskiedenis**
  Dit is noodsaaklik dat elke stukkie geheue wat onthou word, neergeskryf word, al maak dit aanvanklik nie sin nie. Deur joernaal te hou, kan die stukkies geheue later met mekaar verbind word, sodat die geheelprentjie gebou kan word (vgl. 3.6.1.1).

- **Regressie en visualisering**
  Wanneer die beradene die berader genoeg vertrou, kan die berader die beradene as't ware terugneem in sy verlede in (vgl. 3.6.2.1).

Nadat die traumageheue herwin is, is die versoeking soms vir die beradene groot om die geheue te ontken in 'n poging om die gepaardgaande pyn te probeer vermy. Vir genesing om in te tree, speel erkenning egter 'n kardinale rol en gevolglik moet ontwyking vervang word met konfrontasie. Tydens berading voel dit vir die beradene asof dit soms eers baie slegter gaan voordat dit beter gaan - maar objektief beskou, toon die grafiek van genesing in talle situasies dan tog 'n opwaartse neiging.

#### 6.4.2.4 Die identifisering van die oorspronklike leuen wat gevestig het

Vanuit die navorsing het dit geblyk dat hierdie stap deur sommige navorsers baie sterk beklemtoon word en aan die anderkant deur andere weer vermy word. Wanneer die beradene se selfbeeld en eiewaarde baie laag is, beskou hulle hulself heel dikwels nie as waardig om op hierdie wyse deur God aangeraak te word nie (vgl. 5.3.2.5). Dit is gevolglik 'n lae eiewaarde wat daartoe bydra dat die beradene 'n leuen van die vyand begin glo en nie sy identiteit in God ontwikkel nie. Totdat hierdie oorspronklike leuen nie geïdentifiseer word nie, kan genesing nie volkome intree nie. Vir die vervanging van die leuen met die waarheid vanuit God se Woord is dit noodsaaklik dat die beradene se denkpatrone moet verander (vgl. 3.6.1.3). Dit gebeur dus in effek dat hierdie leuen 'n

houvas op die beradene sal hê, totdat die beradene die leuen identifiseer en verwerk. Smith (1999:110) het daarop gewys dat die beradene *voel wat hy glo.* Op kognitiewe vlak kan die beradene dit dan erken as 'n leuen, terwyl dit op die affektiewe vlak as die waarheid ervaar word. Die berader moet die beradene dus begelei om te fokus op dit wat hy *voel* en nie op wat hy *weet* waar is nie. In hierdie opsig weeg die beradene se *ondervindingskennis* dikwels vir hom baie swaarder as sy *logika.*

Die volgende tegnieke kan van waarde wees tydens die identifisering van die leuen:

- Die berader moet die beradene vra om dit wat hy *voel* te beskryf en dit dan met verdere beskrywende woorde te definieer. Vrae soos *wat, hoekom* en *waarom* help die beradene om dieper in die herinneringe in te beweeg.
- Die leuen word dikwels ook gemanifesteer in die beradene se huidige funksioneringstyl en gesindheid. In hierdie geval is observasie en identifikasie daarvan noodsaaklik, sodat die leuen erken word.

### 6.4.2.5 Die verligting van onmiddellike simptome

Alhoewel die waarneembare simptome van die beradene gewoonlik dieperliggende wortels het, is dit noodsaaklik dat die berader enersyds ingestel moet wees op alle moontlike gebeure in die persoon se lewe wat hierdie simptome mettertyd kon veroorsaak het, maar andersyds ook hulpverlening sal verskaf wat verligting vir die onmiddellike simptome tot gevolg sal hê (vgl. 3.6.1.1 en 4.4.4). In hierdie verband is dit belangrik om in gedagte te hou dat genesing begin wanneer sekere tegnieke toegepas word om hierdie simptome te hanteer. Die berader moet byvoorbeeld praktiese hulpmiddele aan die beradene voorstel, soos die volgende:

- Ontspanningsoefeninge.
- Regte eet- en slaapgewoontes.
- Fisiese oefeninge.
- Die noodsaaklikheid van rus moet aan hom verduidelik word.
- Die beradene kan ook by 'n ondersteuningsgroep aansluit met die oog op verantwoordbaarheid.

- Indien dit nodig mag wees, moet die berader die beradene na sy algemene praktisyn of na 'n psigiater verwys vir mediese behandeling (vgl. die geval van Ben wat een van die medewerkers was tydens die empiriese navorsing).

#### 6.4.2.6 Die identifisering van verdedigingsmeganismes

Elke mens beskik oor sekere verdedigingsmeganismes om in tye van pyn en ongemak die situasie te kan hanteer (vgl. 3.5.4). Die beradene se verdedigingsmeganismes het heel dikwels 'n verdere negatiewe vernietigende effek op sy huidige interpersoonlike verhoudings en alvorens dit nie erken word nie, sal hierdie negatiewe patroon bly voortduur. Die berader moet die beradene gevolglik tot die insig bring dat alhoewel die verdedigingsmeganismes 'n mate van beskerming gebied het ten tye van die trauma, dit op langtermyn geen blywende oplossing bied nie.

Die beradene moet sy eie swaarkry en pyn erken, sodat die fokus daarna in die berading op innerlike genesing kan val. In effek word die fokus in hierdie proses dan gaandeweg verskuif vanaf krisisberading rondom die effek wat die verdedigingsmeganismes op die beradene se interpersoonlike verhoudings het, na diepgaande innerlike genesing, sodat die oorspronklike gevestigde pyn verwerk kan word en die verdedigingsmeganismes dan nie meer nodig sal wees nie. Wanneer die beradene insig in sy huidige funksioneringstyl kry, kan verandering begin intree in die sin dat die ou sondige patrone afgelê kan word en vervang word met nuwe patrone volgens Bybelse riglyne (vgl. 3.6.1.3). Om hierdie punt te bereik, moet die beradene dit dan regkry om as't ware deur sy verdedigingsmeganismes te breek - sy 'lewensvideo' word in sy gedagtes teruggedraai en hy beweeg saam met Jesus Christus terug tot by die traumatiese gebeure. Sodoende word hy die geleentheid gebied om in sy verbeelding die gebeure te sien afspeel en die betrokke persone wat verantwoordelik was vir sy emosionele pyn te visualiseer en sy hart teenoor hulle uit te praat.

### 6.4.3 Die gespreksgebed waartydens die beradene na Jesus Christus gebring word vir emosionele genesing en geestelike vernuwing

Die emosionele ontlading geskied tydens gebed in die teenwoordigheid van Jesus Christus. Die berader begin die gebedsessie deur:

- Eerstens aan die beradene die prosedure waarvolgens gebid gaan word te verduidelik.
- Tweedens volg die gebedsessie.
- Derdens word alle versperrings in die weg na genesing verwyder.
- Vierdens volg die afsluiting van die gebedsessie.

Die berader moet tydens hierdie hele proses die beradene telkens aanspoor om oor sy gevoelens te praat - op hierdie wyse word die gespreksgebed dan as tegniek gebruik om ontlading te bewerkstellig. Ons let vervolgens op elk van die vier bovermelde fases van die gebedsessie.

#### 6.4.3.1 Stel die beradene op sy gemak en verduidelik die prosedure waarvolgens gebid gaan word

Net soos tydens die aanvanklike ontmoeting (vgl. 6.4.2.1) moet die berader die beradene op sy gemak stel deur aan hom te verduidelik hoe die gebedsessie ingerig sal word. Die berader moet in afhanklikheid van die Heilige Gees (vgl. 2.6; 3.5.2 en 3.6.2.1) deurgaans rigtinggewend optree. Omrede die gebed hoofsaaklik daarop fokus om die beradene se onderdrukte geheue na die oppervlak te bring, moet die berader met liefde en toegeneëntheid teenoor die beradene optree (vgl. 3.4). Die berader moet waak teen oorvereenvoudiging deur aan te neem dat een spesifieke benadering in alle gevalle voldoende sal wees (vgl. 3.5.1 en 4.4.6). Hy moet gevolglik die Heilige Gees vertrou om hom te lei na die werklike probleem, sodat dit effektief aangespreek kan word.

#### 6.4.3.2 Berei die weg vir genesing deur middel van gebed

Wanneer al die inligting verkry en 'n nodige strategie bepaal is, word daar voortbeweeg na die gebed. Die beradene moet tydens die gebedsessie na God gebring word, sodat die Heilige Gees die onaangename herinneringe vir die beradene na die bewussyn kan bring vir genesing (vgl. 3.6.2.1). In die voorafgaande hoofstukke is verskeie modelle en riglyne deur verskillende outeurs beskryf wat effektief tydens die gespreksgebed gebruik kan word. Vanuit al hierdie bydraes wil navorser vervolgens die volgende riglyne vir die gespreksgebed formuleer.

By die aanvang van die gebedsessie is dit belangrik dat die berader sal besef dat hy slegs maar die fasiliteerder is en dat dit Jesus Christus self is wat genesing en vernuwing aan die beradene bring. Die berader is dus maar net die instrument in die hande van Jesus Christus en sodoende word Sy bediening deur die berader voortgesit (vgl. 2.6.5). In hierdie proses is dit die Heilige Gees wat kragtig deur die berader werk, sodat die beradene genesing en vernuwing kan ontvang (vgl. 2.6 en 3.5.2). Dit is dan ook om hierdie rede dat die berader nie een tegniek as die absolute kan aanvaar nie. Soos tydens Sy aardse bediening sal Jesus Christus ook in hierdie gevalle met elke persoon op 'n unieke wyse handel (vgl. 5.3.2.4). Dit het tot gevolg dat die beradene homself somtyds sal terug bevind in die oorspronklike traumagebeure en in sekere gevalle sal daar dan selfs ook deur middel van beeldspraak – soos in die geval van Ben en Ansie wat medewerkers tydens die empiriese ondersoek was – genesing kan intree; somtyds sal die beradene die onderskeie betrokke partye 'sien' en met hulle kan kommunikeer; en somtyds moet die berader die beradene begelei om homself in gesprek met Jesus Christus te visualiseer. Die berader moet egter deur hierdie hele proses fyn ingestel wees op die leiding van die Heilige Gees.

Dit is sinvol dat die berader normaalweg eerste begin om te bid - hy bid dan onder andere vir die beradene en vir dit wat gaan volg. Die berader kan byvoorbeeld in so 'n openingsgebed vir God vra om die belofte van Joh 14:21 (vgl. 2.6 en 5.3.2.4) in die lewe van die beradene waar te maak, wanneer hy vra dat Jesus Christus die beradene sal bedien met Sy ingrypende en helende teenwoordigheid. Die berader moet vervolgens ingestel wees op die beradene se spesifieke behoeftes en dit dan in gebed na God bring vir genesing en heling.

Daarna moet die beradene aangemoedig word om self te bid en sy emosionele pyn teenoor Jesus Christus te verbaliseer - die beradene moet dus toegelaat word om op hierdie punt ten volle uiting aan sy emosies te gee. Wanneer die beradene klaar gebid het, moet die berader hom vra om net so rustig te sit, sy oë gesluit te hou en te fokus op die teenwoordigheid van Jesus Christus. Na verloop van 'n paar oomblikke kan die berader aan die beradene vra of hy enigiets emosioneel beleef of moontlik in sy geestesoog ervaar. Die reaksie van die beradene kan in sekere gevalle 'n redelike mate van invloed hê betreffende die verdere verloop van die gebedsessie.

Daar is verder minstens drie opsies wat die berader hiernaas sou kon volg en aan elk hiervan word vervolgens aandag geskenk.

**(1) Die begeleiding tydens gevalle waar die beradene homself as't ware terug bevind in die oorspronklike traumagebeure (vgl. 3.6.2.1)**

Dit gebeur soms dat die beradene tydens die gebed in 'n sekere sin terugbeweeg na die oorspronklike traumatiese situasie. Wanneer dit gebeur, verander die beradene se stemtoon of liggaamshouding ook soms in ooreenstemming met die gebeure en omstandighede soos tydens die trauma - selfs die liggaamsposisie en emosies kan diensooreenkomstig verander. Die beradene sȧl ook nou in staat wees om dinge te kan verwoord wat hy tydens die oorspronklike trauma situasie soms nie toegelaat was om te doen nie. Wat die begeleiding op hierdie stadium betref, is die berader totaal afhanklik van die leiding deur die Heilige Gees (vgl. Joh 14:21; Jer 33:3). Die berader moet ook die beradene daaraan herinner 9dat Jesus Christus altyd by die mens teenwoordig is en hom vra om Jesus Christus se teenwoordigheid te probeer ervaar te midde van die oorspronklike pynvolle situasie. Vrae soos onder andere 'Hoe beleef jy God op hierdie oomblik? Wat sê Jesus Christus vir jou in hierdie omstandighede?' kan gevra word. Dit is egter belangrik dat alhoewel die berader die gebed begelei, hy nooit suggestief sal optree nie, maar slegs sal reageer op dit wat die beradene opper. Soos reeds genoem, is dit so dat wanneer die beradene homself terugbevind in die oorspronklike traumatiese situasie, hy dieselfde ontstellende emosies kan beleef as tydens die oorspronklike trauma. In die fasilitering hiervan moet die berader hom daaraan herinner dat dit slegs 'n *herinnering* van die oorspronklike gebeure is wat hier beleef word en dat die beradene huidiglik in 'n veilige plek is waar hy homself ten volle kan oopstel vir genesing. Die beradene moet egter die emosies *beleef*, sodat verwerking dan kan plaasvind. Hy moet verder begelei word tot insig in die situasie en toelaat dat Jesus Christus hom volkome hierin genees. Die uitspreek van vergifnis teenoor die betrokke partye is ook van besondere belang. Wanneer die beradene sukkel om die oortreder te vergewe, moet die berader die Skriftuurlike beginsels rondom vergifnis aan hom verduidelik. Die veronderstelling is dan ook dat die beradene emosioneel en geestelik reeds 'n punt bereik het waar hy in staat is om te kan vergewe. Na die kwessie van vergifnis beweeg die berader verder voort met die proses deur aan die beradene te vra om

weereens deur sy herinneringe te beweeg op soek na verdere emosionele pyn, sodat dit op dieselfde manier hanteer kan word. Dit is vervolgens belangrik dat daar oor elke insident asook elke negatiewe emosie en herinnering gebid sal word. Dit gebeur ook soms dat die beradene vir Jesus Christus in die herinnering sal 'sien'. In sulke gevalle moet die berader hom vra om na Jesus Christus te gaan en te doen wat Hy sê. 'n Gebedsessie soos hierdie is gewoonlik 'n emosioneel uitputtende ervaring. Die beradene kan dit beleef asof iets van hom weggeneem is en onttrekkingsimptome mag in sekere gevalle ontstaan. Daar kan selfs werklike fisiese simptome beleef word, soos byvoorbeeld erge hoofpyn, gevoelens van naarheid, braking, diaree of intense uitputting. Hierdie simptome kom nie in alle gevalle voor nie, maar dit is goed om daarop voorbereid te wees. In die meeste gevalle sal die beradene egter 'n diepe vrede beleef. (In Bylaag B is daar 'n volledige uiteensetting van Seamands (2001:139-161) se model rondom hierdie fase van die terapeutiese proses).

Dit gebeur egter ook in sekere gevalle dat die beradene geen konkrete belewenis hoegenaamd ervaar, nadat hyself en die berader gebid het nie. In sulke gevalle kan die berader die beradene begelei deur die gebruikmaking van óf die visualiserings tegniek, óf 'n gebed rondom die hele lewensiklus van die beradene. Riglyne hieromtrent is soos volg:

**(2) Begeleiding met behulp van visualisering (vgl. 3.6.2.1)**

Die berader lei weereens die gebedsessie in deur self te bid. Na die gebed moet hy die beradene begelei om rustig met sy oë gesluit te bly sit en te luister na die berader se stem. Die berader begin dan deur die beradene te begelei om homself in gesprek met Jesus Christus te visualiseer. In Bylaag E is 'n voorbeeld van 'n visualiseringstegniek bygevoeg wat baie effektief in hierdie proses gebruik word. Hierdie prosedure impliseer dat die beradene in sy geestesoog sal ervaar hoe hy en Jesus Christus gesels. Die berader moet die beradene dan vra om oor sy pyn met Jesus Christus te gesels. Wanneer die beradene sy pyn verwoord teenoor Jesus Christus, kan dit ook weereens gebeur dat hy homself in die oorspronklike gebeure terugbevind, soos beskryf onder punt (1). In sulke gevalle moet die berader die beradene dan diensooreenkomstig begelei. Ook tydens hierdie proses moet die berader sensitief ingestel wees op die leiding van die Heilige Gees. Wanneer die

beradene homself nie terugbevind in die oorspronklike traumagebeure nie, moet die berader aanhou om aan hom vrae te stel (vgl. 3.6.1.3 – *wat, hoekom* en *waarom*), sodat hy dieper in die herinnering kan inbeweeg, totdat alle moontlike leuens ten volle geïdentifiseer is. Telkens wanneer die leuen geïdentifiseer is, word dit vervang met die Waarheid vanuit die Woord. In talle gevalle sal die beradene dit beleef asof dit Jesus Christus self is wat hierdie waarheid aan hom gee en sodoende kan hy genesing en vernuwing ontvang.

**(3) Gebed rondom die hele lewensiklus van die beradene (vgl. 3.6.2.1)**

Wanneer die Heilige Gees nie 'n spesifieke herinnering na die beradene se bewussyn bring nie – soos in die geval van (1) en (2) hierbo – moet die gebed onderverdeel word om die hele lewensiklus van die beradene te dek. Sodoende word daar dan stelselmatig deur al die inligting gewerk wat tydens die terapeutiese gesprek aan die lig gekom het – met besondere klem dan op elk insident waar die beradene emosionele pyn, skokke, krisisse en trauma beleef het. Daar moet telkens gebid word dat Jesus Christus alle tersaaklike herinneringe na die beradene se bewussyn sal bring en dat die beradene op die een of ander wyse (al is dit dan nie noodwendig by wyse van visualisering of 'n 'prentjie' in die geestesoog nie) Jesus Christus in die herinneringe sal sien/beleef. Wanneer die beradene iets hiervan beleef en as't ware Sy stem herken wat genesing inspreek, vind daar oor die algemeen verwerking plaas en rustigheid word verkry. Ter voorbereiding van die gebedsessie kan die beradene gevra word om 'n lewenslyn op te stel waar belangrike gebeure in kronologiese volgorde en ook ouderdomsgewys aangedui word – in 'n sekere sin dus 'n traumageskiedenis. In hierdie gevalle kan daar selfs van prentjes vanuit tydskrifte gebruik gemaak word om uitdrukking aan hul emosies te gee met betrekking tot spesifieke traumatiese gebeure uit die verlede. Dit is weereens belangrik dat die berader sensitief ingestel moet wees op die verbale en nie-verbale kommunikasie van die beradene. Daar moet oor elke insident gebid word – selfs al voel dit vir die beradene (nou as volwassene) onbenullig – omrede die pynlike herinneringe van die verlede die huidige funksioneringstyl beïnvloed (vgl. 3.6.1.1).

Die gebed kan vervolgens in vier dele verdeel word, naamlik:

- **Familiemilieu**

  Tydens die aanvanklike terapeutiese gesprek moet die berader die beradene ook uitvra betreffende sy familiegeskiedens. Op hierdie stadium moet daar dan in die gebed gefokus word op alle aspekte wat verband mag hou met 'n moontlike negatiewe milieu waarbinne die persoon kon opgegroei het - soos byvoorbeeld 'n disfunksionele gesin waar daar molestering, verwerping, ensovoorts kon plaasgevind het.

- **Voorgeboortelike stadium**

  Bylaag A verskaf praktiese riglyne rondom moontlike negatiewe invloede vanuit hierdie fase. Die berader moet bid oor enige probleme, negatiewe emosies, skokke of trauma wat die moeder tydens die swangerskap kon beleef het en wat gevolglik 'n invloed op die baba kon gehad het.

- **Vroeë kinderjare**

  Hierdie fase strek vanaf die beradene se geboorte tot ongeveer twaalfjarige ouderdom. Daar moet gebid word dat die Heilige Gees alle moontlike negatiewe insidente na die bewussyn sal bring, sodat dit verwerk kan word. Die grootste gedeelte van die mens se verwyssingsraamwerk ontstaan in hierdie periode van sy lewe en daarom is gebeure vanuit hierdie fase gewoonlik deurslaggewend met betrekking tot die latere volwasse funksioneringstyl. In hierdie verband moet die beradene se verkeerde denkpatrone ook herken en moet dit hanteer word.

- **Latere lewe**

  Laastens word daar stelselmatig deur alle verdere negatiewe herinneringe tot by die hede beweeg.

Deur die hele gebedsessie word daar deurgaans gevra vir Jesus Christus se ingrype en helende teenwoordigheid. Dit is uiteindelik Hyself wat die beradene bedien in sy spesifieke behoeftes rondom vergifnis, genesing en vernuwing (vgl. 2.3; 2.4; 2.5; 2.6; 3.4).

#### 6.4.3.3 Verwyder versperrings wat genesing verhoed

Wanneer daar tot by hierdie stap beweeg is en daar nog geen konkrete deurbraak plaasgevind het (veral met betrekking tot die belewenis van trauma uit die verlede), kan daar moontlik sekere blokkasies wees wat genesing verhoed. In hoofstuk 3 by punt 3.6.2.2 is verskeie sodanige versperrings of blokkasies aan die orde gestel. Die berader kan dit met die beradene bespreek in 'n poging om vas te stel waar die probleem is, sodat dit uit die weg geruim kan word. Wanneer daar klaarblyklik nie een van die vermelde versperrings aanwesig is, moet die Heilige Gees vertrou word om moontlike diepere wortels op een of ander wyse te openbaar (vgl. 2.3; 2.6). Dit is somtyds ook nodig om van geestelike hulpmiddelle soos onder andere salwing en nagmaal (vgl. 2.5) gebruik te maak ten einde die beradene op 'n praktiese manier te herinner en te begelei ten opsigte van God se beloftes vir die gelowiges. Geestelike hulpmiddele soos hierdie versterk oor die algemeen die beradene en help hom fokus op die verlossingswerk van Jesus Christus. Somtyds is die grootste blokkasie in die lewe van die beradene gesetel in sy Godsbeskouing. In hierdie sin gebeur dit soms dat hy God as kwaai of apaties beleef en daarom sukkel om die genesing te ontvang. Die berader moet hierop fyn ingestel wees en hom begelei om ook die leuen hieromtrent te identifiseer. Die beradene moet gevolglik 'n gesindheid van afhanklikheid en onderwerping aan God hê, sodat hy nie langer sal staatmaak op sy eie of die berader se insigte en kragte nie, maar sal reageer op die leiding van die Heilige Gees (vgl. Sp 3:5-7; Rom 12:1-2; Heb 6:1-2).

#### 6.4.3.4 Afsluiting van die gebed

Net soos tydens die genesings ten tye van Jesus Christus se aardse bediening, sal die resultate van die gebed normaalweg uitloop op vrede, kalmte en rustigheid by die beradene (vgl. 3.4.4). Die beradene moet vervolgens 'n paar oomblikke gegun word, sodat hy stil sy nuutgevonde vryheid kan reflekteer en die intense teenwoordigheid van Jesus Christus Chritus nogeens ervaar (vgl. 3.6.2.3). Die berader kan aan die beradene stel dat hy nou stil gaan wag, totdat die beradene self gereed is om die gebed te beëindig. Wanneer die beradene die gebed beëindig, kan die berader Skrifgedeeltes aan hom voorlees ter bevestiging van dit wat gebeur het. 'n Skrifgedeelte soos onder andere Jes 45:1-5 is waardevol in gevalle waar die beradene getwyfel het aan sy identiteit. Wanneer 'n beradene byvoorbeeld getwyfel het aan God se liefde vir hom, is Rom 8:31-39

waardevol. Die berader kan die Heilige Gees ook vertrou om spesifieke Skrifgedeeltes wat op hierdie stadium van toepassing mag wees na vore te bring. Die berader beëindig uiteindelik die gebedsessie met 'n gebed waarin hy Jesus Christus dank vir die genesing en vir Sy getrouheid om Sy beloftes waar te maak in die lewe van die gelowiges.

### 6.4.4 Die nasorg en begeleiding na emosionele en geestelike groei

Die langtermyn effek van die genesing en heling wat tydens die gespreksgebed plaasvind, word grootliks bepaal deur die verdere verbintenis van die beradene aan Bybelse waarhede en geestelike wette. Die berader se funksie is dus om die persoon eerstens te begelei tot vryheid in Jesus Christus en tweedens om vir die persoon vaardighede aan te leer wat hom sal help om tot emosionele en geestelike volwassenheid te kan groei. Hierdie opvoedingstaak moet steeds onder die leiding van die Heilige Gees geskied en daar moet ook 'n sensitiwiteit wees ten opsigte van verdere probleemareas. Op hierdie manier kan die genesing holisties van aard wees (vgl. 3.4.1 en 4.3).

#### 6.4.4.1 Begeleiding in geestelike dissiplines en emosionele vaardighede

Alhoewel die beradene tydens die gespreksgebed die genesing en vryheid deur die krag van die Heilige Gees ontvang het, moet hy in talle gevalle sy ou disfunksionele gewoontes vervang met nuwe gewoontes en gesindhede. Dit vra 'n definitiewe wilsbesluit en 'n verbintenis ten einde sy nuutgevonde vryheid op die langtermyn te kan handhaaf. In hoofstuk 3 by punt 3.6.3 is verskeie riglyne in hierdie verband beskryf. Vervolgens word opsommende riglyne in hierdie verband gegee met betrekking tot die verskillende dimensies van die mens, naamlik geestelik, psigies (emosies, verstand en wil), fisies en sosiaal.

- **Geestelik**
  Die berader moet die beradene leer om in God se teenwoordigheid in te gaan en na Sy stil stem te kan luister, sodat hy alle verkeerde beskouings rondom God kan vervang met die waarheid van die Woord. Om dit te bewerkstellig, moet die beradene dus leer om homself daagliks te verbind tot die geestelike dissiplines van Bybellees, die memorisering van sleutelverse en gebed (vgl. 4.4.1; 4.4.2 en 4.4.3).

- **Psigies (emosies, verstand en wil)**

  Die beradene moet leer om alle valse identiteite wat gekoppel mag wees aan sy identiteit te verwerp en sy Goddelike identiteit op te neem. Hy moet begelei word om die oorsprong van alle negatiewe simptome te ontdek en te verwerk. Dit impliseer dat die beradene voortdurend sy gedagtes moet vernuwe en elke negatiewe gedagte gevange moet neem en aan Jesus Christus gehoorsaam maak (vgl. Rom 12:1-2; 2 Kor 10:3-6). Hy moet dus verantwoordelikheid aanvaar vir sy gedagtewêreld en nie toelaat dat sy verstand passief raak of weer die leuens van die vyand glo nie. Verder moet hy daarteen waak om nie weer in die ou negatiewe patrone van denke, emosies en gedrag terug te val nie (vgl. 3.6.1.3 en 3.6.2.1).

- **Fisies**

  Ook op fisiese vlak moet die berader die beradene bystaan en hom begelei met betrekking tot alle fasette waar moontlike aanpassings gemaak moet word. Die berader moet selfs, indien nodig, die beradene verwys vir mediese raad en bystand.

- **Sosiaal**

  Die berader moet die beradene leer om na ander mense uit te reik, want om andere te bedien, getuig van ware genesing (vgl. Job 42:10). Om hieraan te voldoen, moet die beradene byvoorbeeld betrokke raak by 'n liefdevolle kerkgemeenskap waar hy openlik en eerlik met ander kan wees. Die beradene kan ook aansluit by 'n gebedgroep om sodoende geestelik sowel as emosioneel en sosiaal te groei.

## 6.5 SAMEVATTING VAN PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie stel dit dat deeglike beskrywende riglyne vir die pastorale begeleiding deur gebed 'n besondere rol kan vervul in die proses van innerlike genesing. As vertekpunt in die vorming van sodanige riglyne is aandag gegee aan die huidige

teologiese oorleweringe en het daar ook 'n situasie analise plaasgevind. Dit is in 'n wisselwerking met mekaar gebring ten einde uiteindelik praktykteoretiese riglyne te formuleer, wat tydens 'n empiriese ondersoek in die praktyk getoets is. Hierdie hoofstuk is dan ook 'n weergawe van hierdie praktykteoretiese riglyne en dit kan samevattend soos volg weergee word:

- Ten einde riglyne te kon formuleer was dit noodsaaklik om eerstens net eers die basiese vertrekpunte van hierdie studie uit te spel:

    - **God**
      God is 'n drie-enige God wat bestaan uit God die Vader, Jesus Christus Sy Seun en die Heilige Gees. God is sowerein en handel met die mens volgens Sy wil. In Sy groot genade skenk Hy aan die mens vergifnis, genesing en vernuwing.
    - **Verbondsverhouding**
      Wanneer die mens homself aan God toevertrou, bring dit mee dat die mens God se verlossingsboodskap kan verstaan en die doel met sy lewe volkome kan uitleef. In hierdie opsig staan die mens dan in 'n verbondsverhouding met God.
    - **Gebed**
      Gebed is om met God in gesprek te tree. Hierdie gesprekvoering kan plaasvind as gevolg van die bestaande verbondsverhouding.
    - **Geloof**
      Geloof is 'n voorvereiste vir die verhoring van gebed.
    - **Innerlike genesing**
      Dit is 'n proses waartydens die Heilige Gees die beradene begelei tot dieper insig betreffende sekere areas van sy lewe, waar hy dan emosionele en geestelike genesing en vernuwing ontvang deur middel van gebed.
    - **Pastorale berading**
      Dit gaan om Bybelgerigde hulpverlening aan die emosioneel en geestelike verwonde persoon waar Bybelse beginsels as finale kriterium dien.
    - **Die rol van die berader**
      In die hulpverleningsproses is die berader by geleentheid treffend gedefinieer as 'n *tydelike assistent* van die Heilige Gees (Seamands, 2001:129). Die berader moet in 'n steeds groeiende intieme verhouding met God staan en aspekte soos aanbidding, die waarheid, Bybelstudie, gehoorsaamheid en gebed vorm belangrike onderdele in hierdie verhouding.

- Riglyne ten opsigte van die pastorale rol van gebed in die proses van innerlike genesing kan onderverdeel word in die volgende fases of stappe:

    - Gebed ter voorbereiding van die beradingsessie.
    - Die terapeutiese gesprek:
        - Die aanvanklike ontmoeting.
        - Die inwin van agtergrondkennis rondom die beradene.
        - Die identifisering van die moontlike probleemsituasie.
        - Die identifisering van die oorspronklike leuen wat gevestig het.
        - Die verligting van onmiddellike simptome.
        - Die identifisering van verdedigingsmeganismes.
    - Die gespreksgebed, waartydens die beradene na Jesus Christus gebring word, sodat emosionele genesing en geestelike vernuwing kan plaasvind:
        - Stel die beradene op sy gemak en verduidelik die prosedure waarvolgens gebid gaan word.
        - Berei die weg vir genesing deur middel van gebed voor.
        - Verwyder versperrings wat genesing verhoed.
        - Sluit die gebed af.
    - Die nasorg en begeleiding na emosionele en geestelike groei.
        - Begeleiding in geestelike dissiplines en emosionele vaardighede.

- Alhoewel gebedsterapie op laasgenoemde fases berus, moet die proses ook in balans staan tot die volgende drie aspekte:

    - In die finale instansie is dit Jesus Christus self wat die beradene begelei na vergifnis, genesing en vernuwing.
    - Die beradene moet uiteindelik in staat wees om sy eie lewensprobleme proaktief en prinsipieel met verantwoordelikheid te kan bestuur.
    - Die beradene moet begelei word om sy potensiaal te ontdek en te ontwikkel.

- Alhoewel die Heilige Gees altyd by die mens teenwoordig is, moet daar by die aanvang van elke beradingsessie steeds gebid word vir Sy leiding.

- Tydens die terapeutiese gesprek is dit noodsaaklik dat die berader 'n aktiewe, ondersteunende en plooibare terapeutiese houding inneem en daarteen waak om klinies en koud voor te kom.

- Tydens die inwin van agtergrondkennis kan die berader gebruik maak van vraelyste of onderhoudvoering. Dit is egter baie belangrik dat die berader se luistervaardighede goed ontwikkel sal wees.

- Dit is belangrik vir die beradene om te besef dat sy huidige probleme dikwels slegs sekondêr is tot die werklike probleme. Die Heilige Gees moet vervolgens vertrou word om die diepere wortels uit te wys.

- Om werklike diepgaande genesing en vernuwing te ontvang, is dit ook noodsaaklik om die leuen te erken en dit te vervang met die waarheid vanuit die Woord.

- In hierdie proses van hulpverlening is dit ook noodsaaklik om die beradene te begelei in die verligting van die onmiddellike simptome.

- Die gespreksgebed vorm die hart van die beradingsessie en die berader moet sensitief ingestel wees op die leiding van die Heilige Gees en op die beradene. Die beradene moet op sy gemak gestel word voordat daar aanbeweeg kan word tot die gebed self. Daar is minstens drie opsies wat die berader kan volg afhangende van die reaksie aan die kant van die beradene, naamlik (1) begeleiding in geval waar die beradene homself terugbevind in die oorspronklike traumagebeure, (2) begeleiding met behulp van visualisering, en (3) begeleiding aan die hand van 'n trauma geskiedenis van die beradene se lewe.

- Die berader moet sensitief wees vir enige versperrings wat genesing kan verhoed en dit uit die weg ruim waar moontlik.

- Die gebed moet met die nodige sensitiwiteit teenoor die beradene afgesluit word.

- Nasorg en begeleiding tot langtermyn emosionele groei en geestelike vernuwing is van kardinale belang en die berader moet die beradene effektief hierin begelei.

# HOOFSTUK 7

## GEVOLGTREKKINGS EN VOORGESTELDE AREAS VIR VERDERE NAVORSING

In hierdie hoofstuk word die gevolgtrekkings ten opsigte van elke individuele hoofstuk van hierdie studie aan die orde gestel. Voorstelle betreffende verdere navorsing rondom aanverwante temas en areas word ook aan die hand gedoen.

### 7.1 GEVOLGTREKKING TEN OPSIGTE VAN BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE

Begrip vir en betrokkenheid by die emosioneel en geestelike verwonde persoon berus op die vertrekpunt dat alle mense na die beeld van God geskape is. Met die sondeval is hierdie beeld beskadig en sukkel die mens om sy volle potensiaal in die lewe te bereik. In Sy groot genade bied God vergifnis, genesing en vernuwing aan die mens deur middel van die kruisdood van Jesus Christus. Tydens gebedsterapie bring die berader die beradene gevolglik in gebed na Jesus Christus, sodat Hy genesing en heelwording aan hom kan skenk. Die hulpverleningsproses berus op die beginsels en waarhede vanuit die Woord.

#### 7.1.1 Met betrekking tot gebed vir wysheid en meerdere kennis: Jak 1:5-8

Wanneer die mens gebuk gaan onder emosionele pyn en seer is dit somtyds moeilik om die doel van die lewe te verstaan. Dit gebeur ook dat die leuens wat gevestig het as gevolg van die pyn en seer, alle dimensies van die mens se lewe negatief en destruktief beïnvloed. In die genesingsproses het die mens onderskeiding nodig en dit is om hierdie rede dat God die mens vermaan om tot Hom te bid vir wysheid en meerdere kennis. God beloof dat Hy dit aan die mens sal skenk sonder om te verwyt. Die gelowige kan maar net sy hart oopstel en dit in geloof van God neem. In hierdie proses is geloof 'n belangrike faktor. Die mens kan die sekerheid hê dat God sy beloftes waar sal maak, omrede God die bron van geloof is.

### 7.1.2 Met betrekking tot gebed en geloof: Mark 11:22-26

Telkens tydens Jesus Christus se aardse bediening het Hy – net soos in hierdie perikoop – 'n beroep op die mens gedoen om geloof te hê. Wanneer die berader en die beradene tot God bid om genesing, moet hulle ook in geloof bid, met die sekere wete dat God hul gebede sal beantwoord. Somtyds voel die pyn en seer vir die beradene net te oorweldigend en dit is in hierdie gevalle dat Jesus Christus die mens daaraan wil herinner dat Hy die onmoontlike kan doen. Om effektief te kan bid, moet die mens dus 'n vaste geloof in God hê.

### 7.1.3 Met betrekking tot gebed en genesing: Jak 5:13-16

In hierdie perikoop word God voorgestel as die Verhoorder van gebed, die Groot Geneesheer en die Verlosser. Hy het aan die gelowiges die opdrag gegee om vir siekes te bid en beloof dat Hy hulle sal genees. Selfs ook wanneer hulle sonde gedoen het, sal Hy vergifnis aan hul skenk. Die belangrikheid van geloof wat gekoppel is aan gebed, kom ook weer in hierdie passasie sterk na vore. God gee aan die mens die belofte nie slegs met betrekking tot fisiese genesing nie, maar ook ten opsigte van emosionele/innerlike genesing. Die emosioneel en geestelik verwonde persoon kan dus met 'n verwagting tot God bid en die geloof hê dat God die gelowige se gebede verhoor. Ter versterking van sy geloof, kan die gelowige somtyds van geestelike hulpmiddelle soos onder andere die salwing met olie gebruik maak.

### 7.1.4 Met betrekking tot gebed en die Heilige Gees: Joh 14:12-21

Hierdie perikoop omsluit die belofte dat die Heilige Gees die mens in nood begelei, te midde van sy swakheid. Elke persoon moet homself oopstel vir hierdie begeleiding tot waarheid, vryheid en genesing. In hierdie begeleiding ontmoet Jesus Christus die beradene in sy seer, om sodoende vir hom genesing te kan bring. Hierdie passasie is 'n kragtige belofte, veral ook met betrekking tot die proses van emosionele/innerlike genesing. Indien die beradene homself oopstel vir hierdie begeleiding, lei dit gewoonlik tot selfondersoek, asook 'n bereidwilligheid om afstand te doen van alles wat die genesing en restourasieproses kan blokkeer. Dit is in hierdie verband dat Jesus Christus

die aspekte van gehoorsaamheid en liefde aan mekaar verbind het. Diegene wat God liefhet, sal ook gehoorsaam wees aan Sy gebooie en sodoende sal hulle ook genesing en vernuwing deelagtig word.

### 7.1.5 Met betrekking tot 'n Bybelse voorbeeld van gebedsverhoring met emosionele genesing as resultaat: 1 Sam 1:9-19

In hierdie perikoop word 'n Bybelse voorbeeld gegee van Hanna wat in haar desperaatheid tot God geroep het om hulp. Hanna het in God geglo en geweet dat Hy Sy beloftes aan die mens sal volbring wanneer die mens in geloof tot God nader vir genesing. Hanna was die eerste persoon wat in die Bybel aangeteken is, wat God aangespreek het as die Almagtige (*Jahweh Sabaoth*) en dit is dan ook 'n aanduiding van haar vaste geloof. Haar verhaal bied dan ook 'n treffende illustrasie van iemand wat emosioneel verwond was en uiteindelik diep innerlike genesing ervaar het as gevolg van die wyse waarop God in haar lewe ingegryp het.

## 7.2 GEVOLGTREKKINGS TEN OPSIGTE VAN TEOLOGIESE BASISTEORIE

Die mees effektiewe pastorale hulpverlening aan die emosioneel en geestelik verwonde persoon blyk gebaseer te wees op 'n eklektiese benadering, waar daar enersyds kennis geneem word van praktyke en benaderings vanuit die ander hulpwetenskappe (veral die psigologie met betrekking tot die tema van hierdie studie) wat van toepassing is op die genesingsproses. Andersyds word daar ook ten volle gebruik gemaak van pastorale insette waar besondere klem gelê word op die rol van gebed in die proses van innerlike genesing. So 'n benadering loop hand aan hand met 'n holistiese beskouing waar daar aandag gegee word aan die fisiese, die emosionele en die geestelike fasette van die individu. Die afgelope aantal jare is daar heelwat bydraes gemaak vanuit 'n pastoraal-psigologiese benadering met betrekking tot die rol van gebed in die proses van innerlike genesing. In hierdie bydraes word daar dan ook besondere klem geplaas op die emosioneel-verwonde persoon wat deur die terapeutiese proses in kontak gebring word met Jesus Christus vir geestelike genesing, emosionele genesing, asook gemoedsvernuwing. God is 'n aktiewe realiteit wat in verhouding met die mens wil staan.

In hierdie verbondsverhouding ontvang die mens vergifnis, genesing en vernuwing. Innerlike genesing vind plaas wanneer die beradene homself oopstel vir die Heilige Gees en toelaat dat God die ou pynlike herinneringe en emosionele seer van die verlede kom genees. In hierdie proses is gebedsterapie 'n sinkronisering van psigiese en geestelike sisteme waardeur die Christenberader as fasiliteerder 'n beradene met trauma en emosionele probleme tot by Jesus Christus begelei, sodat Hy die beradene kan bedien met genesing en bevryding. Jesus Christus het tydens Sy aardse bediening eerstens nuwe lewe aan die mens kom skenk, en tweedens redding en genesing met betrekking tot alle siek elemente in hierdie mens se lewe. Jesus Christus het tydens Sy bediening nooit uitsluitlik op die sonde gefokus nie, maar altyd op God se bereidwilligheid om die mens te aanvaar, te genees en te bevry. In gebedsterapie is die fokus dus primer op Jesus Christus as die Geneesheer, Bevryder en Terapeut. Wanneer die berader die beradene in gebed na Jesus Christus bring, dan fasiliteer hy as berader eintlik maar net 'n proses waarbinne Jesus Christus self die genesing bewerkstellig. Die hulpverleningsproses kan verdeel word in die terapeutiese gesprek, die gespreksgebed, nasorg en begeleiding. In hierdie proses moet eerstens die skakels tussen die huidige probleemarea en die oorspronklike traumagebeure erken word; tweedens moet die leuen erken word, sodat dit vervang kan word met die waarheid vanuit die Woord; en derdens moet alle versperrings uit die weg geruim word, sodat die persoon genesing kan ontvang. Die genesing word onder andere moontlik gemaak deur vergifnis en vryspraak, die vervanging van leuens met die waarheid, asook die verbreking van verkeerde denkpatrone. Die berader moet 'n wye kennis en insig met betrekking tot Bybelse beginsels en waarhede hê, asook insig met betrekking tot basiese psigologiese vertrekpunte en wetmatighede. Innerlike genesing stel die mens uiteindelik dan ook in staat om emosioneel en geestelik te groei, en hierdie groeiproses is 'n lewenslange taak.

## 7.3 GEVOLGTREKKINGS TEN OPSIGTE VAN METATEORETIESE PERSPEKTIEWE

Gedurende die afgelope drie dekades het daar gaandeweg 'n al groter bewustheid en openheid ten opsigte van die integrering van godsdiens in die hulpwetenskappe ontstaan. Hoewel heelwat werk nog gedoen moet word, is daar in talle opsigte en binne verskeie van die onderskeie hulpwetenskappe al 'n gesonde basis gelê vir 'n multidissiplinêre

benadering. Verskeie rolspelers het in hierdie verband alreeds die platform geskep vir gesprekvoering en is daar dan ook al baie goeie bydraes gelewer. Bydraes soos hierdie het onder andere al tot gevolg gehad dat die APA (*American Psychological Assosiation*) vanaf 1994 al meer erkenning begin gee het aan die belangrikheid van sekere godsdienstige temas. Aan die anderkant is dit egter tog ook so dat ondanks hierdie vordering, daar steeds baie ambivalente gesindhede bestaan rondom die integrering van godsdiens (en veral dan 'n aspek soos gebed) en die genesingswetenskappe. Die noodsaaklikheid van 'n multidissiplinêre benadering kan egter nie langer meer ontken word nie, omrede die mens 'n holistiese wese is.

Gedurende die eerste paar eeue van die kerkgeskiedenis was genesing en godsdiens baie nou verbonde en dit was eers gedurende die twaalfde eeu dat die skeiding al groter begin raak het tussen hierdie dissiplines. Dit het tot gevolg gehad dat elk in 'n eie wetenskap ontwikkel het wat net op sy eie fokusveld gerig was. Dit was maar eers weer sedert die afgelope drie tot vier dekades dat daar weer daadwerklike pogings aangewend is tot 'n groter mate van integrering van hierdie dissiplines en daarmee saam ook die terrein van die psigologie. Talle internasionale publikasies het sedertdien 'n groter bewustheid na vore gebring betreffende hierdie aangeleentheid. Met die ontwikkeling van die Positiewe Sielkunde Netwerk is daar byvoorbeeld erkenning gegee aan sekere Bybelse kernbeginsels, alhoewel daar nie vanuit 'n suiwer Christelike oriëntasie gewerk is nie. In hierdie verband word die kernbeginsels voorgehou as buffers teen psigiese afwykings. Verder het navorsing in verskillende psigiatriese eenhede die groot behoefte aan geestelike hulp beklemtoon en is daar besef dat indien daar in hierdié behoeftes voorsien kan word, dit 'n positiewe effek op die genesing van pasiënte kan hê. Teen hierdie agtergrond is die vraag: *"Werk gebed in die terapeutiese hulpverleningsproses?"* al meer vervang met die vraag: *"Watter tipe gebed werk met watter persoon onder die unieke omstandighede?"* Daar is gevolglik al meer tot die besef gekom by navorsers vanuit verskillende dissiplines dat die integrering van gebed in die terapeutiese proses in talle gevalle bydra tot 'n kragtige geneesmiddel. Tog, word daar gewaarsku dat gebed slegs geïntegreer kan word tot die mate waarmee die terapeut gemaklik voel en die beradene se behoeftes dit toelaat. Die integreering sal egter die ontstaan van 'n meer empatiese genesingsisteem tot gevolg hê, waar daar opnuut weer klem gelê word op aspekte soos intimiteit en menslikheid binne die wetenskap van genesing. Om in hierdie doel te slaag, moet die onderskeie wetenskappe van godsdiens, psigologie en genesing hulself verbind

aan voortdurende navorsing, opleiding en beleidsake wat gefokus word op die hantering van die spirituele behoeftes van pasiënte/kliënte/lidmate, hul families en hulpverleners.

## 7.4 GEVOLGTREKKING TEN OPSIGTE VAN EMPIRIESE NAVORSING

Vanuit die empiriese ondersoek is dit duidelik dat gebed 'n groot rol speel in die proses van innerlike genesing. Wanneer die beradene sy pyn in gebed kan verwoord tot God, word gebed uiteindelik die kanaal waardeur God se helende krag kan vloei tot vergifnis, genesing en vernuwing. In die empiriese ondersoek is gebruik gemaak van vyf deelnemers, wat elk te kenne gegee het dat hierdie gebedsessie 'n keerpunt in hul lewens tot gevolg gehad het. Tydens die gebed is God se teenwoordigheid tasbaar beleef en elkeen kon hulself uiteindelik oopstel om die genesing te ontvang. Dit is ook opmerklik hoedat die deelnemers onmiddellike en volkome genesing ontvang het, ten opsigte van emosionele verwonding wat oor jare gestrek het. Waarskynlik die grootste uitkoms van hierdie empiriese ondersoek is die feit dat gebed geblyk het om nie slegs 'n beradingstegniek te wees nie, maar inderdaad 'n kragtige stuk terapie wat ingrypende verandering kan bewerkstellig. 'n Verdere uitvloeisel van hierdie proses was dat al vyf deelnemers nie net getuig het van innerlike genesing nie, maar by elkeen het daar 'n verdieping in hul verhouding met God plaasgevind. Uit die resultate van die ondersoek kan die afleiding dan ook gemaak word dat Jesus Christus die deelnemers elkeen op 'n unieke manier aangeraak het en dat – soos tydens Sy aardse bediening – ook in hierdie gevalle geen vasgestelde patroon as die absolute aanvaar kan word nie. Aan die anderkant moet die berader tog sekere aspekte in gedagte hou, soos onder andere:

- Die berader moet by die aanvang van die gebedsessie die beradene op sy gemak stel en die prosedure rondom die wyse van gebed verduidelik.
- Die berader moet die beradene begelei in die erkenning en uiteindelike verwydering van alle versperrings.
- Alhoewel die berader somtyds gebruik maak van die visualiseringstegniek, moet hy waak teen begeleidende suggestie.
- Die berader moet sensitief ingestel wees op die emosionele belewenisse van die beradene, veral in gevalle waar die oorspronklike emosies herbeleef word.

- Die beradene moet ook ingelig word rakende die fisiese effek wat die gebed moontlik kan hê.
- Dit is belangrik dat die beradene aan die einde van die gebed vir 'n paar oomblikke stil gelaat word, sodat daar iets van 'n 'afsluiting' kan plaasvind.

Uiteindelik gaan dit nie oor die spesifieke metode van gebed of om die berader as sodanig nie, maar wel om God self as die Geneesheer van emosionele pyn.

## 7.5 GEVOLGTREKKINGS TEN OPSIGTE VAN PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE

Onverwerkte en onderdrukte emosies as gevolg van emosionele pyn en trauma gekoppel aan insidente uit die verlede kan onbeskryflike smart veroorsaak. Dit beroof die persoon mettertyd van alle hoop. Sulke onverwerkte herinneringe kan 'n lewenslange geestelike, psigiese of fisiese kniehalter wees, wat verhoed dat die persoon die lewe in oorvloed – dit wat God in Joh 10:10 beloof het – kan beleef. Sulke blokkasies verhoed dus dat God se genesende krag kan deurvloei en realiseer in hierdie persoon se lewe. Navorser het self – tydens haar hulpverlening – beleef hoedat sommige beradenes net nie diepgaande genesing kan ontvang nie. Die rede hiervoor is gesetel in die werking van die brein. Emosionele traumatiese geheuemateriaal word normaalweg nie ordelik gestoor of verbind nie, omrede dit in die amigdala gedeelte van die brein gestoor word. Alhoewel die beradene die traumagebeure dus nie bewustelik kan onthou nie, beïnvloed dit steeds sy hele menswees. Hierdie traumatiese geheuemateriaal word in baie duidelike detail gestoor, maar in losstaande eenhede van mekaar en glad nie in narratiewe vorm nie. Verder kan die geheue ook baie maklik geaktiveer of gesneller word deur enige herinnering aan die trauma of selfs dinge wat met die sneller geassosieer kan word. Navorsing het aangetoon dat hierdie pynlike herinneringe in die amigdala oor die algemeen slegs bereik kan word deur 'n meer abstrakte benadering waar die fokus meer geplaas word op regterbrein funksies, soos byvoorbeeld spelterapie, dans, ritme, spel sonder woorde, visualisering, gebed en simboliek. Kognitiewe insig op sigself (wat dus meer 'n linkerbrein funksie is) by die beradene met betrekking tot die probleem is dus nie noodwendig voldoende om genesing te bewerkstelling nie. Genesing moet op 'n dieper vlak plaasvind en dan eers sal heelwording moontlik wees. Dit is om hierdie rede dat

gebed so 'n belangrike rol in die innerlike genesingsproses speel.

In die Woord is daar talle beloftes wat God aangaande gebed vir die gelowiges gee. Vir hierdie studiedoeleindes het die volgende beloftes van groot waarde geblyk, naamlik:

- **Die belofte vir wysheid en meerdere kennis**
  In gevalle waar die beradene nie bewustelik die skakel tussen die huidige probleemsituasie en die oorspronklike gebeure kan maak nie, is die berader en die beradene afhanklik van God vir wysheid en meerdere kennis.

- **Die belofte van genesing**
  God gee die opdrag dat die gelowiges moet bid vir genesing en gee dan ook die belofte dat Hy hierdie gebede sal verhoor. In die verhoring van gebed vorm geloof 'n belangrike aspek.

- **Die belofte van die Heilige Gees**
  Die Heilige Gees word aan die mens gegee as die *Parakletos,* wat beteken dat Hy die ware Berader, Trooster en Begeleier is. Tydens gebesterapie moet die berader sensitief ingestel wees op die leiding van die Heilige Gees.

Gebed kan dus gedefinieer word as die kontakpunt binne die raamwerk van die verbondsverhouding tussen God en die mens, waartydens wedersydse gesprekvoering plaasvind. Die Heilige Gees is die fasiliteerder in hierdie gesprek waarin die mens in vertroue en geloof na God roep. Omrede die mens in 'n verbondverhouding met God staan, skenk God vergifnis, genesing en vernuwing aan die mens. Hierdie belofte van genesing sluit dan ook die belofte van innerlike genesing in. Innerlike genesing kan opgesom word as die proses waartydens die emosioneel en geestelik verwonde persoon, met die hulp en begeleiding van die Heilige Gees dieper insig en verstaan verkry in die pyn en wonde van die verlede, asook in die negatiewe effek wat dit op sy funksioneringstyl het. Gebed vorm dus die kanaal waardeur genesing kan plaasvind, wanneer die berader die beradene na Jesus Christus bring. In die pastorale begeleiding van hierdie persoon is dit gevolglik van kardinale belang dat die berader self ook in 'n intieme verhouding met God sal staan, om sodoende effektiewe hulpverlening te kan bied. Die berader moet altyd 'n gesindheid van liefde en ondersteuning openbaar teenoor

die beradene en daarteen waak om nie veroordelend voor te kom nie. Die berader moet sensitief ingestel wees op die leiding van die Heilige Gees.

Tydens gebedsterapie word die beradene op 'n unieke wyse deur Jesus Christus in die volle waarheid ingelei – veral dan ook die waarheid met betrekking tot sy eie pyn en seer. Die gespreksgebed is nie daarop gerig om die beradene se pynherinneringe uit te wis of te ontken nie, maar is eerder 'n benadering waardeur Jesus Christus self genesing en heling bewerkstellig vir hierdie persoon. Die beradene moet uiteindelik in staat wees om sy eie lewensprobleme proaktief en prinsipieel met verantwoordelikheid te kan bestuur. As gevolg van al die pyn en trauma van die verlede, is daar dikwels blokkasies wat keer dat genesing kan plaasvind en die berader moet hom kan lei tot insig hierin. In hierdie proses is vier fase onderskei, naamlik (1) gebed ter voorbereiding van die beradingsessie, (2) die terapeutiese gesprek, (3) die gespreksgebed en (4) die nasorg en begeleiding na emosionele en geestelike groei. Die gespreksgebed vorm die hart van die beradingsessie. Tydens die gespreksgebed is daar verskillende opsies wat gevolg kan word, naamlik begeleiding tydens gevalle waar die beradene homself as't ware terug bevind in die oorspronklike traumagebeure, begeleiding deur die gebruikmaking van óf die visualiserings tegniek, óf 'n gebed rondom die hele lewensiklus van die beradene. In effek gebeur dit dus dat Jesus Christus nuwe lewe aan die beradene skenk, sodat hy in 'n liefdevolle verhouding van eenheid kan leef met sy Hemelse Vader en Jesus Christus, deur die Heilige Gees.

## 7.6 FINALE GEVOLGTREKKING

Uit hierdie studie het dit geblyk dat deeglik beskrywende riglyne vir die pastorale begeleiding deur gebed 'n besondere rol kan vervul in die proses van innerlike genesing. Emosionele pyn en seer veroorsaak oor die algemeen dat die die mens se hele lewenskwaliteit negatief beïnvloed word. Hulle kyk na God, die wêreld en na ander mense asof deur 'n gebreekte ruit. Hulle uitsig is verdraai, verwronge en geskaad. Alvorens daar nie diep innerlike genesing kan intree nie, sal die negatiewe funksioneringstyl bly voortduur. Hierdie persoon het egter die belofte dat Jesus Christus gister, vandag en tot in alle ewigheid dieselfde is - daarom geld die basiese beginsels rondom genesing en in besonder dan ook emosionele genesing, vandag steeds. Wanneer die pastorale berader dan betrokke raak in gebed by die emosioneel-verwonde persoon, dan fasiliteer hy eintlik 'n proses waardeur Jesus Christus self deur Sy Gees diep innerlike genesing kan bewerkstellig. Gebedsterapie gaan dan uiteindelik oor emosionele genesing, bevryding en die verandering van 'n lewensbeskouing wat oorheers word deur 'n foutiewe kognitiewe denksisteem, na een waar gebalanseerde denke en die waarheid in beheer is – in hierdie hele proses vorm gebed die sentrale kern.

## 7.7 VOORGESTELDE AREAS VIR VERDERE NAVORSING

- Gebedsterapie - 'n alternatief vir hipnose?
- Die aspek van innerlike genesing in Jesus Christus se gebede tydens Sy aardse bediening.
- Gebed in die Gees as deel van die gelowige se wapenrusting teen emosionele verwonding.

## 7.8 SLEUTELTERME

Gebed
Innerlike genesing
Pastorale begeleiding
Gespreksgebed
Gebedsterapie
Genesing
Vernuwing

## 7.9 KEYWORDS

Prayer
Inner healing
Pastoral counseling
Conversation prayer
Prayer counseling
Healing
Renewal

# BYLAES

A. Praktiese riglyne met betrekking tot gebedsterapie betreffende trauma tydens die voorgeboortelike stadium (vgl. 3.6.2.1 en 6.4.3.2).

B. Seamands (2001:139-161) se model met betrekking tot gebedsterapie (vgl. 3.6.2.1 en 6.4.3.2).

C. Vraelys 1: 'n Semi-gestruktureerde onderhoud met die oog op die rol van gebed by die proses van innerlike genesing (vgl. 5.2.2.2).

D. Vraelys 2: Opvolg-vraelys na afloop van die gebedsessie (vgl. 5.2.2.2).

E. Visualiseringstegniek van Virkler (2005:237-241) (vgl. 3.6.2.1 en 6.4.3.2).

# BYLAAG A

## PRAKTIESE RIGLYNE MET BETREKKING TOT GEBEDSTERAPIE BETREFFENDE TRAUMA TYDENS DIE VOORGEBOORTELIKE STADIUM

**Riglyne soos voorgestel deur Kraft (1993:124-127)**

Die berader kan begin deur die beradene te vra om sy oë te sluit en te ontspan. Die berader werk dan stelselmatig deur die volgende stappe:

- Eerstens word die beradene verseker dat hy deur God beplan is en dat God al van voor die grondlegging van die aarde al die omstandighede rondom sy geboorte geken het. Lewe word deur God geskenk en sy geboorte was nie 'n fout nie, omrede God dit so bestem het. Skrifgedeeltes soos onder andere Jer 1:5 en Ps 139:13, 15-16 is hier van toepassing.

- Jesus Christus was tydens die konsepsie teenwoordig. Die berader kan die beradene vra om te visualiseer hoe Jesus Christus 'n spermsel en 'n eiersel in elke hand vashou en dan sy eie hande onder Jesus Christus s'n sit om die twee teen mekaar te plaas, sodat die spermsel die eiersel kan bevrug. Hierdie stap is in sommige gevalle baie emosioneel – veral waar die beradene 'n baie lae selfwaarde het of aan verwerping lei, byvoorbeeld as gevolg van buite-egtelike swangerskap, want met die 'samevoeging' stem die beradene as't ware in tot sy eie vorming.

- Direk hierna is dit belangrik dat die berader 'n gebed sal doen waarin Jesus Christus gevra word om alle moontlike negatiewe invloede vanaf vaderskant en moederskant uit te kanselleer.

- Vervolgens word daar nou deur die swangerskapperiode beweeg. Eerstens spreek die berader seën uit met betrekking tot die ontwikkeling soos dit plaasgevind het en tweedens

word alle negatiewe insidente hanteer. Alle gevalle wat aanleiding kon gee tot gevoelens van woede, vrees, negatiewe selfbeeld, moedeloosheid, ensovoorts moet hanteer word. Dié negatiewe emosies word in die gebed telkens vervang met God se vrede, liefde en waardes. In sommige gevalle is dit noodsaaklik dat die beradene gelei moet word om vergifnis uit te spreek.

- Visualiseer die geboorteproses en ervaar dat Jesus Christus die baba vashou. Die wete om in Jesus Christus se arms vasgehou te word, kweek gevoelens van liefde, sekuriteit, aanvaarding, erkenning en waarde. Tydens hierdie stap moet genoeg tyd aan die beradene gegee word en die berader moet daarteen waak om te vinnig te wil aanbeweeg na die volgende stap.

- Vervolgens moet die beradene hierdie visualisering betree – maar nou as volwassene – en die babatjie uit Jesus Christus se arms optel. Die beradene hou die baba vas en spreek woorde van aanvaarding en liefde uit.

## Riglyne soos voorgestel deur Bennett (2000:173-181)

In die Bybel word baie verwysings gevind rondom die ontstaan van die mens, vanaf konsepsie tot by die geboorteproses. Die berader kan die beradene deur die volgende gebed lei om elke maand van die swangerskap periode te dek. Die gebed kan by konsepsie begin en deurgewerk word tot by geboorte, of andersom ook. Vervolgens die voorbeeldgebed:

- **Konsepesie**

  *"Hoor hoe die Heer jou naam uitroep. Hy het jou gekies nog voor die grondlegging van die aarde. Visualiseer dat Jesus Christus saam met jou is en dat Hy bly en gelukkig is oor jou vorming."*

  (Indien daar enigiets negatiefs rondom die omstandighede by konsepsie is, moet daaroor gebid word en vergifnis uitgespreek word waar van toepassing).

  Skrifverwysings soos Jes 49:1; Ef 1:4 en Joh 10:3 is van belang en kan voorgelees word.

  Gebed: *"Here, U het my gekies van voor die grondlegging van die aarde af. Nog lank*

*voordat ek gevorm was, was ek in U gedagtes en hart, want U weet alles en U het geweet van my vorming. U was daar ten tye van die konsepsie en U het my naam uitgeroep. Al het niemand anders toe geweet van my vorming nie, was U daar en U het my aangeneem en lief gehad."*

- **Maand een**

  *"God is alomteenwoordig en met die vorming van jou liggaam was Hy daar en het Hy jou kunstig aanmekaar geweef. Een-en-twintig dae later kon die dokters jou hartkloppie hoor. Jou ruggraat en verteringstelsel het begin vorm. Tydens die vierde week het jou bloedsomloopstelsel begin vorm, soos die takke van 'n boom."*

  Skrifgedeelte van belang: Ps 139:13

  *"Visualiseer jou kleine self in die handpalms van Jesus Christus, terwyl Hy jou liefderik koester en beskerm. Weet dat jy geliefd is en dat alles goed sal verloop."*

  Gebed: *"Here, U teenwoordigheid is 'n stille beskerming. Dankie dat alles sal goed verloop, want U is in beheer en U is my sekuriteit."*

- **Maand twee**

  *"In die agtste week is jy alreeds meer as 'n duim lank. Net soos 'n plant wat uitloop, vorm daar klein 'uitgroeiseltjies' wat sal groei tot jou bene en arms. Jou ooglede is half-oop. Aan die einde van hierdie maand sal jou geslag bepaal wees. God het jou gevorm in die geslag wat Hy vir jou bepaal het. Indien jou ouers wou gehad het dat jy die teenoorgestelde geslag moes wees, vergewe hulle in die Naam van Jesus Christus en aanvaar jouself soos God jou volmaak gemaak het."*

  Skrifgedeeltes van belang: Jer 1:5 en Jes 44:2

  Gebed: *"Dankie, Here Jesus Christus, dat daar niks is wat ek hoef te doen om U aanvaarding te verdien nie; U het my aanvaar van die eerste oomblik af. Ek aanvaar die geslag wat U my in gevorm het. Dankie dat daar niks te vrees is nie, want U vorm my steeds."*

- **Maand drie**

  *"Dank God omdat Hy jóú geskape het! Jou arms, bene, gesig en lyf neem duidelike vorm aan. Jou hande en voete is reeds gevorm en jy kan jou ooglede alreeds beweeg. Die vrugwater rondom jou wat jou beskerm, is nie stagnant nie en word daagliks 'n paar keer vernuwe. Jy vind jou in 'n volmaak lewegewende omgewing, voldoende voedingstowwe*

*soos jy benodig, afvalstowwe word verwyder, voldoende suurstof, alles sonder enige inspanning van jou kant af. Jesus Christus ondersteun jou, Hy gee om vir jou en Hy is daar by jou. Jou brein groei en ontwikkel nou dag na dag. Vul jou gedagtes met gedagtes rondom Hom en die liefde van God."*

Skrifgedeelte van belang: Ps 139:14

Gebed: *"Wanneer ek terugdink aan die wonderwerk van my vorming en hoe U my daardeur ondersteun het, prys ek U heilige Naam. U het absoluut aan alles gedink om my vorming so glad moontlik te laat verloop. Met my hele hart aanbid ek U en wil ek U al die dae van my lewe prys! Dankie Here Jesus Christus.'*

- **Maand vier**

  *"Reeds vanaf die tweede maand kon jy jou bene beweeg, maar omrede jy nou groter is, voel Mamma nou vir die eerste keer dat jy beweeg. Sy voel jou lewe binne haar. Visualiseer hoe Jesus Christus langs jou moeder staan en hoe Hy saam met haar bly is oor die nuwe lewe wat in haar vorm en wat sy kan vóél. Jesus Christus neem haar hand en seën haar."*

  Skrifgedeeltes van belang: 1 Tim 6:13

  Gebed: *"Dankie, Here, dat my moeder nou ook lewe kan voel en kan weet dat alles in orde is. My arms en hande, bene en voete is al volmaak gevorm. Moeder begin my ken en my eie persoonlikheid begin vorm. Wanneer sy oor haar maag streel, kalmeer ek en word ek rustig. Dankie vir die geskenk van lewe, Here Jesus Christus."*

- **Maand vyf**

  *"In die vyfde maand begin jou moeder se lyf wys dat sy swanger is - miskien was sy baie bly daaroor en het selfs liefderyk daaroor gestreel; of miskien was sy skaam oor die ekstra 'vetjies'. Al jou innerlike organe, behalwe jou longe is alreeds gevorm. Jesus Christus is elke oomblik by jou teenwoordig en Hy vertroetel en vertroos jou mamma en vir jou - weet dat alles reg gaan verloop."*

  Skrifgedeelte van belang: 1 Joh 4:18

  Gebed: *"Here, ek ontvang U liefde en dit verdryf alle vrese by my. Laat U helende hand oor my beweeg om enige negatiewe gesindheid of opmerking van my moeder se kant uit te vee, sodat dit geen effek op my sal hê nie. Dankie vir my moeder en vir die lewe en versorging wat sy my bied."*

- **Maand ses**

  *"Jy is steeds in die beskerming van die baarmoeder en word oorspoel met die vrugwater. Geestelik word jy oorspoel met God se salwing oor jou. Jy is bewus van jou bestaan en beleef die vrede en rustigheid daarvan. Jou haartjies begin groei. Jy kan moeder se stem al hoor en onderskei van alle ander stemme. Jesus Christus is steeds by jou teenwoordig en salf jou met Sy blydskap - Hy geniet jou en lag saam met jou wanneer jy op die uiterlike begin reageer."*

  Skrifgedeeltes van belang: Luk 1:44 en Ps 23:5

  Gebed: *"Dankie, Here Jesus Christus, vir U spesiale aanraking en salwing gedurende hierdie maand. Net soos wat Johannes die Doper 'opgespring' het weens U teenwoordigheid, 'spring' ek ook op en reik uit na U. U salwing vloei oor my koppie en spoel oor my hele liggaampie. Dankie vir U blydskap wat altyd my beskerming sal wees."*

- **Maand sewe**

  *"Tydens hierdie sewende maand word alle dele van jou liggaampie volmaak en perfek klaar gevorm. Jy kan jou moeder se hartklop hoor. Die laaste veranderinge in jou bloedgroep vind nou plaas en jou longetjies is nou klaar gevorm. Jou gewig het verdubbel van verlede maand af. Dit sou veilig wees indien jy nou gebore word. Jesus Christus is trots op jou. Jy kyk op na Hom en luister na Hom en jy word omvou deur Sy onvoor-waardelike liefde vir jou."*

  Skrifgedeelte van belang: Ps 139:15-16

  Gebed: *"Dankie, Here, dat alhoewel ek vir die wêreld nog weggesteek was, was ek nie vir U weggesteek nie. Niemand anders kon my al sien nie, maar U kon, omdat U altyd by my was en is. U oë is altyd op my. Dankie dat U my met sorg gevorm het, en dat ek nou gereed is vir die geboorteproses."*

- **Maand agt**

  *"Jy en jou moeder is op hierdie stadium een in gees en op mekaar ingestel. Sy tref die nodige voorbereidings vir jou geboorte. Jy neem toe in gewig en dit maak dat die beweegspasie in die baarmoeder bietjie 'min' word. Visualiseer Jesus Christus by jou moeder - Hy versterk haar en bemoedig haar, sodat sy uitsien na jou koms. Jy slaap lang ure, ter voorbereiding vir die nuwe avontuur wat voorlê. Jy het begin om jou duim te suig, ter voorbereiding van jou voedingsessies. Jesus Christus praat met jou; Hy stel jou gerus en belowe dat Hy altyd by jou sal wees."*

Skrifgedeeltes van belang: Jes 66:12-13 en Pred 11:5

Gebed: *"Dierbare Here Jesus Christus, ek dank U vir my agtste maand en vir U alomteen-woordigheid by my. Dankie dat U my styf en veilig in U arms bewaar. Dankie dat U die mistiek agter die hele swangerskap ken. As gevolg van U teenwoordigheid, weet ek alles sal goed verloop."*

- **Maand nege**

*"Die normale swangerskap periode duur 280 dae. Jy is gereed om gebore te word. Jesus Christus is daar om jou te help."*

Skrifgedeeltes van belang: Joh 16:21; Ps 22:9-10 en Gal 1:15

*"Sê vir Jesus Christus: 'Ek is gereed en gewillig om gebore te word. Dankie vir die gesin wat U vir my gegee het - ek aanvaar hulle en ek weet dat U altyd saam met my sal wees.' Jesus Christus hou jou mamma se hand vas en Hy maak al haar vrese stil. Jy voel dat iets gebeur. Golwe van drukking spoel oor jou liggaampie. Die ritmiese hartklop van jou moeder, wat jy so goed ken, versnel skielik wanneer jy in die geboortekanaal moet inbeweeg. Hoor dat Jesus Christus met jou praat - Hy verseker jou dat jy nie hoef bang te wees vir die smal geboortekanaal nie - Hy is by jou. Hy is daar om jou te vang sodra jy deur die kanaal uit beweeg. Hy hou jou vas teen Sy bors, vee jou gesiggie af, kyk diep in jou oë – jy weet jy is Syne! Liefderyk gee Hy jou vir jou moeder - jy lê op haar bors en sy huil van blydskap en liefde vir jou. Visualiseer hoe Jesus Christus jou ruggie vryf en hoe Hy vir jou mamma glimlag. Nadat die naelstring geknip is, word jy opgetel en skoongewas. Dan word jy toegedraai en vir jou pappa gegee. Ook hy kyk in jou ogies en jy weet dis jou pappa. Jesus Christus draai na die dokter en verpleegsters en bedank hulle vir die goeie werk - Hy sê dis presies wat Hy wou gehad het!"*

Gebed: *"Here Jesus Christus, omrede ek weet ek word deur U aanvaar en liefgehê, sien ek kans om hierdie wêreld in die oë te kyk. Neem asseblief enige effek of pyn van die geboorte weg van my. Genees enige engtevrees wat moontlik die gevolg kon wees van die tydperk in die geboortekanaal. Genees enige effek wat die skielike skerp teaterligte op my kon hê. Indien die dokter my onderstebo moes hou en my boudjies moes raps, sodat ek moet asemhaal, genees my dan ook van enige effek daarvan - ook van die seer van my eerste asemhaling en van die harde geluide hier buite. Dankie vir U versekering dat ek nie verantwoordelik is vir Mamma se seer en ongemak tydens die geboorte nie en ook nie vir enige toestande tydens die swangerskap nie. Indien iemand my daarvoor blameer, spreek ek hulle vry in U Naam. Dankie dat U my en my moeder se pyn aan die kruis*

*gedra het. Dankie dat U teenwoordigheid alle vrese wegneem en dat ek weet ek is veilig, want ek is U s'n en U sorg vir my."*

- **Aangenome kinders**

  Aangenome kinders kan getroos word met verse soos: Jes 49:15-16; Ps 27:10 en Ps 68:5

  Gebed: *"Here, ek dank U dat selfs al kon my biologiese pa en ma my nie ontvang nie, was U daar om my te ontvang. U het my in U liefde gevorm en my aan U vasgemaak. Dankie vir hulle wat my wel in hul gesin ontvang het. Dankie vir U sorg deur my hele lewe. Selfs die beste ouers maak soms foute en hul liefde is soms ook maar voorwaardelik, maar dankie dat U liefde onvoorwaardelik is."*

# BYLAAG B

## SEAMANDS SE MODEL MET BETREKKING TOT GEBEDSTERAPIE (2001:139-161)

In sy beskrywing van berading aan persone wat emosioneel geweldig seergekry het, omskryf Seamands (2001:129) gebed as die 'hart' van die beradingsproses. Sodra die berader genoeg inligting ingewin het en daar op 'n voorlopige strategie besluit is, is dit nodig om oor te gaan tot die gebedsessie. Dit is belangrik dat daar oor elke insident asook elke negatiewe emosie en herinnering gebid sal word. Die gebed sal veral daarop gefokus wees om die gedissosieerde geheue na die oppervlak te bring en dan te bid vir genesing van al die betrokke emosies en herinneringe. Dit is ook van kardinale belang dat die berader 'n gesindheid van liefde en aanvaarding sal oordra aan die beradene. Die beradene sal soms selfs geskok wees wanneer hy sy geheue herwin en intense emosies beleef. Die berader moet dan die beradene op sy gemak stel en 'n veilige atmosfeer van onvoorwaardelike liefde en aanvaarding skep.

Die volgende riglyne is vervolgens belangrik:

### 1. Herinner die persoon aan die aspekte van gebed wat grondliggend is aan genesing van die geheue

> *"Jesus Christus is in beheer van tyd. Hy gaan saam met jou na die verlede terugstap en die situasie hanteer asof dit tans in die hede afspeel. Die werklike probleme is nie soseer jou huidige situasie nie - daarom moet ons terugbeweeg na die verlede en jy moet Jesus Christus toelaat om met die kind in jou te deel, dáár waar die skade en die seer plaasgevind het. 'n Mens 'vries' as 't ware emosioneel op daardie moment waar die seer plaasgevind het. Ek wil hê dat jy met Jesus Christus sal praat asof jy nóú daardie kind (of jongmens of volwassene) is wat jy was toe die trauma plaasgevind het."*

Dit sou ook raadsaam wees om aan die beradene te vra of hy met Jesus Christus, of met God die Vader wil praat. Indien daar ongesonde of skadelike verhoudinge met die ouers was (en veral die pa), dan moet die term *Vader,* aanvanklik vermy word. Soms is dit dan beter om 'n neutrale term

soos *Here,* te gebruik - namate die genesing realiseer, sal dit later waarskynlik makliker vir die persoon wees om direk met God as Vader te kommunikeer.

**2. Verduidelik hoe daar gebid gaan word**

Die beradene moet eintlik sy 'verhaal' - soos tydens die onderhoudvoering - nou ook aan God herhaal. Hy kan na sy notas kyk indien nodig. Soos wat hy die traumatiese ervarings herbeleef, moet hy dit aan God vertel en presies aan Hom verwoord wat in sy binneste aangaan – die klem is dan op dít wat hy as kind of tiener of jong volwassene tydens die trauma beleef het.

**3. Die berader se openingsgebed**

Die berader se openingsgebed kan byvoorbeeld soos volg lui:

> *"'Jesus Christus, ek wil graag nou na U toe bring 'n sesjarige seun met die naam van Johan. Hy wil graag met U praat oor 'n paar dinge wat baie pyn veroorsaak het. Ek weet dat U gaan luister – daarom bring ek hom na U toe.' Johan, praat nou met Jesus Christus en vertel Hom dít wat jou die meeste pla."*

Gewoonlik neem dit nie lank voordat die ander persoon begin bid nie, maar indien daar 'n lang pouse is, moet die berader geduldig wees en in sy binneste in gebed intree vir die beradene. Indien die insidente baie spesifiek is, begin die beradene gewoonlik met sommige van die vroegste voorvalle tydens sy kinderjare. Wanneer die pyn/seer egter aan meer algemene dinge gekoppel is, sal die beradene moontlik by latere algemene indrukke begin en dan terugbeweeg na spesifieke insidente. Soms kan dit 'n hele tydjie neem voordat die beradene werklik ten volle oopmaak in gebed. Die berader moenie huiwer om te onderbreek en die beradene te help om die gebed in die regte rigting te stuur nie, veral as die beradene se gebed te algemeen is of as hy wegskram vanaf pynvolle herinneringe.

**4. Begelei en bemoedig**

Die beradene moet deurgaans begelei en bemoedig word. Opmerkings soos die volgende het groot waarde:

> *"Waarom vertel jy nie ook aan Jesus Christus presies hoe jy gevoel het toe dit gebeur het nie?"*
>
> Of
>
> *"Moenie bang wees vir jou gevoelens en emosies terwyl jy met die Here praat oor hierdie saak nie."*

As daar 'n stortvloed van emosies en trane is, moet die berader geduldig wag en innerlik voorbidding doen vir die beradene. Hierdie tyd wat die beradene sy diepste seer met die Here deel, is belangrik en moenie afgejaag word nie.

**5. Soms is dit nodig om saam te bid en na 'ons' te verwys**

Die beradene kan soms so skaam voel oor sekere optredes, gedagtes of gesindhede dat dit vir hom baie moeilik is om dit hardop in gebed uit te spreek. Die berader moet 'n fyn aanvoeling hiervoor hê en indien nodig, dan namens die beradene begin bid.

> *"O, Here, U weet dat ons so ellendig gevoel het dat ons maar net wou doodgaan."*
>
> Of
>
> *"Ons het so skaam en skuldig gevoel dat ons onsself om die lewe wou bring."*
>
> Of
>
> *"Here, U weet dat ons regtig kwaad was vir U en dat ons U eintlik gehaat het, omdat U Mamma van ons weggeneem het ... sy was al wat ons gehad het."*

Hierdie benadering kan aan die beradene die moed gee om sy bitterheid teenoor God of iemand anders wat hulle veronderstel is om lief te hê, in die oë te kyk en dit openlik te verbaliseer.

**6. Die stel van vrae**

Wanneer daar soms 'n stilte is in die beradene se gebed, kan dit help om duidelikheid oor sekere emosies en aspekte te verkry deur vrae soos die volgende te vra:

> *"Wat sien jy as die werklike kern van hierdie saak – die dieperliggende wortel?"*

Of

*"Wat presies was dit wat jou so seer gemaak het en jou so ontstel het?"*

Of

*"Ek het die aanvoeling dat dit vir jou hier om 'n dieper saak gaan as wat ons tot dusver by uitgekom het. Is daar 'n gevoel of 'n gedagte wat die Heilige Gees vir jou sterk na vore laat kom?"*

In antwoord op hierdie vraag is die reaksie soms een woord wat al die emosies en gebeure as't ware opsom. Die beradene sal moontlik iets sê soos: weggegooi, totaal alleen, vernietig, skaakmat, verpletter, paniekbevange, soos 'n koolkop, beskaamd, vuil, onregverdig, verwerp, waardeloos, desperaat, uitgewis of verraai. Tydens die gebed moet daar vervolgens baie spesifiek gefokus word op die spesifieke terme wat hier na vore mag kom.

**7. Die terugbeweeg na vorige situasies**

Dit gebeur soms dat die beradene tydens die gebed in 'n sekere sin 'terugbeweeg' na die oorspronklike traumatiese situasie. Dit kan dan gebeur dat die stemtoon of liggaamshouding verander in ooreenstemming met die gebeure en omstandighede - en selfs liggaamsposisie en emosies - soos tydens die trauma. Hulle sal ook nou dinge kan verwoord wat hulle in daardie stadium nie toegelaat was om te kon doen nie. 'n Stortvloed van vrae kan ook voorkom. Hierdie vrae kan aan God, aan die berader of aan die persone wat in die situasie betrokke was, gestel word. Dit is nie vrae wat die berader veronderstel is om onmiddellik te beantwoord nie – dit is eerder deel van 'n emosionele ontladingsproses.

**8. Vergete detail kom na vore**

Een van die aangrypende dinge wat tydens hierdie gebed kan gebeur, is dat dít wat nie onthou kon word nie, nou na die oppervlak mag kom. Kommentaar soos die volgende kan geuiter word:

*"Ek kan dit eenvoudig nie glo nie – ek het hierdie dinge totaal vergeet."*

Of

*"Dit is ongelooflik – tot nou toe kon ek nooit enigiets onthou tot op die ouderdom van agt nie en nou het alles skielik vir my helder en duidelik geword."*

Die Heilige Gees word in Rom 8:27 beskryf as die "*Een wat die harte deurgrond,*" en iets hiervan is inderdaad hier aan die orde wanneer onderdrukte geheue na die oppervlak begin kom.

**9. Laat Jesus Christus toe om die beradene te bedien met betrekking tot sy verlede**

Die gebede moet nou tot Jesus Christus gerig wees en daar moet gevra word vir Sy direkte ingrype en helende teenwoordigheid. Hy moet die beradene bedien in sy spesifieke behoefte. Die berader moet ingestel wees om spesifieke behoeftes te identifiseer en wanneer die beradene byvoorbeeld oorweldig word deur emosies en nie verder kan bid nie, moet die berader in gebed verder kan gaan en Jesus Christus as't ware aan die beradene voorstel:

> *"Here Jesus Christus, U wat die kindertjies in U arms geneem het, doen dit asseblief nou vir Susan, een van U kinders wat so ontsettend seergekry het. Laat haar op U skoot sit en plaas U arms om haar. Sê aan haar hoe baie U vir haar omgee en hoe jammer U is dat sy soveel pyn ervaar. Gee dat sy sal ervaar dat U tevrede is met haar, hoe lief U vir haar is en hoe gelukkig U oor haar is."*

Of

> *"Here Jesus Christus, U wat die Goeie Herder is, het belowe dat U die klein lammertjies in U arms sal neem en aan hulle U beskerming en liefde sal gee. Wil U asseblief in hierdie oomblikke juis dit kom doen. Laat Susan asseblief U arms rondom haar voel soos wat U vir haar omgee en na haar toe uitreik. Net soos die herder die snye en kneusplekke van die lammers was en verbind, vra ons dat U ook haar kneusplekke en wonde sal kom versorg en verbind en U genesende krag daar sal laat invloei."*

'n Gebedsessie soos hierdie is gewoonlik 'n emosioneel uitputtende ervaring. Die persoon kan dit beleef asof iets van hom weggeneem is en onttrekkingsimptome kan selfs in sommige gevalle ontstaan. Daar kan selfs werklike fisiese simptome beleef word, soos byvoorbeeld erge hoofpyn, gevoelens van naarheid, braking, diarree of intense uitputting. Hierdie simptome kom nie in alle gevalle voor nie, maar dit is goed om daarop voorbereid te wees.

# BYLAAG C

## VRAELYS 1

**'n Semi-gestruktureerde onderhoud met die oog op die rol van gebed by die proses van innerlike genesing**

Hierdie vraelys word gebruik as riglyn tydens gesprekke met medewerkers ten einde enersyds inligting te bekom aangaande die betrokke persoon se verlede (met besondere verwysing na onverwerkte emosionele pyn) en andersyds om 'n evaluering te kan maak van die persoon se vorige belewenisse rondom gebed. Let asseblief daarop dat alle inligting wat tydens hierdie onderhoud/beradingsessie geopper mag word, streng vertroulik hanteer sal word.

### 1. Persoonlike besonderhede

Voorletters en Van: ............................................................ Noemnaam: ..................................
Geboortedatum: ..........................................................................................................................
Kontak telefoonnommer: .........................................(h) ........................................................(sel)

Huwelikstatus: .................................................. Eggenoot(e) se naam: ........................................
Hoe lank is u reeds getroud? ...........................................................................................................
Was u voorheen getroud? ..................................................................................................................
Om watter rede is u geskei? ............................................................................................................

Het u enige kinders? ...................................... Ouderdomme: ....................................................

Watter beroep beoefen u? .................................................................................................................
Is u gelukkig in u werk? ...................................................................................................................
Indien nie, hoekom nie? ...................................................................................................................

Watter beroep beoefen u eggenoot(e)? ..........................................................................................

Is hy/sy gelukkig in sy/haar werk? ..........................................................................................

Indien nie, hoekom nie? ..........................................................................................

## 2. Rede vir aanmeld vir terapie

Om watter rede het u gevoel wil u my kom spreek? ..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

Wat is volgens u mening u grootste behoefte op die oomblik? ..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

Watter emosies beleef u intens op die oomblik? ..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

Kan u hierdie emosies koppel aan 'n spesifieke gebeurtenis in die hede of in die verlede? ...........

..........................................................................................

..........................................................................................

Beleef u enige fisiese simptome wat, volgens u mening, die gevolg is van hierdie emosionele toestand? ..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

Gebruik u tans enige medikasie? ............................ Hoe lank gebruik u dit reeds? .......................

## 3. Agtergrondgeskiedenis

Waar het u grootgeword? ..........................................................................................

Hoeveel kinders was julle? ..........................................................................................

Beskryf u vader. ..........................................................................................

Beskryf u moeder. ..........................................................................................

Sou u sê dat hulle 'n gelukkige huwelik gehad het? ..........................................................................................

Sou u u kinderjare as gelukkig beskryf? ..........................................................................................

Hoekom/hoekom nie? ....................................................................................................................

.........................................................................................................................................

.........................................................................................................................................

Het u enige trauma beleef tydens u kinderjare? ...........................................................................

.........................................................................................................................................

.........................................................................................................................................

Wat was volgens u mening u grootste behoefte as kind? ...............................................................

.........................................................................................................................................

.........................................................................................................................................

Watter emosies het u intens beleef as kind? ..................................................................................

.........................................................................................................................................

.........................................................................................................................................

As u nou as volwassene kon terugkyk, wat sou u wou verander? ...................................................

.........................................................................................................................................

.........................................................................................................................................

Is daar enigiets wat u vir die 'kind' in u binneste wat êrens in die verlede seergekry het, sou wou sê of doen? ..........................................................................................................................

.........................................................................................................................................

.........................................................................................................................................

Is u ooit emosioneel, fisies of seksueel misbruik in u lewe? ..........................................................

Indien ja, beskryf. ..........................................................................................................................

.........................................................................................................................................

.........................................................................................................................................

Het u ooit onbeskermd gevoel gedurende hierdie gebeure? ...........................................................

.........................................................................................................................................

.........................................................................................................................................

.........................................................................................................................................

Het u dikwels gedurende u grootwordjare meer depressief (of kwaad of ....) as u vriende gevoel?

.........................................................................................................................................

.........................................................................................................................................

.........................................................................................................................................

Is daar iemand in u nabye familie wat aan depressie ly, of wat sukkel met angstigheid of ander psigiese probleme? ..................................................................................................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

Beskik u oor enige kennis wat daarop mag dui dat u simptome moontlik oorerflik sou wees?

..................................................................................................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

Was u al ooit so depressief, dat u gewens het u kon sterf? ..........................................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

Het u al ooit selfmoord oorweeg of was daar al pogings tot selfmoord? .......................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

Waaraan het u vasgehou om staande te kon bly tydens sulke gedagtes? .......................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

## 4. Verhouding met God

Het u 'n persoonlike verhouding met God? ..........................................................................

Wanneer en onder watter omstandighede het u God ontmoet? .....................................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

Beskryf hoe u God sien/beleef? ..........................................................................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

Wat dink u dink God op hierdie oomblik van u? ..................................................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

## 5. <u>Die rol van gebed</u>

Wat is u gedagtes rondom gebed as manier van kommunikasie met God? ....................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

Is dit vir u maklik om met God te kommunikeer? ..............................................................................

Motiveer u antwoord asseblief. ..........................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

Gebed word dikwels gedefinieer as 'n kontakpunt tussen God en die mens. Hoe dikwels beleef u iets van hierdie kontak wanneer u bid?

- Nooit nie ................................
- Selde/baie min ......................
- Dikwels .................................
- Redelik gereeld ......................
- Baie gereeld ..........................

Jak 5:16 lui: *"Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking"* Glo u aan die krag van gebed? ..........................................................................................................................................

Het u al hierdie krag ondervind in u lewe? Beskryf. ..........................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

Het u al voorheen gebedsterapie ontvang? Beskryf. ............................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

Het u al voorheen enige spesiale ervarings tydens gebed beleef? Beskryf. .......................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

Het u vantevore dit al beleef dat u tydens gebed die ervaring het dat u as't ware in u geestesoog uself weer bevind te midde van die spesifieke situasie waaroor gebid word en dat die Here dan op een of ander wyse deur Sy Gees die situasie positief kom verander? ..............................................

...........................................................................................................................................

...........................................................................................................................................

Watter blokkasies beleef u in gebed? ..........................................................................................

...........................................................................................................................................

...........................................................................................................................................

# BYLAAG D

## VRAELYS 2

**<u>Opvolg-vraelys na afloop van die gebedsessie</u>**

Hierdie vraelys word gebruik na afloop van die gebedsessie en is veral daarop gefokus om vas te stel of die betrokke medewerker enige besondere belewenisse gehad het tydens die gebedsessie. Let asseblief daarop dat alle inligting wat tydens hierdie onderhoud/beradingsessie geopper mag word, streng vertroulik hanteer sal word.

Het u enige opmerkings rakende die gebedsessie? ....................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

Was dit vir u maklik om met God te kommunikeer? ....................................................................

Motiveer u antwoord asseblief. ....................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

Soos reeds genoem word gebed dikwels gedefinieer as 'n kontakpunt tussen God en die mens. Hoe het u hierdie kontak beleef?

- Geen kontak ................................
- Min kontak .......... .......................
- Intens .........................................
- Baie intens ................................

Het u opinie in verband met die krag van gebed verander? ..........................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

Het u enige spesiale ervarings tydens die gebed beleef? Beskryf. ....................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

Het u enigsins die ervaring gehad dat God tydens die gebedsessie weer saam met u in die oorspronklike situasie was en dat Hy op een of ander wyse die situasie positief kom verander het?

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

Het u enige blokkasies beleef tydens die gebed? ..........................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

Is daar enigiets wat u nog wil byvoeg of enige vrae? ......................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

Dankie vir u samewerking.

# BYLAAG E

## VISUALISERINGSTEGNIEK

### Visualiseringstegniek van Virkler (2005:237-241)

Sit rustig terug met jou oë gesluit en ontspan. Sien in jou geestesoog hoe jy saam met my stap in die strate van 'n dorpie in die provinsie Galilea. Dit is 'n warm somersdag, maar jy het weggedraai na die bergagtige gebied en hier bo-op die berg is daar 'n ligte briesie wat waai. Jy soek 'n koelteboom uit en maak jou gemaklik op die gras onder die boom. Af en toe kyk jy op wanneer 'n voël skielik opvlieg. In die verte daar onder sien jy die sonstrale se refleksies op die See van Galilea.

Jy is vaagweg bewus van die skare mense wat rondom jou kom sit het. Jy het vir jouself 'n plekkie voorlangs uitgesoek, so tussen Jesus Christus se dissipels, want jy is hier om Jesus Christus te sien. Jesus Christus sit 'n entjie weg van die mense, Sy hoof gebuig en met Sy rug teen 'n rots. Na aanleiding van die uitdrukking op Sy gesig, weet jy sommer instinktief dat Hy besig is om met Sy Hemelse Vader te gesels.

Soos wat jy Hom dophou en wag dat Hy begin om met die mense te gesels, dwaal jou gedagtes terug na die afgelope paar dae. Vir weke het jy die gerugte van die skrynwerker van Nasaret se seun gehoor, van al sy leringe en die talle genesings daarby saam. Aanvanklik het jy jou nie baie daaraan gestuur nie, maar die gerugte het net meer en meer geword, sodat niemand regtig meer net kan wegkyk en onaangeraak bly nie.

Nou is Hy hier in jou tuisdorp. Die eerste keer wat jy Hom gehoor praat het, was in die sinagoge. Hulle het Hom gevra om iets voor te lees. Daar was 'n swanger stilte in die lug toe Hy vorentoe gestap het. Sy stem was sterk en Hy het met soveel outoriteit gepraat, anders as wat enigiemand anders nog ooit die voorlesings gedoen het. Hy het die boekrol geneem en daaruit voorgelees. Daarna het Hy begin met lering. Almal se gedagtes was vasgevang en hulle oë was vasgenael op hierdie een Man. "*Vandag is hierdie Skrifwoord wat julle nou net gehoor het, vervul*" het Hy gesê. Aanvanklik was daar 'n stilte en toe het hewige debatte gevolg. Sommiges het Hom

gekritiseer en was skepties. Maar nou ja, jy ken hulle maar so – altyd negatief oor alles. Die meeste van die mense was egter verwonderd en het afwagtend uitgesien na nog ...

Jesus Christus beweeg en skielik word jou aandag teruggeruk na die hede. Jy wens jy kan met Hom praat; daar is so baie wat jy Hom sou wou vra. Daar is egter altyd so baie mense om Hom, dat jy maar elke keer teruggestaan het. Jesus Christus staan op vanwaar Hy teen die rots gesit het en beweeg nader na die mense. Hy kyk op in jou oë en glimlag. Instinktief glimlag jy terug en voel hoe die reeds intense begeerte in jou hart, net aanhou groei.

Die skare is stil toe Jesus Christus begin spreek het. Elke woord is soos sagte reën wat deur die dorre aarde opgedrink word. Ook jy luister met aandag en voel hoe iets binne-in jou wakker gemaak word. Elke nou en dan ontmoet Sy oë weer joune en jy weet elke woord is ook vir jou bedoel. As jy maar net vir 'n paar minute alleen met Hom kon praat ... Hy sal die seer in jou hart verstaan ... Hy sal nie lag vir die droom in jou hart nie... Jy weet dis egter onmoontlik. Sy dissipels is altyd by Hom en buiten die dissipels is daar soveel ander wie se nood groter is.

Jy bly daar sit, staar na Hom en luister na elke Woord. Jy kom nie agter dat die ure verby snel nie. Sy Woord bring lewe in jou hart. Dit laat jou weer in die goeie wil glo. Jy weet jy kan nie opstaan en wegloop nie. Die oomblik is te heilig; jy kan nie Sy teenwoordigheid verlaat nie.

Dan is Hy klaar en die skare begin opstaan en wegstap. Jy bly sit en wens .... Jy merk op hoe Jesus Christus met Sy dissipels praat en hoe hulle onderlangs na jou kyk terwyl hulle wegstap.

Skielik besef jy jy is alleen. Net jy en Jesus Christus. Jy kyk rond en dink hoe is dit moontlik? Jy het so gewens vir hierdie oomblik. Jesus Christus kyk na jou, glimlag en nooi jou om saam met Hom te stap. Jy kan dit skaars glo, maar staan op en julle stap hoër op teen die berg. Dit is nou jou oomblik, praat jou hart uit met Jesus Christus. Vertel Hom alles wat jy so graag met Hom wou deel...

# BIBLIOGRAFIE


ADAMS, J.E. 1970. Competent to counsel. Introduction to nouthetic counseling. Grand Rpaids, Mich.: Zondervan.

ADAMS, J.E. 1973. The Christian Counselor's manual. The practice of nouthetic counseling. Grand Rapids, Mich.: Zondervan.

ADAMS, J.E. 1979. A Theology of Christian Counseling. Grand Rapis, Mich.: Zondervan.

ALEXANDER, P. & D. 2002. Handboek by die Bybel. Kaapstad: Lux Verbi.

ALLENDER, D.B. 1995. The wounded heart. Colorado Springs: Nav Press.

ANDERSON, N.T. 1996. 'n Lewe van oorwinning. Vereeniging: Christelike uitgewers-maatskappy.

ANDERSON, N.T. 2005. Gebed deur die krag van die Heilige Gees. Vereeniging: Christelike uitgewersmaatskappy.

ANDERSON, N.T. & MILLER, R. 2000. Bevryding van vrees. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

ANDERSON, N,T., ZEULKE, T.E. & ZEULKE, J.S. 2000. Christ centered therapy. Grand Rapids, Mich.: Zondervan.

ANON. 2007. My conversation with God. *Christianity Today,* 51(3): 44-47, Mar.

APA. 1987. DSM-III-R. Diagnostic and statistical manual of mental disorders. 3rd ed. Washington: American Psychiatric Association.

APA. 2000. DSM-IV-TR. Diagnostic and statistical manual of mental disorders. 4th ed. Washington: American Psychiatric Association.

APA. 1995a. American Psychiatric Association practice guidelines for psychiatric evaluaion of adults. *American journal of psychiatry supplement,* 152(11):64-80, Nov.

APA. 1995b. Guidelines and principles for accreditation of programs in professional psychology. (*In* American Psychological Association Committee on Accreditation Site Visitor Handbook. Washington, DC: American Psychiatric Association, p. 5-27.)

ARTERBURN, S., MEIER, P.D. & WISE, R.L. 2002. Fear less for life. Break free to living with hope and confidence. Nashville, Tenn.: Thomas Nelson Publishers.

ARTERBURN, S. 2005. Healing is a choice. Nashville, Tenn.: Nelson Books.

AWS kyk TAAKOMMISSIE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS.

BABBIE, E.R. 1998. The practice of social research. Albany, NY.: Wadsworth Publishing Co.

BACKUS, W. & CHAPIAN, M. 1980. Telling yourself the truth. Minneapolis, Minn.: Bethany House Publishers.

BACKUS, W. 1996. The healing power of a christian mind. Minneapolis, Minn.: Bethany House Publishers.

BARNES, A. 2000. Albert Barnes' New Testament Commentary. (*In* Power Bible CD 2.7.) [CD].

BARTH, B. 2005. The office of prayer research quarterly review. www.officeofprayer.org Datum van gebruik: 24 Mrt. 2007.

BEASLEY-MURRAY, G.R. 1999. Word Biblical commentary. John. Nashville, Tenn.: Thomas Nelson Publishers.

BENNETT, R. 2000. Emotionally free. Eastbourne: Kingsway Publications.

BERGEN, R.D. 1996. The new American commentary. 1, 2 Samuel. USA: Broadman & Holman Publishers.

BERKHOF, H. 1973. Christelijk geloof. Een inleiding tot die geloofsleer. Nijkerk: Uitgeverij G.F. Callebach B.V.

BIRCH, B.C. 1998. The new interpreter's Bible. 1, 2 Samuel. Nashville, Tenn.: Abingdon Press.

BORCHERT, G.L. 2002. The new American commentary. John. 2nd Edition. USA: Broadman & Holman Publishers.

BORNKAMM, G. 1969. Jesus Christus of Nazareth. London: Hodder and Stoughton Ltd.

BOTHA, J.G. 2004. Pastorale versorging van getraumatiseerde slagoffers van geweldsmisdaad. Potchefstroom: Noordwes Universiteit. (Proefskrif – Ph.D.)

BOUNDS, E.M. 1984. Praying that receives answers. New Kensington: Whitaker House.

BOUNDS, E.M. 1967. Power through prayer. London: Oliphants Ltd.

BOUNDS, E.M. 1980. Purpose in prayer. Chicago: Moody Press.

BRADSHAW, J. 1990. Home coming. Reclaiming and championing your inner child. London: Judy Piatkus (Publishers) Ltd.

BRADSHAW, J. 1988. Healing the shame that binds you. Florida: Health Communications Inc.

BRAMHALL, C. 2005. Am I a good girl yet? Childhood abuse had shattered her. Could she ever be whole? Grand Rapids, Mich.: Monarch Books.

BRINK, T. 1990. Die uur wat die wêreld kan omkeer. 'n Praktiese plan vir persoonlike gebed. Pretoria: Aktuapers.

BROOKS, J.A. 1991. The new American commentary. Mark. USA: Broadman & Holman Press.

BRYANT, D., KESSLER, J. & SHIRAR, L. 1992. The family inside. Working with the multiple. New York: W.W. Norton & Company.

BURKITT, W. 2000. William Burkitt's notes on the New Testament. (*In* Power Bible CD 2.7.) [CD].

BYBEL. 1983. Die Bybel: Nuwe Vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CAMPBELL-LANE, Y. 2003. Inner change: a Pastoral-theological study. Potchefstroom: North-West University. (Proefskrif – Ph.D.)

CAMPBELL-LANE, Y. & LOTTER, G.A. 2005. Biblical counseling regarding inner change. *Koers,* 70(1): 99-123, Jan.

CAPACCHIONE, L. 1991. Recovery of your inner child. The highly acclaimed method for liberating your inner self. New York: Simon and Schuster.

CARDER, D., HENSLIN, E., TOWNSEND, J., CLOUD, H. & BRAWAND, A. 1995. Secrets of your family tree. Healing for adult children of dysfunctional families. Chicago: Moody Press.

CARSON, B. & KOENIG, H.A. 2004. Spiritual caregiving. Healthcare as a ministry. Pennsylvania: Versa Press Inc.

CHIN, J. 2007. Deceptive practices and psychospiritual knowing. *Christian counseling today,* 15(2):42-44.

CLARKE, A. 2000. Adam Clarke's Commentary. (*In* Power Bible CD 2.7.) [CD].

CLINTON, T. & OHLSCHLAGER, G. 2002. Competent Christian counseling. Colorado Springs: Water Brook Press.

CLINTON, T., HART, A. & OHLSCHLAGER, G. 2005. Caring for people God's Way. Nashville, Tenn.: Thomas Nelson Publishers.

CLINTON, T. & SPRINGLE, P. 2007. A trusted friend when it matters most. Nashville, Tenn.: Life Way Press.

CLOETE, C. & M. 2005. Ongepubliseerde studiegids rondom gebedsterapie. Pretoria.

CLOUD, H. 1990. When your world makes no sense. Nashville, Tenn.: Oliver Nelson.

CLOUD, H. & TOWNSEND, J. 1992. Boundaries. Grand Rapids, Mich.: Zondervan.

CLOUD, H. & TOWNSEND, J. 2002. God will make a way. What to do when you don't know what to do. Nashville, Tenn.: Integrity Publishers.

COETZEE, J.C. 1990. Die Skrif en die wetenskap: hermeneutiese reëls. (*In* Floor, L. & Coetzee, J.C. Die Skrif en wetenskap. Potchefstroom: PU vir CHO. p.15-30.)

COETZER, W.C. 2003. Ongepubliseerde studiegids rondom traumaberading. Potchefstroom.

COLBERT, D. 2003. Deadly emotions. Understanding the mind-body-spirit connection that can heal or destroy you. Nashville, Tenn.: Thomas Nelson Publishers.

COLLINS, G.R. 1997. Does faith heals? *Christian counseling today,* 5(3):25-27.

COLLINS, G.R. 2005. Die A-Z van berading. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

CONWAY, J. 1990. Adult children of legal or emotional divorce. Healing your long-term hurt. Illinois: Inter Varsity Press.

COUNTS, A. 1997. Counseling that works. *Christian counseling today,* 5(3):56-57.

CRABB, L. 1987. Understanding people. Grand Rapids, Mich.: Zondervan.

DEARING, N. 2002. The healing touch. A guide to healing prayer. Grand Rapids, Mich.: Chosen books.

DE KLERK, B.J. & VAN RENSBURG, F.J. 2005. Preekgeboorte. 'n Handleiding vir gereformeerde eksegese en prediking. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

DE KOK, D.J. 2007. Pastorale begeleiding van gesinne met betrekking tot die sin van lyding by gestremdheid. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Proefskrif – Ph.D.)

DE VOS, A.S. 2005. Qualitative data analysis and interpretation. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Research at grassroots for the social sciences and human professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 333-349.)

DE WET, F.W. 2006. Die aanwending van Rolf Zerfass se handelingswetenskaplike model in prakties-teologiese teorievorming – 'n gereformeerde perspektief. *In die Skriflig, 40(1):57-87.*

DICKINSON, R.W. & PAGE, C.G. 1989. The child within each of us. Healing wounds of childhood that hinder our growth as adults. USA: SP Publications.

DRAPER, P.L. 1996. Haunted memories. Healing the pain of childhood abuse. Grand Rapids, Mich.: Fleming H. Revell.

EASTMAN, D. 1989. Love on its knees. Making a difference by praying for others. New Jersey: Chosen Books.

EASTMAN, D. 2002. The hour that changes the world. A practical plan for personal prayer. Grand Rapids, Mich.: Chosen books.

EGAN, G. 1994. The skilled helper: a problem-management approach to helping. California: Brooks/Cole Publishing Company.

EVANS, C.A. 2001. Word Biblical commentary. Mark. Nashville, Tenn.: Thomas Nelson Publishers.

FALWELL, J. 1997. The KJV Bible Commentary. (Nelsons electronic Bible reference library.) [CD].

FARICY, R. 1979. Praying for inner healing. London: SCM Press Ltd.

FITCHETT, G., BURTON, L.A. & SIVAN, A.B. 1997. The religious needs and resources of psychiatric patients. *Journal of Nervous and Mental Disease*, 185(11):320-326, Nov.

FOSTER, R. 1990. Celebration of discipline. London: Hodder and Stoughton.

FREDRICKSON, R. 1992. Repressed memories. A journey to recovery from sexual abuse. New York: Rockefeller Centre.

FRIESEN, J.G. 1997. Uncovering the mystery of MPD. Oregon: Wipf and Stock Publishers.

FRIESEN, J.G. & ROSSIK, C.H. 2003. Critical issues in the dissociative disorders field: six perspectives from religiously sensitive practitioners. *Journal of Psychology and theology,* 31(2):113-128, Feb.

GOLDSWORTHY, G. 2003. Prayer and the knowledge of God. Leicester, UK: Inter Varsity Press.

GREEFF, M. 2005. Information collection: Interviewing. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Research at grassroots for the social sciences and human professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 286-313.)

GROBBELAAR, K.G. 2007. Hulpverlening tot streshantering by predikante van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika (GKSA): 'n Pastorale studie. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Proefskrif – Ph.D.)

GRUBB, N. 2000. Rees Howells: Intercessor. Cambridge: Lutterworth Press.

GUBI, P.M. 2001. An exploration of the use of Christian prayer in mainstream counseling. *British Journal of Guidance and Counselling*, 29(4): 425-433, Apr.

GUBI, P.M. 2004. Surveying the extent of, and attitudes towards, the use of prayer as a spiritual intervention among British mainstream counselors. *British Journal of Guidance and Counseling*, 32(4):461-476, Apr.

GUSHEE, D.P. 2007. Jesus Christus and the sinner's prayer. What Jesus Christus says doesn't match what we usually say. *Christianity Today,* 51(3):72, Mar.

GUYON, J. 1975. Experiencing the depths of Jesus Christus Christ. Jacksonville, FL: Seed Sowers Publishing.

HADDOCK, D.B. 2001. The dissociative identity disorder sourcebook. New York: Contemporary Books.

HANEKOM, H. 1994. Ongepubliseerde studiegids rondom skool van gebed. Hennopsmeer.

HART, A. 2005. Christian counseling and the positive psychology revolution. (Voordrag gelewer by die *ACC in SA (Association of Christian counselors in South Africa)* konferensie op 2 Oktober 2006.) Pretoria. (Ongepubliseer.)

HARVEY, E. & L. 2003. Oorwinnaars deur gebed. Vereeniging: Christelike uitgewersmaatskappy.

HAYFORD, J. 1997. Hayford's Bible Handbook. (Nelsons electronic Bible reference library.) [CD].

HEITINK, G. 1999. Practical theology. Grand Rpaids, Mich.: William B. Eerdmans Publishing Company.

HEMFELT, R., MINIRITH, F. & MEIER, P.D. 1989. Love is a choice. The groundbreaking book on recovery for codependent relationships. Nashville, Tenn.: Thomas Nelson Publishers.

HENRY, M. 1997. Matthew Henry's Commentary on the Bible. (Nelsons electronic Bible reference library.) [CD].

HERMAN, J.L. 1997. Trauma and recovery from domestic abuse to political trauma. London: Pandora.

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1998. Eerste treë in die Praktiese Teologie. Pretoria: Gnosis Boeke & Uitgewers BK.

HICKS, R. 1996. Trauma. The pain that stays. Grand Rapids, Mich.: Fleming H. Revell.

HOOK, J.N. & WORTHINGTON, E.L. 2007. The God factor: evidence from outcome studies of psychological treatments. *Christian counseling today,* (15)2:56-57.

JANSE VAN RENSBURG, J. 2007a. Navorsingsmetodologie. (Voordrag gelewer by die Noordwes Universiteit vir 'n seminaar in navorsingsmetodologie op 9 Maart 2007.) Potchefstroom. (Ongepubliseer.)

JANSE VAN RENSBURG, J. 2007b. Navorsingsmetodologie. (Voordrag gelewer by die Noordwes Universiteit vir 'n seminaar in navorsingsmetodologie op 30-31 Augustus 2007.) Potchefstroom. (Ongepubliseer.)

JANTZ, G.L. & MCMURRAY, A. 2003. Healing the scars of emotional abuse. Grand Rapids, Mich.: Fleming H. Revell.

JAVAHERI, F. 2006. Prayer healing: an experiential description of Iranian prayer healing. *Journal of religion and health,* 125(2):385-389, Sum.

JOHNSON, L.T. 1998. The new interpreter's Bible. James. Nashville, Tenn.: Abingdon Press.

JOHNSON, E.L. & JONES, S.L., eds. 2000. Psychology & Christianity. Four views. Illinois: Inter Varsity Press.

JONES, I.F. 2007. Inner healing and therapeutic prayer: the parameters and power of prayer in counseling. *Christian counseling today,* (15)2:25-27.

KLEIN, R.W. 1983. World Biblical Commentary. 1 Samuel. Waco, Tex.: Word Books Publishers.

KOENIG, H.G. 1999. The healing connetion. London: Templeton Foundation Press.

KOENIG, H.G. & PRITCHETT, J. 1998. Religion and psychotherapy. (*In* Koenig, H.G., *ed.* Handbook of religoin and mental health. San Diego, Calif.: Academic Press. p. 324-337.)

KOENIG, H.G. 2007. Miracles, medicine and mental health: an interview with Dr. Harold Koenig. *Christian counseling today,* 15(2):60-63.

KOTZE, H.P. 2006. Pastorale begeleiding van persone wat as gevolg van onverwerkte trauma spesifieke siektetoestande ervaar. Potchefstroom: Noordwes Universiteit. (Verhandeling - MA.)

KRAAN, K.J. 1983. Genezing en bevrijding. Kampen: Uitgeversmaatschappij J. H. Kok.

KRAFT, C.H. 1993. Deep wounds, deep healing. Discovering the vital link between spiritual warfare and inner healing. California: Regal Books.

KUBETIN, C. & MALLORY, J. 2002. Skuiling teen die storm. Hoop vir slagoffers van seksuele misbruik. Kaapstad: Struik Christelike Boeke Bpk.

KVALE, S. 1992. Postmodern psychology. A contradiction in terms. (*In* Kvale, S., *ed.* Psychology and postmodernism. London: Sage. p. 31-57.)

KYLSTRA, C. & B. 2006. Biblical healing and deliverance. Grand Rapids, Mich.: Chosen Books.

LA TORRE, M.A. 2004. Integrated perspectives. Prayer in Pschotherapy: an important consideration. *Perspectives in Psychiatric Care,* 40(1): 38-40, Jan.

LANGBERG, D.M. 2003. Counselling survivors of sexual abuse. USA: Xulon Press.

LANGBERG. D.M. 2005. The crux of our calling. *Christian Counseling News from the ACC in SA Office,* 3, Second semester.

LEMAN, K. & CARLSON, R. 1989. Unlocking the secrets or your childhood memories. Nashville, Tenn.: Thomas Nelson Publishers.

LINDEQUE, R.C. 2006. Die pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Proefskrif – Ph.D.)

LITTAUER, F. 1994. The promise of healing. Nashville, Tenn.: Thomas Nelson Publishers.

LITTAUER, F. 1996. Touched by the Master. Discover the healing power of an encounter with the Lord. Lake Mary, FL.: Creation House.

LOURENS, P.K. 2000. Gebed as kommunikatiewe handeling in die erediens. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Verhandeling – MTh.)

LOUW, J.P. & NIDA, E.A 1988. Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains. 2 vols. New York: UBS.

MAIER-LORENTZ, M.M. 2004. The importance of prayer for mind/body healing. *Nursing Forum*, 39(3): 23-32, Mar.

MACARTHUR, J.F. & MACK, W.A. 1994. Introduction to Biblical counseling. Melbourne: Word Publishing.

MACNUTT, F. 1999. Healing. Notre Dame: Ave Maria Press.

MACNUTT, F. 2005. The healing line. Praise the Lord and give thanks. www.chritianhealingmin.org Datum van gebruik: 07 Nov. 2007.

MARTIN, R.P. 1988. Word Biblical commentary. James. Nashville, Tenn.: Thomas Nelson Publishers.

MATSAKIS, A. 1998. Trust after trauma. A guide to relationships for survivors and those who love them. Oakland, CA: New Harbinger Publications.

MCCULLOUGH, M.E & LARSON, D.B. 1998. Future directions in research. (*In* Koenig, H.G., *ed.* Handbook of religion and mental health. San Diego, Calif.: Academic Press. p. 96-111.)

MCDONALD, A.N. 1995. Repressed memories. Can you trust them? Grand Rapids, Mich.: Baker Book House Company.

MCDONALD, W. 1997. Believer's Bible Commentary: Old and New Testaments. (Nelsons electronic Bible reference library.) [CD].

MCGAW, F. 1970. Praying Hyde. Minneapolis: Dimension Books.

MCGEE, J.V. 1981. Thru the Bible Commentary. (Nelsons electronic Bible reference library.) [CD].

MCMINN, M.R. 1996. Psychology, theology and spirituality in christian counseling. Illinois: Tyndale house publishers.

MCMINN, M.R. 1997. Dissociative identity disorder. What is DID? *Christian Counselling Today,* 5(1):17-21, Jan.

MEIER, P.D. & WISE, R.L. 2003. Crazy makers. Nashville, Tenn.: Thomas Nelson Publishers.

MEIER, P.D., CLEMENTS, T., BERTRAND, J. & MANDT, D. 2005. Blue genes. Illinois: Tyndale house publishers.

MEIER, P.D., MINIRTH, F.B., WICHERN, F.B. & RATCLIFF, D.E. 2000. Introduction to psychology and counseling. Christian perspectives and applications. Grand Rapids, Mich.: Baker Books.

MEIER, P.D., ARTERBURN, S. & MINIRTH, F.B. 1999. Mood swings. Understanding your emotional high and lows and achieve a more balanced and fulfilled life. Nashville, Tenn.: Thomas Nelson Publishers.

MEIER, C. & MEIER, P.D. 2002. Unbreakable bonds. Practicing the art of loving and being loved. Grand Rapids, Mich.: Baker Books.

MILLER, P.D. 2001. The new interpreter's Bible. Jeremiah. Nashville, Tenn.: Abingdon Press.

MINIRTH, F.B., HAWKINS, D., MEIER, P. & FLOURNOY, R. 1986. How to beat burnout. Chicago: Moody Press.

MINIRTH, F.B. & MEIER, P.D. 1990. Counseling and the nature of man. Grand Rapids, Mich.: Baker Book House.

MINIRTH, F.B., MEIER, P.D., HAWKINS, D., THURMAN, C. & FLOURNOY, R. 1992. The stress factor. Chicago: Northfield Publishing.

MINIRTH, F.B., MEIER, P.D. & RATCLIFF, D. 1992. Bruised & broken. Understanding and healing psychological problems. Grand Rapids, Mich.: Baker Books House.

MINIRTH, F.B. & BYRD, W. 1994. Christian psychiatry. Grand Rapids, Mich.: Fleming H. Revell.

MINIRTH, F.B. & MEIER, P.D. 1994. Happiness is a choice. Grand Rapids, Mich.: Fleming H. Revell.

MINIRTH, F.B. 2003. The Minirth guide for Christian Counselors. Nashville, Tenn.: Broadman & Holman Publishers.

MITCHELL, M. 2006. The healing power of faith in mood and anxiety disorders: a pastoral study. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Proefskrif – Ph.D.)

MOODY, D.L. 1997. The joy of answered prayer. New Kensington: Whitaker House.

MOODY, D.L. 1997. Secret power. New Kensington: Whitaker House.

MOSTERT, B. 1997. Verander jou wêreld deur gebed. Ferndale: Kratos Uitgewers (Edms) Bpk.

MOSTERT, B. 1998. Intersessie. 'n Wapen vir die stryd tussen lig en duisternis. Vanderbijlpark: Carpe Diem Boeke.

MOSTERT, B. 2001. Teen die gety. Vereeniging: Christelike uitgewersmaatskappy.

MOUTON, J. 1993. The philosophy of qualitative research. (*In* Snyman, J., *ed.* Concepts of social inquiry. Pretoria: HSRC. p. 53-75.)

MURRAY, A. 1981. With Christ in the school of prayer. New Kensington: Whitaker House.

MURRAY, A. 1996. Die volheid van die Heilige Gees. Springs: VG Uitgewers.

NEUMAN, W.L. 1997. Social research methods. 3rd ed. Boston: Allyn and Bacon.

NICOL, W. 2002. Gebed van die hart. Word stil en beleef God. Wellington: Lux Verbi.

O'DAY, G.R. 1995. The new interpreter's Bible. John. Nashville, Tenn.: Abingdon Press.

OHLSCHLAGER, G. & SCALISE, E. 2007. The five stages of competent christian counseling: Toward a 'common factors/best practices' process. *Christian counseling today,* 15(2):19-24.

PAYNE, L. 2005. The healing presence. Grand Rapids, Mich.: Baker books.

PAYNE, L. 2006. Restoring the Christian soul. Grand Rapids, Mich.: Baker books.

PEARSON, M. 2004. Christian healing. A practical and comprehensive guide. Lake Mary, FL.: Charisma House.

PERKINS, P. 1995. The new interpreter's Bible. Mark. Nashville, Tenn.: Abingdon Press

PIETERSE, H.J.C. 1993. Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie. Pretoria: RGN-uitgewery.

POLOMA, M.M. 2006. Old wine, new wineskins: the rise of healing rooms in revival pentecostalism. *Pneuma: The journal of the Society for Pentecostal Studies,* 28(1):59-71, Spr.

PUCHALSKI, C.M. 2007. The George Washington Institute for Spirituality and Health. www.gwish.org Datum van gebruik: 20 Apr. 2007.

RAYBORN, P. 2005. When mountains don't move. *Christianity Today,* 49(12):74, Dec.

RICE, J.R. 1975. Gebed, vra en ontvang. Brakpan: Verenigde Gereformeerde Uitgewers.

RICHARDSON, K.A. 1997. The new American commentary. James. USA: Broadman & Holman Publishers.

RICHARDSON, R. 2005. Experiencing healing prayer. Illinois: Inter Varsity Press.

SANDAGE, S.J. 1998. Seeking forgiveness or saving face? *Christian counseling today,* 6(2):10-11, 22-24.

SANDFORD, J. & P. 1982. The transformation of the inner man. Tulsa, OK: Victory House.

SANDFORD, J. & P. 1985. Healing the wounded spirit. Tulsa, OK: Victory House.

SANDFORD, J. & M. 1992. A comprehensive guide to deliverance and inner healing. Grand Rapids, Mich.: Chosen Books.

SANFORD, A. 1951. The healing light. St Paul, Minn.: Macalesterpark Publishing Co.

SCHIRALDI, G.R. 2000. The post-traumatic stress disorder sourcebook. A guide to healing, recovery and growth. Illinois: Lowell House.

SCHOEMAN, O. 2005. 'Failure' – a pastoral study. Potchefstroom: Noordwes Universiteit. (Proefskrif – Ph.D.)

SEAMANDS, D.A. 1982. Putting away childish things. Illinois: SP Publications Inc.

SEAMANDS, D.A. 1988. Freedom from the performance trap. Illinois: SP Publications Inc.

SEAMANDS, D.A. & FUNK, B. 1992. Healing of damaged emotions. Recovering from the memories that cause our pain. Colorado Springs: Cook Communications.

SEAMANDS, D.A. 2001. Healing of memories. Illinois: SP Publications Inc.

SEAMANDS, D.A. 1993. Healing your heart of painful emotions. Edison, New York: Inspirational Press.

SEAMANDS, S. 2003. Wounds that heal. Illinois: Inter Varsity Press.

SELIGMAN, M.E.P. 2002. Authentic happiness. New York: Free Press.

SELIGMAN, M.E.P. 2006. Learned optimism. How to change your mind and your life. New York: Vintage Books.

SELL, C. 1989. Unfinished business. Helping adult children resolve their past. Portland, Oregon: Multnomah Press.

SIEMERINK, J.A.M. 1987. Het gebed in de religieuze vorming. Kampen: Uitgeversmaatschappij J.H. Kok.

SILVERMAN, D. 2001. Interpreting qualitative data. Second edition. London: Sage Publications.

SILVOSO, E. 1994. That none should perish. How to reach entire cities for Christ through prayer evangelism. California: Regal Books.

SIMPSON, R.L. 1965. The interpretation of prayer in the early church. Philadelphia, Penn.: The Westminster Press.

SINCLAIR, N.D. 1993. Horrific traumata. A pastoral response to the post-traumatic stress disorder. New York: The Haworth Pastoral Press.

SMITH, E.M. 1999. Beyond tolerable recovery. USA: Alathia Publishing.

SMITH, E.M. 2007. Theophostic prayer ministry: adjunctive use in christian counseling. *Christian counseling today,* 15(2):50-52.

SPURGEON, C. 1996. Holy Spirit power. Springdale: Whitaker House.

STAPLETON, R.C. 1977. The experience of inner healing. New York: Bantam Books Inc.

STEIN, R.H. 1992. The new American commentary. Luke. Nashville, Tenn.: Broadman Press.

STEYN, H.S. 2007. Vraelys ontwerp en hoe statistieke konsultasiediens kan help. (Voordrag gelewer by die Noordwes Universiteit vir 'n seminaar in navorsingsmetodologie.) Potchefstroom. (Ongepubliseer.)

STEYN, R.S. 2005. Die impak van die postmodernisme op voorhuwelikse verhoudings: 'n Pastorale studie. Potchefstroom: Noordwes Universiteit. (Proefskrif – Ph.D.)

STEYN, R.S. & LOTTER, G.A. 2006. Voorhuwelikse verhoudings: 'n verkennende kwalitatiewe empiriese ondersoek. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 21(1):104-120.

STOOP, D. & MASTELLER, J. 2004. Forgiving our parents forgiving ourselves. Healing adult children of dysfunctional families. Ann Arbor, Mich.: Servant Publications.

STRYDOM, H. 1999. Maatskaplikewerk-navorsing. Ongepubliseerde studiegids. Potchefstroom.

STRYDOM, H. 2005. Information collection: Participant observation. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Research at grassroots for the social sciences and human professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 274-285.)

STRYDOM, H. & DELPORT, C.S.L. 2005. Information collection: Document study and secondary analysis. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Research at grassroots for the social sciences and human professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 314-326.)

STRYDOM, H. & DELPORT, C.S.L. 2005. Sampling and pilot study in qualitative research. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Research at grassroots for the social sciences and human professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 327-332.)

TAALKOMMISSIE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS. 2002. Afrikaanse Woordelys en Spelreëls. 9de uitg. Kaapstad: Pharos.

TAN, S. 1998. The spiritual disciplines and counseling. *Christian counseling today,* 6(2):8,20-21.

TAN, S. 2007. Inner healing prayer. *Christian counseling news from the ACC in SA office,* 2-4, First semester.

TAPSCOTT, B. 1978. Set free through inner healing. Kingwood, Tex: Hunter Publishing.

TAPSCOTT, B. 1987. Inner healing through healing of memories. Kingwood, Tex.: Hunter Publishing.

TAUKE, B.H. 2004. Overcoming the sins of the family. USA: Tyndale House Publishers, Inc.

TAYLOR, T. 2004. Worldwide spiritual movement encourages researchers to seek scientific proof of the power of prayer. www.officeofprayer.org Datum van gebruik: 24 Mrt. 2007.

THIELMAN, S.B. 1998. Reflections on the role of religion in the history of psychiatry. (*In* H.G. Koenig, *ed.* Handbook of religoin and mental health. San Diego, Calif.: Academic Press. p. 4-21.)

THURMAN, C. 1999. The lies we believe. Nashville, Tenn.: Thomas Nelson Publishers.

TORREY, R.A. 1996. The person and work of the Holy Spirit. New Kensington: Whitaker House.

TROLLINGER, S. 2007. Advanced triage counseling. Florida: Higher Life Press.

VAN DER KOLK, B.A. & FISLER, R. 1995. Dissociation and fragmentary nature of traumaric memories: overview and exploraty study. http://www.trauma-pages.com Datum van gebruik: 12 Mei 2007.

VAN DER MERWE, M.N. 1995. Die terapeutiese funksie en effek van gebed in die pastorale bediening. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Proefskrif – PhD.)

VAN DER SPUY, D. 2005. Bestem vir geestelike groei. Verdiep jou verhouding met God. Kaapstad: Struik Christelike Boeke Bpk.

VELEMA, W.H. 1978. Gebeden in de Bijbel. Kampen: Uitgeversmaatschappij J.H. Kok.

VENTER, C.J.H. 1993. Basisteoretiese perspektiewe of kommunikasie in die bediening. *In die Skriflig,* 27(2): 247-260, Feb.

VENTER, C.J.H. 1996. Uitkringende liefdesbetoon. Kommunikatiewe handelinge in diens van die onderlinge liefdesgemeenskap in die kerk. Pretoria: RGN-Uitgewers.

VERNY, T. & KELLY, J. 1984. Verborge lewe van die ongebore kind. Pretoria: Femina Uitgewers.

VERSTEEG, J.P. 1976. Het gebed volgens het nieuwe testament. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.

VILJOEN, F.P., VAN RENSBURG, F.J. & CORNELIUS, E.M. 2003. Nuwe Testament Studiegids vir NTES672A. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

VIRKLER, M. & P. 2001. Prayers that heal the heart. Prayer counseling that breaks every yoke. Gainesville, FL.: Bridge-Logos.

VIRKLER, M. & P. 2005. Dialogue with God. Opening the door to two way prayer. Gainesville, FL.: Bridge-Logos.

WESLEY, J. 2000. John Wesley's notes on the Old and New Testament. (*In* Power Bible CD 2.7.) [CD].

WIERSBE, W. 1991. With the Word. (*In* Nelsons electronic Bible reference library.) [CD].

WILSON, W.P. 2002. Ongepubliseerde referaat rondom innerlike genesing. Pretoria.

WILSON, W.P. 2004. Clinical Christian Psychotherapy. *Christian Counseling News from the ACC in SA Office,* 5-8, Third semester.

WHITFIELD, C.L. 1989. Healing the child within. Discovery and recovery for adult children of dysfunctional families. Florida: Health Communications Inc.

WHITFIELD, C.L. 1990. A gift to myself. Florida: Health Communications Inc.

WORTHINGTON, E.L. 2003. Forgiving and reconciling. Bridges to wholeness and hope. Illinois: Inter Varsity Press.

WRIGHT, H.N. 1985. Making peace with your past. Grand Rapids, Mich.: Fleming H. Revell.

WRIGHT, H.N. 2003. Crisis and trauma counseling. Ventura, Calif.: Regal Books.

YANCEY, P. 2006. Grappling with God. Prayer sometimes feels like a hug and a stranglehold at the same time. *Christianity Today,* 50(10):100-106, Oct.

ZERFASS, R. 1974. Praktische Theologie Heute. München: Kaiser/Grünewald.